

**‘n Prakties-teologiese narratiewe navorsing
van die aanpassingsproses
van ‘n gesin
wat van Suid-Afrika na Nieu-Seeland verhuis het.**

deur

Coenraad Jacobus Stephanus Reyneke

Voorgelê ter vervulling van die vereistes

vir die graad

Philosophiae Doctor

in die Fakulteit

Teologie,

Universiteit van Pretoria.

Oktober 2004

Studieleier: Prof. Julian Müller

Opsomming

‘n Prakties-teologiese narratiewe navorsing van die aanpassingsproses van ‘n gesin wat van Suid-Afrika na Nieu-Seeland verhuis het.

deur Coenraad Jacobus Stephanus Reyneke

Studieleier: Prof. Julian Müller

Departement: Praktiese Teologie

Graad: Philosophiae Doctor

Hierdie navorsing begin met ‘n ondersoek na postmodernisme en sosiale konstruksionisme. Postmodernisme as paradigma van die 21ste eeu het ‘n invloed op ons lewens asook op die manier waarop hierdie navorsing gedoen is. Daar is gepoog om die ontwikkelingslyn van modernisme (en daarmee saam die pre-moderne) en postmodernisme aan te dui. Vervolgens is daar ‘n opsomming van ‘n postmoderne perspektief op die werklikheid (realiteit) en die praktiese gevolge van postmodernisme. Sosiale konstruksionisme beklemtoon die feit dat diskoerse en ook die self sosiaal gekonstrueer word en is gevolglik konteks, tyd en plekgebonde.

Sosiale konstruksionisme lei tot vrae t.o.v. die normatiewe rol van die Bybel in hierdie studie en ook in ‘n postmoderne samelewing. ‘n ‘Sirkel van sirkels’ en ‘n ‘vergadering’ as metafore wat ‘n die toepassing van die Woord in postmoderne konteks kan fasiliteer, word ondersoek. Die konstruerende gemeenskap bepaal die normatiewe rol wat die Bybel speel. Die gawe, God en die gemeenskap is belangrike konsepte in postmodernisme en die Christelike geloof en kan dus sinvol gebruik word tydens kommunikasie met die postmoderne mens.

Narratiewe navorsing binne Praktiese Teologie neem prakties-teologiese wysheid ernstig op en sien dit as ‘n legitieme en ryk bron van kennis en ‘n beter verstaan van sekere ervarings binne ‘n spesifieke konteks.

Hierdie studie gebruik ‘n Postfundamentele Praktiese Teologie (“Postfoundationalist Practical Theology”) as ‘n raamwerk vir die doen van narratiewe navorsing.

Die aanpassingsproses van die Vermaak¹ gesin as gevolg van 'n migrasie van Suid-Afrika na Nieu-Seeland is nagevors.

Eerstens is konteks ondersoek. Nieu-Seeland/Aotearoa, Hawera (die dorp waarin hulle bly) en hulle gemeente ("Baptist Hawera") is as konteks van hierdie gesin beskryf. Die navorser se eie konteks is ook in ag geneem as 'n poging om subjektiewe integriteit te vestig.

Tweedens is die ervarings van die Vermaaks beskryf net voor hulle getrek het tot ongeveer 'n jaar nadat hulle in Nieu-Seeland aangekom het.

In samewerking met die gesin is daar vervolgens gepoog om hierdie ervarings te interpreteer.

Dit lei tot die vierde deel van die navorsing: die interpretasietradisies (diskoerse) wat hulle aanpassingsproses beïnvloed het word beskryf.

Vervolgens is eerlik gepoog om die gesin se ervaring van God se teenwoordigheid gedurende hierdie ingrypende ervaring van hulle lewens, te verwoord.

Daar is gepoog om die interpretasieproses uit te brei en te verryk deur toepassing van interdisiplinêre insigte uit die sielkunde.

Laastens is daar gewys op enkele insigte wat van waarde en sinvol mag wees wyer as die navorser en die medenavorsers.

'n Bewustheid van en kennis aangaande postmodernisme en sosiale konstruksionisme (die paradigmas van die 21ste eeu) maak dit makliker om ervarings te interpreteer en te verstaan. Insigte in narratiewe konsepte is waardevol binne die konteks van die aanpassingsproses na 'n oorsese verhuising. 'n Aktiewe Christelike geloof bied 'n stabiele identiteit wat bydra tot 'n sinvolle en suksesvolle aanpassingsproses.

Sleuteltermes: Postmodernisme

Sosiale Konstruksionisme

Skrifgesag

Prakties-teologiese Wysheid

Narratiewe Navorsing

¹Skuilname is gebruik ter wille van vertroulikheid.

University of Pretoria etd – Reyneke, C J S (2005)

Verhuising na Nieu-Seeland

Aanpassing

Summary

**A Practical Theological narrative research of the adaptation
process of
a family that moved from South Africa to New Zealand.**

by Coenraad Jacobus Stephanus Reyneke

Supervisor: Prof. Julian Müller

Department: Practical Theology

Degree: Philosophiae Doctor

This study sets of by investigating postmodernism and social constructionism. Postmodernism as 21st century world view (paradigm) influences everything in our lives, including the perspective from which a study is conducted. An attempt is made to follow the development of modernism (and with it the so-called pre-modern) and postmodernism. This culminates in a summary of a postmodern perspective on reality and the practical consequences of postmodernism.

Social constructionism emphasises the reality that discourses and even the self is socially constructed and therefore dependent on context, time and place.

Social constructionism leads to questions about the normative role of the Bible in the study and a postmodern society. The metaphor 'a circle of circles' and 'a meeting' are employed to describe the application of God's Word in postmodern context. The constructing community determines the normative role of the Bible. Concepts such as the gift, God, and community are central concepts with regard to postmodernism and Christianity, and can therefore be useful during communication of the gospel to postmodern people.

Narrative research in the field of Practical Theology assumes practical theological wisdom (knowledge) of people to be a legitimate and rich resource for knowledge and understanding of certain experience within a certain context.

This study employs a Postfoundationalist Practical Theology as a framework for narrative research.

The adaptation process of the Vermaak² family as result of a migration from South Africa to New Zealand was researched.

The first movement of the of the framework explores context. New Zealand/Aotearoa, Hawera (the town they settled in) and the family within their parish (Baptist Hawera) is described as the context. The researcher's own context is also taken in consideration as an attempt to establish subjective integrity.

The second movement describes the experiences of the Vermaaks just before and approximately a year after their move to New Zealand.

During the third movement the experiences are interpreted in collaboration with co-researchers.

Traditions of interpretations (discourses) that influenced their process of adaptation is described in the fourth movement.

The next step was an attempt to honestly structure the family's experience of God's presence during this significant event in their lives.

Insight from interdisciplinary investigation, mainly into psychology, is used during the sixth movement to further enrich and thicken understanding of the process.

Lastly a few insights were formulated that may be useful beyond the researcher and co-researchers.

An awareness and knowledge of postmodernism and social constructionism (the current 21st century paradigms) facilitates interpretation and understanding of experiences. A thorough grasp of narrative concepts is helpful to the process of adaptation after an overseas move. An active Christian faith provides a stable identity which contributes to a meaningful and successful adaptation process.

Keywords: Postmodernism
Social Constructionism
Authority of Scripture
Practical Theological Wisdom
Narrative Research

²Pseudonyms are used to protect the co-researchers

Move to New Zealand

Adaptation

ERKENNINGS

Met voltooiing van hierdie navorsingstuk ervaar ek 'n opwelling van emosies. Dankbaarheid staan sentraal. Hiermee wil ek erkenning gee aan elkeen wat bygedra het daartoe om hierdie navorsingsverslag moontlik te maak.

Regdeur het ek die teenwoordigheid van ons Here op 'n besondere manier ervaar. Ek is intens bewus van die invloed wat die insnyding van God se Verhaal op die verhaal van hierdie navorsing gehad het, en ook op my lewensverhaal gehad het, het en sal hê. Met groot dankbaarheid erken ek die bydraes van baie mense tot my geloofsvorming en my huidige verhouding met God - waarvan die bydraes van my ouers, Josua en Rina, en my ouma, Sannie Reyneke, die prominentste is.

As lewensmaat het Anél persoonlike opofferings gemaak om hierdie studie vir my moontlik te maak. Dankie vir jou motivering om hierdie verhaal (navorsingsverhaal) te begin, dat jy nog altyd in my geglo het en my ondersteun het. Dankie dat ek ons verhaal kan deel maak van die navorsingsverslag. Jy is 'n besondere mens en ek is bevoorreg dat jy jou lewe met my deel. Die feit dat jy ook bereid was om alleen verantwoordelikheid vir ons inkomste te aanvaar die afgelope jaar en 'n half word opreg waardeer.

Marizanne, Carinda en Bernard was drie jaar gelede opgewonde oor die nuus dat pappa 'n boek wil skryf. Hulle was bereid om die eise wat dit aan hulle sou stel te aanvaar. Baie dankie vir julle geduld met my en julle verstaan wanneer ek nie my volle aandag en meer tyd aan julle kon gee nie. Julle is baie besonders.

Die ondersteuning en aanmoediging van my moeder (Rina) het 'n praktiese vorm aangeneem toe sy minder klere kon inpak om in Nieu-Seeland by ons te kom kuier - sy het meer as sewe kilogram se boeke en artikels saamgebring. Dankie mamma vir jou voorbidding, betrokkenheid, hulp en daar wees. Dankie vir jou ondersteuning Deon.

Hierdie praktiese meewerk het oorgevloei op my skoonmoeder (Kobie Hattingh) en my skoonsuster (Hannelie Heymans) wat die bronne weer stuk-stuk terug vervoer het na hulle kuiers. Ma se voorbidding, belangstelling en aanmoediging word opreg waardeer.

Ek sal moeilik genoeg erkenning kan gee aan my medenavorsers. Wessel en Alet, Adriaan, Deon en Janet, dankie dat julle my op julle heilige grond toegelaat het. Dankie vir julle vertrouwe, julle openhartigheid en eerlikheid. Dit was 'n voorreg om saam met julle te dink oor julle verhaal en te help met die hervertel daarvan. Julle verhale inspireer.

Graag verleen ek erkenning aan die insette wat die Vermaaks gelewer het en die baie ure wat hulle spandeer het om hulle verhaal neer te skryf en te vertel en as medenavorsers te help met die opteken en interpretasie daarvan.

Julle is 'n baie spesiale gesin met 'n sterk getuienis.

Professor Julian Müller was beide die katalisator en die fasiliteerder vir hierdie studie. Dit was 'n verrykende ervaring - dankie.

Thea Heckroodt en die res van die span van die eerste vloer van die Universiteit van Pretoria se biblioteek was baie behulpsaam en het dikwels meer al hul plig gedoen. Sonder julle hulp sou dit byna onmoontlik gewees het - baie dankie.

Met groot dank en waardering gee ek erkenning aan Menanteau van Vliet van Auckland. Dankie vir baie ure se taalversorging en besondere manier waarop jy dit gedoen het. Dit dra by tot die gehalte van hierdie studiestuk.

Hierdie navorsing is verder moontlik gemaak deur 'n beurs wat deur die Universiteit van Pretoria aan my toegeken is. Hierdie hulp word met dank erken.

I would finally like to acknowledge the skill and friendly helpfulness of Alan Wright. Thank you for the neat binding.

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk		Bladsy
1	NAVORSINGSNARRATIEF	1
1.1	Persoonlike narratief - Begin en Verandering	2
1.2	Posisionering van Navorsing	6
1.3	Metodologiese Oriëntasie	10
1.4	Naspeuring van 'n Verhaal	14
1.4.1	Uitnood van Medenavorsers	14
1.4.2	Dataversameling	16
1.4.3	Strukturering van Data en Skryf van die Verslag	17
2	POSITIONERING	20
2.1	Postmodernisme	20
2.1.1	Inleiding	20
2.1.2	Die Premoderne en Modernisme	22
2.1.3	Postmodernisme	29
2.1.3.1	Postmoderne Denkers	31
2.1.3.2	Realiteit/Waarheid	49
2.1.3.3	Opsommend	52
2.1.3.4	Gevolge van Postmodernisme	56

2.2	Sosiale Konstruksionisme	66
2.2.1	‘n Definisie	67
2.2.2	Die Rol van Taal	68
2.2.3	Diskoers	71
2.2.4	Die Self	72
2.2.5	Mag en Persoonlike beheer	78
2.2.6	Kritiese Beoordeling van Sosiale Konstruksionisme	81
2.3	Teologiese Begroning	88
2.3.1	Teologie en Praktiese Teologie	89
2.3.2	Woord	95
2.3.2.1	Woord en Teologie	97
2.3.2.2	Woord en Gesag	100
2.3.2.3	Woord en Gees	105
2.3.2.4	Postmoderne Woordgebruik	108
2.3.3	Die Gawe	117
2.3.4	God-drie-enig	123
2.3.5	Die Gemeenskap	127
2.3.6	Christelike Geloofsgetuie	129
2.3.7	Voetsoolvlak	130
3	METODOLOGIESE ORIëntASIE	132
3.1	Ontwikkelinge in die Praktiese Teologie	132

3.2	Prakties-teologiese Wysheid	142
3.2.1	PRAKTIES-teologiese Wysheid	142
3.2.2	Prakties-TEOLOGIESE Wysheid	146
3.3	Narratiewe Navorsingsmetodologie	154
3.3.1	Metafore vir Navorsing	156
3.3.2	Kriteria vir Evaluasie van Navorsing	159
3.3.3	Uitgangspunte	161
3.3.4	Navorsingsraamwerk	167
3.4	Navorsingsetiek	177
3.4.1	Vrywillige en Ingeligte Toestemming	179
3.4.2	Geen benadeling	181
3.4.3	Anonimiteit en Vertroulikheid	182
3.4.4	Misleiding	184
3.4.5	Botsende Belange	185
3.4.6	Navorsingsverslag	186
3.4.7	Eienaarskap	187
3.4.8	Die Medenavorser(s)	189
3.4.9	Regverdigheid en Billikheid	190
3.4.10	Etiese doen van hierdie Navorsing	191
4	KONTEKS EN ERVARING	193
4.1	Konteks	193
4.1.1	Aotearoa/Nieu-Seeland	193

4.1.1.1 Nieu-Seeland se Verhaal - in Kort	194
4.1.1.2 Suid-Afrikaanse Indrukke van Nieu-Seeland	207
4.1.2 Hawera	221
4.1.3 Die Vermaak Gesin	225
4.1.4 Die Navorsers se Konteks	227
4.2 Die Vermaak-verhaal (ervaring)	234
4.2.1 Die Draaipunt	234
4.2.2 Terugblik - na die Tyd voor Nieu-Seeland	237
4.2.3 Die Nuwe Land en al die Dinge...	246
4.2.4 Die Kuier in Suid-Afrika na 'n Jaar in Nieu-Seeland	257
4.3 Interpretasie	261
4.3.1 'n Verhaal loop Vas	262
4.3.2 Oplossing vir 'n Vasegeloopte Verhaal	266
4.3.3 Herstrukturering van die Verlede ten einde 'n nuwe Toekoms te Konstrueer	267
5 INTERPRETASIE TRADISIES	270
5.1 Van Patriotiese Suid-Afrikaners na Mense wat aansoek doen vir Verblyfreg in Nieu-Seeland	271
5.1.1 Suid-Afrikaners	272
5.1.2 Suid-Afrikaanse Nieu-Seelanders	273
5.2 Van toegewyde Gereformeerde lidmate tot lidmate van 'n Baptiste gemeente	275

5.2.1	Lidmate van die Gereformeerde Kerk	275
5.2.2	Lede van “Baptist Hawera”	277
5.3	Van ‘n Positivistiese “Afrikaner” opvoeding van Kinders tot ‘n nuwe Postmoderne opvoeding van Kinders	279
5.3.1	Kinders moet hulle Plek ken	279
5.3.2	Kiwi kinders met Suid-Afrikaanse ouers	280
5.4	Van ‘n Huwelik wat van Eksterne emosionele Ondersteuningsnetwerke gebruik maak tot ‘n Huwelik wat Selfonderhoudend is	282
5.4.1	Alles moet reg wees as Pa huistoe kom	283
5.4.2	Ons Twee is een	284
5.5	Van ‘n Gesin met ‘n Oorwerkte pa tot ‘n Gesin wat Nader aan mekaar beweeg het.	284
5.5.1	As Broodwinner moet ek goed Voorsien	284
5.5.2	Wie jy Is vir jou Gesin is Belangrik	285
6	GOD SE TEENWOORDIGHEID	286
6.1	God as troue Bondgenoot	287
6.2	Dinamiese Verhouding met God	288
6.2.1	Wat God wil is Belangrik	288
6.2.1.1	God is Leidinggewend Teenwoordig	288
6.2.1.2	Die Woord as God se wil	290
6.2.2	God kom Nader	291
6.2.3	God se Dinamiese Roeping	292

6.3	Deel van die Liggaam van Christus	293
6.3.1	Ervaar God in 'n ander Deel van die Liggaam	293
6.3.2	God Teenwoordig in 'n ander Aanbiddingstyl	293
6.3.3	God se Teenwoordigheid waar Tradisies Saamvloei	294
7	INTERDISSIPLINÊRE VERRYKING	296
7.1	Motivering vir Verhuising na Nieu-Seeland	296
7.2	Proses van Aanpassing in 'n Nuwe land	298
7.2.1	Eindes	299
7.2.1.1	Losmaking	299
7.2.1.2	Distansiëring	299
7.2.1.3	Ontnugtering	300
7.2.1.4	Disoriëntasie	302
7.2.2	Neutrale Sone	302
7.2.3	Nuwe Beginne	304
7.3	Moontlike Gevolge van 'n Oorsese Verhuising	306
7.3.1	Geestesgesondheid	306
7.3.2	Identiteitsprobleme	307
7.3.3	Nostalgie	309
7.3.4	Intergenerasiespanning	310
7.3.5	Opsommenderwys	310
8	WYER AS DIE NAVORSER EN DIE MEDENAVORSERS	311
8.1	Paradigmatiese Konteks	311

8.1.1	Postmodernisme se Invloed op 'n Verhuising Oorsee	311
8.1.2	Sosiale Konstruksionisme maak Wêreld oop	312
8.2	Prakties-teologiese Konteks	313
8.3	Oorsese Verhuising	314
8.3.1	Motivering vir die Verhuising	314
8.3.2	'n Nuwe Toekoms	316
8.4	Herinterpretasie en hervertel van 'n Verhaal	317
8.4.1	Narratiewe Konsepte Help	317
8.4.2	Rol van Geloof	318
8.4.3	Balans tussen wat Was en wat Is	319
8.5	Navorsing in Oënskou geneem	320
8.5.1	Selfrefleksie	320
8.5.2	Betrokkenheid in 'n Navorsingsgemeenskap	321
8.5.3	Voldoende gebruik van Beskikbare Bronne	321
8.5.4	Versmelting in Konteks	321
8.5.5	Nougesetheid	322
8.5.6	Opregtheid	322
9	BIBLIOGRAFIE	324
	Addendum A	334

1 NAVORSINGSNARRATIEF

An Indian man sits quietly in the Heathrow Airport Terminal. He seems to look at something inside himself and his eyes are empty, inward looking. After a couple of days the terminal staff starts to notice him and ask what is he doing, why does he not go out and leave the terminal like all the other passengers? He answers that he has flown from Bombay to London and is now waiting for his soul to arrive. (Antilla 1995:77)

Hierdie navorsing gaan ten diepste oor die proses waardeur mense gaan wanneer hulle vir hulle siele wag om te arriveer. Dit gaan oor die proses van losmaak van die verlede en die toekoms aangryp, dit gaan oor balans vind tussen dit wat was en dit wat kom. Dit gaan oor die aanpassing van 'n gesin nadat hulle na Nieu-Seeland verhuis¹ het.

Aangesien hierdie navorsing vanuit 'n narratiewe perspektief gedoen is, is dit belangrik dat die verloop van die studie in gedagte gehou word.

Ek begin dus met hierdie hoofstuk wat die verhaal van die studie weergee. Hierdie narratief dien as inleiding tot dit wat in die res van die proefskrif volg. Die sake wat aangeraak word is later meer volledig aan die orde gestel.

Belangriker is die feit dat die verhaal van die studie, die navorsingsnarratief, konteks skep. My verhaal word ook ter sprake gebring in 'n poging om subjektiewe integriteit te vestig. Die feit dat my gesin en ek self deur die proses van 'n verhuising na Nieu-Seeland gegaan het skep noodwendig 'n raamwerk waaruit ek die verhaal van die medenavorsers benader. Daar bestaan 'n gevaar dat ek eie ervaring sal laat voorrang geniet bo die verhaal van die medenavorsers. Aan die

¹'Mense wat oorsee verhuis het' en 'immigrante' word afwisselend gebruik aangesien almal wat in Nieu Seeland bly nie noodwendig immigrante is nie. Sommige het slegs werkspermitte, ander het verblyfreg en ander het burgerskap ontvang.

ander kant is ek op hierdie manier nader aan die medenavorsers en het beter begrip van die konteks van hulle verhaal.

Refleksief¹ gaan my eie posisie, my reaksie tot die navorsing en my interpretasies voortdurend ondersoek word en weergegee word.

Mag hierdie navorsingsnarratief insigte verbreed en uitdaag tot nuwe moontlikhede.

1.1_ **Persoonlike narratief - Begin en Verandering**

Binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap en gemeente loop ek baie voorbeelde raak van manne wat beperk lewe. Manne wat onseker en onvergenoeg is, wat vasdraai in huweliksverhoudinge, manne wat vlug na die bottel, vriende en seks. Manne wat skuil agter aggressie, rigiditeit, bombasme en bravade.

Hulle word verlam, deur wat van hulle verwag word, deur wat hulle dink van hulle verwag word. Sy status nie meer gereserveer - die vrou is geëmansipeer. Hoof van die huis (buig of bars) of abdikeer (afwesig, pateties)? Om vennoot te wees het min geleer.

Hulle is vergroei in tradisie en Afrikanerkultuur wat in hulle are vloei - deur moedersmelk gevoed. Aan die ander kant verstrengeel in die eise van 'n nuwe wêreld waar niks meer dieselfde is nie en elke dag nog verandering bring. Wat verkeerd was is nou reg, wat waarheid was is nou miskien. 'n Wêreld van baie waarhede, van akkommodasie, van bestaan sonder dat daar 'n vyand hoef te wees.

Hulle is verskeur tussen 'n Westerse beskouing van die lewe en die hartklop van Afrika, tussen eerste en derde wêreld.

Heteroseksueel, homoseksueel, biseksueel, metroseksueel - wie of wat is die man?

Hulle kry hartvatsiektes omdat hulle emosionele vaardighede min is, hulle stres baie is, hulle minderwaardigheidsgevoel groot is, hulle moed om hulp te vra klein is.

¹Refleksief is 'n term wat nie die selfde betekenis het as refleks (outomatiese reaksie) of as reflekterend (oordenkend, terugkaatsend) nie, maar meer 'n kombinasie van die konsepte. Dit het 'n element van wederkerendheid.

Deel van 'n groep wat die politieke muishond van die wêreld was (dra steeds die apartheidslas?!), deel van 'n groep wat die vrou verontreg het, deel van 'n groepskuldgevoel.

En ek, ook 'n man wat beperk lewe.

Dit het my daartoe gebring dat ek besluit het om navorsing te doen oor diskoerse wat beperkend inwerk op die Afrikaanse man en sodoende hom vervulling op vele terreine van die lewe ontnem. In hierdie tyd maak ek kennis met die narratiewe benadering - tot praktiese teologie, tot pastoraat, tot die lewe. Ek vind aanklank daarby, dit pas my persoonlikheid, ek is opgewonde oor die moontlikhede wat die benadering bied. Ek besluit om my navorsing ook te doen vanuit 'n narratiewe perspektief.

Dit was nie maklik nie. Die ou paradigma waarin ek geskool is, was en is so diep in my dat dit tyd gevat het om die ou paradigma uit my sisteem te kry en die nuwe benadering deel van my te maak. Mens is egter van jongs af deeglik geskool in die dissiplines van die modernistiese paradigma en dus sal daar steeds spore van hierdie benadering in hierdie navorsing te bespeur wees.

Omstandighede bring groot verandering. Die volgende dagboek aantekeninge verduidelik ons belewenis in Suid-Afrika wat gelei het tot ons verhuising na Nieu-Seeland.

¹Dit het alles begin by 'n besige dag en 'n landloopbyeenkoms. Tussen twee vergaderings (waarvan die tweede ter wille van my 'n uur later gereël is) wou ek my dogtertjie gaan ondersteun. Daar was genoeg tyd begroot, alles gaan net reg uitwerk. Met minute oor voordat ons moet vertrek na die byeenkoms kom ek by die huis in. Die hardloopbroekie is weg, ons skarrel en soek en vertrek op die ou einde met die tweede beste broek.

Die byeenkoms is gereël by 'n terrein in 'n natuurreservaat - baie mooi. By die hek aangekom staan daar 'n lang ry voertuie. Die byeenkoms gaan oor tien minute begin. Die gebrek aan vordering is omdat die organiseerders van die byeenkoms nie vir die mense by die hek laat weet het dat hekgelde by die inskrywingsgeld ingesluit is en later as geheel betaal sal word nie. Deur die hek en op pad na die terrein sien ons rooibokke. En dan om die volgende draai is die

¹Kursief gedrukte lettertipe dui op navorser of medenavorsers se persoonlike vertellings.

natuurskoon verkrag deur 'n KFC plastieksak, boksie en bene wat deur iemand net daar langs die pad uitgegooi is.

Ons kom by die terrein aan toe die byeenkoms moes begin. Daar gaan nog niks aan nie. Die hooforganiseerder staan en eet die laaste stukkies vleis van 'n KFC hoenderboudjie af en gooi die beentjie oor sy skouer weg terwyl hy verduidelik dat ons net geduldig moet wees, die byeenkoms sal nou begin. Die wegspring word gemerk. Twee skoolhoofde kom 'n kwartier later aan met 'n bakkie en 'n sak kalk en begin die bane uitmeet - die 2km vir die juniors en die 7km vir die seniors. Intussen arriveer daar drupsgewys atlete van die ander sewe laerskole wat deelneem.

Ek raak opgewerk omdat die tyd uitloop en ek graag my kind wil ondersteun. Sy raak senuagtig omdat ek geïrriteerd is.

'n Uur nadat hulle moes wegspring, kom haar groep eers aan die beurt. Ons vertrek dadelik en sy moet saam met my vergadering toe gaan want daar is nie tyd om haar by die huis te gaan aflaai nie. Sy kom in vir die Saterdag se groter byeenkoms.

*Ons benader die Saterdag met 'n oop gemoed. Dit is 'n streeksbyeenkoms, baie meer skole, dit is op die weermaggronde, dit gaan 'n byeenkoms wees wat by die pragtige dag waarop dit gehou gaan word, gaan pas. Groot was die teleurstelling toe hierdie byeenkoms presies dieselfde patroon as die vorige een volg. Daar is nie beamptes gereël nie en ouers en onderwysers spring vrywillig in om op draaipunte te staan - anders was daar niemand. My kind geniet die wedloop. Terwyl ek na die klomp gefrustreerde ouers luister besef ek daar is twee keuses: **Aanvaar die manier hoe dinge gedoen word, of kom uit die sisteem uit.** Aanvaarding gaan help om rustiger te wees, dit meer te geniet en nie voortydig 'n beroerte of hartvatsiekte te ontwikkel nie. Maar wat beteken dit om uit die sisteem te klim? Wat is daar buite die sisteem? Hoe is dit buite die sisteem?*

Eintlik het dit veel vroeër begin. Dit het begin by 'n tamheid om positief te bly te midde van gesprekke wat altyd swartgallig is. 'n Stryd om te bly glo dat tyd gaan help om onreg van die verlede te herstel sonder dat daar 'n klomp nuwe slagoffers langs die pad bly lê. 'n Opregte poging om die suksesverhale te vertel as teenvoeter vir growwe veralgemenings en rassisme wat aangeblaas word deur oordrywing van alles wat negatief is. Die risiko om deur familie en gemeenskap verstoot te word omdat jy deel van "hulle" is. Die verbete stryd om behoud van integriteit sodat jy geloofwaardig genoeg bly om steeds gehoor te word. Die oorweldigende

uitdaging om tussen 'n blanke en 'n nie-blanke wêreld te ossilleer. Om beide kante te sien, te beleef en beide kante se begroding van hul lewensiening te verstaan. Om te besef hoe ver hierdie lewensienings van mekaar verwyder is. Om by 'n maande-oue baba se skielik gegroude graf te staan, in die maanskyn onder die sterre, met byna geen naasbestaandes behalwe die ouers nie. Nog 'n nag vir die lykie in die yskas kos meer as 'n dag se loon - hulle kan dit nie bekostig nie. Die kind moet daardie aand nog begrawe word. Daar was nie tyd om ander mense te laat weet nie. Verwese huil 'n ma terwyl 'n dronk oom haar baba in die gat sit en toegooi. Ouma sing saggies 'n ou geestelike liedjie. Tien minute later sit ek in 'n konsert in die stadsaal - mense betaal meer vir die kaartjies as wat een nag se yskasgelde is.

Dit het vroeër begin. By 'n vrees dat al die doemprofete dalk tog reg is. Dalk is daar tog nie vir ons kinders 'n toekoms in Suid-Afrika nie. By voortdurende veranderings aan 'n onderwysstelsel met goeie teorie en baie potensiaal. Maar wat skipbreuk ly as gevolg van kortsigtige politiekery, 'n gebrek aan ondersteuningstelsels en vloedgolf van kritiek en negatiewiteit. En ons kinders ly daaronder. Ons kinders se skoolopleiding is al minder werd.

Dit het gegroei in die vrugbare teelaarde van 'n onderliggende spanning waarmee 'n mens saamleef. Veiligheid, vryheid van beweging en gemoedsrus het rare kommoditeite geword waarvoor 'n mens moes betaal, wat 'n mens moes elektrifiseer, waarvoor 'n mens gedurig moes waak. Die onsigbare bese bedreiging het gelei tot oorreaksie, tot 'n wantroue in alle mense wat nie aan hierdie kant staan nie. 'n Wêreld waarin dit moeiliker word om die sorgvryheid van kinders te beskerm.

Ek en Anél¹ het met mekaar gesels oor hierdie belewenisse. 'n Paar weke na die laaste landloopbyeenkoms sien sy 'n advertensie in 'n mediese tydskrif van 'n dokter wat 'n locum soek in Nieu-Seeland. Ons stuur 'n e-pos en kry 'n baie negatiewe reaksie van die Maori dokter. Ons stuur die e-pos aan 'n tweede dokter op 29 Augustus 2002. Ons kry 'n belowende praktykprofiel terug en begin korrespondeer.

Skielik het ons besef dat die proses nou tot op so 'n punt gevorder het dat ons dit vir onself moet uitmaak hoe ernstig ons is oor die weggaan.

In hierdie tyd trakteeer Anél ons op 'n storieboekweek by die High Rustenberg Hydro op

¹Daar is nie skuilname gebruik vir die navorser, Jaco, en sy vrou, Anél, nie - hulle identiteite kan in elk geval sonder veel moeite vasgestel word.

Stellenbosch. 'n Geleentheid wat beplan en voor gespaar is lank voordat die groot trek ter sprake was. 'n Geleentheid wat ons rustige tyd saam en voor God gegee het om te dink, te redeneer en te besluit.

Die vreemdste gedagtes kom by my op gedurende hierdie besluitnemingsfase. So byvoorbeeld, het ek 'n hartspook wat al jare by my is. My oupa en my pa is jonk dood aan hartaanvalle - my pa was maar 36 gewees. Is ek die volgende een? Hoe regverdig sal dit wees om die gesin oor te vat en dan staan ek daar en doodgaan. Sal hulle my daar begrawe of veras en terugbring? Maar die besluit om te gaan is standpuntinname teen 'n fatalistiese erkenning en aanvaarding van my hartspook. My sterfdatum is in 'n Hoër Hand en my gesin wat sal agterbly ook.

In hierdie tyd het ek al meer en meer net die negatiewe van die Suid-Afrikaanse samelewing om ons raakgesien. Dit het doelbewuste pogings gekos om 'n gebalanseerde siening te handhaaf. Die ander kant van die munt is dat my optimisme oor dit wat moontlik voorlê in toom gehou moes word. Ons het mekaar bly herinner dat ons nie op pad is hemel toe nie. Die ander wêreld sal ook probleme, frustrasies en irritasies hê.

Maar hoe sal ons weet as ons nie gaan kyk en gaan beleef nie? Ons kan nie op grond van ander se ervarings 'n permanente besluit neem nie. Ons het besef dat ons moet gaan, dit ervaar en dan 'n besluit neem. Indien ons gaan emigreer, weet ons waarvoor ons onself inlaat. Indien ons terugkom Suid-Afrika toe sal ons anders wees. Ons sal die onveranderbare gegewene aanvaar, met groter ywer probeer verbeter waar ons kan en weer ons plek kom volstaan in die land van ons geboorte.

Ons kom die 6de April 2003 in Nieu-Seeland aan.

'n Groot besluit wat ook my studies beïnvloed. Ek verander van tema en besluit om die invloed van 'n verhuising na die buiteland op gesins- en familieverhoudinge na te vors.

Ek begin 'n dagboeksoortige opteken van die proses en my belewenisse. Ek vra ook vir Anél en ons moeders om dieselfde te doen.

Die nuwe reis het begin. Ons verhaal se volgende hoofstuk is vol verandering.

1.2 **Posisionering van Navorsing**

Van die eerste vrae wat 'n navorser, maar veral 'n narratiewe navorser homself/haarself moet afvra is: Waar staan ek? Wat is die raamwerk waaruit ek verder gaan werk?

In die eerste plek moes ek myself posisioneer t.o.v. die tydsges (sien 2.1). Is postmodernisme 'n modewoord? Indien nie, hoe beïnvloed postmodernisme my en ook my medenavorsers? Wat lê die sterkste in ons - modernisme of postmodernisme?

Gou het dit duidelik geword dat hede, verlede en toekoms altyd in verband staan met mekaar. Om modernisme in konteks te plaas was dit nodig om te probeer verstaan wat die premoderne tyd behels het. Die premoderne gaan oor in die opwindende tyd van die modernisme met die gepaardgaande optimisme oor dit waartoe die menslike verstand in staat is. Modernisme word gekenmerk deur wit en swart denke, 'n tyd waarin kennis en objektiwiteit ingebed in 'n fundamentalistiese model hoogty gevier het. Die individuele kenner is geïdealiseer en realiteit is vasgevang in rasonele strukture.

Maar na die Tweede Wêreldoorlog is die wêreld ontugter deur die sekerhede van modernisme en postmodernistiese beskouings vat pos. In lyn met 'n postmoderne perspektief het ek onder die indruk gekom dat dit onmoontlik is om postmodernisme vas te vat en op te som. Daar is net te veel variasies, te veel alternatiewe interpretasies. Aan die hand van 'n paar denkers is gepoog om 'n greep op die gees van die tyd te kry. In die kern van die saak staan vir my die kwessie van realiteit/waarheid.

Ek kom tot die gevolgtrekking dat die realiteit en waarheid daargestel word deur sosiale konstruksionisme en dat die narratief 'n onmiskenbare rol speel in die konstruksie van realiteit.

Voordat oorgegaan is tot 'n ondersoek van sosiale konstruksionisme het ek kortliks gekyk na konkrete fenomene in en rondom ons wat met postmodernisme in verband gebring kan word.

Dit was opwindend om sosiale konstruksionisme te ontdek en beter te verstaan (sien 2.2). Dit bied interessante perspektiewe op menswees (die self), die samelewing en die dinamika agter en verstaan van verskillende standpunte in die samelewing. Hierdie deel van die navorsing het ek persoonlike baat by gevind en groot verandering in my

benadering tot die lewe gebring.

Hoewel my navorsing tot op hierdie punt baie stimulerend was, het ek bewus geraak van 'n ongemak in my. Die invloed van teologie in die samelewing, het sedert die premoderne tyd drasties afgeneem. Daar was gebeure wat die integriteit van die Christelike geloof en van Christene skade berokken het.

Sommige leiersfigure in die kerk het geloof tot eie gewin misbruik, soms was daar net 'n gebrek aan insig en dikwels het die mens ewe arrogant gedink dat God die mens se verdediging en regverdiging nodig het. Wat ook al die redes, die geloofwaardigheid en legitimiteit van die kerk en die teologie het oënskynlik gekwyn.

Die postmoderne spirituele oplewing vind meer op 'n algemene en mistieke vlak plaas. Die Christelike geloof is dan maar een van vele maniere om uiting te gee aan die spirituele dimensie van die mens.

Sosiale konstruksionisme het die potensiaal om alles so te relativeer dat daar geen sprake van die normatiewe karakter van die openbaring van God, soos veral in die Bybel vervat, is nie. Dit en twee persoonlike verledeverhale het my laat besluit op 'n teologiese begroning met 'n redelike sterk klem op die Woord (sien 2.3).

Die eerste verhaal wat gelei het tot 'n fokus op die Woord gaan oor ouma Sannie se invloed op my lewe en my geloof. Ons was altyd naby aan mekaar. Sy was 'n besondere mens, 'n toegewyde gelowige en het haar geloof binne die Spadereënsse Geloofsending uitgeleef. Die Spadereënsse Geloofsending splinter van die Apostoliese Geloofsending af in 1927 onder leiding van Maria Martha Fraser omdat die AGS besig sou wees om geestelik te verkoud en omdat sondes en wêreldgesindheid al meer na vore sou kom. Ouma Fraser, soos sy genoem is, het o.a. na aanleiding van Ester 8:15 in die Nederlandse Bybel onder oortuiging dat die vroue tydens weksdae blou en op Sondae wit rokke moet dra en die mans ligbruin pakke. Vandaar die algemene benaming in die volksmond - "Blourokke". (Vosloo 1991)

Deur ouma Sannie het ek voortdurend vrae oor my geloof gevra.

Op 22 Desember 1983 skryf ek as vyftienjarige:

Ek weet nie wat om te doen nie. Ek het vanmôre by ouma gaan tee drink. Ons het oor

Godssake gepraat. Ek is verward, my gemoed is swaar. Baie mense se bekering is aangehaal. Ook het tannie Margaret haar lewensverhaal vertel. Haar ma wat in Duitsland Sondagskool gehou het, het vir hulle van swart sondige harte vertel, asook van wit rein harte. Dit het hulle aangegryp. Die gemiddelde ouderdom was 6,7,8. Toe kom daar 'n evangelis by die dorpie aan. Haar ma het hom vertel van die kinders wat ook hul harte aan die Here wil gee. Die evangelis het hulle in rye laat staan. Elkeen moes sy sonde bely. Onder andere, sê sy, het sy besef dat sy hoogmoedig was en sy het dit bely. Daarna het die evangelis saam met hulle gebid. Daar het 'n heilige vrede in hulle harte gekom. Hulle het deur die strate gehardloop en vir almal vertel hul harte behoort nou aan Liewe Jesus. Langsamerhand het sy ongelukkig geword. Die vrede in haar hart was verflou. Dit het so erg geword dat sy gebid het dat as sy nie binnekort weer vrede vind nie, en weer geluk ervaar nie, sy niks meer met God of godsdiens te doen wou hê nie.

Die eerste Spadereënse geloofshuis het toe in Duitsland tot stand gekom. In haar eie woorde: "Die verantwoordelike persone daar by die geloofshuis het 'n aanduiding gekry van God dat die duiwel besig is om my in te sluk. Hulle het vir my ouers gesê ek moet dadelik geloofshuis toe kom. Eers wou ek nie, maar toe gaan ek. Daar het ek voor 'n getuie bely - al my sonde van my kleintyd af. Die ou vrede was terug. Ek het altyd toe ek klein was my oom se vrugte gesteel. Toe stuur ek vir hom 'n brief met 'n sekere bedrag vir die vrugte.

Hulle het bly hamer dat jy jou sonde voor 'n getuie moet bely, andersins bly die sondeband steeds daar. Skrifgedeeltes is opgenoem waar staan: bely aan mekaar. 'n Mens moet jou sonde voor 'n betroubare getuie bely en dit in die "lig" bring andersins help dit nie veel nie. Hoekom nie? Hy sê in Hebreeus of Grieks word bely geskryf as "gemeenskaplik praat oor" iets. Hy sê as daar iets is wat pla moet ek na ouma toe gaan. Oom Werner sê ek moet glo en bid en lees, wat ek doen, maar die belangrikste is om voor 'n betroubare getuie te bely. Dan sal ek saamgaan as Jesus kom. Ek is bedruk en my gemoed is vol lood. Wat is die regte Pad?

So het vele geloofstemas oor die jare ter sprake gekom: geloofsekerheid, buitengewone gawes van die Gees, lofprysing, heiligmaking ens.

Telkens het dit teruggekom na die Woord, die normatiewe aard van die Woord, asook

die eksegetiese raamwerk wat gebruik word wanneer die Woord gelees en verstaan word.

Die ander verledeverhaal wat my daartoe gebring het om die Woord binne die postmoderne konteks te ondersoek, is die pastorale begeleiding van 'n gemeente waarin al meer vrae t.o.v. die Skrif ontstaan het a.g.v. debatte wat in die media gevoer is deur eksponente van die sogenaamde Nuwe Hervorming, die kerk en akademië, asook die uitsprake van die mense van die Jesus-seminaar. Ek wou nie goedkoop antwoorde gee wat skuil agter heiligheid wat nie bevraagteken mag word nie. Ek wou werkbare perspektiewe help ontwikkel wat sinvol en nie lewensvreemd is nie. Een van die beskuldigings was dan juis dat die kerk die waarheid vir die lidmate weggesteek of verkrag het.

Verskeie preke, besprekings, kategesebesprekings, Bybelstudies, wyksbyeenkomste en persoonlike gesprekke is daaraan bestee. In 'n poging om billik te wees en nie 'n karikatuur van die standpunt van die Nuwe Hervormers te maak nie, is 'n opname (van net meer as twee ure) verkry van 'n debat tussen prof Sakkie Spangenberg en Dr Eduan Naudé (as verteenwoordigers van die Nuwe Hervorming) en prof Adrio König en Dr Izak Burger (as verteenwoordigers van die hoofstroomstandpunt). Slegs vyftien minute van die debat is vroeër gebeeldsend. Die debat het as vrugbare besprekingsmateriaal gedien.

Die saak het ook op Ringsvlak en Sinodale vlak aandag geniet.

Nadat uitgebreid aandag gegee is aan die Woord se toepassing in die huidige postmoderne tydsgewrig, is gepoog om verbande te trek tussen postmoderne konsepte (die gawe, godheid, die gemeenskap) en teologiese eweknieë. Logies hieruit voortvloeiend is 'n kykie op die geloofslawe in 'n postmoderne samelewing.

Gelowiges en die kerk behoort nie terug te deins vir die denkwêreld van die postmodernisme nie. Die versoeking moet weerstaan word om postmodernisme te demoniseer. Dit dwing die postmoderne mens in 'n kunsmatige skeiding van die lewe en geloof. Andersyds bestaan die gevaar dat die postmoderne mens vervreem word van 'n gesonde, dinamiese, lewegewende geloofslawe en die kerk. Die feit dat die

hoofstroomkerke al meer lidmate en veral skokkende persentasies jong lidmate verloor behoort as waarskuwingsteken erken te word en as uitdaging aanvaar te word. Die sinvolle bydrae wat postmodernisme kan maak moet oorweeg word.

1.3 **Metodologiese Oriëntasie**

Vrae wat 'n navorser noodwendig ook moet beantwoord is die vrae t.o.v. sy/haar metodologiese uitgangspunte.

Die breër raamwerk vir die studie is die praktiese teologie. Gevolglik is daar opsommenderwys gepoog om 'n oorsig van die ontwikkeling van die vakgebied te gee(sien 3.1). Met verwysing na Müller, Browning en Viau is meer breedvoerig aandag gegee aan die narratiewe benadering as beoefening van Praktiese Teologie. Narratiewe Praktiese Teologie bied die ruimte waarin vele benaderings en paradigmas bymekaar kan kom - sake soos refleksiwiteit, prakties-teologiese wysheid, die 'van onder na bo' benadering, postmodernisme, ens. kan dus so tot hul reg kan kom.

Dit is veral in die narratiewe pastoraat waar die voordele van 'n narratiewe benadering tot die Praktiese Teologie in 'n postmoderne wêreld sigbaar word.

Prakties-teologiese wysheid is 'n baie handige en sentrale konsep vir 'n narratiewe beoefening van praktiese teologie asook vir narratiewe navorsing binne die praktiese teologie (sien 3.2). Die modernisme het wegbeweeg van die mondelinge na die geskrewe, van die spesifieke na die universele (universeel geldende), van die lokale na die algemene (wat in alle kontekste waar moet wees), van die tydgebonde waarheid na tydlose waarheid. (Brueggemann 1993:5) Postmodernisme beweeg weer terug, maak wetenskap meer menslik en persoonlik. Daar word weer aandag gegee aan die mondelinge, die spesifieke, die lokale en tydgebonde. In hierdie konteks kom praktiese, deurleefde kennis en ervaring tot sy reg - dit is spesifiek, tyd-, konteks- en persoonsgebonde. Hierdie praktiese en deurleefde kennis en ervaring kan prakties-teologiese wysheid genoem word. Prakties-teologiese wysheid is die gevolg van 'n produktiewe wisselwerking tussen praktyk en teorie.

Prakties-teologiese wysheid dra 'n tweeledige klem. In die eerste plek is praktiese

wysheid ter sprake. Selfs die industriële en ekonomiese sektore besef dat praktiese kennis, ervaringskennis, van onskatbare waarde is. Dit gaan dus oor proefondervindelike kennis, om te weet wat werk en wat werk nie. Dit gaan ook oor kruisbestuiwing wat tussen mense plaasvind om mekaar se praktiese wysheid voortdurend uit te brei.

Die tweede fokus van prakties-teologiese wysheid is die teenwoordigheid van God. Wat is die invloed van die teenwoordigheid van God (openbaring en huidige verhouding) op praktiese wysheid? Vanuit 'n narratief-teologiese perspektief beskou is die pneumadimensie van die gelowige die punt waar die (Goddelike) Storie, of die Verhaal, deurbreek in menslike verhale. Dit is die punt waar die verlossingsverhaal insny in die mens se verhaal en sodoende vir die mens 'n nuwe toekomsverhaal moontlik maak. Die pneumadimensie van die mens maak dit moontlik dat God se horison en die mens se horison kan versmelt. Wanneer hierdie twee horisonne versmelt ontstaan prakties-teologiese wysheid.

Narratiewe navorsing (sien 3.3) val onder die breë kategorie van kwalitatiewe navorsing. Kwalitatiewe navorsing poog om die aard van individuele ervarings op 'n nie-voorskriftelike manier te verstaan. Klem word geplaas op menslike gedrag en ervaring om die proses van betekenistoekenning aan ervaring te ondersoek en dan die gevolglike betekenis te beskryf. Daar word gepoog om die leser te bring tot 'n empatiese verstaan van fenomene op 'n spesifieke plek en tyd deur middel van 'n ryk beskrywing. (Engelbrecht 1998:205)

Drie groot verskille (behalwe die groottes van die steekproewe) tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing is dat kwantitatiewe navorsing neig om te probeer verklaar en kwalitatiewe navorsing probeer verstaan; die persoonlike rol wat die navorser in kwalitatiewe navorsing speel teenoor die onpersoonlike rol in kwantitatiewe navorsing. Die laaste verskil is dat kennis in kwantitatiewe navorsing se geval ontdek word en in kwantitatiewe navorsing se geval gekonstrueer word. (Engelbrecht 1998:206)

Kwalitatiewe navorsing formuleer nie hipoteses wat dan geverifieer of as vals bewys word nie. Dikwels word 'n algemene navorsingsprobleem geformuleer en algemene

vrae t.o.v. die probleem gevra. (Leedy & Ormrod 2001:148) Kwalitatiewe navorsing is sistematiese, volhardende navorsing wat strategies, dog aanpasbaar, binne 'n sekere konteks gedoen word. Refleksiwiteit is 'n voortdurende aksie wat impliseer dat die navorser introspektief nadink/reflekteer en dat hierdie oordenking teruggevoer word in die navorsingsproses. Daar word gesoek na sosiale verklarings vir intellektuele raaisels. Hierdie verklarings behoort tot 'n mate veralgemeenbaar te wees. Belangrik is ook die feit dat die navorsing op 'n etiese manier gedoen word. (Mason 1996)

Kwalitatiewe navorsing bly nie los gedefinieer nie. Soos die studie vorder verbeter die insig t.o.v. die fenomeen wat ondersoek word. Dit beteken dat meer spesifieke vrae gevra kan word. Dit beteken ook dat die kwalitatiewe navorser dikwels onseker is t.o.v. die presiese metode wat gevolg gaan word. 'n Algemene benadering word toenemend spesifiek namate die studie vorder en sekere vrae (temas) na vore tree as fokus. Kwalitatiewe navorsing verg dus deeglike voorbereiding en behoorlike beplanning ten einde al die moontlike dimensies van 'n potensiële studieveld te dek. (Leedy & Ormrod 2001:148)

Narratiewe navorsing veral, kan nie hipoteses formuleer wat getoets word nie.

It does not work like that in narrative inquiry. The purposes, and what one is exploring and finds puzzling, change as the research progresses. This happens from day to day and week to week, and it happens over the long haul as narratives are retold, puzzles shift, and purposes change. (Clandinin & Connelly 2000:73)

Dit is ook 'n realiteit dat sekere temas eers met die verloop van die navorsing hulleself na vore dring en dan aandag geniet. (vgl Leedy & Ormrod 2001: 148; Clandinin & Connelly 2000:73 waar uitkristallisering van doel van 'n studie as proses beskryf word)

Met behulp van metafore is gepoog om verskillende rolle binne die navorsingsproses te definieer (sien 3.3.1). Narratiewe navorsing is 'n aksie, maar baie meer as aksie-navorsing. Narratiewe navorsing self het ook 'n eie narratief. Die navorsingsnarratief self moet dus ook in ag geneem word. Binne hierdie navorsingsnarratief kan al die

deelnemers (almal wat betrokke is by die studie) met die metafoor van akteur of aktrise beskryf word.

Die narratiewe navorser is ook 'n fasiliteerder vir die ontstaan van kennis en ook die verstaan van 'n situasie. Die navorsing-as-fasilitering metafoor bring ons ook by die navorsing-as-verantwoordelik metafoor.

Die narratiewe navorser is verantwoordelik teenoor hom-/haarself, die medenavorser(s) en die breër navorsingsgemeenskap. Die navorsing moet dus eties bo verdenking wees en spreek van akademiese integriteit.

Hierdie verantwoordelikheid lei tot sekere uitgangspunte (sien 3.3.2) soos die oningeligte posisie, respek, temporaliteit, kontekstualiteit, persoon-spesifiekheid en tentatiewiteit.

Hierdie verantwoordelikheid beteken ook dat die narratiewe navorser ernstig en voortdurend aan navorsingsetiek en die etiese in die algemeen aandag moet gee (sien 3.4). Narratiewe navorsing bied unieke etiese uitdagings wat nie deur 'n vooraf uitgewerkte protokol gedek kan word nie. Soos die navorsing ontvou bestaan die moontlikheid dat daar enige tyd 'n etiese kwessie kan ontstaan. Een van die grootste uitdagings is waarskynlik vertroulikheid.

Aanvanklik is die ABDCE ("Action, Background, Development, Climax, Ending") model van Anne Lamott, vir die skryf van fiksie, wat deur Müller et al (2001) uitgewerk is as raamwerk vir narratiewe navorsing, gebruik.

Die nuutste ontwikkeling is egter die Postfundamentele Praktiese Teologie ("Postfoundationalist Practical Theology) wat Müller (2004) uitgewerk het aan die hand van Wentzel van Huyssteen se "Postfoundationalist Theology"¹.

Postfundamentele praktiese teologie (PfPT) het sewe bewegings onder vyf opskrifte: Konteks en geïnterpreteerde ervaring; Tradisies van interpretasie; God se teenwoordigheid; Verdik/verryk deur interdisiplinêre ondersoek; Wier as die plaaslike gemeenskap.

Die groot winspunt van die PfPT is die pertinente aandag wat geskenk word aan God se teenwoordigheid.

PfPT is gekies as raamwerk vir hierdie navorsing aangesien dit 'n sinvolle integrasie van

¹Van Huyssteen, J.W. 1997. *Essays in Postfoundationalist Theology*. Grand Rapids, Michigan:Eerdmans

die narratiewe benadering met praktiese teologie is. (Sien 3.3.3)

1.4 **Naspeuring van 'n Verhaal**

Vanuit hierdie raamwerk, etiese riglyne en paradigmatische uitgangspunte is veldnavorsing gedoen.

1.4.1 **Uitnood van Medenavorsers**

In Mei 2003 nooi ek twee gesinne, wat beide binne ses maande vantevore vanuit Suid-Afrika in Nieu-Seeland aangekom het, uit om deel te word van die navorsing. Die omvang van die studie is verduidelik, die metode, die duur en alle relevante etiese aspekte soos vertroulikheid. Die een gesin het op daardie stadium deur emosionele- en aanpassings-skommeling gegaan en het besluit om nie deel te neem nie.

Die Vermaak¹ gesin (Wessel (41), Alet (38) en hulle drie besondere kinders: Adriaan (13), Deon (10) en Janet (4)) het geantwoord: *Ons wil graag deelneem aan jou studie. Maar ons storie is nie so spesiaal nie. Ook is ons skrywers talent nie so goed nie. MAAR my storie is 'n Loflied aan die Here. Die hele storie het 'n dik goue draad van God se genade.*

Die gesin is al vir 'n aantal jare goeie kennisse van ons. Hoewel dit sommige kwessies kan kompliseer het ek besluit dat dit 'n pluspunt vir die studie is, veral omdat dit 'n narratiewe ondersoek is. Dit was moeiliker vir die navorser om 'negatiewe' interpretasies te maak en daar moes voortdurend bewustelik gelet word op navorsingsintegriteit.

Tydens 'n narratiewe ondersoek ontstaan daar in elk geval verhoudinge op verskillende vlakke en in die meeste gevalle vriendskappe, as gevolg van die intensiteit en duur van

¹Alle name is verander ter wille van vertroulikheid.

die navorsing.

Daar is bepaalde voordele verbonde aan die feit dat die medenavorser(s) vooraf aan my (die navorser) bekend was. Daar was onmiddellik 'n vertrouensverhouding en 'n gemaklikheid. Dit beteken verder dat ek makliker, gouer en beter verstaan het wat die medenavorser(s) se konteks is. Ek het ook begrip gehad t.o.v. hulle verledeverhaal. Omdat ek oor kennis en insig in hulle verhaal beskik het wat buite die ooreengekome verhouding tussen navorser en medenavorser(s) verkry is, was dit voortdurend van kardinale belang dat daar goeie en oop kommunikasie tussen ons moes wees. Gereeld is hulle gevra of hulle gemaklik is met die proses asook dit wat in die navorsingsverslag neerslag vind.

Ek het besluit om die studie tot die een gesin te beperk. Die afbakening tot een gesin na 'n spesifieke land is noodsaaklik aangesien die belewenisse en situasies van persone wat oorsee verhuis so divers is. Die land waarheen verhuis word en dus ook die kultuur (taal, waardesisteme ens.) waarheen die verhuising plaasvind, die vermoë tot finansiële versorging van die gesin (wat kwalifikasies, beskikbaarheid van werk ens insluit), die ondersteuning wat die gesin kry van hulle familie en die gemeenskap waaruit hulle verhuis, die ondersteuning van die gemeenskap waarheen hulle verhuis, die klimaat van die nuwe omgewing, die hoeveelheid Suid-Afrikaners in die nuwe omgewing, gesinskultuur (geloofsaktiwiteite, aanpasbaarheid ens.) van die gesin wat verhuis, en nog vele meer faktore kan en behoort in ag geneem te word.

Daar is soveel faktore wat die invloed van 'n oorsese verhuising op gesins- en familieverhoudinge beïnvloed dat dit 'n onbegonne taak gaan wees om 'n kwantitatiewe studie te doen wat enigsins iets meer gaan oplewer as interessante statistiek. 'n Kwantitatiewe studie gaan moeilik al hierdie faktore in ag neem en tereg laat kom in 'n studieverslag.

Een van die pluspunte van narratiewe navorsing is juis dat dit 'n stem gee vir unieke belewenisse, binne 'n spesifieke konteks op 'n bepaalde tyd.

Die naspeuring van die verhaal van die Vermaak gesin het begin.

1.4.2 Dataversameling

Die Vermaak gesin is gevra om hulle belewenisse neer te skryf. Daar is gevra dat hulle vertel hoe dit gekom het dat hulle na Nieu-Seeland verhuis het, wat hulle ervaar het tydens die verhuising en die eerste jaar se aanpassing.

Dit het nie heeltemal so realiseer nie. Van die begin af het Wessel die rol as verteenwoordiger van die gesin ingeneem. Hy het geskryf van die oloop tot die verhuising. Daarna het hy in detail sy en die gesin se geloofsverhaal opgeteken.

Per e-pos is daar voortdurend kontak gehou en sake uitgeklaar. Ook is kommunikasie met van hulle familieledes soms na my toe aangestuur.

Oor die tyd is daar gereeld telefoniese gesprekke gevoer.

Daar was ook geleenthede waar ons informeel bymekaargekom het en heelwat insig verkry is t.o.v. die emosionele belewenis van die hele verhuising.

Op hierdie stadium het twee goed begin gebeur. Aan die een kant het 'n paar temas (gelei deur dit wat die Vermaaks gebied het) in die navorsing na vore getree. Die invloed van 'n verhuising na Nieu-Seeland op gesins- en familieverhoudinge was steeds die oorhoofse fokus. Maar meer spesifiek het die aanpassingsproses, die oorvertel, die herskryf, van die gesin se verhaal my gefassineer. Spesifiek is hulle geloofsverhaal redelik radikaal herskryf.

Aan die ander kant het ek kennis gemaak met Müller se postfundamentele praktiese teologie (vgl 3.3.3). Dit het 'n raamwerk gebied vir navorsing wat 'n pertinente beweging wy aan God se teenwoordigheid binne die situasie - soos ervaar deur die medenavorser(s) sowel as die navorser.

Ek het verder besef dat daar nog heelwat onduidelikhede bestaan en wou seker maak dat Alet se verhaal en se perspektief ook tot volle reg kom. Gevolglik het ek Hawera toe gevlieg en drie dae (18-20 Maart) saam met die Vermaaks deurgebring.

Gedurende die tydperk is daar semi-gestruktureerde onderhoude (vgl Addendum A vir gespreksriglyne wat gevolg is) met hulle gevoer wat op band opgeneem is en later getranskribeer is.

Daar is weer eens gesprek gevoer oor narratiewe navorsing se uitgangspunte (vgl 3.3.2), en dus ook my uitgangspunt, t.o.v. medenavorser(s) en die proses.

Daar is ook weer aandag gegee aan etiese aspekte. Vertroulikheid is uitgeklaar. T.o.v. navorsingsintegriteit is verduidelik dat ek te alle tye gaan poog om hulle belange op die hart te dra en te poog om die studie ook tot hulle voordeel te laat wees (vgl 3.4.2). Daar is bevestig dat die navorsingsverslag in samewerking met hulle geskryf sal word en dat die finale verslag ook eers vir hulle deurgestuur sal word vir kommentaar en aanbevelings voordat dit gebruik sal word.

Klem is gelê op die feit dat hulle die gespreksagenda bepaal en die vryheid het om te sê as 'n vraag of onderwerp hulle ongemaklik laat.

Ook is gesels oor die feit dat 'n dik beskrywing van hulle verhaal, en 'n kontrolering dat reg verstaan word, herhaling en oorvleueling beteken.

Met behulp van die voltooiing van genogramme is gepoog om die gesin asook die uitgebreide familiestruktuur en die onderlinge verhoudinge te verstaan. Sodoende is steeds 'n beter konteks geskep waarbinne hulle verhale verstaan kon word.

1.4.3 Strukturering van Data en Skryf van die Verslag

Aan die hand van die raamwerk vir 'n post-fundamentalistiese teologie ("Postfoundationalist Theology") van Wentzel van Huyssteen, deur Müller (2004) ontwikkel in 'n post-fundamentalistiese praktiese teologie ("Postfoundationalist Practical Theology") is die data gestruktureer en die verslag geskryf.

Daar is dus eers 'n konteks geskep vir die medenavorsers. Daar is beweeg van 'n makrokonteks (4.1.1 Aotearoa/Nieu-Seeland) na 'n meso-konteks (4.1.2 Hawera - die dorp waarin hulle woon), na die gesin se konteks (4.1.3). Nieu-Seeland is as konteks beskryf deur 'n kort historiese oorsig (4.1.1.1) en 'n sosiaal konstruksionisties gevormde Suid-Afrikaanse indrukke van Nieu-Seeland (4.1.1.2).

Die makrokonteks geld ook vir die navorser. Ter wille van deursigtigheid en subjektiewe integriteit is daar in 4.1.4 ook aandag gegee aan die navorser se persoonlike konteks. Daardeur is gepoog om die invloed van voorveronderstellings van die navorser te minimaliseer deur bewus te wees daarvan en dit te hanteer.

Tydens die beskrywing van die ervaring van die Vermaaks binne hierdie konteks (4.2) het ek besef dat daar tydens die hervertel van hulle verhaal reeds baie interpretasie plaasvind. Gevolglik is daar voortdurend met die medenavorsers gekommunikeer. Op die manier is die verhaal dan ook sosiaal-konstruksionisties geskryf. 'n Prosesmatige benadering is ook gevolg t.o.v. vrywillige en ingeligte toestemming vir die doen van die navorsing en die skryf van die verslag.

Vervolgens is daar gepoog om die verhaal (verhale), of dan die beskrywing van die ervaring van die Vermaaks, te verdik en te verryk deur verdere interpretasie (4.3). Dit het duidelik geword dat die aanpassing in 'n nuwe land van die gesin gevra het om hulle verlede te herinterpreteer sodat hulle hede sin kan maak en dit vir hulle moontlik is om 'n geantisipeerde toekomsverhaal te kan hê.

Hierdie herinterpretasie van die verledeverhaal is genoodsaak deur die feit dat die verhuising na Nieu-Seeland hulle heersende diskoerse in gedrang gebring het. Enersyds het ou diskoerse nie meer in die nuwe konteks gewerk nie en is die ou diskoerse ook nie binne die nuwe konteks sosiaal-konstruksionisties in stand gehou deur die gemeenskap nie. Andersyds het hulle nou binne vele nuwe diskoerse gelewe wat hulle nie kan ontkom nie.

Daar is dus gepoog om die interpretasie verder te voer deur te kyk na die interpretasietradisies wat 'n rol speel (5). Interpretasietradisies wat betrekking het op burgerskap en patriotisme, kerklike tradisie, opvoeding en die huwelik en gesin is ondersoek.

Hierdie hele proses is gedoen met insette en die medewerking van die medenavorsers.

Op hierdie stadium van die studie is daar 'n eerlike poging aangewend om die teenwoordigheid van God binne hierdie verhaal te verwoord. Ek het diep onder die indruk gekom dat ek eintlik onwaardig voel om iets so heilig soos die verhouding tussen

‘n gesin en God te probeer verwoord en vas te vang in strukture. Hierdie verhouding is soveel meer kompleks en ryker as wat hier beskryf kan word. Dit was ‘n verligting om van die Vermaaks te verneem: “Ons is gemaklik met jou skrywe”.

Die volgende poging om die verstaan van die verhaal te verdiep en verryk was ‘n gesprek met veral die sielkunde. Hierdie gesprek, of dan interdisiplinêre verryking, het slegs deur literatuur plaasgevind. Insigte vanuit die sielkunde is gebruik om die proses wat persone deurgaans tydens en na die verhuising na ‘n nuwe land (die aanpassing) beter te verstaan. (7)

Die studie word afgesluit met deur die kristallisering van dit wat betrekking kan hê wyer as die navorser en die medenavorsers. (8) Dit behels ook die evaluering van die navorsing.

Mag hierdie studie help om die proses en ervaring van ‘n oorsese verhuising te verstaan, nuwe insigte te bring en ook uit te daag om persepsies te verander of te verryk.

2 POSITIONERING

2.1 Postmodernisme

2.1.1 Inleiding

Om die postmoderne, of dan postmodernisme, vas te vat in 'n definisie is nie 'n eenvoudige taak nie. Dit sal byna gepas wees om eerder te praat van postmodernismes aangesien daar soveel variasies voorkom onder postmoderne denkers en gestaltes van postmodernisme in die samelewing. (O'Donnell 2003:6; Janse van Rensburg 2002:39-42) Tog word gepoog om 'n geheelindruk asook uitstaande kenmerke van postmodernisme weer te gee.

Müller (2002:19) som dit so op:

Postmodern word nie net gebruik as 'n begrip wat 'n nuwe tydvak aandui nie, maar as 'n totale paradigmaverskuiwing. Hierdie begrip verwys na 'n kentering in lewensbeskouing en wetenskap en ons in die Westerse wêreld bevind ons tans in die midde daarvan. Die voorvoegsel "post-" dui daarop dat 'n voorafgaande era verbygegaan het. Die postmodernisme staan inderdaad teenoor die modernisme. Die optimistiese hoop en positiewe lewensgevoel van die modernisme het nie aan die verwagtings voldoen nie. Postmodernisme bestaan uit 'n diepgevoelde wantroue in die sogenaamde objektiewe waarhede as hoop vir die samelewing.

Postmodernisme moet voortdurend teen die agtergrond van en teenoor die modernisme gesien word. Die breuk tussen die twee paradigmas/denk-wêreldes is egter nie altyd so duidelik nie. (Janse van Rensburg 2002:39-44; Strauss 2002:570) Sommige outeurs is van mening dat postmodernisme 'n voortsetting of 'n groei uit modernisme is. (Du Toit 2000:50; Malpas 2001:1-11)

Du Toit (2000:50) meen dat die skuif van die moderne na die postmoderne nie 'n klassieke paradigmaskuif is nie omdat die postmoderne tyd nie gesien en verstaan kan word sonder die

modernisme nie. Eerstens is dit so dat meeste van die eienskappe wat met postmodernisme geassosieer word 'n teenreaksie op modernisme se aksiomas is. Die navorser moet dus eers deeglik kennis neem van modernisme se grondliggende uitgangspunte te einde postmodernisme se teenreaksie daarop te verstaan. Verder het die modernistiese lewensbeskouing steeds 'n groot invloed.

Burr (1995) sien die postmoderne denkstruktuur as 'n intellektuele beweging en is ook van mening dat die moderne- en postmoderne denkstruktuur 'n konflikbelaaide naasbestaan voer op alle vlakke van die samelewing.

Postmodernism as an intellectual movement has its centre of gravity not in the social sciences but in art and architecture, literature and cultural studies. It represents a questioning of and rejection of the fundamental assumptions of modernism, the intellectual movement which preceded it (and exists alongside it, generating much argument and debate) and which in many ways embodies the assumptions underlying intellectual and artistic life that have been around since the Enlightenment,... (Burr 1995:12)

Strauss (2002:589) se siening verskil van die ander benaderings. Hy is van mening dat "postmodernisme" en "modernisme" albei gewortel is in 'n dieperliggende gemeenskaplike tradisie wat terugryp na die 15de, 16de en 17de eeue - by name die moderne *nominalisme*.

Nominalisme besit twee (onversoerbare) kante: enersyds aanvaar dit buite die menslike gees geen universaliteit nie (tipies van die irrasionalisme), maar andersyds aanvaar dit universele begrippe of name binne-in die menslike gees (die deurslaggewende eienskap van die rasionalisme is dat dit universele begripskennis verabsoluteer). (Strauss 2002:589)

Daarom is dit toepaslik om vlugtig aandag te gee aan modernisme voordat voortgegaan word om postmodernisme breedvoeriger te ondersoek met verwysing na modernisme.

2.1.2 Die Premoderne en Modernisme

Modernisme moet weer teen die agtergrond van die premoderne gesien word. 'n Kennisname van die premoderne saam met modernisme en postmodernisme onderstreep die historiese

gebondenheid van kennis en idees. Ook mag dit nie buite rekening gelaat word dat daar 'n deel van die mense op aarde is wat steeds vanuit 'n premoderne benadering lewe nie.

Deur die premoderne in te sluit is dit ook duidelik dat postmodernisme deel van 'n ontwikkeling is. Dit impliseer dat postmodernisme nie die toppunt van paradigmas en 'n laaste benadering is nie.

Aan die hand van Erickson (2001:33-52) gaan na 'n aantal premoderne denkers verwys word. Plato as verteenwoordiger van die voor-Christelike era, Augustinus as verteenwoordiger van die vroeg-Christelike era en Thomas Aquinas as verteenwoordiger van die Middeleeuse era word gebruik. Dan word daar gekyk na gedeelde standpunte en gedagtes en gepoog om die premoderne standpunt so op te som.

Van **Plato** (427-346vC) se argumente kan as volg opgesom word:

What is most real is not the physical or perceptible, but the ideal, or the conceptual.

Each particular instance of a particular quality exists because of its relationship to a universal or an abstract quality.

Knowledge consists in knowing the intelligible and ideal, not the concrete and sensory. It is dialectics or reasoning that leads us to truth, not primarily sense perception.

There is a correspondence theory of truth here. Something is true because it corresponds to or expresses that which really is, independently of our thought.

(Erickson 2001:39)

Augustinus (geb. 354), later 'n biskop in Noord-Afrika, skryf 'n werk (*City of God*) as reaksie op die feit dat 'n ongelowige moondheid (die Gote onder leiding van koning Alaric) Rome verwoes het ten spyte van die feit dat die Romeinse regeerders gelowig was.

Die eerste tien volumes van die werk is 'n verdedigende reaksie op die vroeë en bespotting dat ongelowiges gelowiges oorwin het. 'n Verdere twaalf volumes van die werk fokus op die waarde van die Christendom wat in teenstelling met 'n heidense bestel geplaas word. Deel daarvan is die weergee van die skeppinggebeure, die sondeval, verlossing en ewige toekoms. Hierdie en ander werke van Augustinus het groot invloed op die lewensbeskouing van die tyd gehad.

Erickson (2001:46-47) som Augustinus se argumente as volg op:

Die verklaring van die realiteit word as 'n rasonale argument oorgedra. Dit beteken egter nie dat die volle realiteit deur menslike rede verstaan kan word nie, maar dat rasonale patrone en wette van logika wel gevolg kan word. Dit beteken ook nie dat die menslike verstand sonder hulp by die waarheid kan uitkom nie - omdat God die wêreld sowel as die menslike verstand geskep het is daar 'n onderlinge verhouding.

Augustinus gee 'n volledige weergawe van geskiedenis- en wêreldgebeure. Die totale geskiedenis word omvat in hierdie verklaringsskema. Die verklaringsskema gaan selfs verder as geskiedenis en sluit die ewige toekoms in. Dit is ook universeel in die sin dat dit nie beperk word tot een groep mense of een geografiese gebied nie, maar dit sluit die hele menslike geslag in. Dit word dus as 'n universele waarheid aangebied.

Dit is sonder twyfel 'n teologie en nie 'n filosofie nie. Herhaaldelik word gestel dat argumente primêr gebaseer word op die besondere openbaring in die Woord, en nie op menslike redenasies nie. Dit is 'n geskiedenisweergawe van bo en nie van onder - nie 'n ervaarde geskiedenis nie, maar 'n geskiedenis vanuit bonatuurlike konsepte.

Die finale verklaring van realiteit en geskiedenis is dat die oorsaaklike krag wat alle beweging veroorsaak nie kragte binne die natuur is nie, maar bonatuurlik. Wat gebeur is die produk van 'n transendentale wese se beplanning, inisiatief en rigtinggewende aktiwiteite.

Die mensdom se finale bestemming word gedefinieer in terme van 'n lewe van navolging van en verhouding met die Een wat gesetel is buite die aardse realiteit en nie in terme van fisieke bevrediging of gemak in die aardse lewe nie. Die doel van die lewe is om jouself op die regte manier binne 'n verhouding te stel met 'n bonatuurlike, ewige, onsibbare en grenslose wese - die almagtige God.

Thomas Aquinas is in Roccasecca in Italië gebore teen ongeveer 1225. Sy verfyning van heersende teologiese denke - grootliks beïnvloed deur Plato se filosofie - het verreikende gevolge. Vir eeue was hy die hooftoloog vir die Rooms Katolisisme. Aquinas se benadering was in so 'n mate die amptelike teologie dat die Konsilie van Trent in 1567, as deel van die

Rooms Katolieke reaksie teen die Protestantisme, vir Aquinas die titel “Universele doktor van die Kerk” gegee het. Waar Augustinus geloof gesien het as deel van die soeke na verstaan, het Aquinas verstaan gesien as die weg tot geloof.

Hy onderskei tussen die natuurlike en die bonatuurlike. Die natuurlike kan deur die rede geken word en die bonatuurlike kan net in geloof aanvaar word. Maar aangesien beide van God kom is daar geen konflik tussen die twee sfere indien dit behoorlik verstaan word nie.

Die bonatuurlike is die oorsaak vir die bestaan van die natuurlike en vir wat daarin gebeur. Mense kan deur die rede die natuurlike ontdek, maar kan die bonatuurlike slegs deur die genadige, besondere openbaring van God ken.

Daar is nie teenstrydigheid tussen die sfere van die natuur en die genade nie en dus ook nie tussen die rede en die geloof nie. (Erickson 2001:47-52)

Erickson (2001:52) som die premoderne standpunt so op:

- 1.2_ There is an overall explanation of things, in terms of inclusiveness with respect to all of reality and of the whole of history.
- 1.3_ Reality has a rational character. History is going somewhere, fulfilling some discernible pattern, whether linear or circular in nature. It is therefore possible to make sense of reality. Humans are capable of understanding reality, at least to some degree, whether that knowledge results from personal discovery or from acceptance of special revelation from a divine being.
- 1.4_ Observable nature does not exhaust all of reality. There are real and important entities lying beyond nature. Indeed, these entities, whether personal or impersonal, are considered to have strong and perhaps even decisive influence on what transpires within the observable world.
- 1.5_ The happiness and fulfillment of humans is believed to require correct adjustment to these unseen realities. Because they are the source of meaning or of life, they must be understood and followed. Thus, full human existence requires an element of faith, as it were.
- 1.6_ Time, as we know it, is not the whole of reality. An additional dimension of life, and in many ways its most important aspect, lies beyond time.

- 1.7_ The unchanging and permanent are most important. Without these, the flux of experience would have no real meaning.

Filosofie het algaande vanaf die Middeleeue ontwikkel tot met die Verligting en die rede het 'n al groter wordende rol gespeel. Die Verligting is die benaming van 'n beweging wat van die 17de tot die 18de eeu strek. Die rede het nou sentraal gestaan en alle bygelowigheid is beveg. Hiermee word die era van modernisme ingelui.

'n Paar van die groot denkers van die modernistiese era is René Descartes, Isaac Newton, John Locke en Immanuel Kant.

René Descartes is in Touraine, Frankryk, in 1596 gebore en het aan die Jesuïete Kollege van La Flèche gestudeer. Hy het 'n skeptiese houding ontwikkel oor alle kennis wat oënskynlik waar is en soek na 'n universele tipe kennis wat waar is vir almal en ook wat waar is t.o.v. alle areas van kennis. Hy plaas sterk klem op intuïsie (of ervaring) en deduksie as metode om tot kennis en waarheid te kom. Introspeksie speel 'n groot rol.

Hy poog om 'n absolute sekere beginpunt, fondament, daar te stel waarop alle kennis kan berus en wat beteken dat daardie kennis as waar gewaarborg kan word.

Dit is uit Descartes se argumente wat die bekende "ek dink, daarom bestaan ek" opsomming kom. (Erickson 2001:53-59)

In 'n tyd waarin wetenskaplike metode daartoe gelei het dat natuurwette ontdek word kom **Isaac Newton** op die toneel en maak as drie en twintigjarige man 'n hele aantal ontdekkings. Hy gebruik die resultate van eksperimente en pas dit wiskundig toe. So poog hy om die universele orde wiskundig te beskryf.

Hy stel die konsep van atome as boustene van materie voor, praat van beide absolute en relatiewe tyd en ruimte, handhaaf 'n dualistiese siening van die mens as liggaam en siel (wat gelykstaan aan verstand) en sien God as die skepper van die fantastiese skeppingsmasjien. (Erickson 2001:59-62)

John Locke, gebore in 1632 in Engeland, geniet die era van eksperimentele navorsing en raak betrokke in chemiese eksperimente en meteorologiese waarnemings asook studies in medisyne.

Hy kom tot die gevolgtrekking dat die mens deur sensasie of refleksie (wat hy saam beskou as ervaring) tot 'n idee kom. Hoewel sterk beïnvloed deur Descartes beweeg Locke weg van introspeksie en meen dat onbetwisbare beginsels as basis vir alle kennis verkry moet word deur waarneming en ervaring.

Locke se polities-filosofiese insigte speel 'n groot rol in die Amerikaanse grondwet en is gebaseer op die aanname dat die mens deur die rede natuurwette kan ontdek wat die fundamentele beginsels vir moraliteit is.

Hy glo vas aan die vrywillige karakter van deelname aan godsdiens en meen dat godsdienste verdraagsaam moet wees teenoor mekaar omdat een groep nooit die volle waarheid in pag kan hê nie. (Erickson 2001:62-65)

Immanuel Kant (1724 - 1804) bring sy hele lewe, ongetroud, in die dorp Königsberg in Oos-Pruise (nou Kaliningrad, Rusland) deur. Hy het skaars wyer gereis. Tog was sy invloed in die Westerse wêreld baie groot. Die konteks waarbinne Kant verstaan moet word is die filosofiese debat tussen die rasionaliste en die empiriste t.o.v. die manier waarop kennis verkry word.

Hy noem sy werk transendentale filosofie. "In his use of *transcendent* here Kant means that the argument transcends experience, and attempts to discern the a priori conditions of experience."

(Erickson 2001:67) Alle menslike kennis ontstaan vanuit *waarneembaarheid* (sensibility) en *verstaan*. Transendentale estetika ondersoek die waarneembaarheid en transendentale logika ondersoek die verstaan. Transendentale logika word onderverdeel in transendentale analitika en transendentale dialektika.

In the knowing process, what typically happens is that sensory data from the object known enters the consciousness of the knower through the pure forms of intuition, space and time. They thus are experienced as in space, having location and separation from other objects, and in time, being located prior to, simultaneous with, or subsequent to, other occurrences. They then enter the understanding, where they are further organized by the categories of the mind. Thus, they are known with respect to quantity as either universal ("all"), particular ("these"), or singular ("this one"). (Erickson 2001:71)

Hierdie organisering vind ook plaas t.o.v. kwaliteit, verhouding en modaliteit. (Erickson 2001:65-73)

Die modernisme word gekenmerk deur 'n vertroue in die menslike rede en vermoë, en in tegnologie en wetenskap om 'n beter, utopiese, werklikheid daar te stel.

De Jager (2001:25-26) beskryf modernisme aan die hand van drie kernbegrippe:

Met **teenwoordigheid** word bedoel 'n ware teenwoordigstelling van dit waarna verwys word in rasonale denke en die taal waarin hierdie denke verwoord word. Deur redelikheid kan die waarheid verwoord word. Vasstelling van die absolute waarheid is die ideaal, en wel moontlik onder leiding van die rede.

Met **metafisiese begroning** word bedoel dat waarheid vasgestel kan word onder leiding van die rede, omdat daar 'n onsigbare grond of oerbeginsel is van waaruit die waarheidsaansprake van die rede spruit. Begroning is die belangrikste kenmerk van die werklikheid, en die rede is die leidinggewende beginsel. Daarom is dit vir modernisme sinvol om die waarheid van die werklikheid in alles te probeer vasstel, die werklikheid as't ware te probeer teenwoordig stel. Modernisme werk met die sekerheid dat die rede dit vir ons kan doen.

Subjek dui op die redelike mens as kennende subjek wat die waarheid objektief moet vasstel. Die mens self kan onderwerp word aan redelike kenne en sodoende self ook geobjektiveer word. Agter alle subjektiwiteit is die metafisiese, begrondende, absolute subjek. Die subjek-objek verhoudingskema oorheers die modernistiese metafisika. (De Jager 2001:25-26)

Erickson (2001) som modernisme op in 'n aantal verklarings:

- 1.8_ Knowledge is considered to be a good that is to be sought without restriction. Knowledge will provide the solution to humanity's problems. This confidence in knowledge therefore contributes to a belief in progress.
- 1.9_ Objectivity is both desirable and possible. It is believed that any personal or subjective factors can be eliminated from the knowing process, thus rendering the conclusions certain.
- 1.10_ Foundationalism is the model for knowledge. All beliefs are justified by their derivation from certain bedrock starting points or foundational beliefs.

- 1.11_ The individual knower is the model of the knowing process. Each person must assess the truth for himself or herself, even though the truth is the same truth for everyone.
- 1.12_ The structure of reality is rational. It follows an orderly pattern. The same logical structure of the external world is also found in the human mind, thus enabling the human to know and organize that world. In most cases, this order or pattern is believed to be immanent within the world, rather than deriving from some transcendent source. (Erickson 2001:73-74)

Daar bestaan kampvegters vir die modernisme soos Jürgen Habermas (Malpas 2001:37-52). Hy noem postmoderne denkers dan neokonservatiste wat poog om die onvoltooide projek van modernisme te ondergrawe. Modernisme het volgens hom gefouteer omdat toegelaat is dat die totaliteit van die lewe versplinter in onafhanklike spesialiteite (elk met sy eie reëls en beoordelingskriteria) wat oorgelaat is aan spesifieke kenners wat dan die polisiëring t.o.v. die betrokke veld hanteer.

Volgens hom is dit essensieel dat daar voortgegaan word om binne die modernisme te werk en nie die probleme en moontlikhede van die modernisme sonder meer te verwerp nie. In aansluiting hierby sien Ernesto Laclau (Malpas 2002:145-160) postmodernisme nie as 'n breuk met modernisme nie, maar blote ontbinding van modernisme se begronding.

O'Donnell maak die stelling dat die Verligting gelei het tot die triomf van die rede en wetenskaplike metode oor geloof en die kerk. (Vgl ook Erickson 2001:139; Müller, J.C. & Gouws, J. 2003:131-132)

Die vraag is: teen watter koste?

Tegnologie en ander gevolge van modernisme het gelei tot materialisme en 'n verbruikerskultuur wat die omgewing geskend het en gelei het tot 'n agteruitgang in die gees en waardes van die samelewing. 'n Eksklusiewe beklemtoning van vooruitgang en die rede het 'n duur prys tot die gevolg gehad. (O'Donnell 2003:11-23)

The triumph of reason led to a repression of the imaginative, the poetic, the symbolic and even the ethical, at times. Ancient ways of seeing the world perceived it as a place full of arcane wonder. Materialism has sought to bleed it dry, and has turned it into a commodity rather than a fragile but marvellous

ecosystem (and our home). Hence pollution, global warming and many other ghastly scars have been inflicted upon our planet as we have tried to turn it into an object for pleasure. (O'Donnell 2003:22)

2.1.3 Postmodernisme

Die term “postmodernisme” is teen die laat 19de en vroeg 20ste eeu deur kunstenaars gebruik om te verwys na nuwe bewegings wat wegbreek van die ouer orde. Die term het toe vinnig na ander dissiplines versprei. In 1975 het Charles Jenks “The Language of Post-Modern Architecture” gepubliseer en definieer ‘n belangrike postmoderne element: “modernist simplification, minimalism, and universalizing styles were reworked with more decoration”. (O'Donnell 2003:9; vgl Agger 1991:105-118)

Modernisme en postmodernisme kan nie geïsoleerd van mekaar hanteer word nie.

Die modernisme bepaal nog steeds belangrike aspekte van ons natuurwetenskaplike navorsing, ons Westerse tegniek en ons ekonomiese stelsels - ook die denkwysse van baie ontwikkelde mense van ons tyd. (Pieterse 2002:78-79)

Daarom gaan daar hier steeds na modernisme verwys word.

Ter illustrasie is die ooreenkoms tussen Müller se beskrywing van ‘n postmodernis en Jürgen Habermas se beskrywing van die effek van modernisme, of dan soos wat hy dit noem, die onvoltooide projek van modernisme, opvallend.

‘n Postmodernis (in die absolute sin) is dan iemand wat niks anders as géén fondament en géén sekerheid voel nie. Meer in die algemeen kom die postmodernisme tot uiting in ‘n lewensinstelling wat kan varieer van speelsheid aan die een kant tot onverskilligheid en die verheerliking van die uitleef van instinkte aan die ander kant. Daar is ‘n groeiende onverdraagsaamheid met mense wat vanuit die geïnstusionaliseerde godsdienste en wêreldbeskouinge die illusie voorhou dat jy vanuit ‘n enkele abstrakte en ideële punt ‘n greep op die konkrete lewe kan verkry (Müller 1996:55)

Modernism represents a great seductive force, promoting the dominance of the principle of unrestrained self-realisation, the demand for authentic self-experience, the subjectivism of an overstimulated sensibility, and the release of hedonistic motivations quite incompatible with the discipline required by professional life, and with the moral foundations of a purposive-rational mode of life generally. (Habermas in Malpas 2001:41)

Is 'n postmodernis dan 'n modernis wat aan die versoeking toegegee het?

Die postmoderne mens is interessant. "By die impasse, die dooie punte, die noutes, die grense, die onbeslisbaarheid, soek die postmoderne mens nie meer na waarheid nie, maar na moontlikhede waardeur voortgeleef kan word. Daar is 'n nuwe bewustheid van verskillendheid, meer moontlikhede, maar ook onbeslisbaarheid. Daar is in niemand se aansprake meer sekerheid te vind nie." (De Jager 2001:36)

Pieterse (2002:79) verkies daarom om van refleksiewe moderniteit te praat en nie van postmodernisme nie.

In die postmoderne denke word dan uiteraard op die proses gefokus en nie op die (eind)doel nie, eenvoudig omdat geen mens oor die einddoel kan beskik nie. (Du Toit 2000:67)

2.1.3.1 *Postmoderne Denkers*

Die volgende paragrafe kan uit die aard van die saak nie reg laat geskied aan elke individuele denker nie. Daar word slegs gepoog om enkele belangrike bydraes uit te lig wat relevant is tot die ontwikkeling van postmodernisme en sodoende word ook die veelkantigheid van die paradigma geïllustreer.

Twee van die denkers wat die weg tot postmodernisme voorberei het is Sören Kierkegaard en Friedrich Nietzsche.

Kierkegaard (1813-1855) het min invloed op sy tydgenote uitgeoefen maar het 'n groot effek op latere teoloë soos Karl Barth, Emil Brunner, Rudolf Bultmann, Paul Tillich en Reinhold Niebuhr. Hy word in die twintigste eeu die vader van die eksistensialisme en aspekte van sy denke vind weerklank in Martin Heidegger se werk

Erickson (2001) haal John Caputo aan:

The genealogical lines and links of deconstruction run back, not only to Nietzsche, but also, as I am constantly insisting, to Kierkegaard and Levinas, who are arguably the most important religious philosophers, or philosophical men of religion, or thinkers engaged in a philosophical repetition of religion, in the last two centuries. (Erickson 2001:76)

Kierkegaard dekonstrueer twee entiteite van sy dag: die filosofie van Georg Hegel en die Deense Lutherse Staatskerk. (Erickson 2001:76-84)

Hegel het die werklikheid probeer reduceer tot 'n groot logiese sisteem wat alles wat deel is daarvan verklaar. Die hele geskiedenis was daarin vervat. Die bekende tesis, ant-tesis, sintese skema het selfs die mees teenstrydige items geïnkorporeer in hierdie sisteem. Alles is rasioneel verklaar. Die individu was gevolglik niks meer as net 'n onderdeel van die geheel nie. Dit is teen hierdie sisteem wat Kierkegaard dit het.

Hoewel 'n logiese sisteem moontlik is, is dit slegs God wat 'n eksistensiële sisteem daar kan stel omdat Hy alle bestaan insluit. Waar daar 'n absolute logiese sisteem bestaan is daar geen ruimte vir 'n individuele bestaan nie.

Hoewel hy nou by die Lutherse Staatskerk betrokke was en selfs die kwalifiserende eksamens geskryf het, kan hy nie anders as om daardie tipe Christendom aan te val nadat sy pa en biskop Mynster (nabye familievriend) oorlede is nie. Veral toe Mynster voorgehou word as 'n getuie van die waarheid.

Volgens Kierkegaard het die kerk en Mynster die geloof versag. Om gelowige te wees is om te ly. Die kontras tussen die lydende Jesus en die lewe van luuksheid en gemak van die biskoppe is die kern van sy aanvalle.

Hy veroordeel ook die feit dat kerklidmaatskap 'n persoon tot voordeel in die gemeenskap strek en verwerp die aanname dat kerklidmaatskap gelykstaande is aan Christen wees.

Kierkegaard ontwikkel die konsep van subjektiewe waarheid.

The objective approach involves what he calls an “approximation process,” whereby one continually gathers more data and comes closer to a correct description of the object. So with respect, for example, to historical matters, one can only have relative certainty. Similarly, the objective approach with respect to Christianity holds that since the New Testament is a historical document, one may simply approach it as a matter of historical inquiry, determining thereby what is Christian truth. Here, however, as also in the realm of ethics, the approach works precisely contrary to the intention and goal. For the objective approach makes one into an observer, so objective that he becomes almost a ghost. Matters such as Christianity and ethics, however, require a decision, and a decision is a matter of subjectivity. (Erickson 2001:82)

Kierkegaard word aangehaal:

When the question of truth is raised subjectively, reflection is directed subjectively to the nature of the individual's relationship; if only the mode of this relationship is in the truth, the individual is in the truth even if he should happen to be thus related to what is not true. (Erickson 2001:82)

Dit het die implikasie dat die afgodsdienaar wat in eerlikheid en opregtheid aanbid meer regverdig is as die Christen wat onopreg en met verkeerde motiewe in die kerk sit. Die objektiewe klem lê op *wat* gesê is, terwyl die subjektiewe klem val op *hoe* dit gesê is.

Friedrich Nietzsche (1844 - 1900) se vader ('n leraar) sterf aan 'n psigiatriese siekte toe hy vyf jaar oud is en hy word groot in 'n huis waarin sy ma, sussie, ouma en twee ongetroude tantes almal saam woon. Hy sterf ook van 'n psigiatriese ongesteldheid.

Hy is 'n briljante student en word vroeg 'n professoraat aangebied. Iets wat baie min gebeur het.

Hy word dikwels die vader van eksistensialisme genoem. Die titels van sy werke dui daarop dat hy 'n paradigmaskuif verwag het - *Beyond Good and Evil; The Birth of Tragedy; Daybreak: Thoughts on the Prejudices of Morality; Twilight of the idols.*

Hy poog om die konvensionele moraliteit van sy dag, soos vergestalt deur die kerk en die priesters, te ontmasker en te vervang met iets beter. Hy sien altruïsme as uiteindelijke doelwit vir die mens en die kerk.

Nietzsche meen daar is drie instinktiewe dryfkragte agter moraliteit: Die instink van die trop teenoor die sterk en onafhanklike, die instink van die noodlydendes en minder bevoorregtes teenoor die voorspoediges en die instink van die gemiddeldes teenoor die buitengewone.

Konvensionele moraliteit lê die buitengewone persoon (Übermensch) aan bande. Hierdie Übermensch se lewensdoelwit is om 'n supermens te word ten spyte van neerdrukkende moraliteit. Nietzsche se konsep van die supermens is later deur die Nazi's oorgeneem en ongewild gemaak.

Nietzsche maak veel van "the will to power" en val daarom ook die Christelike geloof aan.

Christianity should not be beautified and embellished: it has waged dead war against this higher type of man; it has placed all the basic instincts of this type under the ban; and out of these instincts it has distilled evil and the Evil One: the strong man as the typically reprehensible man, the 'reprobate'. (aanhaling uit sy werk: The Antichrist) (Erickson 2001:88)

Perspektiewisme is een van Nietzsche se groot bydraes. Dit staan lynreg teenoor die Verligting se standpunt dat kennis vas, objektief en absoluut is. Teenoor positivisme stel hy dat 'n saak nie geken kan word nie, maar net geïnterpreteer kan word, vanuit jou perspektief. (Erickson 2001:84-92)

Van die twintigste eeuse oorgangdenkers is Martin Heidegger, Hans-Georg Gadamer, Ludwig Wittgenstein en Thomas Kuhn verteenwoordigend.

Martin Heidegger se lewe en werk gee stof tot heelwat polemieke aangesien hy homself oënskynlik weerspreek en sy werk oor tyd van standpunt verander. Hy ontken dat hy 'n eksistensialis is. En dan was daar sy verhouding met Nazisme.

Tog was hy 'n private mens wat sy lewe in die Swart Woud in Duitsland geniet het.

Sy *Dasein* konsep is van belang. *Dasein* is 'n manier waarop menslike bestaan verstaan word.

Daar word weggedoen met die objek subjek onderskeid. “Dasein is not only close to us... we *are* it, each of us, we are ourselves.” (Uit Heidegger se werk *Being and Time*) (Erickson 2001:94) *Dasein* is ook ‘n verhouding, ‘n kwaliteit van die manier waarop ons omgaan met die wêreld, ons omgewing.

Hy onderskei tussen *vorhanden* en *zuhanden* as maniere om ‘n objek te sien. *Vorhanden* word ‘n item volgens voorkoms en eienskappe beskryf. *Zuhanden* is meer ‘n funksionele beskrywing. *Entfernung* dui op die praktiese afstand. Iets kan ruimtelik naby wees, maar prakties ver - bv. weens gebrek aan kennis t.o.v. gebruik daarvan.

Heidegger verwerp nie die legitimititeit van die wetenskaplike benadering nie. Hy het dit teen die eksklusiwiteit en voorrang van die wetenskaplike benadering.

In *Gelassenheit* onderskei hy tussen berekenende en meditatiewe denke. “The approaching tide of technological revolution in the atomic age could so captivate, dazzle, and beguile men that calculative thinking may someday come to be accepted and practised as *the only* way of thinking.” (Uit Discourse on Thinking: A Translation of *Gelassenheit*) (Erickson 2001:96)

Hans-Georg Gadamer lewer ‘n reuse hermeneutiese bydrae deur sy konsep van die twee horisonne. Ware verstaan is die saambring van die interpreteerder, of hede, se horison (verstaansraamwerk) met die van die teks, of verlede. Hy sien filosofie as ‘n beskrywende handeling. Hy sien hermeneutiek as die benadering wat poog om te verstaan en om korrek te interpreteer wat verstaan is. Hy poog “to seek that experience of truth that transcends the sphere of the control of scientific method wherever it is to be found, and to inquire into its legitimacy.” (Uit Gadamer se *Truth and Method*) (Erickson 2001:97)

Volgens Gadamer is verstaan konteks-, persoons- en tydsgebonde. Die maklikste toegangsroete is die estetiese en kuns wat die vermoë het om konteks, persoon en tyd, dus ervaring, weer te gee. (Erickson 2001:97-100)

Die Oostenrykse filosoof **Ludwig Wittgenstein** (1889 - 1951) lewer ‘n groot bydrae en vergestalt die skuif van modernisme tot postmodernisme in die verandering wat plaasvind van sy vroeër werk na sy later werk

Hy studeer ingenieurswese en het groot belangstelling in Schopenhauer se filosofie - *Die Welt als Wille und Vorstellung*. Hy bly tussen die pole van die positivistiese logika en metafisika beweeg. Hy poog eers om ‘n logiese taal te konstrueer wat alle wetenskappe kan omsluit.

Later onderskei hy oppervlak grammatika en diepte grammatika. Oppervlak grammatika is taalkundige grammatika terwyl diepte grammatika 'n ondersoek is na taalgebruik.

Hy meen taal is so kompleks soos 'n lewende organisme. Dit beteken dat taal veel meer doen as om objekte te benoem. (Erickson 2001:100-104)

Rather, says Wittgenstein, the meaning, which gives life to the sign, is not something existing separately from the sign, in something called the mind, but is actually the use made of the sign, which may vary in different activities, or language games. (Erickson 2001:104)

Thomas Kuhn is 'n wetenskaphistorikus en ondersoek die redes waarom een paradigma deur 'n volgende een vervang word.

Die heersende model het verskille in paradigmas in objektiewe terme verklaar. 'n Groep vorm 'n nuwe standpunt omdat hulle meer noukeurig volgens die wetenskaplike metode navorsing gedoen het of kennis geneem het van data wat 'n vorige groep misgekyk het.

Kuhn meen die verskille in denkskole is toe te skryf aan onmeetbare verskille in wêreldbeskouing en beoefening van wetenskap binne daardie wêreldbeskouing. Kuhn meen "normale wetenskap" gaan van die standpunt uit dat die wetenskaplike gemeenskap weet hoe die wêreld is.

Consequently, it endeavors to suppress any novelties. Yet, Kuhn contends, progress in science requires taking those novelties or anomalies seriously. When they become so numerous or so serious that they can no longer be ignored, what he terms a scientific revolution, a change in the very way of understanding and doing science, takes place. (Erickson 2001:106)

Dit impliseer nie net 'n aanpassing van heersende standpunte nie, maar 'n rekonstruksie van teorie en 'n herevaluering van vorige feite.

Dieselfde feite kan ook anders geïnterpreteer word a.g.v. persoonlike-, historiese- en ander faktore wat 'n invloed op die interpreteerder het. (Erickson 2001:104-107)

Max Scheler en Karl Mannheim was pioniers in die ontwikkeling van die **sosiologie van kennis**. Die sosiologie van kennis bou op die uitgangspunt dat kennis uit 'n sosiale konteks groei en selfs deur 'n sosiale konteks bepaal word. Die sosiologie van kennis was dus 'n reaksie teen die

positivistiese siening dat 'n universeelgeldende waarheid ontdek kan word.

Daar ontstaan teen die middel van die twintigste eeu twee denkrigtings. Die een groep, onder invloed van Alfred Schutz, fokus op die sosiale oorsprong van die algemene kennis realiteit of alledaagse kennis. Die ander groep fokus op die empiriese verhouding tussen kennis (in die formele en tegniese sin) en sosiale faktore.

Situasie of sosiale konteks beïnvloed keuse van onderwerpe wat bestudeer word sowel as die inhoud van die kennis.

Mannheim ontwikkel die konsep van die eksistensiële bepaaldheid van denke. Verskille in interpretasie of waarneming is nie gevestig in die objek nie. Die objek is dieselfde vir almal. Verskil in waarneming, interpretasie en gevolgtrekking lê dus in die verskille in verwagting, doel en impulse wat deur ervaring bepaal word. Hy meen dit lei nie tot relativisme nie, maar tot relasionisme - die bewustheid van kennis se verhouding tot die konteks daarvan.

Die onoplosbare paradoks is dat die sosiologie van kennis 'n sosiologie van kennis onmoontlik maak a.g.v. die relativisering van enige teorie. (Erickson 2001:107-109)

Enkele verteenwoordigers van die verskillende nuanses van postmodernisme word nou opsommend behandel.

Jean-Francois Lyotard is van mening postmodernisme is nie die eindpunt van modernisme nie, maar is in wese modernisme in 'n konstante groeiende staat.(Malpas 2001:60)

Lyotard was een van die eerstes wat gepoog het om postmodernisme te beskryf in sy werk: *The Postmodern Condition: A Report on Knowledge*, wat in 1979 verskyn het.

Lyotard se tesis is duidelik:

the status of knowledge is altered as societies enter what is known as the postindustrial age and cultures enter what is known as the postmodern age.
(Erickson 2001:16)

Erickson (2001:15-21) bespreek kortliks Lyotard se werk.

Deur die wetenskap te bestudeer kom Lyotard tot sekere gevolgtrekkings. Wetenskap en tegnologie het baie op taal gefokus ("whether in terms of linguistics, cybernetics, informations storage and data banks,...). Dit het 'n bepaalde effek op kennis gehad. Beide t.o.v. navorsing en die oordra van kennis. Hy meen dat slegs kennis wat in rekenaartaal vertaal kan word behoue sal

bly.

Kennis is ook as kommoditeit ontwikkel wat verhandel word en wat gewild is omdat dit met mag gepaardgaan. Dit lei tot mededinging rondom die verkryging en beheer van kennisvloei. Hy praat selfs van “beleggingskennis” en “betalingskennis”.

Die vraag is of kennis legitimiteit het.. Die legitimiteit word bepaal deur ‘n reël. Die reël bepaal die voorwaardes waaraan ‘n stelling moet voldoen om as wetenskaplik gesien te word. Wetenskaplike kennis het dan legitimiteit.

Narratiewe kennis het parallel met wetenskaplike kennis bestaan en is moeilik as wetenskaplik gelegitimeer.

Wat die sosiale band betref het baie veranderinge in die postmoderne era ingetree. Lyotard praat van die opbreek van die groot narratiewe (“grand narratives”) wat grootliks die basis van die sosiale band was. Dit lei tot ‘n meer organiese samelewing wat saamgebind word deur taalspele. Hierdie taalspele het elk sy eie stel reëls en kan “denotative statements, performative utterances and prescriptions, as well as questions, promises, literary descriptions, narrations and others”(Erickson 2001:17) wees. Hierdie taalspele veroorsaak verandering in die gespreksgenote.

Lyotard gee baie aandag aan die onderskeiding tussen wetenskaplike- en narratiewe kennis. Die moderne neiging om kennis tot wetenskap te reduceer is verby. Kennis moet breër verstaan word. Dit moet praktiese kennis (lewenswysheid ens.), effektiwiteit, geregtigheid, geluk, skoonheid ens. insluit.

Knowledge is not only what enables someone to make “good” utterances in the area of the descriptive or denotative but also good prescriptive and evaluative utterances. (Erickson 2001:19)

Die kriteria wat bepaal of ‘n stelling dan “goed” is word daargestel deur die gemeenskap, wat weer deel is van ‘n sekere kultuur. Narratiewe kennis is dikwels ge-assosieer met sulke tradisionele kennis. In hierdie narratiewe vind daar positiewe en negatiewe indiensopleiding plaas en verskillende taalspele word gebruik. Daar is definitiewe reëls waarvolgens hierdie narratiewe oorgedra word. Hierdie narratief dra dan ‘n stel pragmatiese reël (lewenswysheid) oor wat ‘n sosiale band daar stel.

Narratiewe kennis het ‘n spesifieke effek op tyd. Dit oorleef tyd en daar vind reëlmatige

klemverskuiwings plaas.

Lyotard vergelyk wetenskaplike kennis met narratiewe kennis:

- 1.13_ Scientific knowledge concentrates on one language game, denotation, and excludes all others.
- 1.14_ Scientific knowledge is not a direct and shared component of the social bond, being set apart from the language games that form it. It is indirectly part of it, because it gives rise to a profession and to institutions.
- 1.15_ Within research, the competence required concerns only the sender, not the addressee or the referent.
- 1.16_ Scientific statements are not validated by being reported. In pedagogy, a statement is taught only if it is still verifiable.
- 1.17_ Science involves a diachronic temporality, that is, a memory and a project. That means that senders of statements should be familiar with previous statements about that referent, and only propose a new one if it is different from those earlier statements. (Erickson 2001:21)

Die asimmetriese verhouding tussen wetenskaplike- en narratiewe kennis is duidelik.

Narratiewe kennis aanvaar die legitimiteit van wetenskaplike kennis. Die narratiewe benadering sien wetenskaplike kennis dus as 'n variant binne die familie van narratiewe kulture. Wetenskaplike kennis trek egter narratiewe kennis se geldigheid in twyfel.

In sy bydrae in Malpas (2001) plaas Lyotard die moderne en die postmoderne veredeling teenoor realisme. Realisme poog om die wêreld stabiel, veilig en onmiddellik beskikbaar vir die waarnemer te maak. Die leemte of nadeel van hierdie benadering is egter dat daar realiteite is wat eenvoudig nie weergegee kan word nie. Lyotard sien beide modernisme en postmodernisme as veredelingsreaksies teenoor realisme. Modernisme gebruik 'n nostalgiese veredeling waarin op die onweergeebare gesinspeel word in gapings in die inhoud van 'n werk wat 'n oorheersend realistiese vorm behou.

In postmodernism, on the other hand, the work's formal structure is itself sublime: it is a work that breaks the established rules of representation as it sets off in search of new ways to testify to the existence of the unrepresentable. (Malpas 2001:165)

Modernisme en postmodernisme se spanningsvolle naasbestaan skep grense vir mekaar. Daar is egter ook reaksies teenoor beide paradigmas wat kan dreig om radikaal te word.

Postmodernisme het 'n weerstand teen uitsluiting van ander interpretasies en poog, met verskillende mate van sukses, om ruimte te skep vir almal. "Dit bring spanning mee, aangesien elke interpretasie neig na dominerende, na uitsluiting van ander moontlike interpretasies." (De Jager 2001:39)

Fredric Jameson (Malpas 2001:22-36) se argument stel dat postmodernisme ontstaan as 'n reaksie teen hoog-modernisme. Omdat modernisme nooit 'n eenvormige beweging was nie is daar nou ook 'n magdom vorms van postmodernismes.

Postmodernisme beteken, volgens Jameson (Malpas 2001:22-36), die verweer van die onderskeiding tussen hoë en lae kultuur asook die verskillende artistiese genres. Postmodernisme koppel hy sterk aan die opkoms van 'n post-industriële verbruikers gemeenskap. Volgens Jameson is die twee sleutelfaktore van postmodernisme: geskiedenis word vervang deur "pastiche simulations" van die verlede wat enige betekenisvolle verhouding tussen die verlede en die hede verbloem.

Pastiche is, like parody, the imitation of a peculiar or unique style, the wearing of a stylistic mask, speech in a dead language: but it is a neutral practice of such mimicry, without parody's ulterior motive, without the satirical impulse, without laughter, without that still latent feeling that there exists something *normal* compared to which what is being imitated is rather comic. (Malpas 2001 :25)

Daardeur word historiese kennis vervang met nostalgie oor misverstaande verledes.

Jameson noem die tweede eienskap van postmodernisme skisofrenie. Hy beskryf skisofrenie in terme van die onmag om sin te maak uit temporele kontinuïteit sodat al wat oorbly beelde en verwysers is wat net verwys na ander beelde en verwysers en so kontak met realiteit verloor.

Sy vraag: bied postmodernisme iets anders of is dit maar 'n nabootsing van die markkragte onderliggend aan 'n kontemporêre verbruikerssamesamelewing?

Jacques Derrida is in 1930 in El-Biar (in Algerië) in 'n Joodse gesin gebore. In 1952 studeer hy filosofie aan École Normale Supérieure in Parys. Hy doseer daar van 1965

tot 1984. Sedert die vroeë sewentiger jare verdeel hy sy tyd tussen Parys en die Verenigde State van Amerika waar hy ook doseer aan die universiteite Johns Hopkins, Yale en California. In 1976 verskyn daar drie boeke: *Speech and Phenomena*, *Of Grammatology* en *Writing and Difference* wat 'n dekonstruktiewe manier van die lees van 'n teks bekendstel. Derrida weier om geklassifiseer te word en sy benadering is dan steeds besig om te ontwikkel.

Ander werke van hom is *Glass* (1974) en *The Post Card* (1980). (O'Donnell 2003:25; Erickson 2001:113)

Hy skep die konsepte “dekonstruksie” en “différance”.

Derrida picks up on the freefloating nature of signs. The arbitrary nature of their links with objects leads to a sense of cognitive slippage - thoughts and meanings move about, floating between different possibilities. They are not fixed, but variable and movable; meaning can slip too, as you read a text. Words can be given different interpretations and a text can be read in a new way. This slippage can be referred to as *aporia*, from the Greek word meaning 'no passage': moments of difficulty and doubt when reading a text that make you stop and rethink. Rather than always having a fixed, rigid meaning, the actual meaning is deferred. Derrida is concerned to open texts to new readings rather than the dominant, Western ones. His term '*différance*' designates this slippage and openness - the deference between things, the deferment of meaning, the space between marks on a page that frames and defines them, the actual space between people talking. *Différance* suggests 'to defer', 'to give space to'. It is the space that allows things to be, the negative spaces in a painting that allow the forms of people and chairs to appear, the hole that allows a wheel to be. It is nothing, but nothing allows something to be. He had to create a new word - '*différance*' - for no word existed to fit the definition. (O'Donnell 2003:56-57)

Wanneer betekenis van 'n term sleg bepaal kan word deur verwysing na die term se verhouding met ander terme, wat op hulle beurt verdere verduideliking mag nodig hê, ens. raak dinge problematies. Dit beteken dat die toekenning van betekenis onbepaald uitgestel kan, behoort, te word. (Maze 2001:408-410)

Wat dekonstruksie betref het Derrida nie gepoog om 'n program te probeer skep of 'n metodologie daar te stel vir die kritisering van tekste wat bydra tot helder en eerlike denke nie. Hy het wel 'n strategie wat hy al met 'n virus (biologies- of rekenaargesproke) vergelyk het. Die virus het twee gevolge: dit ontspoor normale kommunikasiëkanale en dit verbreed betekenis deur die ontdekking van konsepte van onsekere betekenis. (O'Donnell 2003:58)

Dekonstruksie is nie 'n gedefinieerde metode of 'n sistematiese program nie. Dit is 'n manier waarop 'n teks gelees word om te soek na invloede, teenstrydighede en klein onsekerhede wat dui op ander standpunte en moontlike verskillende interpretasies.

Deconstruction is often misconstrued as sceptical and destructive, like tearing down an edifice for the sheer fun of it. Derrida toyed with the little used French verb '*deconstruire*', meaning 'to disassemble a machine' (with the corollary that it can be reassembled). The noun 'deconstruction' is used for rearranging the grammar of words. Hence for Derrida, deconstruction is positive. It shakes, subverts, dismays, but it only pulls apart to allow new things to be built, new meanings to be reached. It is a remedy for closed thinking. (O'Donnell 2003:58)

Jacques Derrida het Westers-metafisiese tekste - insluitend tekste van strukturalistiese taalfilosowe by wie hy aanvanklik aansluiting gevind het - dekonstruktief begin lees. Hy het nie meer 'n *logos* as uitgangspunt in sy werk geneem nie.

'n Metafisiese struktuur is gedekonstrueer wanneer die een - byvoorbeeld die geskrewe woord - nie meer duidelik blyk voorrang te moet geniet bo die ander - byvoorbeeld die gesproke woord - nie. Dit bring die bestaan van die logos-struktuur, die bestaan van die sentrum self, onder verdenking.

Die volgende sou beskou kon word as belangrike aspekte van Derrida se eie dekonstruktiewe beweging:

Bring die ondergeskikte/gemarginaliseerde in spel, nie van buite nie, maar na aanleiding van innerlike spanninge (inkonsekwensies) in die aanvanklike spel van uitsluiting/marginalisering. Derrida probeer deurlopend binêre (of-of) teenoorstelling oorkom, deur aan te toon dat daar altyd 'n spoor van die een in die

ander is waar teenoorgesteldes voor mekaar te staan kom.

Die hiërargie word *speels* (ondermynend) omgekeer. Die dekonstruktiewe beweging beoog egter nie 'n nuwe/omgekeerde hiërargie nie, maar eerder 'n bewusmaking van die onmoontlikheid om te kies, vanweë die gekompliseerdheid van die spel. Die nuwe hiërargie word ook onder verdenking geplaas.

Alle taalspel is effek van die verlede, dra die merk van die verlede, en affekteer die toekomstige taalspel. Alle tekste kan beskou word as margetekste. Dit word geskryf in die marge van vorige, ouer bestaande tekste, as't ware daarop ingeënt. Die marge is ook die speelruimte waarin ander moontlikhede aangeteken kan word, meer as dit wat belig en gekies kan word in die teks. Derrida beskou nie dekonstruksie as 'n metode of tegniese prosedure nie. Verskille, kompleksiteit, kontekstualiteit, verskuiwings en beweging in die spel van betekening, laat dekonstruksie deurlopend gebeur, ook sonder die doelbewuste pogings van agente.

Dekonstruksie is nie 'n nihilistiese ontkenning van *moontlikheid* of 'n kritiek wat opponerend werk vanuit 'n ander tese nie. Dit belig egter *meer* moontlikhede en opponeer slegs rigiditeit in definisies, dogmas, programme, dissiplines, en begrensinge.

Dekonstruksie relativeer elke filosofie, teologie, sisteem en instelling, in terme van gekonstrueerdheid en keuse binne baie moontlikhede. Dit belig ook verborge retoriek, strategie en ekonomie wat in tekste werksaam is. Die diepste motief van dekonstruksie is bevryding en die oopmaak/oophou van die toekoms, deur respek vir die ander. Dekonstruksie vra ruimte vir die andersheid van die ander. (De Jager 2001:86-87)

Dekonstruksie kan ook beskou word as 'n weerstandsbeweging binne die prosesse van *reification*. Sosiale konstruksie en dekonstruksie sou ook beskou kan word as kante van dieselfde munt. Waar daar in sosiale konstruksie gefokus word op die konstruering saam met die ander, word daar in dekonstruksie gefokus op meer moontlikhede van konstruering saam met die ander. (De Jager 2001:107)

Erickson kom tot 'n paar opsommende gevolgtrekkings t.o.v. Derrida se denke. (Erickson 2001:113-132)

The proclaimed intention is not to eliminate any sort of objective truth or any nonlinguistic references. This is seen both in Derrida's complaints about those who have misunderstood him in this fashion, and in similar complaints by his defenders. He emphasizes that this is deconstruction, rather than either construction or destruction. By this he seems mean something rather similar to analysis, or perhaps, dissection. This is the attempt to take apart a particular position, its assertions and arguments, in order to discover within it conflicting elements. The assumption here is that a text has conflicting elements of signification within it, because it signifies in more than one way. He especially objects to the truth of any text being grounded in some absolute truth or unqualified being. So it is not truth, but unqualified or nonrelative or unopposed truth that is the object of his critique.

There is an assumption of, and emphasis on, the presence of paradoxes, of internal conflict, of disharmonies of thought and expression, rather than an expectation of harmony and an attempt to bring disparate elements into a harmonious whole. This is of the nature of a presupposition and reflects the existentialist background of Derrida's thought. The search for and expectation of finding internal disparity and the aversion to any kind of inclusion system is strongly reminiscent of the thought of Kierkegaard.

Derrida's own statements are seldom unequivocal. He either makes a statement and conjoins it with its contradictory, or makes a statement and then in another place says something very different on the subject. This enables his sympathizers to give a rather conservative interpretation of his thought, its scope and import, while providing justification for a much more radical interpretation by negative critics. Yet it is clear that Derrida and his advocates believe that there is a definite meaning to what he has written, as evidenced by their strong and frequently emotive complaints about the misunderstanding of his thought by those critics. One of these equivocations can be seen with respect to the term *writing*. It is used in the usual and specific sense, and also in a generic sense, in which it is roughly synonymous with language. Spivak says, "the name 'writing' is given here to an

entire structure of investigation, not merely to 'writing in the narrow sense', a graphic notation on tangible material."

There are limits to deconstruction. Although all other views are proper targets of deconstruction, deconstruction itself is not. Nor is justice, which is the basis of and driving force behind Derrida's deconstructive endeavor. (Erickson 2001:131-132)

Derrida onderskei tussen wette wat wel gedekonstrueer kan word en geregtigheid ("justice") wat die motivering vir dekonstruksie bied.

Interessant om kennis te neem van 'n samevatting van Derrida se standpunt t.o.v. godsdiens. Die religieuse of godsdienstige moet nie met 'n spesifieke godsdiens, of geloof in God *per se*, geïdentifiseer word nie. Die godsdienstige is te vind in 'n soeke na transendensie, na iets aan die ander kant.

In terme van die onderskeiding tussen godsdiens as geloof of leerstelling en godsdiens as etiek, val Derrida se klem baie sterk op die etiese - veral t.o.v. geregtigheid.

Derrida persoonlik is meer ingestel op "gebed" as leerstellige formulering.

Derrida kom meer Augustyns voor aangesien hy godsdiens meer sien in die areas van onsekerheid as in rasonale en logiese formulerings en bewyse vir leerstellings.(Erickson 2001:130-131)

Paul-Michel Foucault (geb 15 Okt. 1926) verander op 'n jong ouderdom sy naam na **Michel Foucault** omdat hy nie sy pa, Paul (na wie hy vernoem is), kon verdra nie. Na sy skoolopleiding, o.a. in 'n plaaslike Katolieke skool, kry hy toegang tot École Normale Supérieure in Parys. Hier was hy onsosiaal, ongewild en ongelukkig tot so 'n mate dat hy probeer selfmoord pleeg het. Die daaropvolgende kontak met 'n psigiater lei tot die onthulling dat hy homoseksueel is en daar volg nog selfmoordpogings.

Hy ontwikkel 'n sterk belangstelling in sielkunde en psigoanalise. Hy was 'n lid van die Kommuniste Party van 1950 tot 1953. In 1952 word hy 'n assistent dosent by die universiteit van Lille. Vir ses jaar swerf hy rond en doen verskillende werke in Uppsala, Warskou en Frankfurt. Hy werk by die universiteit van Clermont-Ferrand tussen 1960 en 1966, waarna hy in Tunisië

filosofie doseer tot in 1968.

Hierna keer hy terug na Frankryk na 'n pas gestigte universiteit in Vincennes. Sy twee jaar daar is vol kontroversie. Tydens sy aanstelling in die fakulteit van die Collège de France (laat sewentigerjare) is hy gereelde besoekende professor by die universiteit van Kalifornië by Berkeley. Gedurende hierdie tyd is hy aktief betrokke in San Francisco se homoseksuele gemeenskap en ook in sado-masochisme en dwelmgebruik. Hy sterf op 25 Junie 1984 aan VIGS.

Dit is moeilik om Foucault se gedagtes te verstaan en te interpreteer. Hy weerspreek homself in verskillende werke en “even within a given work, , Foucault is not a model of logical consistency.” (Erickson 2001:135) Tot so 'n mate dat “it is possible to construct at least two different Foucaults from his writing.” (Erickson 2001:135) Dit is deel van sy unieke styl.

Sy werk kan in drie tydperke verdeel word: Die eerste periode is 'n fokus op diskoerse en die dissiplines van kennis. Tydens die tweede tydperk behandel hy mag en die maniere waarop mag gebruik word om gemeenskappe te beheer. Die laaste periode kan gesien word as 'n poging om 'n teorie van die self of die subjek te konstrueer.

Hy beveg sisteem en daarom is dit ook nie moontlik om sy denke te sistematiseer nie.

Hier volg 'n samestelling van sommige van sy gedagtes:

'n Uitstaande kenmerk van die lewe is mag - veral in terme van politieke mag. Die vermoë om die gedagtes en gedrag van individue binne 'n gemeenskap te beheer.

Diegene met mag gebruik dit om te bepaal wat is reg en toelaatbaar, waar en geloofwaardig. Dit laat gevolglike aksies en uitsprake as absoluut voorkom. Dit sou egter anders gewees het indien ander die mag gehad het.

Reg en verkeerd is uitdrukkings van wat normaal en abnormaal is, of wat ooreenkom of nie ooreenkom met die norme van die betrokke kultuur nie.

Mag vloei nie net uit kennis nie. Mag skep kennis deur te verklaar wat waar is.

Waarheid dui nie op 'n ooreenkoms met die realiteit nie. Waarheid word histories en polities geskep - die heersers sê wat is waar. Om die waarheid op so 'n manier vas te stel beteken dat ander kennis onderwerp, onderdruk, geïgnoreer word.

Een van die primêre kriteria wat gebruik word in die onderdrukking van kennis is “wetenskap”, wat gesien word as die suiwerste, volledigste en mees akkurate vorm van kennis. Die mate waartoe 'n diskoers of 'n dissipline wetenskaplik is bepaal dan die toelaatbaarheid van daardie

kennis.

Foucault reken teorie en praktyk mag nie geskei word sodat praktyk net die toepassing van die teorie is nie. Teorie is deel van die magskennis wat ander in lyn moet hou.

Sisteem is 'n teken van die uitoefening van mag deur alle waarhede te organiseer in 'n integrale geheel en die verwerping van inligting wat nie inpas nie.

Die realiteit word nie deur diskoers beskryf nie, maar word daardeur gekonstrueer.

Die basis vir vele van Foucault se gevolgtrekkings en analyses is geskiedenis - nie letterlike geskiedenis nie, maar 'n fiktiewe geskiedenis of dan die geskiedenis tot fiksie gemaak. Die data wat gebruik is is histories, maar dit is in 'n nuwe vorm gegiet.

Genot (seks as die beste voorbeeld) is die hoogste waarde en behoort sonder voorbehoud nagejaag te word.

Die manier om die waarheid te verander is nie deur intellektuele argumente nie, maar deur die politieke situasie, wat die waarheid daarstel, te verander. (Erickson 2001:133-149)

Richard Rorty is 'n Amerikaner wie se ouers in 1932 met die Amerikaanse Kommunistiese party gebreek het. Trotsky het 'n baie groot rol in hulle huis gespeel. Sy ouers het by die *Workers Defence League* se kantore gewerk en hy was as twaalfjarige die kantoor se stuurjonge en was lief daarvoor om die boodskappe en persverklarings te lees. Hy kom tot die besef dat die punt van menswees 'n lewenslange veg vir sosiale geregtigheid is.

Sy belangstellings was uiteenlopend - van Tibet tot die wilde orgideë van New Jersey. As vyftienjarige skryf hy in by Hutchins College aan die Universiteit van Chicago. Hy soek na 'n omvattende lewensbeskouing wat die realiteit sowel as geregtigheid omvat. Hy kom ontnugterd tot die besef dat daar geen neutrale standpunt is waaruit eerste beginsels beoordeel kan word nie. Die volgende veertig jaar van sy lewe beskryf hy as 'n poging om te bepaal waarvoor filosofie goed is - indien vir enigiets.

As I tried to figure out what had gone wrong, I gradually decided that the whole idea of holding reality and justice in a single vision had been a mistake - that a pursuit of such a vision had been precisely what led Plato astray. More specifically, I decided that only religion - only a nonargumentative faith in a surrogate parent who, unlike any real parent, embodied love, power, and justice in equal measure - could do the trick Plato wanted done. Since I couldn't imagine becoming religious and indeed had gotten more and more raucously secularist, I

decided that the hope of achieving a single vision by becoming a philosopher had been a self-deceptive atheist's way out. So I decided to write a book about what intellectual life would be like if one could manage to give up Platonic attempt to hold reality and justice in a single vision. (aanhaling uit Rorty se *Introduction: Pragmatism and Philosophy*) (Erickson 2001:151-152)

Die titel van Rorty se boek beskryf inderdaad sy benadering - pragmatisme.

Rorty se denke is 'n nie-essensialisme. Hy ontken nie die bestaan van 'n eksterne wêreld nie, maar verwerp die idee dat die waarheid iewers daar buite is en wag om ontdek te word. Hy het ook geen vertroue in die essensie van die wêreld, die bewussyn of in die self nie - 'n tipe agnostiese benadering.

Hy beskou taal nie as verteenwoordigend van 'n non-linguistiese werklikheid nie.

Toeval en 'n historiese bepaaldheid is die grondslag vir die verstaan van die wêreld, die self, taal en die gemeenskap. Verstaan is produkte van ons gemeenskap.

Waarheid behoort nie verstaan te word as 'n ooreenkoms tussen ons idees of taal en die realiteit nie. Waarheid is eerder dit wat werk, wat ons help om die lewe te hanteer of om te gaan met die realiteit.

Volgens Rorty hoef meeste tradisionele filosofiese vrae nie beantwoord te word nie - hul kan eenvoudig geïgnoreer te word, of die onderwerp van die vrae moet verander word. Hierdie soort pragmatisme poog nie om alternatiewe antwoorde op die tradisionele vrae te gee nie. Dit ignoreer slegs die sinnelose of vrugtelose. Antwoorde word nie gekry in 'n beter stel feite nie, maar in 'n herbeskrywing van die situasie wat dan help om dinge beter te sien.

Etiese waardes is nie gegrond in 'n metafisiese basis nie, maar eenvoudig in die konsensus van 'n gemeenskap. (Erickson 2001:150-166)

Stanley Fish lewer die volgende belangrike insette:

Tekste het nie letterlike normatiewe betekenis wat objektief teenwoordig is in die tekste self nie.

Volgens Fish is die betekenis van 'n teks geleë binne 'n sekere interpreterende gemeenskap.

Gevolgtrek is die individuele leser gebonde aan die interpretasie van 'n gemeenskap en kan dus as individu nie sy/haar eie betekenis aan die tek heg nie. Daar is dus nie 'n oneindige aantal interpretasies moontlik nie.

Waarneming en interpretasie is nie twee afsonderlike fases van 'n proses nie. Die gemeenskap bied die interpretasie-kategorieë waarbinne waarneming plaasvind.

Fish reken nie dat die terme *objektief* en *subjektief* nuttig is nie, aangesien dit onderskei tussen die interpreteerder en die objek wat interpreteer word. In wese glo Fish dat subjek en objek nie geskei kan word nie en albei deel is van 'n geheelwaarwording.

Geskille kan nie opgelos word deur 'n beroep op feite nie. Geskille stel feite vas. Redes bevestig nie 'n mens se geloof nie, dit is verlengstukke van geloof.

Ons beoordeling van etiese kwessies is histories bepaald.

2.1.3.2 *Realiteit / Waarheid*

Spanning tussen modernisme en postmodernisme wentel grootliks om die kenbaarheid van die realiteit. Die menslike brein is so kompleks en kragtig dat die mens nie kan onderskei tussen realiteit/waarheid en interpretasie daarvan nie. Goeie voorbeelde is die realistiese beleving van hallusinasies of LSD drogbeelde en die ervaring van spookpyne in 'n ledemaat wat nie meer bestaan nie. Die ou vraag - maak 'n boom wat binne 'n bos val 'n geluid as daar niemand is wat dit hoor nie - sinspeel ook op die interpretasie en betekenistoekenning wat die mens maak.

O'Donnell (2003:31-45) benader die vraagstuk histories. Die 17de-eeuse idealiste het realiteit gesien as 'n produk van die verstand, of van God se denke. Descartes vestig die liggaam/gees - die geestelike/fisiese dualisme, met die gees as die vaste punt en sentrum van realiteit. Hipotesevorming, navorsing en hipotese aanpassing was ondergeskik aan die gees. Die engelse filosoof, George Berkeley (1685-1753) het dit verder geneem en argumenteer dat die enigste rede vir die bestaan van 'n objek die in-bestaan-dink daarvan deur die mens is. Wanneer ons byvoorbeeld uit 'n vertrek stap is dit net die mag van God se denke/gees wat die meubels se voortbestaan verseker. Dit het die verstandelike en die abstrakte die mees reële in die lewe. John Locke (1632-1704) beklemtoon die empiriese deur waarheid/realiteit te soek in die analise van eksterne gegewens of data.

Die Duitse denker Immanuel Kant (1724-1804)se beskouing beklee 'n middeweg tussen empirisisme en idealisme. Hy skep die terme "noumena" en "phenomena". Eersgenoemde verwys na die realiteit - soos dit is, en laasgenoemde verwys na die voorkoms en persepsie van realiteit - ons beleving van die werklikheid. Persepsies is 'n dialektiese samevoeging van realiteit en hoe ons dit sien. Ons filter realiteit deur ons persepsies. Daar is geen moontlikheid om die effek van hierdie filters te ontkom nie. Net God kan dit doen.

Kant appealed to God's existence as the one foundational point that was sure. God gave form and order to a world that we could not directly know, and our minds formed pictures, models and conceptual constructs. In other words, if God is, then truth is out there. (O'Donnell 2003:35)

Tydens die eerste deel van die twintigste eeu vlam idealisme weer op in die vorm

eksistensialisme. Edmund Husserl (1859-1938) meen die enigste sekerheid is die ervaring van die bewussyn. Martin Heidegger (1889-1976) volg hierdie denkrigting en argumenteer “dasein”, om te wees, beteken om in die wêreld gegooi te word soos ‘n stuk klei op ‘n pottebakkerswiel. Deur morele keuses kan ons outentiek of onoutentiek lewe, as ‘n vry agent of deur menige faktore gevorm.

Vir Sartre staan die innerlike bewussyn sentraal en stel ‘n realiteit/waarheid daar.

Jean-Paul Sartre (1905-80): the inner life, experience, consciousness, mind was supreme. Sartre compared the mind with non-conscious objects, such as a paper knife, which were predetermined in their design. We were free. Consciousness was primary, but he refused to believe in a fixed, static self. What we are is what we become. Life flows. A person is a lifetime's project. The freedom to choose to be is a frightening prospect. (O'Donnell 2003:36)

Hedonisme se kiem lê in hierdie standpunt opgesluit. Dit wat vir die individu goed en reg is, dus ook lekker is, dra die grootste gewig.

Standpunte oor die kenbaarheid van realiteit word deur Paré saamgevat in drie kategorieë:

“Paré says that three beliefs exist: (1) reality is knowable - its elements and workings can be accurately and replicably discovered, described, and used by human beings; (2) we are prisoners of our perceptions - attempts to describe reality tell us a lot about the person doing the describing, but not much about external reality; and (3) knowledge arises within communities of knowers - the realities we inhabit are those we negotiate with one another.” (Freedman & Combs 1996:20)

Maar wat realiteit is en hoe dit beskryf word is geen eenvoudige saak nie. Derrida (Malpas 2002:75-78) skep die woord “artifactuality” om die verhouding tussen aktualiteit (temporele realiteit) en kunsmatigheid te verwoord. “Artifactuality”

means that actuality is indeed made: it is important to know what it is made of, but it is even more necessary to recognise that it is made. It is not given, but actively produced; it is sorted, invested and performatively interpreted by a range of hierarchising and selective procedures - *factitious or artificial* procedures

which are always subservient to various powers and interests of which their 'subjects' and agents (producers and consumers of actuality, always interpreters, and in some cases 'philosophers' too), are never sufficiently aware. The 'reality' of 'actuality' - however individual, irreducible, stubborn, painful or tragic it may be - only reaches us through fictional devices.

Dit onderstreef twee belangrike kenmerke van postmodernisme. Die realiteit word daargestel deur **sosiale konstruksionisme** en die onmiskenbare **rol van die narratief** binne die konstruksie van die realiteit.

Dit bring 'n krisis mee t.o.v. die status van kennis (tradisioneel gesien as die vermoë om te besluit wat is waar en reg)

Dit bring 'n krisis mee oor die aard van realiteit en die status van kennis wat op hierdie realiteit gebaseer is. As die aard van realiteit onseker is en die kennis oor hierdie realiteit tentatief, subjektief en sosiale konteksgebonde is, dan is daar 'n dilemma oor hoe om waarheid vas te stel - hoe word besluit wat is waar en wat is reg. Watter sosiaal gekonstrueerde waarheid, binne watter konteks of groep, oorgedra deur watter narratiewe is waar?

As daar na gemene grond tussen die moderne en die postmoderne standpunt t.o.v. waarheid gesoek word kom Erickson (2001:231-251) tot 'n interessante gevolgtrekking.

In wese het die moderne en postmoderne 'n sogenaamde "primitive correspondence" standpunt t.o.v. waarheid, wat stel dat waarheid 'n kwaliteit van stellings is wat tot 'n redelike mate korrek verwys na 'n situasie. Korter gestel is waarheid dan die korrekte verwysing na die stand van sake. Die probleem ontstaan wanneer hierdie waarheid getoets moet word. Watter toets gaan gebruik word: konsekwensie, korrelasie met ondervinding, praktiese gevolge?

Wanneer daar 'n verskil van opinie ontstaan kan die verskil op 'n paar maniere geïnterpreteer word. Die gespreksgenote praat nie eintlik van dieselfde ding nie; hulle praat van dieselfde ding, maar verstaan mekaar verkeerd; beide is reg omdat daar meer as een waarheid is; daar is waarskynlik een waarheid en die gespreksgenote verskil van mekaar oor wat daardie waarheid is. Dan is daar ook die verklaring dat dit in die verskil gaan oor mag en nie oor die waarheid nie. Dit gaan dan oor wie is reg, nie oor wat is reg nie.

2.1.3.3 Opsommend

De Jager (2001:34-35) identifiseer vier verskillende postmoderne strome:

Dekonstruktiewe postmodernisme is 'n radikale ontkenning van objektiwiteit. Juis vanuit die objektiewe stellingname met betrekking tot feitlikheid van ervaring word paradoksaal gekonkludeer dat so 'n objektiwiteit nie moontlik is nie. Taal het geen objektiewe realiteit as verwysing nie. Woorde verwys slegs na ander woorde. Ander moontlike verwysings word in spel gebring, waardeur die innerlike teensprake in objektiewe aansprake van samehangendheid ondermyn word.

Bevrydende postmodernisme fokus meer op die bevryding van onderdrukkende sosiale strukture en nie op radikale dekonstruksie van onderliggende modernistiese aannames nie.

Konstruktiewe postmodernisme gaan rekonstruktief te werk in prosesse waarbinne metafisika nie as boublokke erken word nie.

Konserwatiewe postmodernisme sluit aan by modernisme, bou op sekere elemente voort en transformeer andere.

So 'n indeling, alhoewel nuttig, gaan miskien te ver. Postmoderne denke is so gevarieerd en verskil so subtiel van mekaar dat 'n kategorisering moeilik en dalk onvanpas is - in wese is so 'n klassifikasie 'n modernistiese hantering van postmodernisme.

De Jager (2001:85) gee 'n nuttige opsomming van postmodernisme:

Postmodernisme behels 'n groeiende bewustheid van *andersheid* en komplekse verskeidenheid van tradisies en kulture, in die wêreld wat al meer soos 'n wêrelddorp (*global village*) word. Meer moontlikhede word belig, en 'n beleving van onbeslisbaarheid ontstaan. Modernisme is geneig om verskillendheid en andersheid te marginaliseer binne eenheids-idees en eenheidstrukture, terwyl postmodernisme eerder neig om multi-kultureel te fokus. Postmoderne mense meng en pas op 'n speelse manier en is meer verdraagsaam teenoor die chaotiese as wat die geval is in die modernisme. Grense, binêre

teenstellings, tradisionele rolle, hiërargieë en sogenaamde objektiewe kundigheid, word deur 'n speelse styl bevraagteken.

Die postmoderne aandrang is dat kontekste van ontstaan (historie) en bestaan voortdurend belig moet word. Absolute vertrekpunte word afgemaak as arbitrêr, ontwerp, moontlik fiktief, onmoontlik om te begrond. By die impasse, die dooie punte, die noutes, die grense, die onbeslisbaarheid, soek die postmoderne mens nie meer na waarheid nie, maar na moontlikhede waardeur voortgeleef kan word.

Groepe wat in die Westerse samelewing gemarginaliseer of hiërargies gedegradeer is deur tradisionalisme of modernisme, vind groot aanklank by die postmodernisme.

O'Donnell (2003:6) sluit hierby aan:

Postmodernism is concerned with non-linear, expressive and supra-rational discourses that have been marginalized and atrophied under the influence of the Enlightenment. To explore the postmodern is to explore ourselves again and to link up with a partially forgotten past.

Underlying everything is the belief that all human knowledge is limited and culturally conditioned: each age thinks in a certain way; humanity cannot help it. As a result there is no way to escape language, no way to stand outside discourse to get at pure, raw truth.

O'Donnell (2003:29) vat dan die gemene delers van postmodernisme saam onder vier punte:

- 1) Menslike kennis is beperk tot menslike diskoers; ons het geen direkte toegang tot die werklikheid 'daar buite' nie.
- 2) Dus, groot, meester ("grand") narratiewe van watter aard, hetsy godsdienstig, filosofies of wetenskaplik, is beperk en histories begrond.
- 3) Ons generasie is ironies genoeg meer selfbewus as enige vorige generasie. Ons besef dat ons kinders van ons tyd is, en ons speel bewustelik met idees en style van ander eras.
- 4) Daar is mededingende aansprake op die waarheid, tipes diskoers, vorms van kennis en lewenstyle. Verdraagsaamheid, openheid en aanpasbaarheid is aan die orde van die dag.

Interessant is die standpuntverklaring of belydenis (*creed*) waarmee O'Donnell sy werk afsluit in 'n poging om al die idees, argumente en paradokse van postmodernisme op te som en toepasbaar te maak:

Be open.

Be open to life.

Be open to ideas.

Be open to love.

Be open to the call and presence of the other.

You are not alone, sealed up, a living prison cell. You are open at the edges to other people. We find ourselves in giving up something to the other. This is true freedom.

Appreciate the gift.

The life that flows through you and that you flow within is a gift. Be thankful for what is given to you. This world is not a consumer paradise, a green and blue shopping mall, that we can rape and pillage as we wish. Life is more than commodities. The illusion of control is always with us. We are not in command of our destiny, or this planet. Not really. It happens to us. Flow.

Be tolerant of others and their views.

Feel free to disagree, but always let them have space to be. Avoid doctrinaire, totalitarian systems. They hurt people. That does not mean that you cannot hold strong views, deeply valued principles and ideas. By all means do so. Feel them from the heart. Just allow others space to be too.

What we think there is might not always be the case.

Sometimes our glasses have misted over and the lenses distort reality. Always be open, never think it is all sewn up. You have not and cannot have all the answers. Do not try to catch the universe in your mind. It is like the boy who thought he could put the sea in a bucket! There is always more. Always.

Do not be afraid of Big Things.

When challenged and engulfed by a 'big system', take out your deconstruction tools and see it fall apart like unscrewed Meccano. Recognize the cultural influences, the power plays. Spot the slippages.

Love is.

Do not doubt that. We run on that. It is soul-forming. Love is, prior to language and all belief systems. Love is. It draws us out, on, beyond. It turns the head of Narcissus if received rightly.

Feel the mystery blowing in your face.

It is all right to be perplexed and awestruck. Be open to the unknown. There is that which we cannot represent adequately. Feel free to call that 'God' if you wish. You can believe if you want. Face the void. What is life, what are our fleeting selves, what is meaning? It is bigger than we are.

Life is not a random free-for-all.

This is so, even though there are many theories and viewpoints. What we do to others matters to them and to us. Kill a man and you kill yourself, within. We are all connected. Existence is societal. Respecting the other, the gift, involves ethics. How we act matters.

Look into your soul into your secret place.

Feel the *chora*² within, that deep, dark mystery self, full of drives and playfulness. Recognize yourself. Seek light. Connect. (O'Donnell 2003:152-153)

Postmodernisme is beide 'n populêre en 'n intellektuele beweging, 'n sosiologiese eienskap van die grootste gedeelte van kontemporêre Westerse samelewing en 'n gesofistikeerde manier van dink. (Erickson 2001:13)

² O'Donnell definieer *chora* as: *an ancient Greek term for the state or place of creation. This was primeval chaos. Kristeva and others describe the infantile, prelinguistic self as the chora, where we express things without, or beyond words.*

2.1.3.4 *Gevolge van postmodernisme*

Postmodernisme het gevolge in die heersende lewensbeskouing en lewenspraktyk. Maar ook in die praktyk, in die lewe, is die spanning tussen die modernisme en postmodernisme (met elemente van die premoderne) nie te ontken nie.

“Daar is nie ‘n enkele profiel van die postmoderne mens nie.”(Janse van Rensburg 2002:42)

Die onderskeid tussen ‘n postmoderne era en ‘n postmoderne paradigma kan ons help..... Dié hipotese toon dat ons tussen die mens in die postmoderne tyd en die postmoderne mens sal moet onderskei. Ons leef almal onafwendbaar in die postmoderne tyd. Ons is egter nie almal postmoderniste nie. Met die postmoderne mens word daardie mens bedoel wat die beginsels van postmodernisme as eie lewens-en-wêreldbeskouing aanvaar het. Dit kan deur eerstehandse kennis van die postmoderne filosofie geskied, maar dit kan ook op subliminale wyse plaasvind. Omdat ons almal in hierdie postmoderne tyd leef, word ons uitgedaag om van die denkskema van die postmodernisme kennis te neem en onself daarteenoor te posisioneer. (Janse van Rensburg 2002:43)

Enkele van die gevolge van postmodernisme word vervolgens genoem met die wete dat dit van persoon tot persoon, van plek tot plek, van tyd tot tyd en van situasie tot situasie, verskil.

Meester (“grand”) narratiewe word teengestaan. Hierdie metanarratiewe is tradisioneel gebruik om legitimiteit en outoriteit te verleen aan sekere kulturele aktiwiteite. Meester narratiewe laat min ruimte vir debat oor waardes en kan maklik lei tot totalitariese vervolging.

Hoewel daar weerstand is, beteken dit nie dat daar ‘n afname in meesternarratiewe is nie.

The general *sociological* claim that such narratives are in decline in our period looks pretty thin, even after the collapse of state-sponsored Marxism in the West, because allegiances to large-scale, totalizing religious and nationalist beliefs are currently responsible for so much repression, violence and war - in Northern Ireland, Serbia, the Middle East and elsewhere. (Butler 2002:14)

Mense maak mekaar steeds dood op grond van meesternarratiewe.

Geslagte wat in kontekste soos Amerika en Europa (Westerse demokrasieë) groot geword het waar nie sulke intens uiteenlopende ideologieë bestaan het nie vind maklik aansluiting by postmoderne idees. 'n Skeptiese houding ontstaan teenoor enige verduideliking wat algemeen of allesomsluitend probeer wees. Intellektueles sien hulle taak as weerstand. Selfs konsensus word 'n oudmodiese en verdagte waarde. Sodoende kan die postmodernis 'n bondgenoot word van dié wat nie in die meesternarratiewe pas nie - die onderdrukte en die gemarginaliseerde. Meesternarratiewe word net gebruik deur maghebbers om in beheer te bly. Dit lei tot 'n in twyfel trek van selfs wetenskaplikes en historici se gevolgtrekkings. Dit is maar net nog 'n standpunt - wat nie noodwendig die werklikheid weerspieël nie. (Butler 2002:15)

Hoewel daar in die verlede kennis geneem is van die postmoderne paradigma was Suid-Afrika redelik geïsoleer van die uitwerking daarvan en is die Suid-Afrikaanse gemeenskap eers skielik sedert die middel-negentigs oorspoel met postmoderne konsepte en idees. (Du Toit 2000:59; Müller 1996:57) 'n Groep intellektueles vind sterk aansluiting daarby en weerstaan die heersende meesternarratiewe met verreikende gevolge in terme van polarisasie (tussen diegene wat by die modernistiese paradigma aansluit en die wat postmodernisties is), onsekerheid en emosionele verslaenheid. (vgl Pieterse 2002:75ev)

Daar het ook 'n weerstand teen die Bybel as meesternarratief gekom. 'n Voorbeeld hiervan is die eksponente van die sg. Nuwe Hervorming.

Jacques Derrida se filosofie verwoord en kweek die **dekonstruksie lewenshouding**. Die sentrale argument vir dekonstruksie is op relativisme gebaseer. Waarheid is altyd relatief tot 'n sisteem of standpunte of 'n vooraf opgestelde intellektuele verwysingsraamwerk.

'n Verdere belangrike dekonstruksiebeginsel is dat 'n finale definisie nie moontlik is nie. Taal is inherent onbetroubare kulturele konstrakte.

Die valse "logosentriese" vertroue in taal as die spieëlbeeld van die werklikheid word afgebreek.

..., as a disobliging characterization of a culture that had come increasingly to rely on such claims to a 'good fit' in science and in the all-conquering capitalist technology which was supposed to flow from it and justify it, Derrida's

scepticism had a considerable political appeal. (Butler 2002:17)

Diegene wat glo dat wetenskap, filosofie, geskiedenis of selfs teologie, 'n akkurate beskrywing kan gee van die werklikheid word aangeval.

Derrida-aanhangers dring daarop aan dat woorde slegs verklaar kan word in terme van hulle verhouding tot die verskillende sisteme waarvan hulle deel is.

It follows that we are at best relativists, caught within (incommensurable) conceptual systems. We can only 'know' what *they* permit us to know about reality. Whatever we say, we are caught within a linguistic system that does not relate to external reality in the way we expect, because every term within each system also alludes to, or depends upon, the existence of other terms within the system that are absent. (Butler 2002:19)

Alle konseptuele raamwerke wat tot stand mag kom kan en behoort gekritiseer te word.

Mense is geneig om voorkeur te gee aan en te vertrou op, wat Derrida noem, transendentale aanduiders ("signifiers") soos 'God', 'realiteit', ens. om ons diskoers te organiseer. Die konseptuele teenstellings wat ons geneig is om te gebruik vir hierdie organisering - soos spraak teenoor skrif, siel teenoor liggaam, letterlik teenoor metafores, natuurlik teenoor kultureel, manlik teenoor vroulik - lei tot fundamentele foute (of ten minste rigiditeit) in verhoudinge. Een van die teenstelling se terme neig gewoonlik om belangriker geag te word as die ander. Binne 'n meer relativistiese konseptuele skema word dit duidelik dat die teenstellings eintlik van mekaar afhanklik is vir definiëring. (Butler 2002:20)

Ons verstaan is selde so helder en die materiaal so konsekwent dat 'n sisteem gekonstrueer kan word sonder enige interne probleme en teenstellings. (Erickson 2001:190)

Wanneer hierdie teenstellings nagespeur word met 'n dekonstruktiewe benadering lei dit tot die ontmaskering van valse hiërargieë en magsele in die samelewing.

Janse van Rensburg (2002:54) gaan sover om te sê dat die postmoderne mens behep is met die relativisering van mag.

Die samelewing en politieke sisteme gebruik (=misbruik) mag om hierdie strukture in stand te hou. Omdat alle universele waarheidsisteme verwerplik is, is die enigste aanvaarde vorm van mag, die mag wat gebruik moet word om universele strukture te laat disintegreer. Hieruit volg dit vanself dat status en mag nie langer gesag afdwing nie. Mag behoort aan geen individu of setel in geen struktuur nie. (Janse van Rensburg 2002:54)

Die ontbloting van die **magsaspek van kennis** is 'n belangrike gevolg van 'n postmoderne benadering.

Kennis, die seleksie van data wat beklemtoon of onderspeel word, die manier waarop data oorgedra word en vele ander strategieë verleen mag in politieke hantering van situasies in alle aspekte van die samelewing - van die regering tot die kerk.(Erickson 2001:194-200) Postmodernisme poog om kennis nie meer die gevolg van mag te maak nie. In kennis is steeds mag gesetel.

Die **speel met tekste** (Butler 2002:21) lei tot 'n groter openheid en die ignoreer van "amptelike" verklarings en interpretasies van 'n teks. Elkeen kan met 'n teks rondspeel en a.g.v. subtiële oneffenhede in die teks tot ander gevolgtrekkings kom.

Die beklemtoning van **faktore wat op kennis inwerk** is van groot waarde. Kennis is tyd-, plek- en kultuur-gebonde. Wat as waar gesien word en gevolgtrekkings waartoe gekom word ontstaan nie in 'n lugleegte nie. Dit sluit ook aan by die insig dat vooroordele 'n bepalende effek het op waarneming en gevolgtrekkings waartoe gekom word. 'n Beoordeling van 'n ander standpunt moet gedoen word vanuit 'n bewustheid van eie vooroordele en volgens kriteria wat aansluit by die standpunt van beoordeel word. (Erickson 2001:186-190)

Die **'dood van die outeur'** (Butler 2002:23) vind plaas omdat die aanvanklike bedoeling van die skrywer nie meer noodwendig 'n rol speel in die vertolking en gebruik van die teks nie. Die leser lewer net so groot bydrae tot die eindelike betekenis(se) van die teks.

Die funksie van **die metafoor** (Butler 2002:24) kom sterk na vore. Nog filosofie, nog geskiedenis kan aanspraak maak op totale feitlikheid. Die metafoor is dan 'n handige draer van

data op so 'n manier dat dit oop is vir verskillende interpretasies en nie een perspektief beklemtoon bo 'n ander nie.

Postmodernisme het 'n nuwe waardering vir die **gemeenskap** gebring wat in kontras staan met individualisering wat geassosieer word met die moderne era. Die gemeenskap se interafhanklikheid, se rol in die daarstel van norme en se bydrae van praktiese wysheid word erken en ontgin. In die proses het ook 'n herwaardering van die narratief ontstaan. Die narratief is 'n besondere manier van kommunikeer, waarheid konstrueer, singe en interpreteer van situasies. Postmoderne benaderings fokus op ongelykhede in ons kultuur en leer ons dat niemand se stem voor bo ander bevoorreg behoort te word nie. (Gottlieb 2001:192)

Waarhede word in kommunikasie ontdek, relasioneel, in verhoudinge en in wisselwerking tussen insig, kennis en ervaring van mense met mekaar. (Pieterse 2002:83) (vgl Du Toit 2000:66-67)

Daar is 'n sterk **skeptiese houding teenoor ideologieë**. (Butler 2002:28) As gevolg van 'n teleurstelling in sterk ideologieë wat met verloop van tyd negatiewe, manipulerende, uitsluitende, onmenswaardige en onderdrukkende gevolge gehad het, heers daar 'n negatiewe houding teenoor ideologieë. Die speelsheid van die postmoderne mens bied die vryheid om tussen ideologieë te kan beweeg sonder dat integriteit prysgegee word.

Hierdie skeptiese houding eindig nie by ideologieë nie. Die postmoderne mens is **krities**.

Uit die ontnugtering het die mens as *homo scepticus* gegroei, wat krities alles bevraagteken. Heilige en onaantasbare waarhede en tradisies het nie meer die gesag om onkritiese aanvaarding af te dwing nie. (Janse van Rensburg 2002:49)

In aansluiting by die skeptiese houding teenoor ideologieë word 'n verwerping van outoriteit en gesag ervaar.

Daar ontstaan 'n neiging om **geskiedenis te herskryf**. (Butler 2002:32) Postmoderne uitwysing van die bepalende faktore vir die skryf van 'n geskiedenis op 'n spesifieke manier, asook die rol wat die handhawing van mag deur 'n spesifieke groep deur middel van 'n spesifieke skryf van die geskiedenis speel, lei tot 'n herdink en herskryf van die geskiedenis. Binne 'n gebeure is daar reeds verskillende perspektiewe. Herskrywing van die geskiedenis poog om 'n eensydige,

absolute vasstelling van die geskiedenis teen te staan.

Die ironie is dat die 'ou' geskiedenis dikwels vervang word met 'n nuwe stel onbevraagtekenbare 'waarhede'.

Postmodernisme loods 'n skerp **aanval teen die wetenskap**. (Butler 2002:37) Beter omskryf is die aanval teen die tradisionele manier van wetenskapbeoefening, wat objektiewe, algemeen geldende waarhede nastreef.

Hierdie wetenskaplike metode het ons lewens in baie opsigte verbeter, maar het 'n inherente fout. Dit kan net bekende veranderlikes beheer of manipuleer. Kwalitatiewe en narratiewe navorsing is meer postmodern georiënteer en bring nuwe data na vore. (Gottlieb & Lasser 2001:191)

Ook hier is die spanning tussen die moderne en die postmoderne duidelik aan te voel.

And yet who could now seriously deny the 'grand narrative' of evolution, except someone in the grip of a far less plausible master narrative such as Creationism? And who would wish to deny the truth of basic physics? The answer was, 'some postmodernists', on the political grounds, *inter alia*, that the hierarchizing logic of scientific thought is inherently and objectionably subordinating. (Butler 2002:37)

Postmodernisme neig om 'n probleem te hê t.o.v. **logiese konsekwentheid**. Dekonstruksie word op alles toegepas behalwe op dekonstruksie self en geregtigheid as die motiveringsbron vir dekonstruksie.

Wanneer die rol van mag binne 'n sekere situasie gedekonstrueer word is daar outomaties 'n nuwe mag aan die opkom. Is postmoderniste nie besig om in die stel van hulle standpunt en argumente juis 'n verwagting te skep dat almal die nuwe standpunt sal insien en handhaaf nie?

Relativisme kan self 'n vorm van magsuitoefening wees.

One primary argument employed by these postmodernists is that all views are historically conditioned. They are held, and take the particular form they do, because of their historical situation, rather than because they somehow more adequately reflect reality than do competitive views. We must ask, however, if this argument does not and must not also apply to these postmodern conceptions

as well. (Erickson 2001:210)

Dekonstruksioniste kla dikwels dat hulle misverstaan word omdat hulle gemaklik voel om redelik uiteenlopende standpunte te akkommodeer en gelyktydig te handhaaf.

Die gevaar van **relativisme en van subjektivisme** is groot. Daar word baie gemaak van eie subjektiewe ervaring.

Die persoonlike, subjektiewe wêreld met sy ervaringe as die 'klein verhale' van elke mens se belewenis, word die oorheersende waarheid van die individu.” (Pieterse 2002:80)

Dit lei tot 'n pluraliteit. “Die internasionale kommunikasienetwerke met die gevolglike globale ekonomie veroorsaak dat mense oral tuis is en dat tradisies van 'n kultuur of land verdwyn. Daar is nie meer lojaliteit teenoor 'n instelling of selfs 'n afkoms nie. Verskillende kulture en tradisies word deur mense omarm.” (Pieterse 2002:81)

Die uniekheid, superioriteit en waarde van eie kultuur word relatief. Aan die een kant word die ooreenkomste tussen alle mense beklemtoon, aan die ander kant word manipulasie deur regeerders ontmasker.

Wanneer die heersende wêreldbeskouing relatiwiteit en subjektiwiteit erken en verreken, het dit implikasies vir die akademie. Akademiese instansies staan voor die uitdaging om te bepaal wat 'n goeie akademiese standaard is en hoe evaluering toegepas kan word indien die waarheid relatief word en subjektief geïnterpreteer kan word.

Die relativisering van morele waardes lei tot insidente wat negatief inwerk op gemeenskappe. Dit word moeilik vir minderheidsgroepe om sosiale ongeregtighede teen te staan wanneer postmodernisme die genres waarbinne die sake teengestaan kan word beperk. (Erickson 2001:217-222)

Onsekerheid is een van die emosies van die postmodernisme. Die groot sekerhede wat die mens in die moderne wetenskap gevind het is met die eerste en tweede Wêreldoorloë vernietig. Die

verwagtinge van 'n aardse utopia is nie verwesenlik nie. Dit het gelei tot 'n gevoel van ontnugtering en onsekerheid en selfs tot 'n identiteitskrisis. (Janse van Rensburg 2002:46; Müller 2002:19)

Te midde van hierdie onsekerheid is daar tog die ironie dat die mens binne die postmoderne era na groter geluk en sekerheid hunker, nie alleen oor die geloof nie, maar veral ook oor die toekoms. (Janse van Rensburg 2002:47)

Die postmoderne mens is **vitaal**.

As daar geen sin in die lewe is nie, as daar ook geen lewe na die dood is nie, dan is daar net een opsie oop: om die lewe met alles wat dit bied, te omarm: *La Bella Vita* - die lewe is mooi. Die postmoderne mens is *homo vitalis*. Die lewe moet geleef word. (Janse van Rensburg 2002:48)

'n Postmodernis (in die absolute sin) is dan iemand wat niks anders as géén fondament en géén sekerheid voel nie. Meer in die algemeen kom die postmodernisme tot uiting in 'n lewensinstelling wat kan varieer van speelsheid aan die een kant tot onverskilligheid en die verheerliking van die uitleef van instinkte aan die ander kant. (Müller 1996:55)

Weer is dit belangrik om in gedagte te hou dat postmodernisme variërende mate van invloed op verskillende mense uitoefen.

Die postmoderne mens is **globalisties-holisties en tog kontekstueel-individualisties**. (Janse van Rensburg 2002:50)

Die effek van globalisme is nie slegs dat van wêreldwye strominge, tendense en lewenswyses kennis geneem word nie. Globalisering het ook 'n eroderende en transformerende uitwerking. Dit breek die vaste en hiërargiese strukture van die modernisme af en verskuif die aksent van die subjek se interpretasie van die wêreld na die inter-subjektiewe analise van wêreldgebeure.

Die postmoderne mens word deur hierdie kommunikasiemedia blootgestel aan hoe ander mense lewe, wat hulle in terme van weelde-artikels besit en wat hulle lewens- en wêreldbeskouing is. Hierdeur word ideale geskep (wat dikwels tot

obsessies groei) om “soos hulle” te wees.

Hierdie globaliserende drang om wêreldburgers in die omvattendste sin van die woord te word, het egter ook ‘n teenpool. Die ironie in die obsessie om “soos hulle” te lewe, hou inhoudelik die veronderstelling in dat ek “myself wil wees”. Die individu wil nie deur ouerlike gesag, kerklike leringe, kulturele tradisies of burgerlike eise geïnhibeer word om te wees en te lewe soos wat die individu wil nie. (Janse van Rensburg 2002:50-51)

Die postmoderne mens is **heelbrein-georiënteerd**. Die dominansie van die linkerbrein, analities-deduktiewe benadering is verby. Die regterbrein benadering wat kreatiwiteit, estetika, ervaring en emosies insluit, is ‘n integrale deel van die postmoderne samelewing. (Janse van Rensburg 2002:52-54)

Daar is ook ‘n **nuwe soeke na spiritualiteit**.

Onder almal - diegene in ‘n geestesklimaat van refleksiewe moderniteit (Pieterse se term vir wat algemeen postmodernisme genoem word) asook diegene wat onder die broodlyn leef - is daar in ons tyd ‘n sterk behoefte aan spiritualiteit. (Pieterse 2002:84)

Vanuit ‘n meer psigologiese perspektief kan spiritualiteit beskou word as ons respons op ‘n diep, byna misterieuse verlange na selftransendensie en oorgawe aan ‘n verlange om ons plek in die lewe te vind. (Pieterse 2002:85)

Hierdie soeke na spiritualiteit vind meestal buite hoofstroomkerke plaas. Dit vind uiting in ‘n hernude waardering vir simboliek, rituele, meditasie ens., asook in die opbloei van hedonisme.

Müller (2002:20) som die gevolge van die postmodernisme in die samelewing op as:

Die ineenstorting van ‘n enkele geloofsisteem. Daar is vandag geen universele konsensus oor wat waarheid is nie. Ons situasie is eerder vergelykbaar met ‘n mark waar al die verskillende geloofstelsels uitgestal word met die oog op publieke verbruik.

Die geboorte van ‘n wêreldkultuur. Elke geloof raak bewus van ander gelowe,

met die gevolg dat dit al hoe moeiliker word vir enigiemand om die eie geloofsstelsel as die absolute waarheid te aanvaar.

'n Nuwe polarisasie ontwikkel. Konflikte oor die aard van gemeenskaplike waarhede en waardes ontwikkel. Daar ontstaan culture wars - gevegte oor kritieke sake soos opvoeding en morele ontwikkeling.

2.2 **Sosiale Konstruksionisme**

Our selves, our minds - and indeed the society in which we live - are all co-created projects, never solo performances in which we have star billing and others are mere background. We celebrate the other, for without the other there is no existence of us either³. (Crocket 2004:66)

Sosiale konstruksionisme ontstaan hoofsaaklik uit die sosiologie van wetenskaplike kennis na aanleiding van empiriese studies van kennis produksie in die natuurlike wetenskappe wat in die laat 1970's gedoen is en gepubliseer is in die vroeë 1980's.

Soos met ander standpunte of bewegings die geval is, was daar vele wat die weg voorberei het.

Particularly, the physician Ludwig Fleck can be regarded as a forerunner of the social constructionists. As early as 1935 he published a sociological account of the genesis of scientific knowledge, partly based on historical material and partly based on his own experience as a scientist. Just like the sociologists of science who call themselves social constructionists today, he held that facts are not discoveries of individual scientists but creations of the research collective. (Liebrucks 2001:366)

Peter Berger en Thomas Luckmann produseer in 1966 die klassieke werk *The Social Construction of Reality*. Hierdie realiteit word verstaan as die menings wat gehandhaaf word

³Edward Sampson (1993) aangehaal uit: Identity politics: Challenges to psychology's understanding. *American Psychologist*, 48:1219-1230

t.o.v. die wêreld. Dus ons waarneming van realiteit, nie realiteit self nie.

Hulle het drie belangrike uitgangspunte (Liebrucks 2001:365-366)

Sienings oor die realiteit word in konteks van sosiale interaksie gevorm.

Sosiale interaksie vorm sosiale instellings en ook die individu self.

Sienings t.o.v. realiteit, wat in sosiale interaksie gekonstrueer is, speel 'n belangrike rol in die (her)konstruksie van instellings en persone.

Daar is dus 'n sirkelbeweging.

2.2.1 'n Definisie?

In aansluiting by Furstenburg (2000:7) verkies ek die konsep sosiale konstruksionisme bo terme soos konstruksionismeteorie (wat 'n *contradictio in termino* is binne 'n denkkonstruk wat openheid en die sosiale konstruering van 'n werklikheid beredeneer) of konstruktivisme (wat grootliks vanuit 'n biologiese en individualistiese oriëntasie ontwikkel is). (vgl. Freedman & Combs 1996:26-27; Maze 2001: 394; Burr 1995:1-2; Hoffman 1990)

Om 'n definisie van sosiale konstruksionisme te probeer formuleer is 'n onwyse oefening. (vgl Durrheim 1997:175)

Sometimes called a movement, at other times a position, a theory, a theoretical orientation, an approach; psychologists remain unsure of its status. At its most general it serves as a label denoting a series of positions that have come to be articulated after the publication of Berger and Luckmann's influential work in 1966 but that have been influenced, modified, and refined by other intellectual movements such as ethnomethodology, social studies of science, feminism, post-structuralism, narrative philosophy and psychology, post-foundational philosophy and post-positivist philosophy of science, and more. (Stam 2001:294)

There is no one feature which could be said to identify a social constructionist position. Instead, we might loosely group as social constructionist any approach which has at its foundation one or more of the following key assumptions. (Burr

1995:2)

Hierdie veronderstellings (uitgangspunte) (Burr 1995:2-5) is dan:

'n *Kritiese uitgangspunt* teenoor algemeen aanvaarde (algemene) kennis. Dit maan ons tot versigtigheid t.o.v. die manier waarop ons die werklikheid sien. Die aard van die werklikheid kan nie deur waarneming vasgestel word nie. Dit wat ons sien as die werklikheid is nie noodwendig die werklikheid nie.

'n *Historiese en kulturele spesifiekheid* veronderstel dat alle kennis histories- en kultureel-relatief is. Die implikasie is ook dat die een kultuur nie beter of verheer is bo die ander nie - net anders.

Kennis/verstaan word deur sosiale prosesse in stand gehou.

It is through the daily interactions between people in the course of social life that our versions of knowledge become fabricated. Therefore social interaction of all kinds, and particularly language, is of great interest to social constructionists.

(Burr 1995:4)

Kennis/verstaan en sosiale handeling beïnvloed mekaar wedersyds. Beskrywing of konstruksie van die wêreld onderhou sommige sosiale patrone en handeling en ander nie.

Die implikasies van hierdie uitgangspunte (Burr 1995:5-8) is:

Daar kan nie gesoek word na die wese/essensie van die mens of die wêreld nie aangesien dit voortdurend deur sosiale prosesse gekonstrueer word.

Daar kan nie sprake wees van 'n objektiewe feit nie - dit hang af van die persone wat betrokke is se perspektief en se bydrae tot die konstruksie

Teorieë en verklarings is tyd en kultuur gebonde en kan nie as ewiggeldend beskou word nie.

Taal is 'n voorvereiste vir denke. Sonder taal is denke soos ons dit ken nie moontlik nie.

Daar ontstaan 'n noodwendige fokus op interaksie en sosiale handeling.

Daar word gefokus op prosesse. "Knowledge is therefore seen not as something that a person *has* (or does not have), but as something that people *do* together." (Burr 1995:8) (vgl Hoffman 1990:1-4)

2.2.2 Die Rol van Taal

Burr (1995:33) som die tradisionele siening van die verhouding tussen taal en persoon as volg op:

We think of language as a bag of labels which we can choose from in trying to describe our internal states (thoughts, feelings, etc.). The nature of the person and her or his internal states seem to us to come first, and the job of language is to find a way of expressing these things to other people. In this way of thinking, then, people and the language they use are certainly closely bound up with each other; people use language to give expression to things that already exist in themselves or in the world, but the two are essentially independent things.

Die alternatief is dat taal vir ons dit moontlik maak om ons ervaring en onself en die wêreld te struktureer. Die konsepte wat ons gebruik word dus deur taal moontlik gemaak en gaan nie taal vooraf nie. Dit beteken dat taal nie die essensie van 'n persoon of gebeure oordra nie en dat dit op 'n ander manier gekonstrueer kon word.

Saussure's major contribution was in his assertion that the link between the signifier (spoken sound) and the signified (concept) is an arbitrary one.

He is also saying that the concepts themselves are arbitrary divisions and categorisations of our experience.

... with the aid of language we have divided up our world into arbitrary categories. (Burr 1995:37)

Dit beteken dat die self deur taal gekonstrueer word. Mense is aktief of implisiet besig om hulleself en ander te konstrueer of te rekonstrueer. Dit beteken dat die self anders is afhangende van by wie, onder watter omstandighede en vir watter doel. Taal vorm, onderhou en daag identiteit uit. Taal en denke is nie afsonderlike entiteite nie. Taal vorm die basis vir denke. (Burr 1995:39-44)

Die ekstreme handhawing van die standpunt lei daartoe dat daar geen realiteit buite taal te vind is nie asook tot 'n totale relativisme. Burr (1995:86-94) gee Parker¹ se argumente weer as poging

¹Parker, I. 1992. *Discourse Dynamics: Critical Analysis for Social and Individual*

om hierdie probleem aan te spreek.

Burr stel nl. voor dat van die veronderstelling uitgegaan word dat alle 'dinge' (soos bome, kopseer, water, slegte humeur, intelligensie ens.) een van drie objek statusse besit: ontologies, epistemologies en moreel/polities.

In the ontological realm (ontology is the study of the nature of things or of existence) are objects which form the material basis for thought - without bodies and brains thought would not be possible, and the physical and organisational properties of our environment give us something to 'think about'. These things, then, are taken by Parker to exist independently of human thought processes and language. However, we cannot ever have direct knowledge of them, even though the things themselves make thought possible, because thought necessarily involves a constructive process, i.e. giving meaning to things. The things we have knowledge of therefore have different object status - 'epistemological' status (epistemology is the study of the nature of knowledge). Things in the epistemological sphere have 'entered discourse'; they are the things we have given meaning to and talk about. The third realm, that of moral/political object status, is seen as a special category of things that have epistemological status. These are objects such as 'intelligence', 'race' and 'attitudes', and are things that can be 'called into being' through discourse, and thus given a reality which can have real effects upon people (e.g. subject them to discrimination or give them greater educational opportunities). (Burr 1995:86-87)

Die probleem is dat objekte wat slegs morele/politiese status het, hanteer word asof hulle dieselfde soort realiteit verteenwoordig as ontologiese objekte.

Vir Parker is daar 'n realiteit buite diskoers, en hierdie realiteit bied die rou materiaal waaruit ons verstaan van die wêreld deur diskoerse gekonstrueer word. (Vgl Liebrucks 2001:372)

Liebrucks (2001:375) meen 'investigating everyday language use is not just an inquiry into

Psychology. Londen:Routledge

words. Rather, it is an inquiry into the ontology of the phenomena that are associated with these words.'

As voorbeeld word gewys op die moontlikheid om die verskil tussen emosionele woorde en woorde wat liggaamlike sensasie beskryf, mis te kyk. Die drie verskille is: die liggaamlike sensasie het altyd 'n liggaamlike lokaliteit en emosionele woorde nie; emosies word in ons gedagtes, in die temas waaroor ons nadink en die woorde wat ons kies, uitgespreek; laastens is daar geen taalspel of wanvoorstelling t.o.v. liggaamlike sensasies nie.

Motiewe en houdings het ook nie 'n liggaamlike lokaliteit nie, maar wys op 'n intensionele objek. Ons kan ons misgis t.o.v. ons motiewe en houdings net soos met ons emosies. Anders as die vasstel van liggaamlike sensasies of gebeure hang die beskrywing van motiewe en houdings van kontekstuele faktore af. Die beskrywing van motiewe en houdings stel nie gedrag of innerlike gebeure voor nie. Dit beskryf net 'n persoon se spesifieke posisie in verhouding tot 'n besondere saak of debat. (Liebrucks 2001:377)

2.2.3 Diskoers

'n Relevante konsep vir hierdie studie binne sosiale konstruksionisme is die diskoers. Diskoerse en diskoersanalises word binne twee groot denkskole gebruik. Die een meer literêr georiënteer en die ander meer binne die kader van die sosiale wetenskappe. Laasgenoemde is die konteks waarbinne diskoers hier ter sprake kom.

Om 'n diskoers te definieer is 'n moeilike taak. Parker (in Burr 1995:48) se werksdefinisie is bondig: 'n diskoers is 'n sisteem van stellings wat 'n objek of konsep konstrueer. Omskrywend kan gesê word "a discourse refers to a set of meanings, metaphors, representations, images, stories, statements and so on that in some way together produce a particular version of events." (Burr 1995:48) Nog 'n poging klink so:

A "discourse" here means a historically evolved set of interlocking and mutually supporting statements, which are used to define and describe a subject matter.

(Butler 2002:44)

Verskillende diskoerse bestaan gelyktydig t.o.v. 'n objek/saak. Elke diskoers konstrueer die objek/saak op 'n ander manier en gee sodoende ander betekenis daaraan. So byvoorbeeld word ivoorhandel deur die een diskoers gesien as oorsaak vir die slagting van olifante, die ander diskoers meen dat die inkomste uit ivoorhandel juis die bewaring en bestuur van olifantbevolkings kan bevoordeel.

'n Diskoers is dan die verwysingsraamwerk waarbinne stellings (woorde en sinne) betekenis kry. Die skiet van olifante beteken binne die een diskoers die onmenslike slagting van onskuldige diere en binne die ander diskoers is dit 'n bestuur van die diere vir hulle eie en die mens se beswil. (Burr 1995:46-52)

Sommige diskoerse ontwikkel, word algemeen aanvaar en verkry eindelijk die status van 'waarheid'. As deel van 'n magspel word sommige diskoerse dan dominant en vorm 'n konteks waarbinne ander diskoerse verstaan en gevorm word.

Tiperings, instellings en ander sosiale konstruksies, word deur die lede van 'n kultuur gekonstrueer in hul interaksie met mekaar, van geslag tot geslag en van dag tot dag. Sulke konstruksies kry maklik, met verloop van tyd, die stempel van waarheid, absoluteheid en vastheid. Kontekstuele sosiale skeppings word verhef tot bo- of buitemenslike gegewens - 'n proses van *reification* - asof hulle iets anders as menslike produkte is. Die modernistiese paradigma van die Westerse filosofie het hierdie manier van dink versterk. Onderskeidings waartoe mense gesamentlik kom, is aanvanklik tentatief en eenvoudig, amper speels, en maklik veranderbaar. Daar is 'n sterk bewustheid van ander moontlikhede. Dit word egter algaande al meer beleef as objektiewe realiteit. (De Jager 2001:106)

Diskoerse wat ons identiteit vorm het implikasies vir wat ons kan doen en behoort te doen. Dus is diskoerse nou gekoppel met die manier waarop die samelewing georganiseer word en verloop. Daarom is dit vir sekere groepe in die samelewing belangrik dat sekere diskoerse as die waarheid/realiteit bestempel word.

Dominante diskoerse staan egter nie ewig vas nie. Hulle kan en word vervang deur ander diskoerse. Aspekte van 'n dominante diskoers kan ook in opponerende diskoerse voorkom. (Burr

1995:54-57)

2.2.4 Die Self

'n Sosiale konstruksionisme perspektief bevaagteken die tradisionele siening t.o.v. persoonlikheid.

Van die belangrikste aspekte van persoonlikheid, volgens die tradisionele siening, is individuele verskille, stabiliteit, samehang en die verhouding tussen persoonlikheid en gedrag. Persoonlikheid word gesien as dieselfde in verskillende situasies en oor 'n tydperk.

Burr (1995:21-26) lig probleme met hierdie siening uit. Om mee te begin bevaagteken hy die objektiewe bestaan van persoonlikheid.

This suggests that the idea of 'personality' is one that we use in our everyday lives in order to try to make sense of the things that we and other people do. 'Personality' can then come to be seen as a theory (one held very widely in our society) for explaining human behaviour, and for trying to anticipate our part in social interactions with others. We could say that in our daily lives we act as if there were such a thing as personality, and most of the time we get by reasonably well by doing so. But it is a big leap from this to saying that personality really exists (in the sense of traits inhabiting our mental structures, or being written into our genetic material). (Burr 1995:21-22)

Indien persoonlikheid wel as eienskappe in ons sielkundige struktuur sou bestaan beteken dit dat dit 'n beskrywing van die menslike natuur is. Wat beteken dat dit universeel dieselfde moet voorkom. Wat nie die geval is nie.

Die neiging bestaan om die mens se lewe te beskryf in terme van sielkundige kwaliteite (soos gevoelens en persoonlikheidstrekke) en nie in terme van wat ons doen met of teenoor ander mense nie.

Die feit dat mense anders optree in verskillende kontekste en verander met verloop van tyd, word nie bevredigend deur die tradisionele siening verreken nie.

Sosiale konstruksionisme gaan van die standpunt uit dat persoonlikheid (die tipe mens wat jy is) nie in mense bestaan nie, maar tussen hulle. Indien 'n persoon geïsoleer word geld die meeste woorde wat persoonlikheidstrekke beskryf (bv. inagnemende, moeilike, aangename) nie meer nie. (Burr 1995:27) 'n Mens tree anders op (is anders) in verskillende verhoudinge.

Rather than view personality as something which exists inside us, in the form of traits or characteristics, we could see the person we are as the product of social encounters and relationships - that is, socially constructed. This means that we create rather than discover ourselves and other people.(Burr 1995:28)

Instead then, of people having single, unified and fixed selves, perhaps we are fragmented, having a multiplicity of potential selves which are not necessarily consistent with each other. (Burr 1995:29)

Sosiale konstruksionisme gee gevolglik voorkeur aan die term 'identiteit' in plaas van 'persoonlikheid'.

In 'n ondersoek na die self, of die persoon, gee Burr (1995:113-158) aan drie konsepte aandag: die persoon as diskoers-gebruiker, die self as gekonstrueer in taal en derdens die verskillende subjek-posisies in diskoers.

Aan die hand van Potter en Wetherell¹ behandel Burr (1995:113-124) die **persoon as diskoers-gebruiker**.

Die tradisionele siening van houdings ('attitudes') word bevraagteken.

An 'attitude' refers to a coherent and relatively long-lived orientation to an issue of object, and therefore we should expect that when a person is questioned about his or her attitudes there will be a high degree of coherence and stability in what he or she says. (Burr 1995:113)

¹Wetherell, M. en Potter, J. (1988) 'Discourse analysis and the identification of interpretative repertoires', in Antaki, C. (red) *Analysing Everyday Explanation: A Casebook of Methods*, London: Sage.

'n Deeglike analise wys dat mense verskillende houdings teenoor 'n saak openbaar binne een onderhoud. Wat mense sê wys dus nie op 'n interne struktuur (houding) nie. Dit is meer sinvol om dit wat mense sê te sien in die lig van wat hulle daarmee wil bereik. Woorde word dan bewustelike, sosiale gedrag met die oog op die bereik van 'n effek.

Taal het dus 'n uitvoerende ('performative') aspek. "Ek verklaar oorlog" beskryf nie iets wat waar of onwaar is nie, dit is 'n handeling met gevolge. 'Speech act theory' wys taal uit as 'n menslike sosiale praktyk.

Daar bestaan 'n interpretatiewe repertoire as retoriese vaardigheid wat gebruik word om die verlangde effek te kry. Interpretatiewe repertoire is:

the building blocks speakers use for constructing versions of actions, cognitive processes and other phenomena. Any particular repertoire is constituted out of a restricted range of terms used in a specific stylistic and grammatical fashion. Commonly these terms are derived from one or more key metaphors and the presence of a repertoire will often be signalled by certain tropes or figures of speech. (Burr 1995:116)

Die funksie van hierdie repertoires is om mense te help om 'n spesifieke weergawe van 'n gebeure te regverdig, om eie gedrag te verskoon of te valideer, om kritiek af te weer of om die geloofwaardigheid van 'n persoonlike standpunt te probeer handhaaf.

Die repertoire kan bv. gebruik word om 'n weergawe van 'n situasie daar te stel wat die betrokke persoon vrystel van morele verantwoordelikheid om aksie te neem en effektief die status quo te regverdig.

Die gebruik van die interpretatiewe repertoire het sekere gevolge vir die gebruiker.

This view suggest that the prime motivation in social interaction is to gain voice, which of course will have a diversity of practical, social consequences. Those who are able to warrant voice are likely to enjoy greater power in society, may be given greater resources (money, jobs, education, etc.) And will enjoy generally higher social standing. (Burr 1995:121)

Die repertoire gebruiker mag, en is waarskynlik meestal, onbewus wees van die effek, of die

proses van selektiewe repertoire-gebruik. Dit is meestal nie 'n bewustelike manipulasie nie.

Burr se tweede konsep is **self as gekonstrueer in taal**. Hierdie konsep beteken dat die maniere tot ons beskikking om oor onself te praat lei tot 'n sekere ervaring van onself as mens. Dit beklemtoon die kultuurbepaaldheid van sosiale en linguïstiese praktyke.

So is dit moontlik dat persoonlike beheer ('agency') net binne 'n spesifieke kultuur (Christelike- / Joodse tradisie) wat klem lê op keuses en die gevolge van daardie keuses, relevant is. Binne 'n kultuur wat die persoon sien as onder die beheer van eksterne magte het selfbeskikking nie 'n rol nie.

Die struktuur wat gebruik word om die self en die wêreld om die self te konstrueer is die narratief. Selektief word bepaal wat deel vorm van die verhaal. Die verhaal word om 'n tema gebou - is dit 'n avontuurverhaal, 'n komedie, 'n tragedie?

The consistency of our narrative demands that we engage in much 'smoothing', choosing and moulding events to fit the theme of our life story. (Burr 1995:135)

Die verhaal koppel die persoon aan tyd en ruimte op grond van die verhaalstruktuur met 'n begin, middel en einde. Die verhaal het 'n gestelde doelwit of nagestreefde eindpunt en bevat narratiewe wat daartoe meewerk om dit oor tyd te bereik.

Persoonlike narratiewe (of selfnarratiewe) het wyer implikasies. Ons is afhanklik van ander se gewilligheid om as mede-spelers in die konstruksie van die verhaal op te tree. Ons identiteitsverhaal moet aanpasbaar wees by die verhale van diegene wat deel vorm daarvan. Narratiewe is onderhewig aan sosiale goedkeuring en onderhandelings.

We are surrounded by and immersed in discourses. They inhabit all written and spoken material and are embedded in all systems of signification. Even buildings, clothes and consumer goods, to the extent that human beings imbue them with social meanings, can be 'read' as texts, and can be analysed to discover the discourses operating within those texts. Since discourses are identified by the particular way in which they represent or construct the person (and, of course, all other objects), we can say that people are constantly subject to numerous discourses operating in their society. The person can only be a meaningful entity,

both to himself or herself and to others, by being 'read' in terms of the discourses available in that society. (Burr 1995:141-142)

Burr se derde konsep om die self in postmoderne konteks te verduidelik gaan oor: **subjek-posisies in diskoers**. (Burr 1995:141-158) Hierdie konsep help met die verstaan van die proses waardeur 'n persoon gekonstrueer word.

Diskoerse spreek ons as 'n sekere soort persoon aan (as 'n ou persoon, werker, krimineel ens.). Hierdie subjek-posisie, die voorstelling van onself en ander wat die diskoers daarstel, kan nie vermy word nie. Ons keuse is om die diskoerse te aanvaar of te weerstaan. Wanneer ons 'n posisie aanvaar of onsuksesvol weerstaan, word ons deel van 'n sisteem van regte (ook die reg om te praat) en verantwoordelikhede wat deel is van daardie posisie.

'n Goeie voorbeeld hiervan is die posisie waarin 'geslag' 'n mens plaas binne diskoerse. Drie uitstaande diskoerse wat ter sprake kom is: die 'manlike seksdrang'-, permissiewe- en 'het/hou' diskoers.¹

Hoewel gebaseer op ou navorsing wat nie meer noodwendig geldig is nie (maar ook geldig kan wees) bied dit goeie perspektief op die konsep.

Die 'manlike seksdrang' diskoers gaan uit van die veronderstelling dat mans se seksualiteit daargestel word deur 'n biologiese dryfkrag wat bestaan ter wille van die spesie se voortbestaan. Dit plaas die vrou onmiddellik in 'n objek posisie. 'n Vrou is die objek wat die man se seksuele drang aanwakker en die man so bekoor of vasvang deur haar seksuele aantrekkingskrag. Dit verskoon die man dan vir gruweldade teen die vrou.

Hierdie diskoers gee vir mans en vroue verskillende posisies met verskillende voorregte, verpligtinge en moontlikhede vir optrede.

In kontras hiermee legitimeer die 'het/hou' diskoers verskillende optredes. Dit fokus op die

¹Burr (1995) aan die hand van Hollway se ontleding van heteroseksuele verhoudinge n.a.v. haar onderhoude met mense. Hollway, W. 1984. 'Gender difference and the production of subjectivity' in Henriques, J. et al. *Changing the Subject: Psychology, Social Regulation and Subjectivity*. London:Methuen.

Christelike ideaal van 'n monogame verhouding en gesinslewe. Dit behou die bande tussen seksualiteit en reproduksie. Dit posisioneer die vrou as primêr soekend na 'n langtermyn emosionele commitment deur 'n verhouding met 'n man en kinders. Die vrou se seksualiteit word aan bande gelê deur 'n behoefte aan moederskap en gesinslewe.

Die man word binne hierdie diskoers weergegee met die fokus op hulle bereidheid (of afwesigheid daarvan) om hulleself te commit aan 'n langtermyn verhouding en die verantwoordelikhede wat dit meebring. Die geslagsrolle word in 'n sekere sin omgeruil. Vroue is die jagters en die man die prooi.

Hollway (1984) suggests that the effect of the conflict, for men, between the 'male-sexual-drive' discourse and the 'have/hold' discourse is to manufacture a divide between the 'good' girls (whom they marry) and the 'bad' girls (whom they visit in whore-houses), thus maintaining their position in both discourses. (Burr 1995:144)

Subjek-posisie, tot sy volle konsekwensie geneem, negeer selfbeheer totaal en maak die mens die produk van diskoerse. Daar is 'n ontkenning of negering van interne lokus van beheer en 'n verabsoluttering van eksterne lokus van beheer.

Sodra 'n posisie binne 'n diskoers ingeneem is laat dit die persoon met 'n spesifieke, beperkte hoeveelheid konsepte, beelde, metafore, maniere van praat en self-narratiewe, wat daardie posisie en perspektief onderhou. 'n Posisie (soos geslag en ouerskap) word dikwels vir baie lang tye ingeneem. Daar word ook van die persoon verwag om 'n gepaste stel waardes vir daardie posisie te aanvaar.

Ander posisies is weer kortstondig. Dit laat die persoon met 'n voortdurende fluktuering - dit verg oopheid, aanpasbaarheid en ook vermoë om met nie-sekerheid te bestaan.

Binne 'n gesprek bied persone mekaar verskillende subjek-posisies aan. Dit kan weer eens aanvaar of weerstaan word. Voortdurend word die situasie gedefinieer en word gesoek na subjek-posisies wat beide partye gemaklik mee is. Dit bring weer 'n magspel tot stand.

2.2.5 Mag en Persoonlike beheer ('agency')

Persoonlike beheer word hier gebruik as die vermoë om te konformeer tot, om by te dra tot, om weerstand te bied teen, of die buite rekening laat van sosiokulturele en/of biologiese stimulus. (Jenkins 2001:353)

Sosiale konstruksionisme vind sterk aansluiting by Foucault se standpunt t.o.v. kennis en mag.

If we think of knowledge as one possible account of events, but one which has received the stamp of 'truth', then to the extent that this version brings with it particular possibilities for acting in the world, it has power implications. For Foucault, then, knowledge and power always go together as a pair. (Burr 1995:70)

Mag word eindelijk deur diskoerse uitgeoefen. Foucault sien mag en weerstand ook as 'n paar wat altyd saam bestaan. Daarom is daar vir elke persoon 'mag' beskikbaar in die stryd om die self en die omgewing te verander - teen dominante diskoerse in. Sodra 'n mens besef dat hy/sy beheer word ontstaan die moontlikheid om te weerstaan en te verander. (Burr 1995:70-71)

Dit word dan belangrik om kennis argeologie te beoefen.

Historically, then, we can trace back the emergence of a discourse into a culture and try to uncover the social, physical and economic changes that provided the breeding ground for it, but we should be careful not to tie these into a causal relationship. (Burr 1995:69)

Hierdie verstaan van die historiese verloop kan dan help met die herkonstruering van diskoerse en met die konstruering van 'n opponerende diskoers om by te dra tot persoonlike beheer en die vermoë om te verander - beheer ('agency').

Although the person, the subject, is constituted by discourse, this subject is yet capable of critical historical reflection and is able to exercise some choice with respect to the discourses and practices that it takes up for its own use. (Burr 1995:90)

Onder die regte omstandighede is dit vir 'n persoon moontlik om krities ondersoek in te stel na die diskoerse wat 'n invloed het op sy/haar lewe en dit teen te staan. Die mens het ook die relatiewe selfbeskikking om te besluit watter mag watter diskoers op haar/hom uitoefen. Hierdie

selfbeskikking word grootliks bepaal deur die narratief wat die individu uitleef. (Larner 1998:560-562)

Binne die konsep van die persoon as diskoers-gebruiker ontwikkel Gergen¹ die idee van die 'warranting voice'. (Burr 1995:90-94)

Volgens Gergen se "warranting voice" - gesaghebbende stem - het alle mense die behoefte dat hulle weergawe van gebeure aanvaar word bo ander moontlikhede. Hierdie kompetisie om gehoor te word, lei tot maniere van selfkonstruksie wat magtiging sal verleen om gehoor te word.

Van hierdie strategieë is om te stel:

- ▶ dat jy beter weet op grond van bevoorregte kennis of ervaring ('ek weet want ek het dit met my eie oë gesien', 'jy het dit nie geproe/gesien/gehoor/ervaar nie - wat sal jy weet), dat jou standpunt op 'n beter redenasie gegrond is ('dit is mos logies dat ek reg is'),
- ▶ dat jou intensies baie edel en goed is ('hulle kan reg wees, maar ek vertrou nie hulle motiewe nie),
- ▶ dat ware verstaan van die saak net voortspruit uit 'n passievolle omgang met die lewe (die onemosionele mense met groot persoonlike ruimtes is darem nie so menslik nie) en
- ▶ dat algemene moraliteit afhang van aksie ('hulle kan reg wees, maar hulle doen niks daaraan nie').

Wanneer iemand se magtiging kry om gehoor te word, beteken dit dat die hoorders afstand gedoen het van hulle aanspraak om gehoor te word. Hoorders kan ook 'n teenstrategie ontwikkel om magtiging vir hulle weergawe te kry ('jy het dit dalk gesien, maar jy verstaan nie wat regtig daar gebeur het nie').

Hierdie standpunt van Gergen het sekere implikasies.

Firstly, it gives us an insight into why different people or groups may employ different constructions of events, and why the same people may use different constructions of the same event on different occasions.

¹Gergen, K.J. 1989. 'Warranting voice and the elaboration of the self.' in Shotter, J. en Gergen, K.J. (reds) *Text and identity*, London:Sage.

Secondly, it suggests that the agency of human beings lies in their ability to manipulate discourse and use it for their own ends.

And thirdly, it implies that this ability is in the nature of a skill, and therefore, in principle at least, could be improved, thereby increasing the agency of the individual. (Burr 1995:92-93)

Die volgende vraag het met die konteks waarbinne die individu beweeg te doen. Is dit individue wat die gemeenskap bepaal, of is dit die gemeenskap wat die individu bepaal? Mense word verander deur die gemeenskap waarin hulle lewe, maar dit beteken nie dat die individu se selfbeskikking totaal genegeer word nie. Tog konstrueer die individu (as 'n wese met persoonlike beheer) die gemeenskap, die sosiale strukture. Die een kan dus nie bo die ander gestel word nie.

If agency and structure are part of one inseparable system, then the effectiveness of human agency is just as real as the determining features of social structure. (Burr 1995:108)

2.2.5 **Kritiese Beoordeling van Sosiale Konstruksionisme**

Like the term 'postmodernism', social construction is not a single target (for its critics) nor a single movement (for its enthusiasts). (Stam 2001:294)

Dit het die gevolg dat sekere outeurs se weergawe van sosiale konstruksionisme meer en makliker gekritiseer word as ander. In 'n oorsig oor die veld blyk dit ook dat die meeste aandag aan K.J. Gergen se werk gegee word.

Fiona Hibberd (2001a) meen Gergen se sosiale konstruksionisme het baie oorgeneem van 'conventionalism'. Konvensionalisme stel dat die betekenis van sommige of alle linguïstiese terme is glad nie gegee deur die objekte waarna die terme verwys nie.

When applied to theories, conventionalism holds that the meanings of some or all of the terms and relations within a theoretical framework (or system) are determined by other terms and relations in that framework and reflect or express certain norms, practices or precepts of the individual scientist or scientific community. (Hibberd 2001a:300)

Hibberd (2001a) gaan dan verder en wys daarop dat Gergen se konvensionisme sommige karaktereenskappe deel met logiese positivisme. Aangesien logiese positivisme as mistasting gesien word bestaan die gevaar dat sosiale konstruksionisme in dieselfde strikke kan beland. Hierdie gemene delers met logiese positivisme, gekoppel met die 'meaning-as-use' aanname lei daartoe dat 'n studie van situasies vervang word met 'n studie van taal en 'n preokkupasie met woorde. Hibberd (2001b) voer dit terug na 'n behoud van sekere aspekte van Kant se epistemologie.

Een van die probleme waarmee sosiale konstruksionisme sit is dat die herkonseptualisering van fundamentele idees daartoe lei dat byna alles geherkonseptualiseer moet word.

By questioning the old assumptions of essentialism and humanism, social constructionist theory has moved the centre of attention out of the person and into the social realm. Psychology, within this framework, becomes the study of a socially constructed being, the product of historically specific discourses, discourses which brings with them a complex network of power relations. It embeds the person in a historical, social and political fabric from which it cannot be teased out and studied independently.

If we are going to throw out our old descriptions and explanatory devices such as the unified personality, attitudes, traits and so on, how are we to describe the person instead? Are there any characteristics of human beings that can be said to qualify as some kind of 'human nature'? If people experience themselves as having personalities, emotions, drives and so on, how does social construction re-conceptualise these phenomena? (Burr 1995:111-112)

Sosiale konstruksionisme het definitiewe slaggate soos relativisme (veral t.o.v. 'n realiteit en waarheid) en die potensiaal/vermoë van mense om te verander.

'n Diskoers bied 'n verwysingsraamwerk, 'n manier waarop die wêreld geïnterpreteer kan word en betekenis toegeken kan word sodat sekere 'objekte' vorm kan aanneem. Diskoerse is praktyke wat die objekte wat ter sprake is vorm. Indien hierdie standpunt wat by Foucault begin het, gehandhaaf word is daar probleme.

Die eerste is die konsekwensie dat die mens geen inherente persoonlikheid het nie. Tog weet ons, byvoorbeeld, sommige mense is meer emosioneel as ander, mense het verskillende passies. Tot 'n mate antwoord die sosiale konstruksionisme dat ons subjektiewe ervaring voorsien word deur die kulturele diskoerse waarvan ons deel is. Die aard van die mens en subjektiwiteit word nie behoorlik verklar nie.

Die tweede probleem is die menslike vermoë om in beheer te wees en die potensiaal te hê om te kan verander volgens eie keuse - persoonlike beheer ('agency'). (Burr 1995:57-61)

There is a real danger that we can become paralysed by the view that individual people can really do nothing to change themselves or their world.

A further problem with this view is how you conceptualise reality and truth. The claim that 'discourse is all there is' is a logical conclusion of the argument that language does not label discrete entities in the real world that exist independently of it. All language can do, then, is to refer to itself. Language is 'n 'self-referent' system.

This is referred to as the problem of 'relativism'. (Burr 1995:60)

Liebrucks (2001:364) blameer Gergen vir die assosiasie van sosiale konstruksionisme met relativisme. Hy (Liebrucks 2001) onderskei diskursiewe ('discursive'- betogende) konstruksies (hipoteses, wette en teorieë, modelle, diagramme en navorsingsverslae) van materiële konstruksies (eksperimentele ontwerpe, meetinstrumente, toetsinstrumente, en voorbereidings vir navorsing).

Die sosiale konstruksionisme bevraagteken die wetenskaplike uitgangspunt dat almal wat die reëls noukeurig volg by dieselfde resultate of gevolgtrekkings sal uitkom. Wanneer sosiale konstruksionisme sê 'feite' is sosiaal gekonstrueer, wanneer diskursiewe konstruksies ter sprake is, word bevestig dat feitlike kennis die produk van 'n kreatiewe interpretasieproses is wat in sosiale interaksie plaasvind.

Sosiaal konstruksionistiese studies wys daarop dat wetenskaplikes dikwels, wanneer die gewenste resultate nie verkry word nie, die ontwerp van die eksperiment verander voordat die hipotese of teorie gewysig word. Dit is dan materiële konstruksies.

Constructionist studies have recognized that the material world offers resistance; that facts are not made by pronouncing them to be facts but by being intricately constructed against the resistances of the natural (and social!) order. (Liebrucks

2001:369)

Dit volg dan dat wetenskaplike kennisproduksie sosiaal van aard is. Interpretasie van resultate van eksperimente, wat volgens 'n stel reëls uitgevoer is, kom tot stand binne 'n sosiale onderhandelingsproses. Dit is nie net die beoefening van wetenskap wat 'n sosiale handeling is nie. Wetenskap en wetenskapsbeoefening is ook in 'n gemeenskap gegrond.

Dit kan die *teoretiese geladenheid van persepsie* genoem word. Afhangende van opleiding en agtergrond kan dieselfde gegewens verskillend geïnterpreteer word. Mense met verskillende sosiale en konseptuele agtergrond (dit is basies elke mens) lewe in verskillende wêreldes met verskillende objekte.

Maar, ten einde te kan kommunikeer, te onderrig en eindelik ook sosiaal te kan konstrueer, moet daar 'n gemene wêreld (t.o.v. objekte ter sprake), onafhanklik van die verskillende persepsies, bestaan. Twee mense sien dieselfde stof vanuit verskillende perspektiewe. Beide se beskrywings (hoe verskillend ook al) kan dus gelyktydig waar wees. Alle beskrywings is nie noodwendig ewe geldig binne alle kontekste nie. Dus gee beide beskrywings 'n spesifieke aspek van die wêreld weer.

After all, the theses of the social constructionists, which I have outlined above - (a) that knowledge is produced in the course of a creative process of interpretation; (b) that active theory-guided manipulations of material objects play a central role in natural scientific knowledge production; and (c) that knowledge is always dependent on the social circumstances under which it is produced - are also central to modern versions of realism. (Liebrucks 2001:372)

Wat 'die self' betref is een van die grootste probleme die verklaring van die begeertes, hoop, fantasie, behoeftes van 'n persoon en die rol wat dit speel in keuses en besluite wat geneem word. Die prosesse word nie in ag geneem nie, die fenomene kan nie ten volle verduidelik word nie. (vgl Maze 2001:413-415)

Hier wys Liebrucks (2001) vir die sosiale konstruksionisme 'n middelposisie aan in nog 'n poging om relativisme te ontsnap.

The social constructionists in psychology advocate the view that the subject matter of our discipline - in contrast to the subject matter of the natural sciences -

is not a natural kind but an historical product of social processes. In saying this, they dispute the universalistic pretensions of contemporary psychological theories. However, in doing so, they nevertheless do not subscribe to a relativist epistemology. They do not claim that it is impossible to arrive at valid accounts that apply to the psychological properties of persons. They only claim that valid accounts that apply to the psychology of all humankind irrespective of time and culture are possible only on a very high level of abstraction, and that more concrete accounts only apply to specific historical epochs and specific cultural spheres. (Liebrucks 2001:373)

Weer onderskei hy diskursiewe en materiële konstruksies. Die eienskappe van persone wat slegs in die konteks van 'n sekere diskoers bestaan en nie onafhanklik van hierdie diskoers geïdentifiseer kan word nie, is 'n diskursiewe konstruksie.

Die eienskappe van mense wat deur diskoerse voortgebring word maar in beginsel geïdentifiseer kan word op die vlak van gedragpatrone, onafhanklik van enige spesifieke diskoerse van die persone wat ondersoek word, is materiële konstruksies. Vaardighede val in hierdie konstruksie.

Maze (2001) se argument is 'n verdediging van direkte realisme en staan dus in opposisie teen Gergen, (en ook Derrida).

..., we need to understand that human beings are natively capable of discovering an enormous number of natural kinds and perceiving them in relation to one another. Without that ability there is no plausible way of explaining how we could develop knowledge of that sort starting from a basis that did not include such content already. Please do not think this means that realism holds that we have innate knowledge or innate templates to which we fit perceived particulars. Its nativism refers only to our native *capacity* to look about the world, discover, remember and recognize kinds of thing and kinds of situation. But because the things we know exist independently of the biological organism that knows them, and because the knowing organism is not perfect in its functioning and has interests that may not welcome the situations it perceives, there is room for slippage between knower and known - room for error as well as knowledge. (Maze 2001:398)

Vanuit hierdie standpunt wys Maze op interne kontradiksies van sosiale konstruksionisme. Daar is 'n epistemologiese teenspraak. Die sentrale beginsel dat daar geen objektiewe waarheid is nie word as objektief waar voorgehou. Hierdie self-weerspreking is geleë tussen die inhoud van die beginsel en die handeling om dit daar te stel.

Hy meen ook Gergen is inkonsekwent om behaviorisme as 'n historiese eienaardigheid te bestempel maar dan Wittgenstein se 'language games' te aanvaar en gebruik. Hiervolgens het taal geen sin nie, dit funksioneer slegs as gekondisioneerde stimuli.

Gergen is expecting his theoretical statements to be accepted as asserting something true about language and knowledge, even though the content of the statements tries to deny that possibility. This is the classical paradox: if the theory is true, it is false. (Maze 2001:400)

Volgens Maze hou die argument dat Gergen en sosiale konstruksionisme se definisies van waar en vals verskil ook nie water nie.

'n Verdere probleem is die verhouding tussen ideologie en sosiale konstruksionisme. Wanneer regeerders hulle ideologie deur mediabeheer ens. konstrueer op so 'n wyse dat dit 'waar' word, is die beoordeling daarvan problematies.

Jenkins (2001) beskuldig sosiale konstruksionisme van 'n oorbeklemtoning van die rol van die groep of kultuur in die vorming of daarstelling van 'die self'. Hy sluit aan by die argument dat die individu die keuse het om 'n diskoers te aanvaar of teen te staan, veral wanneer 'n persoon bewus is van die diskoers. 'n Moontlike verklaring vir die individu se vermoë om bewus te wees van kulturele invloede en die invloede teen te staan, is die beskikbaarheid van ander kulturele raamwerke. Daar word op die grense van verskeie kulturele raamwerke geleef. Dit bied die moontlikheid om dialekties om te gaan met die moontlike diskoerse en hulle invloed. Die mens het ook die vermoë om alternatiewe in die verbeelding voor te stel wat teen heersende stimulus ingaan.

Hy meen daar word nie behoorlik onderskei tussen 'inhoud' en 'proses' wanneer sosiale konstruksionisme die vorming van 'die self' oorweeg nie.

The mosaic of culture owes its qualities partly to the dynamics and contributions of the individuals who comprise it. The quality of human functioning is complex enough to require the study of the independent contributions of both individual as

well as group and sociocultural processes. (Jenkins 2001:359)

Gergen (2001) stel dit baie duidelik dat hy sosiale konstruksionisme vanuit 'n pragmatiese standpunt benader. Sy hoofdoel is transformerend. Verder meen hy ook:

...all arguments are subject to multiple forms of deconstruction. All are semiotically spongy, politically saturated, and born of particular cultures at particular locations in history. Although continued dialogue is essential, if we await the impregnable logic or the fully accurate account of our condition, we shall forever remain 'frozen at the choice point.' (Gergen 2001:420)

Gergen dui op 'n realisme wat histories en kultureel in 'n tradisie of lewensvorm ingebed is - 'n ingebedde realisme.

Sosiale konstruksionisme ontken nie die bestaan van waarhede of realiteite nie. Dit word net beklemtoon dat waarhede en feite altyd perspektiwistiese interpretasies is wat te voorskyn kom vanuit gedeelde sosiale verstaan. Betekenis kom tot stand vanuit 'n proses van refleksiwiteit. (Durrheim 1997)

Edley (2001) argumenteer dat die misverstaan van sosiale konstruksionisme gebaseer is op die foutiewe aanname dat sosiale konstruksioniste taal as die enigste realiteit sien. Sosiale konstruksioniste gebruik 'n kaart om na 'n stad te ry en glo nie dat die stad tot bestaan kom bloot omdat dit aangeteken is nie. Hulle meen wel dat dit 'n stad is op grond van 'n teks - die verklaring daarvan tot 'n stad. Die grense en ontwikkeling is ook 'n onderhandelde sosiale konstruksie.

Hy meen dat die meeste misverstand uit die weg geruim sal word indien epistemologiese en ontologiese aspekte in uitsprake van sosiale konstruksionisme onderskei word.

Most of us are able to accept, I think, that descriptions are seldom neutral; that they are typically purpose-built for the contexts in which they make their appearance. Likewise, I think most people are able to appreciate how discourses can give rise to forms of social life, such as gender, class, and national identity. (Edley 2001:439)

2.3 **Teologiese Begroning**

Postmodernisme is die heersende paradigma en binne hierdie paradigma word o.a. realiteit en waarheid sosiaal gekonstrueer. Dit het verreikende implikasies vir die teologie. Vervolgens gaan gepoog word om 'n teologiese begroning t.o.v postmodernisme en sosiaal konstruksionisme daar te stel.

Teologie is 'n menslike handeling. Hierdie handeling fokus op God - God se openbaring, Sy omgang met die mens en die mens se geloofsreaksies op Hom. Dit is 'n menslike poging om te verstaan, te organiseer, sin te maak, te verwoord. Dit is 'n soeke na 'n gepaste reaksie op God binne die mens se eie konteks en beperkinge.

Allowing for the unspeakable and the imperfect expressiveness of our words, God can be believed in and can be seen to reveal himself through words and in human lives, maybe in one life par excellence.

Religions have a mystical slant and often struggle to put their ideas into words. Some things are just unspeakable, as a saint has a vision of bliss and ecstasy. Even today, near-death experiences can result in an epiphany when people near the point of death leave their bodies briefly. The sheer beauty, aliveness, freshness and light are stumblingly put into words, but they have no illusions that these are pale reflections of what they claim to have seen. The apostle Paul relates such an experience of out-of-the-body bliss in one of his epistles: 'And I know that this man - whether in the body or apart from the body I do not know, but God knows - was caught up to Paradise. He heard inexpressible things that man is not permitted to tell' (2Corinthians 12:3-4).

Our words are open, rich and elastic enough to convey mysteries and wonders.
(O'Donnell 2003:140)

Tog is ons woorde ook te beperk en nie ryk genoeg om die volle omvang van die openbaring te kan verwoord op 'n wyse wat omvattend en ewiggeldend is nie. Dit is altyd 'n mens binne 'n konteks wat nadink en skryf oor God.

Dit beteken dat teologie histories-, plek- en kultuur- en selfs persoons-bepaald is. 'n Goeie

voorbeeld is die verskille tussen die mondelinge tradisies wat relatief kort na die historiese gebeure, wat dit beskryf, ontstaan het, asook die bestaan van soveel verskillende teologiese standpunte.

Die teologie (indien dit nie 'n ivoortoringteologie is nie) staan ook nie los van paradigmatiese wat plaasvind nie. Postmodernisme het 'n beduidende invloed op die teologie. Warm teologiese debatte laat geen twyfel daaroor nie. Daar is die groep wat teen alle koste wil vashou aan die een bo-menslike, ewiggeldende interpretasie van die openbaring van God. Hierdie groep poog om alle oneffenhede wat uitgewys word weg te verklaar of te ignoreer. Geykte verklarings word op unieke nuwe situasies afgedwing. Alternatiewe interpretasie word dikwels ook gedemoniseer.

Dan is daar aan die ander pool diegene wat rebelleer teen die status quo en ten alle koste kontroversieel en anders wil interpreteer.

Daarom is dit nodig om binne hierdie studie aandag te gee aan 'n teologiese begroning. Uit die aard van die saak kan daar nie 'n volledige teologie uitgewerk word nie.

2.3.1 Teologie en Praktiese Teologie

In die teologie gaan dit om God. Die term teologie sê dit self. Die woord teologie is 'n samevoeging van twee Griekse woorde, naamlik *theos* wat God beteken en *logos* wat woord beteken. Teologie is daarom 'n woord oor God. Die vraag is of wetenskaplik oor God gepraat kan word. Kan ons nie slegs met God praat nie? Is alle spreke oor God nie geloofsuitsprake nie? Kan God 'n objek van studie word? Is teologie enigsins moontlik?

God kan nie geobjektiveer en die onderwerp vir wetenskaplike studie wees nie. God kan nie in 'n menslike woord vasgevang word nie. In die teologie kan hoogstens mense se woorde oor God en die geloof in God bestudeer word. Teologie sou daarom beskryf kon word as die wetenskaplike bestudering van mense se geloof in God en mense se geloofsuitsprake oor God. (Heyns & Pieterse 1990:4)

Die mens kan haarself of homself nooit die arrogansie aanmatig om te dink dat God op 'n ondersoektafel geplaas kan word en dan fyn gedissekteer kan word om tot 'n volledige verstaan van sy aard en wese te kom nie. Alle verwoording t.o.v. God is antropomorfistiese stameling. Dit is pogings om binne die beperkinge van taal en intellek tot 'n verstaan te kom van God. As bronne vir hierdie proses dien die skepping, die Bybel en die geloofsgemeenskap se uitsprake en handeling. As motivering en rigtinggewing vir die proses dien die werk van die Heilige Gees.

Hierdie verstaan van God lei tot sekere reaksies teenoor God (aanbidding, kerkwees, ens.), tot gedragspatrone (geloofshandeling, etiese standpunte, interpersoonlike verhoudinge, pastorale versorging, hulpverlening ens.) en tot verwagtinge (wederkoms van Christus, ewige lewe na die dood ens.)

Barth (1979:11-12) meen dat die benaming 'teologie' goedskiks vervang kan word met 'teo-antropologie' aangesien dit gaan oor God as God van die mens, maar ook oor die mens as God se mens.

Louw se definisie is handig. Hier word die frase 'met behulp van die geloof' gesien as die weergee van die invloed, en sodoende ook bronwees, van die geloofsgemeenskap se geloofshandeling en geloofsverhale op die beoefening van teologie.

Teologie is die menslike refleksie (sistematiese en eksegetiese besinning) en as gevolg hiervan 'n interpretasieproses/vertolkingsgebeure met behulp van die geloof oor die betekenis/bedoeling/sin van die verbondsmatige ontmoeting tussen God en mens soos geopenbaar in die Skrif en die implikasie van hierdie ontmoeting vir die sin van kerkwees (eklesiologiese dimensie); vir menswees (eksistensiële dimensie) asook vir die eventuele bestemmingsfunksie van die skepping (kosmiese dimensie). (Louw 1993:77)

Verder gespesifiseer is dit vanuit die praktiese teologie wat hierdie studie gedoen word. Aan die hand van Don Browning se werk *Practical Theology* som Louw (1993:71-72) die skuif wat in praktiese teologie plaasgevind het op:

Daar is 'n verskuiwing weg van die klerikale of amptelike paradigma waarin dit gaan om die

ampte na 'n soort fenomenologiese ekklesiologie wat fokus op die publieke gestalte van die kerk in die wêreld.

Praktiese teologie is minder ingestel op geloofsinhoude en het meer die rol om die relevansie van geloof te toets in gesprek met ander godsdienste en sekulêre geloofsgestaltes in 'n pluralistiese maatskappy.

Dit word die taak van die praktiese teologie om etiese norme te ontwikkel vir die samelewing met die oog op beide 'n sosiale as individuele transformasieproses.

'n Wegbeweeg vanaf suiwer teoretiese beginsels na 'n praktyk-georiënteerde benadering.

Die groter rol van die sosiale wetenskappe in die beoefening van praktiese teologie.

Praktiese teologie as bevrydingsteologie speel 'n groter rol in politieke bevryding - maar nie ten koste van die persoonlik-eksistensiële en ekklesiologiese dimensies nie.

Om op te som kan ons sê dat dit 'n beweging weg is van die openbaring na die empirie. In die lig van die korrelasiebeginsel ontwerp die praktiese teologie nie meer tegniese maatreëls vir die kerklike praktyk nie. Die praktiese teologie ontwerp nou praxis-teorieë en handelingstrategieë ten einde deel te wees van die sosiale en persoonlike transformasieproses. Die aksent wat gelê word in hierdie verskuiwingsproses is wag van sê (woord) in die rigting van doen (handeling). Die tegniek van beïnvloeding en kommunikasie met die oog op transformasie word die dominante faktor. (Louw 1993:72)

Louw kies vir die hermeneutiese model.

Die hermeneutiese model is teologies wanneer die objek van die praktiese teologie nie in die eerste plek kommunikatiewe geloofshandeling is nie, maar die sin en betekenis van die ontmoetingsgebeure van die heil. Die aard, doel en struktuur van die God-mens-interaksie word nou die mees primêre objek van die praktiese teologie. Met die oog op die konkretisering van hierdie ontmoetingsgebeure van die heil wil die praktiese teologie die aard van hierdie ontmoeting sodanig vertolk dat die vertolking op die tweede vlak (die vlak van menslike handeling en ervaring) te doen het met die vertolking van kommunikatiewe geloofshandeling. In hierdie vertolkingsgebeure funksioneer die eskatologiese perspektief as die normatiewe komponent ten einde die mens en

die wêreld sy Godgegewe bestemmingsfunksie te laat ontdek. (Louw 1993:79)

Dit maak die taak van die praktiese teologie dan om die “sin/bedoeling van die verbondsmatige ontmoetingsgebeure tussen God en mens so te vertolk dat hierdie vertolkingswerkzaamheid opbouend sal inwerk op die kerk en vernuwend en veranderend sal inwerk op die ganse kosmos” (Louw 1993:80)

Die verbondsmatige ontmoetingsgebeure tussen God en mens word byna uitsluitlik verwoord in verhale. Die Verhaal (die verhaal van God se openbarende teenwoordigheid, die heilsverhaal) moet ontgin word en die inbreking daarvan in ons verhale moet ontdek word. Verhale moet ook hervertel word sodat die toekoms as ‘n verhaal van hoop kan ontvou omdat die Verhaal ons verhaal transendeer.

Die gevolgtrekkings en resultate van die beoefening van praktiese teologie behoort ‘n verskil te maak in die samelewing.

Browning (1991:34ev) maak ‘n saak uit vir die hergeboorte van praktiese filosofie. Dit het implikasies vir teologie en praktiese teologie.

...if this philosophical turn is taken seriously, all humanistic studies, including theological studies, must be recognized as practical and historical through and through. In this view, all theology becomes practical theology. (Browning 1991:36)

Dit is dus belangrik om weg te beweeg van die dualistiese paradigma wat teorie en praktyk skei. Praktiese teologie is nie bloot die toepassing van die ander teologiese dissiplines nie. Praktiese teologie staan volwaardig as ‘n dissipline binne die teologiese kader en tussen die geesteswetenskappe. (Vgl Furet 1977:9-22; Browning 1991:7ev; Müller 1996:1-17)

Lartey (Willows & Swinton 2000:72-77) vat verskillende benaderings tot die praktiese teologie saam en stel ‘n nuwe benadering voor.

In die eerste plek word Praktiese Teologie dikwels benader as ‘n tak of onderafdeling van teologie as wetenskap, of dan filosofiese teologie. Praktiese teologie word dan niks meer as die toepassing van teologiese kennis en resultate nie. Die bydraes wat Praktiese Teologie tot ander teologiese dissiplines kan maak word misken en maak Praktiese Teologie tweederangs.

Tweedens is daar die proses benadering wat werkbare metodes daar stel om praktiese teologie te help om resultate te lewer. Metode word maklik belangriker as inhoud. Verder word nie genoeg kennis geneem van kontekste nie.

'n Derde benadering is die "way of being and doing" benadering. 'n Eksistensiële, pragmatiese benadering wat veral gewild is onder bevrydingsteoloë. Praktiese teologie is dan nie 'n onderafdeling van teologiese kennis nie en ook nie 'n metode om goeie, ingeligte praktyk daar te stel nie, maar dui 'n manier aan waarop teologie gedoen, be-oefen kan word en waarop daar teoloog gewees kan word. Dus word geloof en praktyk ondersoek. Daar word gevra wie die teologie be-oefen, in watter omstandighede, tot wie se voordeel of nadeel en wie word ingesluit of uitgesluit. Dit kan lei tot 'n anti-intellektualisme en 'n oorbeklemtoning van konteks.

Lartey stel dan 'n benadering met vyf bewegings voor: 'n Konkrete ondervinding of gebeure is die aanvangspunt.

This phase is incarnational and suggests that practical theology must continually seek to be close to people's real experience of life. It is here that the God and 'Father' of our Lord Jesus Christ is encountered. (Willows & Swinton 2000:76-77)

Hierna volg 'n situasieanalise waarin gepoog word om 'n verskeidenheid van perspektiewe vanuit verskillende dissiplines te bekom. Kollektiewe kyk na 'n situasie is een van die maniere om die rykheid van God se teenwoordigheid in 'n situasie te ontdek.

Tydens die derde fase word geloofsperspektiewe toegelaat om vrae te vra aan die ervaring sowel as die situasieanalise.

In die volgende fase word geloofsperspektiewe weer ondervra, uitgevra deur die ervaring en die situasieanalise.

Ten laaste word gesoek na moontlike reaksies en die mees gepaste reaksie op die situasie.

Wetenskapsbeoefening in die algemeen en beoefening van praktiese teologie in die besonder

word dan gekenmerk deur kontekstualiteit, lokaliteit en pluralisme. (Müller 1996:3) Hierdie kontekstualiteit, lokaliteit en pluralisme van die praktiese teologie het die ruimte geskep vir die groei van 'n spesifieke perspektief: die narratiewe. Denkraamwerke word gevorm deur kontekstuele ervarings wat 'n narratiewe vorm aanneem.

Die wetenskaplike proses word bepaal deur hierdie bewustelike en onbewustelike denkraamwerk(e) (waarvoor 'n mens ook die konsepte epistemologie en paradigma kan gebruik) waarmee die omringende wêreld beoordeel word. Die begrip "narratiewe" as beskrywing van die studieveld van die praktiese teologie kan na my mening bydra tot 'n beter verstaan van die konsep, "kommunikatiewe handeling", wat vandag algemeen in praktiese teologie gebruik word en aan Habermas (1982)² ontleen is.

Wanneer kommunikatiewe handeling in die praktiese teologie bestudeer word, maar met 'n definitiewe en doelgerigte narratiewe perspektief, is die benadering veel meer inklusief en verwys dit na die totale ekosisteem waarbinne die kommunikasieprosesse verloop. Verder het die narratief in die geesteswetenskappe ontwikkel tot dié perspektief waardeur kulturele en individuele ervarings binne 'n verstaanbare raamwerk geplaas kan word (Paré 1995:7)³ (Müller 1996:4)

Die narratiewe benadering vra vir 'n uitbreiding van die hermeneutiese paradigma en lei tot die ernstige opneem van 'n ekosistemiese paradigma.

In die hermeneutiese paradigma val die klem op verstaan binne die konteks van die geheel, terwyl dit in die *eko-hermeneutiese* paradigma val op die verstaan van

² Habermas, J. 1982. *Theorie des Kommunikativen Handelns*. Bd I & Bd II. Frankfurt:Suhrkamp.

³ Paré, D.A. 1995. Of Families and Other Cultures: The Shifting Paradigm of Family Therapy. *Family Process*, 34:1-19

die geheel en die ontdek van die betekenis van die geheel-konsep binne verskeie kontekste. Die hermeneutiese paradigma bied wel perspektief op die geheel, want dit veronderstel verstaan binne die wyer ekosisteem. Die eko-hermeneutiese paradigma, aan die ander kant, gaan verder en vra vir verstaan van die konsep *geheel*. Dit veronderstel inderdaad 'n tweede-orde hermeneutiek. Dit is nie maar net om 'n lens met 'n wyer hoek te gebruik en so die ekosisteem in jou verstaan in te sluit nie; dit is eerder vergelykbaar met 'n "virtual reality" ervaring. Die eko-hermeneutiese paradigma propageer 'n vorm van verstaan wat alleen moontlik is indien 'n mens in die betekenisgeheel opgeneem word. (Müller 1996:14)

In die lig hiervan word daar ook aangesluit by Müller se definisie van praktiese teologie:

Praktiese teologie is die sistematies-gestruktureerde, voortgaande hermeneutiese proses, waardeur gepoog word om menslike handeling, wat verband hou met die verhale van die Christengeloofsgemeenskap, teologies te verhelder en te vernuwe. (Müller 1996:5)

Binne bogenoemde konteks het die narratiewe nie net bestaansreg nie, maar is inderdaad onontbeerlik tot insig en groei.

2.3.2 **Woord**

Hierdie studie word vanuit die Reformatoriese tradisie gedoen. Dit gaan daarvan uit dat die Bybel die draer van God se openbaring aan ons is en dat die verlossingsboodskap van God se heil vir die mens in die Skrif die waarheid is.

Verder word aangesluit by Van Zyl (2003) t.o.v. die volgende uitgangspunte:

Daar word vertrek vanuit 'n geloof in die transendente, persoonlike God, "vanuit die oortuiging dat God daar is, dat Hy saak maak, en dat Hy hierdie wêreld rig en lei na sy uiteindelijke bestemming toe." (Van Zyl 2003:190)

God is selfgenoegsaam in sy transendensie, maar Hy het in sy alwysheid besluit om Homself te

openbaar. Hy het betrokke geraak by die mens en het Homself onderwerp aan die uitdaging van 'n verhouding met die mens.

As primêre bron van openbaring speel die Bybel 'n belangrike rol. Om openbaring aan die mens te wees kan die Woord nie 'n organiese en kontekstuele aard vryspring nie. Die outeurs het openbaringsgebeure vanuit mondelinge tradisies, eie ervarings en persoonlike geloof geïnterpreteer en op skrif gestel. Onder begeleiding van die Heilige Gees het die proses verloop. Dit lei daartoe dat die Bybel "honderd persent die woord van mense en honderd persent die Woord van God is." (Van Zyl 2003:192)(vgl Cilliers 2003:22-25)

Die Bybel verwys ons, as egte en betroubare getuienis, allereers na God as die *Skepper* van alle dinge, vervolgens na die Skeppings-Woord (Christus) *in wie* alles geskape is, vervolgens na die Wet-Woord waaraan God alle skepsele onderwerp het, dan na die Instandhoudings- of Voorsienigheids-Woord (Christus in wie alles vanaf die sondeval steeds *stand-hou*) en ten slotte na die Verlossings-Woord. Teenoor die biblisme word hiermee erken dat die *Bybel* nie die *totale* Woord van God is nie: dit is een (onmisbare) gestalte van die Woord, naamlik die *Skrif-geworde Woord*. (Strauss 2002:574-575)

In die postmoderne denke word so 'n uitgangspunt bevraagteken en word die geldigheid van alle groot verhale ("grand narratives") wat aanspraak daarop maak dat dit die waarheid is en vir alle mense geldig is, ontken. (Pieterse 2002:75) (vgl Van Zyl 2003)

Ek dink daar is 'n middeweg wat gevolg kan word wat postmodernisme ernstig opneem sonder om die normatiewe- en openbaringskarakter van die Woord te relativeer.

2.3.2.1 *Woord en teologie*

Teologie en praktiese teologie het die Skrif (ook as versameling verhale van die Christengeloofsgemeenskap) as basisbron. Daarom is dit sinvol om kortliks stil te staan by die onderskeid tussen dogmatiese- en Bybelse teologie.

Dogmatic theology can denote either a descriptive task of identifying a theology within the Bible, or a constructive task that accords with the Bible. The former is more a historical task, the latter an attempt to formulate a modern theology compatible in some sense with the Bible. (Horton 2000:15)

Dogmatiese teologie staan binne 'n ekklesiologiese konteks en loop die gevaar om die tradisie tot diens te wees. Dogmatiese teologie kan soms beskuldig word daarvan dat tekste, wat as bewystekste gebruik word vir 'n leerstelling, sonder inagneming van eksegetiese konteks aangehaal word. 'n Volgende slagat is die harmoniëring van tekste/gedeeltes wat oënskynlik teenstrydig is of in konflik staan. Dit lei tot 'n verskraling van die ryke verskeidenheid in die Bybel. 'n Verdere probleem t.o.v. dogmatiese teologie is dat Bybelinterpretasie ook maklik geskied in die lig van vroeëre belydenisskrifte of die Christelike ortodoksie. (Horton 2000:16)

Spangenberg (2002) meen die dogmatiese teologie gaan uit van 'n dubbele outeurskap vir die Bybel. God is die eerste of primêre skrywer en mense is die ondergeskikte of sekondêre skrywers. (Spangenberg 2002:184)

Bybelse teologie aan die ander kant het die rykheid en verskeidenheid van die materiaal in die Skrif onderstreep. Dit het egter gelei tot 'n oorbeklemtoning van die verskeidenheid en gevolglik 'n bevraagtekening van die eenheid van die Bybel. Daar is skerp onderskei tussen Ou Testamentiese- en Nuwe Testamentiese teologie en ook tussen die verskillende outeurs in die Bybel. In die afwesigheid van 'n ekklesiologiese konteks het die Bybelse teologie gesoek na 'n filosofiese raamwerk waarbinne gewerk kan word - soos filosofiese idealisme of historiese evolusie. (Horton 2000:16)

Spangenberg (2002) is van mening dat Bybelwetenskaplikes oor die algemeen uitgaan van 'n enkelouteurskap standpunt t.o.v. Bybeltekste. "Mense het Bybelboeke geskryf en dis menslike insigte waarmee ons te doen kry wanneer ons die Bybel lees." (Spangenberg 2002:188)

Wanneer die historiese konteks sowel as die literatuursoort van 'n teks in ag geneem is en tot 'n formulering van 'n betekenis van die teks gekom is, is dit steeds nie openbaring van God nie.

Ons kan hoogstens sê dat dit is hoe dáárdie mense gereageer het op God se openbaring, of dan sy ontmoeting met hulle. Die openbaring lê daarom ook nie in

die Bybel vasgevang nie, maar agter die Bybel in die gebeure wat onherhaalbaar verby is. (Spangenberg 2002:192)

Die Bybel is dus getuigenis van mense wat 'n ervaring met God gehad het, daarvoor nagedink het en wat dan neergeskryf is. Die historiese korrektheid is nie van groot belang nie. Binne konteks gelees kan dit steeds aan ons geloofslewe waarde toevoeg. (Spangenberg 2003:157)

Die radikale vorme van hierdie argumente laat groot vrae t.o.v. inspirasie en Skrifgesag ontstaan en sal later hanteer word.

'n Gesonde regstelling het gekom met die erkenning dat die Bybel 'n kerklike boek is. Dit beteken dat die Bybel 'n boek is wat in die kerk vir die kerk geskryf is. As die Bybel die kerk se Boek is, moet die kerk gevra word hoe die Bybel gelees moet word, vir watter doel die Bybel gelees moet word en hoe lidmate geleer word om die Bybel te lees. (Vgl ook Britz 2002:355ev; Van der Watt et al 2002:44)

It is recognized that the church has taught its members to read the Bible, that is, with the presuppositions and goals appropriate to the Scriptures themselves. This recognition opens a window of opportunity for bringing biblical theology and dogmatic theology once again into conversation. (Horton 2000:17)

Hierdie standpunt is ook kongruent met die sosiaal konstruksionistiese beginsels dat kennis/verstaan histories en kultuur spesifiek is, dat kennis/verstaan deur sosiale prosesse in stand gehou word en dat kennis/verstaan en sosiale handeling mekaar wedersyds beïnvloed. Die konteks waarin gekonstrueer word mag nooit buite rekening gelaat word nie. Die kritiese uitgangspunt teenoor algemeen aanvaarde kennis is ook gesond en in lyn met die kerk se intensie om voortdurend te reformeer.

Daar is definitiewe positiewe faktore wat dogmatiese teologie tot die gesprek met Bybelse teologie kan bydra (Horton 2000:17-25):

Dogmatiese teologie en 'n belydenisgrondslag bied 'n raamwerk en voorveronderstellings vir die lees van die Skrif.

Die manier waarop ons die verhaal vir die eerste keer hoor het 'n invloed op ons verdere

bestudering van die Skrif. In 'n sekere sin verteenwoordig die dogma 'n geakkumuleerde verstaan van die Skrif en kan as ryk instrument dien vir die lees van die Skrif. Dit is 'n mite om te dink die Bybel kan objektief gelees word. Die leser benader die teks altyd vanuit 'n sekere raamwerk indien dit nie die kerklike is nie dan 'n ander.

Dit dien ook as 'n opsomming van die Christelike geloof en getuienis teenoor God en die wêreld t.o.v. die inhoud van die geloof.

Die antieke ortodokse kerklike dogma bied ook hermeneutiese riglyne vir die verstaan van die Skrif.

Die dogma bied 'n geografiese kartering van die Bybel. Dit bied 'n kaart wat verskillende plekke in verhouding tot mekaar aandui. Dit vervang nie 'n detail besoek aan die verskillende areas nie. Dit kan net help om dit sinvol te maak.

Die kuns is om die balans te vind tussen die dogmatiese teologie en die Bybelse teologie. Beide het veel wat hulle kan bydra tot die konstruksie van 'n sinvolle kontemporêre teologie wat verstaan bevorder t.o.v. die mens se plek in God se wêreld en God se rol in die mens se wêreld.

'n Verdere welkome regstelling is die verlies van die 'heilige koei' status van die teologie. Die teologie en die Bybel kan gedekonstrueer word, behoort gedekonstrueer te word. Dit gee aan teoloë die vryheid en vrymoedigheid om aanpassings te maak.

Dit is net belangrik om nie die baba met die badwater uit te gooi nie. Daar word gevra vir 'n fyn aanvoeling, integriteit in die omgang met die Skrif en balans en nederigheid in die toepassing daarvan. Respek vir die sosiale konteks waarbinne teologie gekonstrueer is en gekonstrueer word, asook vir die kerklike tradisie en dogmageskiedenis, is ononderhandelbaar. Dit voorkom die moeisame herontdekking van die 'wiel' en 'n herhaling van sinlose foute.

Hoewel daar meestal 'n opregte soeke is na die leiding van die Heilige Gees in die omgang met die Skrif en die formulering van beleid, is daar ook in die kerk gedurig magspele aan die gang wat die dogma stuur en kleur. Daarom moet die teologie voortdurend getoets word. Voortdurende hervorming lei tot 'n dinamiese meewerk van die kerk met God in hierdie wêreld.

Die samelewing bied telkens uitdagings wat vra vir 'n vars nuwe benadering tot die openbaring van God. Anders gestel: ou antwoorde beantwoord nie nuwe vrae nie.

Die openbaring van God mag dus nooit vasgevang word in stagnante antropomorfistiese formulerings nie. Deur die Woord kommunikeer die Here telkens opnuut met elke persoon binne eie konteks (taal, kultuur, geslag, huwelikstaat, familie, gesin ens.), tyd, omstandighede en behoefte. Hierdie wonder word bemiddel deur God as Heilige Gees.

2.3.2.2 *Woord en Gesag*

Die paradigmaskuif van modernisme tot postmodernisme en die spanningsvolle naasbestaan van modernisme en postmodernisme het 'n definitiewe invloed op Skrifbeskouing en Skrifgesag. Die Bybel word dikwels gesien as een van die meester narratiewe wat gedekonstrueer en verwerp moet word. Daar heers wyduiteenlopende standpunte oor die gesag van die Skrif. Dit wil lyk asof Skrifbeskouing en -gesag in die belangrikste verklaring is vir die bestaan en inhoud van verskillende teologiese benaderings en maniere van teologie beoefen. Dit beteken dat Skrifbeskouing mense in verskillende sosiaal konstrueerende gemeenskappe verdeel.

Aan die een kant is daar die standpunt wat ten alle koste die onaantasbare gesag van die Skrif handhaaf. Die Woord is 'n spreke van God in menslike taal wat deur die theopneustiewonder waar en duidelik is. Die Skrifwoord is meer as teken, dit is openbaringsmiddel waardeur God die geloof bewerk. Die Skrif is Woord van God omdat die Skrif dit self sê. (Britz 2002:354-358)

Die teboekstelling van die Skrif is deur die soewereine genade van God onder beademing van die Heilige Gees sonder feile daargestel. Die Skrif self is objek van die theopneustie en word daarom nooit stagnant nie. (Britz 2002:357)

Aan die realiteit van 'n bonatuurlike openbaring is vasgehou, sodat die oorheersende vraag steeds was: "Hoe moet die Bybel vir die hedendaagse mens vertolk word sodat die Woord van God ingang mag vind?" Dit is gevolglik duidelik dat die openbaringskarakter en oorsprong van die Skrif as Woord van God voorop gegaan het. Eintlik was dit die doelbewuste kofessionele voorveronderstelling waarmee die Skrif gelees en verstaan is. (Britz 2002:358)

Die gevaar van hierdie standpunt is dat die Skrif verhef word tot 'n onafhanklike gesagsentiteit wat kan lei tot verering van die Bybel as boek (Bibliolatrie). (AKLAS 2002:202) Dit is alleen

God wat oor gesag beskik. Alle ander gesag, ook die gesag van die Skrif is afgeleide gesag.

Hierteenoor staan die standpunt dat die Bybel 'n versameling geskifte is oor mense se ervarings van God en met God en oor die manier waarop hierdie mense hulle geloof tot uitdrukking gebring het. Hierdie geskifte het in die pre-moderne tyd tot stand gekom en het nie 'n buitengewone, bonatuurlike, oorsprong nie. Die waarde van die Bybel lê in die feit dat hierdie bundel geskifte die enigste tasbare "iets" van ons spesifieke geloof is waaroor ons beskik. (Du Toit 2000:64)

Die subjektiewe en oop aard van kennis en waarheid word beklemtoon.

Feit bly staan dat **die waarheid relasioneel is**, altyd te vinde binne die verhouding (relasie) van en wisselwerking tussen insig, kennis en ervaring. In hierdie proses speel "interpretasie" altyd 'n bepalende rol: Daar bestaan nie iets soos "objektiewe feite of standpunte" wat absoluut en finaal is nie. "Suiwer kennis" is 'n illusie. Ons het altyd te doen met **geïnterpreteerde data**. Ons "sien altyd deur 'n spieël", nooit direk, onbevange, onbemiddeld nie. Hierdie feit is waar van alle literatuur, ook van die Bybelse geskifte as literatuur. (Du Toit 2000:67)

Die gevaar van 'n deurvoer van hierdie standpunt tot sy volle konsekwensies kan daartoe lei dat die Bybel verword tot "verhewe fiksie wat ons op 'n etiese of simboliese vlak aanspreek"(Van Zyl 2003:196).

Die status en gesag van die Woord begrond Du Toit so:

- ▶ Dit is die feit dat die Bybel **kronologies eerste staan** in die ry van geskifte waaroor ons beskik, om vir ons te vertel van die handeling van God met sy mense. Hierdie feit gee aan die Bybel meerdere status en gesag.
- ▶ Hierby moet egter nog 'n rede gevoeg word hoekom daar aan die Bybel meerdere status gegee word: Die Bybelse geskifte is **histories nader aan die gebeure wat dit beskryf** as enige ander dokument waaroor ons beskik. As ons die algemene reël sou aanvaar (dit is natuurlik nie in alle

gevalle so nie) dat hoe nader 'n geskrif geskryf is aan die tyd van die gebeurtenis wat dit beskryf, hoe betroubaarder is die inligting daaroor, dan het die Bybelse geskifte groter status as geskifte wat later oor dieselfde gebeurtenisse handel. In hierdie sin is die sogenaamde **primêre bronne** meer gesagvol as die sekondêre bronne. Dit is 'n feit wat oor die algemeen geld in geskiedskrywing.

- ▶ Vir ons as Christene het die Bybel egter nog groter gesag omdat dit **ons enigste primêre toegang is tot Jesus van Nasaret** se lewe, leringe en werk. Ons het geen ander bron oor Jesus (as die Christus) nie. Daarom sê ons: **Die Bybel het Christologiese gesag**. Vir 'n aanhanger van enige ander godsdiens sal die Bybel nie dieselfde gesag hê nie, aangesien so 'n persoon nie in Jesus glo nie. Vir 'n Moslem sal die Koran gesagvol wees, maar vir 'n Christen wat in Jesus glo, is die Bybel gesagvol. Hier kan dus **geen sprake wees van gesag sonder geloof in Jesus as Verlosser** nie. Met ander woorde, eers moet die geloof daar wees (of die tradisie waarin jy grootgeword het), dan volg die gesag, nie andersom nie. Die geloof kan natuurlik versterk word deur die Bybel, wanneer daar met eerbied daarna geluister of wanneer dit gelees en oordink word. Maar aanvanklik moet die gesag voorafgegaan word deur geloof (of die verbondenheid aan 'n geloofstradisie). Daar was immers meer as drie eeue se Christendom voordat die Bybel se kanon finaal afgehandel was. Die voorwerp van ons geloof is eerstens Christus en daarna die Bybel. (Du Toit 2000:80-81)

Hierby sluit Spangenberg aan:

Bybelwetenskaplikes ag die Bybel gesagvol omdat dit die basisdokument van die Christelike geloof is. Voorts sien hulle daardie gesag nie soos dié van 'n **despoot** nie, maar soos dié van 'n vriend op wie se insigte hulle kan vertrou. (Spangenberg 2002:193)

Hierby moet gevoeg word dat die Skrif gesag dra omdat die Heilige Gees die gelowige daarvan oortuig. Enige persoon wat die Skrif vanuit die geloof as uitgangspunt benader is bewus van die Heilige Gees as metgesel op die reis.

Wat noodsaaklik is vir 'n werkbare beskouing van die gesag van die Skrif is balans en respek. "Respek vir die Skriftradisie en vir wat dit ten diepste wil sê, is net so belangrik as 'n kritiese ingesteldheid ten opsigte van die gebruik van die Bybel." (Van Zyl 2003:196) Balans tussen geloof en wetenskap.

Die Bybel dra *gesag*, maar nie wanneer dit kom by uitsprake oor sterrekunde of argeologie of fisika nie, maar wel wanneer dit handel oor hierdie unieke boodskap: God maak verlossende bemoeienis met die mens. Die Bybel is *noodsaaklik*, want nêrens elders in die wêreld, nie in enige ander boek, word die boodskap van God se genadige ingrype só vertel as juis in die Bybel nie. Die Bybel is *duidelik*, is in sekere sin glashelder, nie omdat dit foutloos praat oor dinge soos medisyne of kernkrag nie, maar omdat dit 'n boodskap van verlossing verkondig, wat, alhoewel dit veelkleurig is, ook eenvoudig is, só eenvoudig dat 'n kind dit kan verstaan. Ja, selfs die blindes kan tas dat die dinge wat in die Bybel voorspel is, plaasvind (NGB 5). Die feit dat daar dikwels so 'n verwarring oor die betekenis van die Bybel is, het meer te make met óns oogklappe, óns ingewikkeldheid as met die eenvoud van die Bybel. Ons het inderdaad genade nodig om dit te (begin) verstaan!

Die Bybel is ook *genoegsaam*, dis volmaak. Niks meer is nodig nie. Daarin het God immers sy hart uitgepraat.

Hierdie unieke boodskap kan net in die geloof aanvaar word. (Cilliers 2003:25-26)

Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat die gesag van die Skrif binne die geheel gesetel is. In die Skrif word ook mensewoorde gerig tot God aangetref - verwyte, klagte, beskuldigings, gebede, lofprysing ens. Woorde geuiter in oomblikke van menslike swakheid staan ook opgeteken. Selfs woorde van Satan word daarin gevind.

"**Sola Scriptura** (die Skrif alleen) beteken derhalwe ook **tota Scriptura** (die hele Skrif) omdat elke onderdeel in die lig van die geheel, en die geheel in die lig van die onderdele verstaan moet word." (AKLAS 2002:204)

'n Punt van spanning is die kanonvorming en die rol wat die kerk daarin gespeel het. Wat nie buite rekening gelaat mag word nie is dat die Woord gesag gehad het voordat dit om en by die

vierde eeu tot kanon verklaar is. Daar was slegs enkele geskifte waaroor twyfel bestaan het en 'n beslissing geneem moes word. (Van der Watt et al 2002:56)

“Die formele gesag van die Bybel as kanon van die kerk, is ten diepste gefundeer in sy materiële boodskap (inhoud) en nie in die feit dat die kerk dit as sodanig aanvaar het nie.” (AKLAS 2002:205) “Die erkenning van die kanon was 'n daad van deemoed, waaruit blyk dat die Skrif wel binne die verbondsgemeenskap ontstaan het, maar nie in die eerste instansie die produk daarvan was nie, maar die maatstaf waaraan die kerk gemeet word. As kanon staan die Skrif krities teenoor die kerk.”(AKLAS 2002:206)

Die gesag van die Skrif is dus hoofsaaklik geleë binne 'n bepaalde gemeenskap - die Christelike geloofsgemeenskap. Hierdie geloofsgemeenskap ervaar die Skrif gesagsvol op grond van geloofsoortuigings sowel as die invloed van die Skrif op individue en die gemeenskap. Die geloofsgemeenskap bely dat hierdie invloed bemiddel word deur die werk van God as Heilige Gees.

Waar die Gees van die Here is, is daar vryheid (2 Kor 3:17). Gesag **volgens** die Bybel, en derhalwe ook die gesag **van** die Bybel, is geensins die dwang van 'n tiran nie, maar die “sagte geweld” van die Gees. God's Gees oorrompel nie, maar oorreed. Dit verg nie van ons 'n gewelddadige - en daarom oneerlike - opoffering van ons denke as skepping van God nie, maar wel die kruisiging van ons gevalle, afgodiese denke wat geen grense wil ken nie. Die Heilige Gees skakel nie die menslike verstand uit nie, maar in. Die Gees maak ons nugter en leer ons om ons verstand verstandig te gebruik. Die oorsaak van ons ellende is immers nie ons baie (of min) verstand nie, maar ons gebrek aan gesonde verstand. Die Gees van God gebruik die Woord om ons te oorreed om God lief te hê met ons hele hart, siel, én verstand. Hierdie liefde sluit ons totale wese, ook ons intuïsie, emosie en verbeelding, in. Die onweerstaanbaarheid van God se genade is nie die onpersoonlike onweerstaanbaarheid van byvoorbeeld die wet op swaartekrag nie, maar die persoonlike onweerstaanbaarheid van 'n geliefde. Hierdie liefde maak ons nie blind nie, maar heldersienende. Deur die boodskap van die Bybel lê die Gees beslag op ons en maak ons sodoende vry. (AKLAS 2002:202)

2.3.2.3 *Woord en Gees*

Daar is 'n spesifieke konteks waarbinne die verhouding tussen die Woord en die Gees relevant is. Buite daardie konteks word die Woord en elk geval maar net woord, 'n teks soos enige ander teks. Die konteks is geloof.

“Geloof is die vitamine wat alles wat ons in die Bybel lees, verteerbaar maak; geloof maak dit moontlik dat ons dit kan ontvang en inneem. As ons nie geloof het nie, kan ons niks inneem nie.” En dan gaan 'n mens met die Bybel op jou skoot van geestelike honger dood. (Van der Watt et al 2002:77)

Daar is vroeë op verskeie vlakke wanneer nagedink word oor die verhouding tussen die Woord en die Heilige Gees. Die eerste vlak is die rol van die Gees tydens die openbaringsgebeure. Die tweede vlak is die rol van die Gees in die totstandkoming van die Skrif (tydens die mondelinge oorlewering, die op skrif stel asook tydens die kanonvorming en vertaling), en die derde vlak is die rol van die Heilige Gees in die lees, vertolking (interpretasie) en sistemativering van die Skrifinhoud.

Die rol van die Heilige Gees tydens die openbaringsgebeure is omvattend. Die feit dat die Gees meer as vyf honderd keer ter sprake kom vanaf Genesis tot Openbaring spreek vanself. God as Gees is ten volle betrokke in die openbaring.

Die rol van die Gees in die totstandkoming van die Skrif is veelkantig. Die Bybel het oor 'n tydperk van ongeveer 1500 jaar tot stand gekom. (Die vyf 'Boeke van Moses' kan teen ongeveer 1400vC gedateer word en die laaste geskryfte ongeveer 90nC) Ten spyte daarvan en ten spyte van die feit dat daar verstommend baie mense 'n outeurskap aandeel daarin gehad het vertoon die Bybel 'n besondere eenheid. Ten spyte van die groot potensiaal vir die verdraaiing en verlore gaan van die boodskap deur mondelinge oorlewering en later primitiewe skryfkuns en materiaal, het die bewoording ook verbasend stand gehou. Dit is bevestig deur die Septuagint (Griekse vertaling gedoen tussen 250 en 150vC) se weergawe van die Ou Testament asook die materiaal van die Dooie See Rolle wat ontdek is.

Die akkuraatheid van die teks word ook ondersteun deur die beskikbare ongeveer 4500 manuskripte wat so vroeg as 125nC ontstaan het. Die Oud Latynse en Siriese vertalings (150nC)

asook die Latynse Vulgaat (deur Jerome in 382-405nC) is ook uitstekende verifieerende dokumente. (Pfeiffer et al (reds) 1975)

'n Belangrike dimensie van die Gees in die totstandkoming van die Skrif is die sogenaamde 'inspirasie' van die Skrif.

Die hele Skrif is deur God geïnspireer (2 Tim 3:16), maar dit impliseer hoegenaamd nie dat ons moet veronderstel dat hierdie inspirasie eenvormig is en altyd op presies dieselfde wyse plaasgevind het nie. Hoe die inspirasie verstaan moet word, kan ons nie vooraf besluit en dit dan aan die Bybel opdrag nie, maar ons moet die gesag van die Skrif laat geld deur dit self toe te laat om die funksionering van die inspirasie aan ons te verduidelik. Reeds baie inspirasieteorieë is aangebied, waarvan die **meganiese** en **organiese** in ons kringe die bekendste is. Sommige sien inspirasie as die **intuisie** van 'n godsdienstige genie wat in beginsel nie veel verskil van enige ander vorm van begaafdheid nie. Ander verkies om te praat van **illuminasie** as 'n intensifisering van die ervaring wat elke gelowige met God het. Daar is diegene wat inspirasie verstaan as **diktering** deur die Gees waarby die menslike faktor tot 'n minimum beperk word. Volgens die **dinamiese** siening van inspirasie, speel die Gees 'n deurslaggewende rol sonder om die persoonlike individualiteit van die mens uit te skakel.

Die probleem met al hierdie opvattinge is dat hulle daartoe neig om 'n eenvormige siening van inspirasie voorstaan. Die diepste geheimenis van inspirasie sal ons nooit deurgrond nie, maar vanuit die Bybel self kry ons die indruk dat dit op veelvormige wyse geskied. Die rol van die menslike bemiddeling is nie altyd dieselfde nie en kan wissel van heel passief tot heel aktief. Van die profete sê Petrus (2 Petr 1:21): "Geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig." Wanneer die profete verklaar dat die Woord van die Here tot hulle gekom het (byvoorbeeld Jer 1:2), het die inspirasie 'n ander vorm aangeneem as by die medikus Lukas wat historiese navorsing doen (Luk 1:1-4) na aanleiding van die baie tradisies wat in omloop was. Die boek Spreuke leer ons dat dit die Here is wat wysheid gee (Spreuke 2:6),

maar maak geen aanspraak op 'n direkte openbaring van God nie. Paulus kan volhou dat hy die evangelie wat hy verkondig (Gal 1:11v), "nie van 'n mens ontvang of by 'n mens geleer het nie. Intendeel, Jesus Christus het dit in 'n openbaring aan my gegee". By 'n ander geleentheid egter kan dieselfde Paulus ten opsigte van 'n etiese kwessie erken dat hy in die verband geen bevel van die Here het nie. Dit beteken nie dat sy woord geen gewig dra nie, want hy gee "my eie mening as iemand wat deur die genade van die Here betroubaar is?" (1 Kor 7:25). Hy gee immers sy opinie as iemand wat "ook die Gees van God het." (1 Kor 7:40). Ook wat hierdie etiese aangeleentheid betref, praat hy as geïnspireerd deur die Gees, maar klaarblyklik lê hierdie inspirasie op 'n ander vlak as die evangelie wat hy verkondig (Gal 1:9): Want "al sou een van ons of selfs 'n engel uit die hemel aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat ons aan julle verkondig het - die vloek van God sal hom tref!", 'n uitspraak wat hy nog herhaal in die volgende vers. (AKLAS 2002:203)

Die feit dat die Skrif geïnspireer is deur God beteken nie 'n afwesigheid van teenstrydighede nie. Daar is heelwat voorbeelde daarvan (twee skeppingsverhale, die verskille in die vier evangelies ens.) te vind, asook interpretasies van spesifieke gebeure wat drasties van mekaar verskil.

Geen krasser teenstelling is moontlik nie, as wanneer 2 Sam 24:1 'n daad aan God toeskryf waarvoor in 1 Kron 21:1 die Satan geblameer word. Sou ons hier tot 'n keuse gedwing word tussen die twee interpretasies? Maar waarom sou albei uitsprake in die kanon opgeneem wees? Sou dit moontlik wees dat albei aksente in hulle spesifieke konteks die noodsaaklike was? Word die feit dat Josef in Egipte beland het, nie sowel aan die sonde van sy broers én aan die genade van God toegeskryf nie? Dit word wel versag deur te sê dat sy broers hom "verkoop" het, terwyl God hom "gestuur" het (Gen 45:4,5), maar binne die tyd val wat God en wat sy broers doen, saam. En wie het Christus laat kruisig? Was dit die Bese of sy Vader? (Luk 22:53; Matt 26:56; Mark 14:49. Sien ook Matt 26:31 en Mark 14:27). Juis Bybeltekste wat ons die meeste moeite gee, mag die grootste verrassings oplewer. (AKLAS 2002:206)

In die lees, interpretasie en sistematiesing van die Skrif bestaan daar 'n definitiewe polariteit

tussen Woord en Heilige Gees. Woord sonder Gees lei tot verstarring. Gees sonder Woord lei tot verwarring. (Heitink 1994:521)

Weer eens hang die invloed van die Gees af van die konteks van die persoon wat lees, interpreteer en sistematiseer. Dit beteken nie dat die Gees van die mens afhanklik is nie, intendeel. Maar die Gees se leiding is 'n uitnodiging om na die realiteit te kyk deur God se oë, dit is 'n uitdaging om in die lig van die Skrif en die realiteit in beweging te kom. Die leiding van die Gees dring die mens tot 'n gepaste reaksie op God se betrokkenheid binne eie konteks.

2.3.2.4 *Postmoderne Woordgebruik*

Die onversoenbaarheid van 'n "tradisionele" Skrifbeskouing en die resultate van wetenskap en tegnologie binne die postmoderne wêreldbeskouing, bring die gelowige voor 'n keuse. Gaan daar erns gemaak word met die nuwe insigte of gaan dit geïgnoreer word. Indien daar gekies word om binne twee wêrelde te bestaan lei dit tot 'n onhoudbare "gesplete persoonlikheid" wat die integriteit van die geloof vir 'n nuwe geslag in gedrang bring.

In die hoogbloei van die modernisme, met die klem op die wetenskaplike omgang met die Skrif in 'n poging om dit te bevry van die dogma, het die pendulum swaai ver gaan draai.

The critical distancing of the text in the historical approach gradually transformed biblical writings into museum pieces without contemporary relevance. (McNight in Horton 2000:68)

Brueggemann (1993:12) meen die uitdaging t.o.v die relevansie van die Skrif in 'n postmoderne era lê op drie vlakke:

- the pastoral crisis of social displacement,
- the theological crisis of respeaking God, and
- the methodological crisis of how to read,

Maar in "**die postmoderne tyd** kom daar nou egter, naas baie negatiewe karaktertrekke, **tog 'n herwaardering van die spirituele geskrifte.**" (Du Toit 2000:89)

Van Zyl (2003:187-190) bepleit 'n gesprek en 'n saam op weg gaan van die teologie en die wetenskap in 'n verhouding van wedersydse respek sonder 'n oorsensitiwiteit wanneer standpunte bevraagteken word.

Daar is veel te sê vir so 'n werksverhouding. Die geloof en die wetenskap is al eeue lank saam op weg. Daar is pogings aangewend om wetenskaplike insigte en Bybelinterpretasie te versoen en mekaar wedersyds te laat beïnvloed. Die Bybel self is 'n goeie voorbeeld van gesprek tussen geloof en wetenskap. Die wetenskap van die dag word deur die Bybel-outeurs sonder moeite geïntegreer in hulle geloof, denke en lewe.

Daar is vandag 'n groeiende aantal wetenskaplikes (en teoloë!) Wat vanuit ontdekkings en insigte in die natuurwetenskap met nuwe oë na die Bybel begin kyk, en verrassend ontdek dat daar raakpunte met die wetenskap is. Veral vanuit die kwantumfisika is wetenskaplikes enersyds baie meer oop vir die onvoorspelbare, die misterieuse, die wonder, wat groter begrip bring vir die konsep God binne die wetenskap. Daar is selfs ateïstiese wetenskaplikes wat dit (skoorvoetend) toegee. Gelowige wetenskaplikes gryp dit weer met albei hande aan om doelbewus die gesprek met die teologie op te neem. (Van Zyl 2003:188)

Laastens word die punt gemaak dat die wetenskap en die teologie beide met dieselfde werklikheid besig is vanuit verskillende perspektiewe. Wanneer daar wedersydse respek betoon word, is daar baie van mekaar te leer.

Die wetenskap het ook besef dat teorieë tentatief is en dat daar altyd 'n openheid behou moet word.

Wat ek probeer sê, is dat die teologie deeglik moet kennis neem van en in pas moet wees met die werklikheidsbeeld wat die wetenskap oor tyd heen vir ons oopmaak. Want dit is die werklikheid waarin die mens van vandag leef. Wat meer is, die oopmaak van die werklikheid deur die wetenskap is ook 'n ontdekkingsreis wat vir ons God oopmaak. Die Boek van die Natuur in net so 'n besigwees met God as wanneer ons die Boek van die Skriftuur opneem. Daarom staan wetenskap nie teenoor geloof, teologie en Bybelse insigte nie. En as daar botsings is - en daar sal wees - is dit nie die tyd vir teologie en wetenskap om

mekaar vanuit hulle onderskeie loopgrawe met grofgeskut te bestook nie. Dan is dit juis die tyd om saam op weg te wees totdat daar by sinvolle antwoorde uitgekom word. Die teologie moet afstand doen van 'n soort geprivilegieerde posisie waarin hy hom soms teen die "aanslae" van die wetenskap wil verskans. Ons skuld dit veral aan ons denkende lidmate, sodat hulle nie vertrouwe verloor in die boodskap van die Bybel en die kerk nie. (Van Zyl 2003:190)

McNight (Horton 2000:65-90) bied riglyne vir 'n postmoderne gebruik van die Bybel. Die eerste uitgangspunt is 'n leser-georiënteerde benadering tot die teks. Sy leser-georiënteerde literêre kritiek sien literatuur in terme van lesers, hul waardes, houdinge en reaksies. Dit plaas die leser en die teks op dieselfde interafhanklike vlak - die teks aktualiseer die leser en die leser aktualiseer die teks.

Dit is 'n wegbreek van die standpunt dat dogma die enigste aanvaarbare verklarings kan bied. Die spanning tussen die moderne en die postmoderne word ook op hierdie vlak nie vrygespring nie.

...there is a dialectical relationship between the modern and the postmodern, the critical and the postcritical. A postmodern approach is not 'n premodern approach. A postmodern approach exists only in dialogue with modern or critical assumptions and approaches. The appreciation of the Bible as poetic, then, does not mean we return to a pre-critical or uncritical period. We are in a contemporary poetic stage, after having experienced (and continuing to experience) the descriptive stage of language. We remain entangled with the critical, even though it is relativized. I suggested that interpretation in a conceptual language satisfying to contemporary human beings, and appreciation of the Bible as literature, may be related productively. One may move to interpretative in a conceptual language after experiencing the power of the Bible as language. On the other hand, one may come to the Bible as language and literature against the horizon of the conceptual language of dogma. But in a postmodern perspective, the conceptual language is related to an explanatory system that is quite different from that in a modern paradigm. (McNight in Horton 2000:69)

McNight (Horton 2000:69-73) gebruik dan Anthony Thiselton¹ se werk om 'n voorwaardelike, voorlopige lewenswêreld (postmodernisme) en 'n verklaringsstelsel (dogma) te versoen. Dit vra vir 'n lewenswêreld en 'n verklaringsstelsel wat voorlopig is.

Die lees van tekste het 'n invloed op lesers en lesers is beter hermeneuties toegerus om 'n teks te lees.

Thiselton onderskei dan drie vlakke van kritiese refleksie m.b.t. 'n teks:

Pre-kritiese vlak: teks word gelees sonder bewustelike pogings om te interpreteer. In 'n sin neem die teks beheer oor van die leser.

Kritiese vlak: die resultate van aandagtige lees word ge-evalueer. Die teks word beheer deur die leser as 'n navorsingsobjek. Die kritiek bring afstand en die moontlikheid om vrae t.o.v. die werking van die teks te ondersoek.

Meta-kritiese vlak: die kritiese proses en resultate word self kritiek onderwerp. Nou word die perspektief (paradigma, lens, vooroordele, wêreldbeskouing) wat op die kritiese vlak werksaam was ook in ag geneem.

Die ideaal van objektiwiteit word dan vervang met 'perspektief' as konsep.

Objectivity is an illusion, but total subjectivity is not the only alternative; perspective is a more useful concept. No one focus of observation ever gives a complete picture, so the concept of reality itself is altered when movement is made from objective to perspective. A shift is made from "the absolute" to a plurality of kinds of knowing, and from "right" method toward a multiplicity of methods". (McNight in Horton 2000:71) (Vgl ook Brueggemann 1993:6-18)

Die diversiteit, openheid, kompleksiteit, onderlinge kousaliteit en onbepaalbaarheid van die postmoderne paradigma bied die moontlikheid vir kwalitatiewe verandering en bied 'n meer menslike dimensie. Dit staan in sterk kontras met die redelike stagnante benadering van modernisme.

Beginsels word nou nie meer gesoek in teorieë en prosedure nie, maar in menslike verhoudinge

¹Thiselton, A. 1992. *New Horizons in Hermeneutics*. Grand Rapids, Mich.:Zondervan

en handelinge.

McNight maak dan 'n onderskeid tussen die Rooms Katolieke, Protestante en radikale hervormers se lees van die Bybel. Die Rooms Katolieke lees was beperk deur die kerk as bekende, ekstrinsieke institusie. Die Protestantse lees is beperk deur leerstelling. Die begin en eindpunte was die kerk en leerstellinge.

The radical reformers were concerned with both church and doctrine, but the way they saw themselves as church influenced their reading of the Bible and their concern for doctrine. They existed as church in the present. But that present Christian community was aware of itself as the primitive *and* the eschatological community. (Horton 2000:73)

Vir die radikale hervormers staan leerstelling dan in verhouding tot die lewe en praktyk van die kerk as primitiewe en eskatologiese gemeenskap. Die Bybel word gelees vir toepassing op eie situasie. Die dialektiese verhouding tussen leerstelling en praktyk bring 'n vloeibare situasie tot stand.

Dit beteken dat interpretasies nie noodwendig vir ewig waar is of waar hoef te wees nie. Die bestudering van die Bybel het betrekking op geloof en praktyk, met sending, verlossing, dissipelskap en gemeenskap. Daarom is daar 'n voorlopigheid in die boodskap van die Skrif binne 'n situasie.

Die kerk is ook voorlopig en onderworpe aan verandering en korreksie voortvloeiend uit die omgang met die Skrif. Die kerk moet verander want God is dinamies en die einde is nog nie hier nie.

'n Verdere spanning word geskep deur die onderskeid tussen 'n teologie wat die waarheid van die Christelike oortuigings aanvaar en poog om dit te formuleer en te verklaar, en 'n teologie wat krities is en nie uitgaan van die veronderstelling dat die oortuigings waar is nie en dit bevraagteken.

Nie een van hierdie twee benaderings kan roem in 'n greep en alleenreg op die waarheid nie. Dit vra vir 'n wegbeweeg van 'n soeke na die 'wat' en die klem op die vasstel van absolute historisiteit, na 'n vra na die 'hoekom'.

Du Toit (2000:91-92) beklemtoon die evolusionêre (sosiaal konstruksionistiese?) proses van die totstandkoming van kennis en standpunte, ook binne 'n geloofsgemeenskap. Die faktore wat 'n rol speel in hierdie proses is:

1. die Bybel, as bundel voorwetenskaplike oorsprongsdokumente;
2. die tradisie, as die manier waarop die kerk voorheen daarvoor gedink het (indien wel), en
3. die huidige konteks (interwetenskaplik), as die wêreld waarbinne ons ons nou keuseloos bevind. (Du Toit 2000:92)

Van der Watt, Joubert, Du Rand en Naudé (Van der Watt et al 2002) gebruik die metafoer van 'n vergadering om die interaksie tussen bogenoemde faktore te verduidelik, wat beslag gee aan kennis en standpunte in die geloofsgemeenskap.

'n Punt op die agenda moet deeglik bespreek word vanuit die perspektief van die Bybel, die kerkleer en die tydsges. Elkeen bring 'n eie besondere perspektief tot die punt onder bespreking. Die Bybel bied beginsels waarvolgens die saak beoordeel kan word. Die kerkleer bied 'n oorsig oor hoe die saak in die verlede deur gelowiges benader is asook 'n poging om aan die hand van die beginsels van die Bybel riglyne daar te stel waarbinne beweeg kan word. Die bydrae van die kerkleer sluit in die belydenisskrifte, sinodebesluite, asook die dogma en dogmageskiedenis. Die huidige konteks, heersende paradigma of dan die tydsges bring die perspektief van die samelewing, die vrae en worstelinge van die mens, die wêreldbeeld, die resultate van die wetenskap en die algemene gevoel en houding van mense.

Die postmoderne mens wat na die wil van God soek t.o.v. 'n saak moet hierdie vergadering laat plaasvind en die notule van hierdie vergadering kan dan beskou word as die persoon se riglyne t.o.v. die betrokke saak.

Hierdie riglyne (notule) verskil van persoon tot persoon na gelang van die klem wat geplaas word op elkeen van die drie gespreksgenote. Wanneer vetoreg aan kerkleer/tradisie gegee word, word die insette van die Bybel en die postmodernisme stil gemaak. Dit is binne die postmodernisme onaanvaarbaar. Die postmoderne mens is 'n ingeligte en selfstandige mens. Die tydsges kom juis in opstand teen die 'oorheersing' van die tradisie en leer. Vetoreg aan die tydsges lei tot 'n verpersoonliking van riglyne. Geen beginsels of normatiewe riglyne word dan erken nie. Elke individu se perspektief word dan sy/haar normatiewe riglyne vir die oomblik vir die betrokke saak. Vetoreg aan die Bybel beteken dat Bybelse beginsels, God geopenbaarde beginsels die norm is vir die gesprek met die kerkleer/tradisie asook met die tydsges. Die leer

word dan gedwing om in pas en relevant te bly en die tydsgees word begelei om vryheid, selfstandigheid, ontwikkeling en menswees, binne verantwoordelike bane te plaas ter wille van eie heil.

Die resultate (notule) van die hermeneutiese proses word dus bepaal deur die sosiaal-konstruksionistiese konteks van die individu of groep wat besig is met die hermeneutiese proses.

In lyn met die vergadering metafoor van Van der Watt et al. stel McKnight 'n sirkulêre teorie voor in die plek van 'n grondslag- of fundamentalis- ("foundationalist") teorie van kennis - 'n sirkel van sirkels.

Hiervolgens word kennis regverdig, legitiem, in terme van die verhouding tussen betekenisgewende faktore. Egte betekenis/sin word bepaal in terme van die verhouding tuseen die faktore. Dan is 'n mens nie uitgelewer aan 'n 'alles is aanvaarbaar' situasie nie.

Die sirkulêre of verhouding benadering vind 'n analogie in die verhouding van die betekenis van 'n woord tot die betekenis van 'n sin waarin die woord gebruik word. Die betekenis van die sin hang van die betekenis van die woorde af, maar die betekenis van die woorde kan nie sonder die betekenis van die sin bepaal word nie. Daar bestaan 'n soort wedersydse kousaliteit. Maar die sin is weer ingebed in 'n groter linguistiese en literêre eenhede wat die betekenis van die sin bepaal. Op sy beurt staan literatuur as sisteem in verhouding tot nie-literêre sisteme.

So literature, philosophy, theology, are not only circular, but they consist of a circle of circles. Knowledge and philosophy and literature do not exist in a vacuum as they operate in this circular fashion. They exist in relation to life. Thought is not sovereign; it depends on the being of life and experience. A non-foundationalist, circular approach to the reading of the Bible and the theological task begins somewhere, and the beginning point is important. But the beginning point is not the foundation. Hidden behind that beginning point are "prior" "beginning points". Instead of attempting to reconstruct a postmodern foundation, I suggest the appreciation and utilization of circles which hang together in an interlocking fashion and form a dynamic unity. Changes in one circle will affect other circles and the whole dynamic unity. (McKnight in Horton 2000:77)

Een van hierdie sirkels is die sirkel van praxis, die praktyk van godsdiens in terme van individuele piëteit, gemeentelike aanbidding en diens, en betrokkenheid in die groter wêreld van God se skepping.

Leerstelling is 'n volgende sirkel. Leerstelling moet egter ook toegepas en uitgeleef word en is dus gekoppel aan die lees van die Skrif en die geloofspraktyk.

Hierdie sirkel van sirkels benadering tot die daarstel van teologiese kennis bied 'n belangrike element aan die Bybelse openbaring: kontroleerbaarheid. Openbaringsaansprake en -insigte is nooit net spesifiek individuele aangeleenthede nie. Dit moet altyd deur die geloofsgemeenskap (nog 'n sirkel) getoets en aanvaar word. Dit beteken ook dat die vryheid van 'n kritiese, dekonstruktiewe omgang met die Skrif word begrens deur die persoon se geloofsvertrekpunte en die geloofsgemeenskap of geloofstradisie waarbinne die interpreteerder staan. (Van Zyl 2003:191-195)

Vanuit 'n postmoderne leser-georiënteerde sowel as 'n radikale reformasie perspektief gesien is 'n deelnemende verstaan 'n logiese uitvloeisel. Daarna kan vrae gevra word t.o.v. die soort waarheid wat deelnemende verstaan tot die gevolg het.

Die historiese ervarings van die volk van God word in 'n spesifieke literêre vorm weergegee. 'n Leser-georiënteerde literêre benadering maak dit moontlik vir hedendaagse lesers om die waarde van daardie ervarings te ontgin. Die leser aktualiseer die teks en, belangrik, die teks aktualiseer ook die leser.

But biblical literature is more than the occasion for intellectual and emotional pleasure; biblical literature introduces a transcendent world, and the reader must enter into that world at least momentarily in order to appreciate the text. The world uncovered or revealed by the biblical text is a world that is not created or essentially sustained by human will and effort. It is a world properly spoken of as a given, or a gift, that parallels the world of the achievements of humankind. Those who see the world as essentially a human quest are jolted by the picture of the world as a gracious gift. The reader's world may not only be challenged by the world of the text; it may be changed. We call that conversion. The conversion

I am interested in is not simply the call for decision in an evangelistic sense. It is not only personal and internal. It is a lifetime project, involving conversion on different levels. (McNight in Horton 2000:82)

Die Skrif as literêre en/of historiese bron en die Skrif as godsdienstige en/of teologiese kanon moet tereg kom. Die kreatiewe spanning voorkom stagnasie en eensydigheid.

McNight (Horton 2000:83) sluit af met 'n eksegetiese reël, of dan 'n interpretasie riglyn, wat aansluit by Augustinus. Die hoekom van die Skrif is die liefde - liefde vir God omdat Hy God is en liefde vir self en naaste ter wille van God.. Daarom behoort ons dit wat ons in die Skrif lees deeglik en versigtig te oordink totdat 'n interpretasie, 'n verklaring, gevind word wat die liefde laat heers.

Dit sal die moeite loon om te onthou dat mense nie veel verander op grond van leerstellige argumente of morele appèl nie. Mense verander wanneer nuwe modelle, beelde, voorstellings van hoe die samelewing in mekaar behoort te steek, aangebied word. Hierdie nuwe visie word die effektiëste deur die narratief oorgedra. (Brueggemann 1993:24)

Ons moet ons verbeelding laat gaan en besef ons God kan ver meer doen as wat ons ooit kan dink. Die Hoof van die kerk is kreatief, dinamies, visionêr.

2.3.3 Die Gawe

Die 'geskenk' en die 'gawe' is belangrike konsepte in die geloof en teologie, sowel as in die postmodernisme. Dit handel met vrae oor die gawe/geskenk van bestaan en dankbaarheid - die gawe wat ontvang word en die ontvang van die gawe.

Die postmodernisme gaan speels om met die gawe as konsep en behou sodoende 'n onvoltooidheid (hoop?) en 'n misterieuse afwagting.

Speaking of the gift - the gift of life and being - carries us into the interplay of absence and presence. Something is given; we receive it and live in it. Yet

nothing can ever be really and completely given, for the metaphysics of presence must be questioned. Nothing is totally present to us, in the raw. All is filtered through interpretation and is now *and* not yet. Derrida makes great play of this, and fears any idea of total gift and presence as though that is it and it is over. He works with constant horizons of possibility, always wishing the future to remain open. The gift must always be now and not yet, partly ahead of us. He says that he dreams of the impossible, not the narrowly defined possible. Kant saw the rational, enlightened person as being adult; they confined themselves to only what was possible. Derrida dares to dream of something *tout autre*, totally other. He speaks of *l'invention de l'autre*, 'the incoming of the other', that shatters the horizons of the possible and allows us to drive where we cannot go. Expect the unexpected. Berlin Walls do come tumbling down. Derrida thus links the concept of the gift with hospitality and justice - impossibilities that might be. Black South Africa could be free! (O'Donnell 2003:120-121)

Hoe ironies is dit nie om soveel geloofskonsepte te erken, maar los van die geloofskontekste. Daar sal fyn opgelet moet word na hierdie tendens. Die postmoderne mens is in opstand teen die institusie en stry met die meesternarratiewe. Tog ontkom die postmoderne mens nie aan die konsepte wat deel is van die basiese behoeftes van die mens nie. Die behoefte aan sin in bestaan.

Maslow (Hjelle & Ziegler 1981 364-394) se hiërgiese teorie van motivering gaan uit van die standpunt dat die individu voortdurend streef na voorkeur toestande wat die lewe bevredigend en sinvol maak. Die behoefte aan fisiologiese bevrediging vorm die basis van hierdie piramide van behoeftes en dring aan om eerste bevredig te word. Wanneer 'n mens se fisiologiese behoeftes bevredig is word die behoefte aan veiligheid 'n prioriteit. Wanneer beide hierdie behoeftes redelik bevredig is, word die behoefte om te behoort en die behoefte aan liefde akuut. Op die volgende vlak is die behoefte aan self-waarde ('self-esteem') en eindelijk kom die behoefte aan selfaktualisering of persoonlike vervulling aan die beurt as die toppunt van die piramide.

Die gawe wat van God ontvang is omsluit al die menslike behoeftes wat daar kan wees. God het geskep en voorsien sodat dit moontlik is dat die mens se fisiologiese behoeftes vervul kan word. God onderhou die wêreld - ten spyte van die mens - en bied die moontlikheid van veiligheid. Binne sy riglyne is daar beskerming vir almal, veral die weerlose.

Jesus het mens geword sodat ons die lewe in oorfloed kan hê. (Joh 10:10) Hierdie lewe in oorfloed is 'n lewe van vervuldheid en sin. Dit is 'n lewe met hoop en vooruitsig. Dit is 'n lewe waaraan enigeen deel kan kry uit vrye genade deur geloof alleen. Dit is binne die konteks van die gawe wat die mens tuiskom binne 'n gemeenskap van liefde. 'n Gemeenskap wat, ten spyte van diversiteit, vir elkeen 'n plek gee om te behoort.

Die gawe bied 'n mens al die self-waarde wat ooit nodig mag wees. Menswaardigheid word aangevul met die vaste wete dat ek vir die Almagtige kosbaar is en dat Hy my hoog ag en my liefhet (Jes 43:4).

Die gawe bied elkeen die ruimte om tot volle selfaktualisering te kom. Wanneer die mens die gawe internaliseer kan elkeen tot volle potensiaal ontwikkel. Dan is ons reeds wat ons nog nie is nie en waarheen ons op pad is. Binne die geloofsgemeenskap kan elkeen sy/haar bestemming bereik.

Teenoor die oënskynlike universalistiese siening van die gawe vanuit postmodernisme, is pas gestelde standpunt meer gekwalifiseerd. Daar behoort gewaak te word teen 'n algemeen menslik georiënteerde godsdienstigheid wat die genade van God inruil vir die moraliteit van die mens. "In die Skrif word die noodsaaklikheid van die geloof en die gevaarlikheid van die ongeloof nooit gerelativeer vanuit die konsep van die oorfloedige liefde van God nie." (Jonker 1989:164)

Hierdie gawe is genoegsaam vir almal. Die gawe is volmaak deur Jesus Christus bewerkstellig en is van "oneindige krag en waarde, oorfloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen" (DL II,3) "Christus se versoening is objektief genoegsaam vir die sondes van alle mense, maar of Christus vir iemand gesterf het, hang daarvan af of hy in Christus is." (Jonker 1989:166)

Maar hier kruip daar 'n oënskynlike paradoks in. Deur die hele Nuwe Testament is daar menige voorbeelde waar eie verantwoordelikheid om te glo na vore tree. (Vgl Armstrong 1979:26) Kom ons noem dit die greep op die gawe. Daar is ook net soveel voorbeelde wat onomwonde stel dat geloof 'n gawe uit die hand van God is. (bv Joh 6:44; 1 Kor 4:7; Hand 13:48) (vgl Armstrong 1979:27) 'n Gawe wat gegee word sonder dat daar 'n greep nodig is.

Dit wil voorkom of die postmoderne mens die klem laat val op die greep. Die gawe is daar vir jou om te gebruik. Indien jy dit raaksien en aanvaar kan jy daaruit leef.

There will always be that tension between our struggle and God's gift, between the grasp and the gift. When the gift and the grasp become one, then we have faith. But we have it as a gift of God, not as a human achievement. It is the gift of God's grace, not the product of our effort. It is God's revelation, not our discovery.

What we are dealing with, therefore, is not a genuine paradox, but a pseudo paradox, if the ultimate source of faith is God. Words such as belief, desire, response, and trust seem to put the burden of faith on us. But belief implies the capacity to believe, and that's a gift of God. Desire assumes desire-ability, and responsibility assumes response-ability. In other words, the grasp assumes the gift, for the motivation to grasp is itself a gift! (Armstrong 1979:29) (vgl Jonker 1989)

God as Heilige Gees bewerk die geloof wat ons laat deel aan die wonderlike gawe. Eindelik kan ons maar net doksologies reageer op dit wat God tot stand gebring het. Dit is tot stand gebring sonder enige bydrae van ons kant, sonder enige verdienste. Tog word die proses nie buite ons voltrek nie en word ons deel gemaak daarvan.

Hierdie gawe is oneindig meer as wat ons kan begryp. (Ef 3:20) Daarom kan die gelowige (net soos die postmodernis) die onverwagte verwag.

Die geloof bring ons in verhouding met 'Die gans Andere'. Die Een wat van altyd is en vir altyd sal wees. Die God wat nie in menslike dimensies vasgevang kan word nie. Tog besluit God om in ons dimensies in te breek. Hy kom en maak ons verhale deel van sy Verhaal. Sy Verhaal bied vir ons verhale moontlikhede wat nie voorheen bestaan het nie. Ons lewensverhale het vasgedraai. Hy kom bied ons die geleentheid om ons verhaal oor te vertel. Hy is selfs by magte om ons gisterverhaal te verander sodat ons môreverhaal sin maak.

Daarom is die 'reeds' en die 'nog nie' 'n sterk realiteit in die hede van geloof. In Christus is ons nuwe, vry mense, maar ons is ook nog op pad na die volmaakte. Daar is elke dag te groei, te ontdek. Elke dag nuwe interaksie met God en nuwe uitdagings op die geloofspad.

Die eskatologiese hoop van die geloof gee die ruimte om nou ten volle te lewe. Dit bied die

geleentheid om te ontspan oor die toekoms en die hede ten volle te geniet. Wie kan deur bekommernis enigiets aan die toekoms verander? (Mat 6:27; Luk 12:25) Bekommernis versuur net vandag.

Die grense wat die postmodernisme aan die gawe stel is gasvryheid en geregtigheid. Weer eens dieselfde grense wat die vryheid van die gelowige rig. Liefde teenoor God en liefde teenoor die naaste wat onder andere uitgeleef word in gasvryheid en baie beslis in geregtigheid. Wees gasvry teenoor almal, ook die eenvoudiges. (Mat 10:42; 25:45; Heb 13:2; 1 Pet 4:9; Tit 1:8 ea) Geregtigheid is veronderstel om een van die basiese norme van die geloofsgemeenskap te wees. (Ps 33:5 ea)

Ons is so gewoond niks is verniet nie. Ons weet ons het ook vir die 'gratis' geskenk wat jy saam met die aankope kry, betaal. Derrida meen dat ons teen sosiale dinamika moet optree en die gawe net aanvaar.

Is the gift possible? Derrida reminds us that when a donor gives a gift, then the recipient is indebted to the giver. Also, the giver gains honour and prestige. This is a troublesome dichotomy, an *aporia* of giving. The donor may intend to give freely and graciously, but the social dynamic is still set in motion. *Aporias* are not barriers for Derrida, but signs that the impossible can be dreamed and we can move beyond. Despite the social obligations of the gift, we have to boldly ignore this and receive and be. We have to give without giving up, behaving almost madly in order to believe that this is possible. Might not the dynamics and contradictions of religions (for example, law and grace) stem from this *aporia* of the gift? God gives freely, but demands and status are thus created.(O'Donnell 2003:121)

Diep in ons gewortel is die idee dat ek iets moet bydrae, dat ek moet terugbetaal. Geloofsdiskourse het hierdie standpunt ook bevestig en uitgebrei. "Onthou, die Here sien jou waar jy ook al is, jy moet soet wees." misbruik die ouer God as dissiplinehulp. "As jy nie soet is nie gaan jy nie eendag hemel toe gaan nie." "Nou het ek my goeie daad vir die dag gedoen!" Die algemene motivering vir gereelde kerkbywoning. "Jy kan nie verwag die Here moet sy kant bring

as jy nie jou kant bring nie!” So kan die voorbeelde opgestapel word.

Die probleem met hierdie diskoerse is dat daar ‘n eksterne lokus van kontrole geskep word vir die geloofslewe. Geloofsgedrag word dan vinnig ‘n plig, ‘n las wat gedra word ter wille van ‘n eskatologiese beloning wat wag.

Die gawe maak jou juis vry van die eksterne lokus van kontrole van die wet, van moets en moenies. Die gawe breek die bande van skuld en skuldgevoelens en maak dit moontlik om vanuit ‘n interne lokus van kontrole die lewe aan te pak soos wat die individu wil.

Die gelowige kan vir ‘n slag mal gaan (‘behaving almost madly’ - soos Derrida hierbo weergegee word) en God net op sy woord neem, die geskenk aanvaar en dit geniet.

Die gelowige kan maar net die gawe ontvang en in vreugde gaan lewe. En dit is wanneer ons vry en in vreugde lewe dat dit makliker is om die wonder van God raak te sien en te ervaar. Dit is wanneer ons ons oë oplig van die eksterne lokusse van kontrole wat ons vir onself daar gestel het dat ons die genade van God kan sien en ervaar en in verwondering ons oë kan vryf om seker te maak ons sien reg.

Speaking of the gift immediately opens up religious questions and feelings. The gift of life, or the world, and relationships, and the whole dynamic of redemption in Christianity revolve around a freely given gift. Derrida toys with religious concepts. He has said that deconstruction is structured like a religion, like a prayer for the wholly other, for justice and peace. He seeks to deconstruct totalities, or systems of religion that codify and prescribe. These have been called false idolatries (for example, Aaron’s golden calf rather than the Unseen God of Moses: Exodus 32:1-8). Theologians and philosophers debate whether speech about God moves into new realms, evoking something that is and is not yet. Something meets us (a visitation, or partially so) that surprises, leaving us rubbing our eyes in wonder.(O’Donnell 2003:121)

Derrida verges on the theological at times, speaking of giving and the search for ‘Whom do we give to?’ What is a valid response to the gift? He has written movingly about the phrase *mysterium tremendum et fascinans* - the ‘tremendous and fascinating mystery’ that makes us tremble at the heart of life. He encourages

theologians to discuss his views and seems to respect those who have faith. He claims, 'I quite rightly pass for an atheist' but it is not clear exactly what he means by this. He speaks of the need for faith, but not religion. Religion is a system, an institution. Sometimes, he seems to use the word 'God' as a cipher for mystery, that which cannot be expressed, and 'the Other'. (O'Donnell 2003:134-135)

Die gevaar bestaan dat die kerk geloof te veel omvorm het in 'n godsdiens. Maar eindelijk gaan dit oor die individu se ingesteldheid. Wanneer die individu ingestel is op die gawe en dit sonder voorbehoud aanvaar as 'n gawe, 'n geskenk, vloei daar 'n natuurlike emosie teenoor die Gewer voort. Dan is daar 'n ontsagwekkende roering in 'n mens a.g.v. die gawe en die Gewer. Dan vloei die gepaste, opregte respons teenoor die Gewer natuurlik voort. Dan 'wil' ek dankie sê, ek voel nie ek 'moet' sekere goed doen om die gode gelukkig te hou nie.

2.3.3 God-drie-enig

Die *hoe* van God se bestaan word o.a. deur die leer oor die Drie-eenheid van God hanteer. "Hier, miskien meer as by enige ander leerstuk in die dogmatiek, word die menslike beperkinge veral ten opsigte van insig en begrippe, sò oorweldigend, dat volkome swye die enigste juiste en passende reaksie skyn te wees." (Heyns 1978:47)

Hoewel hierdie stelling heelhartig ondersteun word is dit tog nodig om enkele sake aan te raak. Die postmoderne mens is baie bewus van die 'mag' wat groter as alles is en wat agter alles is. Die afname in kerklike betrokkenheid is nie 'n aanduiding van 'n afname in godsdienstigheid nie. Die Gewer van die gawe (*gift*) word erken. Hierdie Gewer is binne die postmodernisme baie vaag, inklusief en universalisties gedefinieer.

Voorbeelde hiervan is Kristeva se siening van die Vader:

Kristeva uses neo-Freudian language about the Imaginary Father (for Freud, God was an 'ideal', an illusion, based upon the earthly father's authority and internalized as moral conscience. As Freud put it, 'At bottom, God is nothing more than an exalted father'). She is enchanted and fascinated by these 'illusions' though. She argues that we need the old illusions, and she talks of God as a

projection, though a necessary one. In her writing on the creed, the central statement of Christian belief, she declares that she is not a believer, but she unveils the psychological dynamics in Christian beliefs. She sees these as code for inner ideals and transformations that are very real within us, but not 'out there'. Kristeva, working as an analyst, sees the worth of this: 'The result is not to prepare that other for some sort of transcendental existence, but rather to open up as yet undefined possibilities in this world' (In the Beginning was Love). (O'Donnell 2003:128)

Geloofskonsepte word eklekties gebruik om binne die postmoderne samelewing sin te gee. Derrida onderstreef die gans andersheid van die godheid. Hy vind sterk aansluiting met 'geregtigheid' as konsep binne die geloof. Tog is die vleeswording byna 'n bedreiging vir sy tentatiewe lewenshouding.

Derrida, with his Jewish heritage, deconstructs the idea of the messiah, a coming liberator and saviour of the world. The 'messiah' is the other, the ungraspable, the love of justice; if an actual figure ever came in the flesh, he claims, it would be a disaster, for it would shut down the structure of time and history, removing hope, desire and expectation. There would no longer be any future... or mystery. An interesting point. Biblical poetry tries to evoke a sense of amazement and an overturning of the order of things when it speaks of the coming messiah of kingdom of God (e.g. Isaiah 11:6-9), which stretches concepts to breaking point. On this side of the end, we cannot imagine a completion... but on the other side? (O'Donnell 2003:135)

Wanneer Jesus Christus as historiese figuur erken word neig die postmodernisme om sy Godheid te misken. Tog is hierdie misterieuse element van die geloof deel van die kern waarom alles draai.

Christianity revolves around the sublime enigma and mystery of God made human, the incarnation. Jesus is seen as housing the presence of God more than any other human being, for God chose to 'tabernacle', or make his home, in him. Jesus is called 'the Word', a word that is spoken to humanity in our language, but

more profoundly so than abstract ideas, marks on paper or spoken messages. This Word comes through flesh and blood, in man's life, revelation through a heartbeat and a touch of love. This really is the beyond in the midst, God under the surface, revelation committed to the semiotic stream. Believers can find their faith within our worlds of discourse, hinting, pointing beyond, but never stepping out of our skins. (O'Donnell 2003:141)

Die misterie van die Drie-eenheid is 'n raaisel van die Christelike teologie. God as Vader en Seun en Heilige Gees is moeilik te verduidelik. Beelde soos die drie vorms van water (ys, water en stoom) die drie komponente van 'n eier (wit, geel en dop) en ander word gebruik in 'n poging om die misterie van die Drie-enigheid van God te verduidelik. Die probleem is dat objekte maklik so in drie kan verdeel word. 'n Wese is duidelik anders.

Sommige probeer die persone van die Drie-eenheid verskraal tot drie aspekte of bestaans- en openbarings-vorme. God as Vader is die Skepper, die Seun is die geopenbaarde (vleesgeworde Woord) werk van God en die Gees is God in ons aan die werk.

Eindelik is enige poging om die Drie-eenheid te verklaar maar 'n antropomorfistiese spreke, 'n waag om in, en ten spyte van, die beperkinge van taal tog iets oor God te probeer sê. Anders gestel:

If there is a God who has revealed himself/herself/itself, then that revelation must be mediated through human words and intuitions. There can be no pure revelations. Divine speak would be over the heads of mere mortals. Thomas Aquinas, the learned philosopher and theologian of the Middle Ages, once had a glimpse of the glory of God. He trembled, and said that all the long and wise words he had written were as straw! Nonetheless, Aquinas argued that human words were 'adequate' to convey the hints of divine truth. Revelation is possible in a mediated sense. Christian theology sometimes uses the apophatic tradition or the negative way. What we cannot say is as important as what we can say about God. It is a necessary corrective. God could never be grasped; he/she/it would always be beyond and ahead of us, mysterious. Is it not the essence of deconstruction and *différance*? Leaving open the door.... (O'Donnell 2003:136-137)

Vir die mens (of teoloog) om voor te gee dat die laaste woord oor God gespreek is, is arrogant. Wie is ons as mens met ons beperkte vermoë tot konseptualisering en verbalisering om voor te gee dat ons God kan dissekteer, begryp en verklaar.

Tog moet ons voortdurend bewus wees van die metafore wat gebruik word om God voor te stel. McFague (1987) en ander maak 'n sterk punt dat die teologie se gebruik van beelde, simbole en metafore (antropomorfistiese spreke oor God?) tred moet hou met die tyd. Sy argumenteer dat dit lei tot 'n hermitologisering van die Woord. Sy vra vir die beoefening van verbeeldingryke teologie met waagmoed.

Postmodernisme (o.a. deur middel van dekonstruksie en *différance*) doen die teologie 'n guns om te herinner daaraan dat God ver meer, ver anders, ver dieper en ver alles is as wat ons weet, beleef en dink.

Tog is dit belangrik om geanker te bly aan die openbaring van God, veral soos vergestalt in die Woord.

O'Donnell (2003:143) poog om die Drie-eenheid binne die postmoderne paradigma te plaas en te verwoord:

Here we are skating at the edge of reality, dabbling on the thin ice of the limitations of our words. 'Person' when applied to the Trinity is specialized. This does not mean a separate entity of body, like an organizing team of three, but relations, distinct aspects of the whole. Theologians play with words, speaking of three persons and one substance. There is a relationship within God. This is stretching words and concepts; C.S. Lewis stated that God is not less than personal, but is 'beyond personality' in our limited, human terms. These stretching, straining words are trying to catch the merest glimpse and hint of a divine insight. The doctrine of the Trinity reminds us that existence is relational and societal. We are all interlinked and dependent on everything else. The faith asserts a relational grounding to reality, not a static, metaphysical nature. The ground of our being is a relationship; speaking of transcendence is thus an affirmation of alterity, of the other. While rational discourse finds itself banging its head against a conceptual brick wall when looking at the Trinity, non-linear,

expressive methods find a more congenial ground. An old doctrine might live again in the light of postmodernism. (O'Donnell 2003:143)

God is nie altyd wat ons verwag nie. God kom nie altyd na ons toe in die vorm wat ons verwag nie. Soms (meestal?) kom Hy na ons toe in die fluistering van die windstille.

2.3.5 Die Gemeenskap

Die postmodernisme het teenoor die individualisering van die moderne era, 'n nuwe waardering vir die gemeenskap gebring sonder prysgawe van individualiteit. Daar is ook 'n soeke na 'n nuwe spiritualiteit wat individueel en binne die gemeenskap uitgeleef kan word. Binne hierdie gemeenskap is daar waardering vir verskillende standpunte en ruimte vir andersheid en individuele interpretasie en uitleef van lewenswyses. Daar is respek vir persoonlike keuses.

Gemeenskap is ook 'n sleutelkonsep in die Christelike geloof.

Wanneer iemand tot geloof kom word die persoon deel van 'n nuwe gemeenskap. Hierdie gemeenskap het met verloop van tyd vele benaminge gehad: verbondsgemeenskap, volk van God, huisgesin van God, dissipels ens.

Hierdie gemeenskap word deur Christus daargestel en saamgebind deur verhoudinge. Dit is effektief 'n sosiaal kontruerende gemeenskap. Dit is 'n gemeenskap wat hulle waarhede konstrueer, wat etiese kodes en morele waardes konstrueer. Deel van hierdie konstruerende gemeenskap is God-drie-enig. Die verhouding tussen God en die mens is dan ook die belangrikste en bepalende verhouding waarin die mens staan. Deur sy Woord en sy Gees speel God dan 'n rol in die konstruering wat plaasvind. Dit is meestal 'n leidende rol.

Wanneer 'n mens deel is van 'n konstruerende gemeenskap is die gemeenskap se waardes my waardes, die gemeenskap se riglyne my riglyne, die gemeenskap se kodes my kodes. Dan leef ek vanuit 'n interne lokus van kontrole, nie onder die dwingelandy van eksterne lokusse van kontrole nie. Anders gestel: Binne die konstruerende geloofsgemeenskap leef ek my lewensverhaal met vreugde binne sekere riglyne uit.

Die bestaan van riglyne impliseer dat riglyne verontagsaam of geignoreer kan word. Dit bring

ons by sonde.

Du Toit (2000:129-160) meen dat in die geval van algemene sondigheid van die mens sowel as die keuse wat die mens het in persoonlike sonde, moet die ekwilibrium in gedagte gehou word. Goed kan net in terme van kwaad gedefinieer word. "Dit beteken dat **goed kwaad** veronderstel: **goed** kan nie goed wees sonder **kwaad** nie." (Du Toit 2000:154)

Binne die aard van die mens se verhouding met God wat gekenmerk word deur lojaliteit, verbondenheid en liefde is ongehoorsaamheid sonde.

König sluit hierby aan en meen "sonde is slegte verhoudings, ontrouheid in die verbond, die verkeerde omgang met God, ander mense, en die natuur. En omdat ons verhoudings wesenlik vir ons lewe is, kan ons verwag dat sonde ons kwaliteit van lewe radikaal sal beïnvloed." (König 2001:162) (vgl ook Durand 1978:152-158)

Heyns (1978:164-199) interpreteer die verhaal van die sondeval as die weergee van die feit dat die mens uit 'n toestand van sondeloosheid geval het in 'n toestand van opstand en oortreding - uit 'n *status integritatis* in 'n *status corruptionis*. Die mens het 'n lewe van integriteit prysgegee vir korrupsie. Sonde word dan deur Heyns omskryf as 'n daad van mislukking, van opstand, van ongehoorsaamheid, van liefdeloosheid, van selfsug, van hoogverraad, van ongeloof. Hierdie daad word gepleeg in die mens se verhouding tot God, medemens, die self, die natuur, die kultuur, asook die strukture.

Die gawe wat die mens van God ontvang het is om herstel te word vanuit die *status corruptionis* tot die *status integritatis*. Wanneer jy deel word van die geloofsgemeenskap ontvang jy waardigheid (menswaardigheid) en integriteit.

Hierdie herstel kom deur Christus en is 'n allesomvattende, fundamentele transformasie - 'n metamorfose (Rom 12:2; 2 Kor 3:18) Daar is nie 'n saamtel van goeie daad en 'n slaagpunt nie. Die gelowige word deel van die geloofsgemeenskap en is tot diens van die gemeenskap en sodoende tot God. (Schrage 1988:186-187) 'n Totale lewe van integriteit word moontlik gemaak en binne daardie gemeenskap verwag.

Die gemeenskap het in daardie sin dan 'n roeping en 'n plig om individuele integriteit te help kweek en te ondersteun ter wille van die integriteit van die gemeenskap.

Hierdie integriteit laat ruimte vir situasionele variasies - soos gesien kan word in die riglyne rondom die eet van vleis wat aan afgode geoffer is. Die liefde is die deurslag wanneer integriteit in moeilike situasie beland. "This does not mean that Paul consider ethical variety a

praiseworthy abundance on a par with the variety of spiritual gifts. He would prefer that God would guide the community to unity even in disputed questions (Rom 15:5). Above all, ethical pluralism is not boundless.”(Schrage 1988:194)

Binne hierdie gemeenskap speel die gewete 'n baie sterk rol. Die Pauliniese geskifte sien gewete as 'n selfondersoek-meganisme. “In our consciences we confront ourselves critically; our self reflects on its own thoughts and actions.” (Schrage 1988:195) Die kriteria waarvolgens hierdie beoordeling plaasvind is nie op grond van universele riglyne of filosofiese ideale nie. Die kriteria is God se wil.

Elkeen wat deel is van die gemeenskap van God behoort die lewe met integriteit aan te pak en binne elke situasie so op te tree dat die integriteit van die gemeenskap nie in gedrang kom nie.

2.3.6 Christelike geloofsgetuie

Erickson (2001:267-288) gee riglyne vir 'n gesprek tussen die Christelike geloof en die ongelowige postmodernis. Die Christen behoort die ongelowige te nooi om op 'n empatiese manier die moontlikheid te oorweeg dat die Christelike God bestaan en die moontlikheid dat die Christelike leerstellings, soos in die Bybel aangetref, waar kan wees.

Dit gaan nie oor die voorveronderstelling van iets wat bewys moet word nie, dit gaan oor die oorweging van 'n moontlikheid.

Die meeste Christene het nie tot die geloof gekom op grond van 'n studie van die feite en die rasionele argumente en bewyse van God nie, maar deur middel van 'n ervaring wat verwoord word as 'n ontmoeting met God deur Jesus Christus.

Die pragmatiese waarde van die Christelike geloof is 'n belangrike raakpunt. Die geloof bied vrede en troos. Daar is 'n ervaring van vergifnis en vryheid. Die persoon is deel van die skeppingsorde en het ewigheidswaarde.

Die logiese konsekwentheid en koherensie, samehangendheid, van die Christelike geloof slaag ook die postmoderne toets.

Daar is heelwat interne konflik deel van die Christelike geloofsstelsel. Tog is daar groot samehang tussen die regverdiging van die Christelike lewe en wêreldbeskouing, wat holisties is.

Daar is konkrete feitlikhede wat deur historiese wetenskap en argeologie bevestig is. Die Christelike wêreldbeskouing is ook meer as net feitlikhede. Dit is 'n egte wêreld- en lewensbeskouing, 'n meta-narratief, wat die geheel van die werklikheid en ervaring saambind.

Postmodernisme is skerp krities teenoor meta-narratiewe aangesien dit gebruik word om ander standpunte mee te onderdruk

Dit is nie meer moontlik om 'n meta-narratief te konstrueer nie aangesien dit nie moontlik is vir iemand om alle kennis in pag te hê, om 'n omvattende verklaring en interpretasie daar te stel. "The Christian metanarrative is not a human discovery and construction. It has been divinely revealed. And because God's knowledge is unlimited, such a metanarrative is a possibility for him." (Erickson 2001:275)

'n Volgende voorwaarde vir 'n meta-narratief word ook ondervang. 'n Meta-narratief moet die hele geskiedenis dek - insluitend dit wat nog gaan gebeur.

Is dit noodwendig dat alle meta-narratiewe onderdrukkend teenoor opposisiestemme sal wees? Die geloofsnarratief verskil in liefde van ander stemme en poog om nie onderdrukkend te wees nie.

2.3.7 Voetsoolvlak

Reeds in 1994 skryf Heitink (1994:513-517) dat sekularisasie gelei het tot 'n drastiese afname kerklike betrokkenheid, maar nie noodwendig in godsdienstigheid nie. Daar het ook 'n individualisering plaasgevind, 'n losmaak van voorgeskrewe sosiale bande. 'n Bydraende faktor was die feit dat die geloof mense nie gehelp het om hulle lewensverhale af te rond ('rond' te krijgen) nie.

Die ekklesiosentrisme en institusionalisering van die kerk verloor 'n geslag wat worstel met die gefragmenteerdheid en onvoltooidheid van die lewe.

Daar is 'n wegbeweeg van teïstiese beelde van God na 'n meer panteïstiese siening. Aan die hand van Leonardo Boff¹ word hierdie middeweg teologie pan-en-teïsme genoem - nie alles is God

¹Boff, Leonardo, *Von der Würde der Erde*. Oekologie, Politik, Mystik. Düsseldorf 1994.

nie, maar God is in alles.

Daar behoort sterk klem geplaas te word op die internalisering van geloof en geloofswaardes.

Die ervaringsdimensie en die gebruik van simboliese taal is belangrik.

Die kerk sal van sy eenvormigheid en territoriale karakter moet afsien en meer aandag moet gee aan die markmeganisme.

Unlike the nineteenth and much of the twentieth centuries, when we found ourselves dealing almost exclusively with other Christian traditions (first Protestants and later Roman Catholics), we now function in the midst of a mind-numbing array of religious options. These range from other world religions (such as Islam, Judaism, and Buddhism) to New Age religiosity and sectarian spirituality. In the midst of this cacophony of competing voices, Christians are becoming increasingly eclectic in their religious faith and piety. At the same time, they are identifying less and less with the theological position of any particular tradition or denomination. This “post-denominational” spirit results further in a de-emphasis on any particular and specific truth claim. People are increasingly cutting themselves off from their history, from what has theologically defined them. To put it bluntly, people today, even in our own churches, don’t know and don’t care about their own theological tradition. They will simply believe what they find desirable. (Horton 2000:29-30)

3 **METODOLOGIESE ORIËNTASIE**

3.1 **Ontwikkelinge in die Praktiese Teologie**

In wese gesien vind ons die wortels van praktiese teologie reeds in die Nuwe Testament. In Handelingte word dit beklemtoon dat die werk van die Gees 'n voortsetting van God se handelingte deur mense is. (Heitink 1993:96)

Die 'liggaam van Christus' beeld en die kerklike strukture wat ontstaan het is maar twee voorbeelde van die vorm wat pastorale sorg aangeneem het. Die nabye wederkoms verwagting skep met verloop van tyd 'n krisis aangesien onmiddellike aardse nood nie aangespreek is nie. Hierdie krisis lei tot die totstandkoming van, wat Heitink (1993:97) noem, die objek van die praktiese teologie. Na aanleiding van die gelykenis van die muntstukke (talente) in Mat 25:14-30 word die oordra van regte en gesag aan die mens beklemtoon.

Die koms van God word deur die oordrag van outoriteit 'n voortdurende aktualiserende gebeurte wat deur menslike diens bemiddel word. Die mens word subjek in 'n voortgaande heilsgeskiedenis. Die Heilige Gees speel in hierdie proses 'n sentrale rol.

Die Heilige Gees is God in ons. Hierdie vennootskap tussen die Heilige Gees en die mens is 'n misterieuse samewerking waarin elkeen voluit betrokke is. Deur die Gees is daar dus verandering in die lewe van die mens moontlik indien die mens verantwoordelikheid aanvaar. Waar die Gees van die Here is, is daar vryheid (2 Kor 3:17) - vryheid tot verantwoordelikheid en so ook vryheid tot verandering. Hierdie verantwoordelikheid en verandering het betrekking op eie lewe en die medemens in wie se lewe ek geroep word om betrokke te wees.

Wanneer ons nou kyk na die ontwikkeling waardeur die praktiese teologie beweeg het kan ons sien hoe dat hierdie ontwikkeling begin het by 'n soort van (a) 'n persoonlikheidsgerigte morele model: die vorming van priesters se persoon en die verdieping van hul vroomheid deur middel van geloofsoefeninge. Hieruit het veel later (b) die amptelike model ontwikkel: praktiese teologie as die

ontwikkeling van kerklike ampte met die oog op die vestiging van die kerk as instituut. (c) Die sogenaamde toepassingsmodel het gebruik gemaak van Schleiermacher se ontwikkeling van bedieningstegnieke. Die funksie van praktiese teologie is nou om die teologie toe te pas binne die konteks van religieuse ervaringe. Hierdie ontwikkeling wat naas 'n gelyktydige voortgaande ontwikkeling van die ampsmodel in gereformeerde kringe verder ontwikkel het, gaan geleidelik oor in (d) 'n empiriese model. Die dialoog met die ander geesteswetenskappe dwing die praktiese teologie om almeer van die fenomenologiese metode gebruik te maak en te fokus op menslike gedrag - die sogenaamde kommunikatiewe handeling. (e) Noodwendig moes dit lei tot die praxismodel waarin situasieanalises die belangrikste metodologiese uitgangspunt is. (Louw 1993:78) (vgl ook Heitink 1993:98-104)

Hierna volg die ekklesiologiese model waarin die funksie van die praktiese teologie al meer gesien word in terme van die opbou van die gemeente.

Heitink (1994) wys op verskillende paradigmas waarbinne praktiese teologie beoefen word. Die **hermeneutiese paradigma** beklemtoon uitleg en ontsluiting van die tradisie vanuit die huidige situasie.

Praktiese teologie word dan as 'n hermeneutiese sirkel beoefen. Daar word begin met 'n beskrywing van die (christelike) praktyk binne die betrokke sosiale konteks as 'n soeke na die waardes, norme en heersende teologiese perspektiewe. Daarna word die waardes en norme in gesprek gestel met die normatiewe struktuur van die kultuur, die tradisie van die geloofsgemeenskap en ook met die verhale van die Bybelse tradisie en kan dus met reg 'n kommunikatiewe handelingskonsep genoem word.

Pieterse (1994) verwoord die voordele van die kommunikatiewe handelingsteorie so:

Ons kan konkludeer dat die kommunikatiewe handelingsteoretiese benadering in diens van die evangelie nie die teologiese gehalte van ons vak verskraal nie. Dit bied ons egter méér as die konfessionele of diakoniologiese benadering. Dit verskaf aan ons 'n eie metode en staanplek in die ry van wetenskappe. Dit vryf ons neuse op die teologiese teorieë én die praktyk. Sodoende help dit ons om teologiese teorieë te ontwerp waarin die normatiewe aansprake van die Skrif

funksioneer, maar wat ook praktykgeoriënteerd en konkreet is. (Pieterse 1994:99)

Die Christelike geloof is dan nie meer net 'n leer nie, maar 'n kommunikatiewe praxis, waarop interdisiplinêr gereflekteer kan word. (Heitink 1994:518)

Hoewel die hermeneutiese en die empiries-analitiese benaderinge aanvanklik teenoor mekaar gestaan het, is daar nader aan mekaar beweeg. So word empirie as voortsetting van die hermeneutiek gesien met ander middele en dat 'n empiriese ondersoek in praktiese teologie altyd binne 'n hermeneutiese raamwerk staan. (Heitink 1994:524; Dreyer 2002)

'n Volgende Paradigma waarop Heitink wys is die **kritiese paradigma**. Volgens die kritiese paradigma is praktiese teologie kritiese teorie bemiddel deur Christelike praktyk in die gemeenskap.

Die kritiese dimensie van praktiese teologie loop gevaar om binne postmodernisme te vervaag en selfs te verdwyn vanweë die gees van akkomodering, openheid en soeke na alternatiewe lewensbeskouinge.

Voortvloeiend uit die kritiese paradigma kies Norbert Mette 'n **evangeliseringsparadigma**. Hierdie teologie wat hoofsaaklik uit die derde wêreld groei vanuit 'n bevrydingsteologiese perspektief, "houdt in een optie voor de armen in een verbinding van orthodoxie en orthopraxie met het Rijk Gods als horizon. De methode van werken wordt bepaald door de drieslag zien, oordelen, handelen." (Heitink 1994:525-526)

Evangelisasie word hier in verband met Vaticanum II gesien en verbind onderrig en aksie op die basis van die kerk as volk van God. Die evangelie behoort alle sektore van die samelewing te deurdring en te verander. Die 'underdogs' verteenwoordig God se wil op 'n besondere manier.

Louw (2002) se konsep van '**sorg vir die lewende menslike web**' (Care to the Living Human Web) sluit hierby aan:

Pastoral care should warn against the uncritical identification of biblical faith with the imperialistic value system of Westernization, Americanization, and MacDonaldization. If an economic system produces a more humane society and promotes an ethics of love which addresses the needs of the marginalized and the poor, then it deserves to be supported. If it is causing human tragedy or not

meeting human needs, then it must either be transformed or critiqued severely.

(Louw 2002:348)

Die benadering “**van beneden naar boven**” wat gebaseer is op Husserl fenomenologie met die klem op waarneming deur eie sintuie en eie belewenis beklemtoon kwalitatiewe navorsing en hoe belangrik dit is om te luister na die ervarings van mense. (Heitink 1994:527)

Hierby kan sekerlik ook prakties-teologiese wysheid (wat onder 3.2 vollediger ter sprake kom) as uitgangspunt genoem word. (Browning 1991; Müller 1994; Müller 1996)

Laastens maak Heitink (1994) melding van “**handelingsonderzoek**” as paradigma. Hierdie paradigma vertrek vanuit die aanname dat praktiese teologie onder andere poog om die kerklike en amptelike handeling van die kerk te verbeter. Daar word gefokus op die oplossing van maatskaplike probleme. Refleksiwiteit is belangrik. Die ondersoeker interpreteer die werklikheid sowel as die interpretasies van die werklikheid (dubbele hermeneutiek) Samewerking tussen die ondersoeker en die ondersoekte is ‘n vereiste. (Heitink 1994:527-528)

‘n Belangrike volgende ontwikkeling in die praktiese teologie is die ontdekking van die groot rol van die narratief. In die eerste plek is die verhaal, die storie, die narratief, die manier waarop ons ondervindinge, belewenisse (“lived time”), verwoord. Hierdie verhale het op hulle beurt weer ‘n invloed op ons lewens. Verhale na-aap die lewe en die lewe na-aap verhale. (“Narrative imitates life, life imitates narrative.”) (Bruner 1987:12-13)

Die narratiewe beoefening van praktiese teologie ontwikkel binne die postmoderne konteks en bied ruimte vir vele paradigmas. Refleksiwiteit, prakties-teologiese wysheid, die ‘van onder na bo’ benadering, versorging van die menslike web, en die evangelisering-paradigma asook die sosiaal konstruksionistiese werklikheid van die kerklike tradisie kan binne die narratiewe benadering saamvloei en opnuut tot reg kom.

Die narratiewe van paradigmas wat hoofsaaklik binne die modernistiese era gefunksioneer het en die narratiewe van paradigmas wat binne postmodernisme tuis hoort is besig om te integreer en behoort geïntegreer te word of ten minste langs mekaar geplaas te word in plaas van teenoor mekaar.

Dit is moontlik omdat die postmoderne paradigma kennis, die waarheid en teorie as tentatief en relatief sien. Daar is ruimte vir elke benadering en die lewe word verryk wanneer die narratiewe van verskillende benaderings by mekaar aansny. Dit bied vir praktiese teoloë en pastorale praktisyns die vryheid om eklekties om te gaan met beskikbare modelle.

Wanneer kommunikatiewe handeling in die praktiese teologie bestudeer word, maar met 'n definitiewe en doelgerigte narratiewe perspektief, is die benadering veel meer inklusief en verwys dit na die totale ekosisteem waarbinne die kommunikasieprosesse verloop. Verder het die narratief in die geesteswetenskappe ontwikkel tot dié perspektief waardeur kulturele en individuele ervarings binne 'n verstaanbare raamwerk geplaas kan word. (Müller 1996:4)

Ekosisteem word verstaan vanuit 'n filosofiese epistemologie as 'n "ecology of ideas". "Daar is by hierdie epistemologie 'n weerstand teen versaakliking en die patrone het nie te doen met gegewe werklikhede nie, maar met konstruksie wat deur logika en idees gekonstitueer word." (Müller 1996:13)

Die narratiewe benadering tot praktiese teologie is relevant, konkreet, kontekstueel - dus prakties.

..., the narrative or social-constructionist approach forces us to listen firstly to the stories of people struggling in real situations. This approach to practical theology, although also hermeneutical in nature, is more reflexive in its approach and method. It takes the circular movement of *practice-theory-practice* seriously and brings it into operation. Practical theology, according to this approach, indeed becomes part of "doing theology" and takes the social-constructions, within actual contexts, seriously. The practical theologian in this case, is not so much concerned with abstractions and generalizations but rather with the detail of a particular person's story. (Müller 2004:3)

Browning se benadering tot die praktiese teologie neem die sirkulêre beweging van praktyk na teorie en terug na die praktyk ernstig op.

Browning (1991:5-54) sien teologie as 'n sistematiese refleksie op die historiese selfverstaan van 'n spesifieke godsdienstige tradisie en meen dat teologie as geheel fundamenteel praktiese teologie is met vier onderafdelings: beskrywende teologie ("descriptive theology"), historiese teologie, sistematiese teologie en strategies-praktiese teologie. Teologie sal dan prakties wees indien dit by die praktyk begin.

Die eerste beweging is dan die beskrywing van die teorie belaaide godsdienstige en kulturele praktyk. **Beskrywende teologie** is hermeneuties en bring die situasie met die teks in gesprek. **Historiese teologie** vra die vrae wat vanuit die beskrywende teologie, of dan die teorie belaaide praktyk, kom aan die sentrale, heilige, normatiewe tekste en belydenisse van die Christelike geloof.

Sistematiese teologie versmelt dan die horisonne van die kontemporêre praktyk met die normatiewe Christelike tekste. Algemene Bybelse temas word by algemene vrae van die dag uitgebring. Hierdie beweging bring verandering, of ten minste 'n uitdaging tot verandering.

Die laaste beweging is dan **strategies-praktiese teologie**. Nuwe teorie belaaide praktyk word gekonstrueer. Die nuwe gerekonstrueerde praktyk word ondersoek.

Hierdie beweging van teorie belaaide praktyk na die herwinning van normatiewe teorie belaaide praktyk tot die daarstel van nuwe krities benaderde, teorie belaaide, praktyk vind binne narratiewe plaas met prakties-teologiese wysheid as uitgangspunt. Dit poog om die konfessionele benadering en die apologetiese benadering komplimentêr langs mekaar te plaas.

Dit is 'n sirkulêre beweging wat erns maak met temporaliteit, kontekstualiteit en heersende sosiale konstruksies. Dit is dus konkreet en spesifiek. (Browning 1991; Müller 2004)

Müller stem hiermee saam en gaan so ver as om te sê dat praktiese teologie slegs moontlik is as kontekstuele praktiese teologie.

Practical theology cannot function in general. It is always local, concrete and specific. The moment it moves away from the concrete specific context, it regresses into some sort of systematic theology. The very essence of practical theology demands for it to be very focused on concrete contexts. (Müller 2004:3)

Marcel Viau (1999) gaan akkoord met die siening dat teologie prakties is en sien die diskoers van praktiese teologie as volg:

The discourse of Practical Theology adjusts perfectly to its object in so far as the person who utters it is capable of developing a theory of entertainment coupled with a theory of assent. The theologian thus becomes a speaker who entertains and assents to a religious belief on the basis of the utterances of other speakers. His discourse takes its place among all other discourses in his environment. He calls on the same web of beliefs as his interlocutors, and this web is a mixture of common sense, scientific, philosophical and religious beliefs. Theology is practical because it is anchored in human experience and in linguistic interaction. Its discourse have been the object of assent of beliefs which are still current and still actualized, since it is precisely a property of all belief to be so. The events which cause these beliefs can be from the past or the future, i.e. of the reconstituted present; moreover these events can be singular objects or universals, physical objects or ideas. No matter what these events might be, they are always manifestations of the experience in which the belief of organisms plays a driving role. The discourse of Practical Theology is a body of utterances enunciated in a language, which is an occurrence of Christian religious belief incorporated in experience. (Viau 1999:195-196)

Praktiese teologie se diskoers ontstaan dus vanuit ervaring. Menslike ervaring moet as geheel beskou word en is dus net soveel algemene kennis, praktiese wysheid, ("common sense") as wetenskaplike of godsdienstige kennis. Hierdie siening van ervaring gaan uit van die standpunt dat organismes bestaan en interreageer met die omgewing. Die organismes neem dan, deur natuurlike interaksie, gedragspatrone aan op 'n kulturele en biologiese vlak. Tekens word dan ontwikkel om 'n diskoers daar te stel.

Dit is praktiese teologie se funksie om iets te sê oor die geloofshandeling wat ingesluit is in menslike ervaring. Dit word onder ander bereik deur die objek aan te dui deur middel van 'n ketting van ervaringe wat 'n doelwit op 'n bevredigende manier bereik. Praktiese teologie sal dan fokus op die beskrywing van die manier waarop die organismes diskoers oor God.

Teologiese diskoers word slegs verstaan en is slegs relevant wanneer dit ingebed is in die gees van die tyd, die manier van lewe. Die totale menslike ervaring moet in praktiese teologie

weerspieel word.

'n Geldige idee is 'n idee wat ooreenstem met sekere gebeure in ervarings. Waarheid word dan 'n gebeure - die idee word waar gemaak deur die gevolge wat daaruit vloei. Praktiese teologie gaan dus uit van die veronderstelling dat die dele van die diskoers waar gemaak word - bewys in handeling en nie meer 'n refleksie of soeke na 'n absolute waarheid nie. "In sum, the truth of a discourse in Practical Theology flows from its ability to set its speaker in motion." (Viau 1999:203)

Viau gaan voort om te sê waarheid en taal is in dieselfde bootjie op die see van ervaring. Geloof is dan 'n staat waarin organismes hulle bevind waarin sekere inligting deurgegee word. Geloof word verbind aan die omgewing wat dit veroorsaak het en funksionering moontlik maak. Godsdienstige geloof is deel van 'n netwerk van geloof wat die organisme laat handel. Geloof word oorgedra wanneer die hoorder aanklank vind by dit wat gesê word, dit oorweeg ("entertain") en besluit om dit ernstig te neem en eindelik as sy/haar eie te aanvaar, instem ("assent") dat dit waar is.

Idee en konsepte wat ooreenstem met prakties-teologiese wysheid en sosiale konstruksionisme is ooglopend en heeltemal versoenbaar met 'n narratiewe benadering tot die praktiese teologie.

Die pastoraat, as deel van praktiese teologie, baat besonder baie by die narratiewe benadering. Pastorale sorg as 'n hermeneutiese proses word dan meer as metodes en tegnieke.

Hier gaan dit om 'n intersubjektiewe versmelting van horisonne en nie om 'n subjek-objek-verhouding nie. En soos reeds tevore aangedui, veronderstel elke horison 'n verhaal. Die intersubjektiewe versmelting behels 'n voortgaande narratiewe proses. (Müller 1996:101)

Die waarnemer konstrueer dit wat waargeneem word. Dit beteken wat waargeneem word is nie 'n objektiewe waarheid nie, maar 'n kombinasie van die waarnemer en die waargeneemde. (Hansen 2002:318)

Narratiewe pastoraat bied vele moontlikhede. Ook ten opsigte van teoretiese integrasie van

verskillende pastorale-, of dan beradings-, benaderinge.

Hansen (2002:315-329) soek noukeurige na 'n basis waarop verskillende beradings-benaderinge met mekaar geïntegreer kan word. So 'n integrasie-basis maak 'n eklektiese gebruik van verskillende modelle moontlik en sinvol. Integrasie kan plaasvind op 'n verantwoordbare manier wanneer dit geskied tussen betekenisstrukture met gemeenskaplike narratiewe kenmerke.

Essensiële kenmerke van 'n beradingsbenadering om legitiem te wees is: ooreenstemming met die waardes van die gemeenskap; 'n aanvanklike assosiasie met wetenskap; interne kenmerke wat die berading- narratief beskerm teen vervalsing; kliënt onafhanklikheid as 'n fundamentele doelwit.

Christelike-, of geloofsnarratiewe, word gewoonlik gediskwalifiseer as legitieme berading. Al vind daar heling plaas en al word die krisis opgelos en hoop gebied, word hierdie narratiewe daarvan beskuldig dat die persoon afhanklik gemaak word van die institusie wat die narratiewe ontwikkel het. 'n Vraagteken word ook agter die wetenskaplike agtergrond waaruit die geloofsnarratief gegroei het.

Narratiewe pastoraat kwalifiseer as 'n legitieme pastorale benadering volgens Hansen se kriteria:

Narratiewe pastoraat:

- stem sonder twyfel ooreen met die pastorant (kliënt) en sy/haar gemeenskapswaardes - as gevolg van sosiale konstruksionisme en ko-konstruksie.
- het gegroei vanuit 'n legitieme wetenskaplike vertrekpunt
- het interne kenmerke wat die benadering onderskei van ander en beskerm teen vervalsing
- het onafhanklikheid en vervulling van die kliënt ten doel.

Narratiewe pastoraat kan simplisties en in kort as volg beskryf word:

'n Verhaal van nood, van vasgelooptheid, word binne die konteks van verhale wat daartoe opgeloopt het geplaas. Dan word die toekomsverhaal wat hieruit voortvloei bekyk en ontgin. Hierdie toekomsverhaal se ongewenste storielyne en negatiewe plot word gewysig, word herskryf. Dit bring diskontinuiteit met die verledeverhaal en die hedeverhaal. Wat daartoe lei dat die verledeverhaal hervertel, herinterpreteer, herstruktureer word. Met nuwe klem op nuwe storielyne uit die verlede, met die uitlig van ander temas in die verledeverhaal, skep dit 'n nuwe konteks vir die hede, nuwe ruimtes waarin nuut geleef kan word. Hierdie nuwe hede het dan die potensiaal om tot die nuwe toekomsverhaal, of nog beter, te word. (Müller 1996:97-140; Müller,

J.C. & Laas, J. 2000; Ferreira & Botha 1998; Roth & Epston 1995; Carey & Russel 2002; ens.)

Enkele uitgangspunte van narratiewe terapie waarby die narratiewe pastoraat aansluiting kan vind is:

- ◇ Die persoon is nooit die probleem nie, die probleem is die probleem. Dit beteken dat die proses help om verhale na vore te bring wat wys dat die probleem nie altyd oorheers nie, en nie hoef te oorheers nie. Dit skep ruimte om weer die probleem te bowe te kom.
- ◇ Die storie, die verhaal, word gesien as die draer van ondervinding, betekenis en sin. Inligting van 'n persoon se lewe word deur verhale ge-organiseer en sodoende betekenis daaraan toegeken.
- ◇ Narratiewe pastoraat fokus op maniere waarop hierdie verhale herskryf kan word, sinvol geherstruktureer kan word. Negatiewe verhaaltemas word ondersoek en vervang met positiewe temas sonder om onrealisties te wees.
- ◇ Verhale is soos die lens waardeur 'n mens na die lewe kyk. As hierdie lens goed is is die lewe in fokus en sinvol. Narratiewe pastoraat poog om hierdie lens skoon en reg te kry.
- ◇ Narratiewe pastoraat sien identiteit as 'n sosiale konstruksie. Deelnemers aan hierdie konstruksie is die self, ander, jou geskiedenis, kultuur ens. Narratiewe pastoraat ondersoek die passing van hierdie gekonstrueerde identiteit met die persoon.
- ◇ Dit vra ook dat aandag gegee word aan onsigbare storielyne wat die sterker verhale subtiel beïnvloed. Wanneer hierdie storielyne sigbaar word is dit makliker om hulle skadelike gevolge te bestuur. (Dulwich Centre Publications 1999:191-194)

Wat weer beklemtoon moet word is dat narratiewe pastoraat nie 'n tegniek of selfs 'n metode nie. Dit is meer 'n metafoor. (Freedman & Combs 1996) Dit is 'n lewenshouding, 'n benadering. Daar is wel 'n gespreksagenda en gespreksprosedure wat gevolg kan word, riglyne waarbinne beweeg word ten einde die persoon se verhaal te vernuwe en te verhelder. (Müller 1996)

Hierdie benadering lê klem op 'n persoon se lewenservaring en die spesifieke belewenis van 'n van 'n spesifieke situasie. Dit is 'n prakties, toeganklike (vir berader en gespreksgenoot) benadering en neem kennis van wysheid wat oor tyd versamel is as bron van inligting.

3.2 Prakties-Teologiese Wysheid

Modernisme het wegbeweeg van die mondelinge na die geskrewe, van die spesifieke na die universele (universeel geldende), van die lokale na die algemene (wat in alle kontekste waar moet wees), van die tydgebonde- na tydlose waarheid. (Brueggemann 1993:5)

Die pendulum swaai in postmodernisme terug en sal hopelik op 'n redelik gebalanseerde punt tot rus kom. Verhale, die mondelinge, kry weer die nodige aandag. Daar is 'n besef dat die universele nie ten koste van die spesifieke verabsoluteer kan word nie. Waarheid het meestal 'n baie spesifieke kleur binne 'n bepaalde konteks. Daarom word die kontekstualiteit van kennis en waarheid weer erken en in ere herstel. Saam met kontekstualiteit gaan ook die besef dat kennis, interpretasie en waarheid 'n tydgebonde kenmerk het en daarmee saam dus 'n pluraliteit.

Dit is die sosiaal konstruksionistiese aard van kennis wat totale relativisme verhoed, onmoontlik maak. Die konstruerende gemeenskap bepaal die vorm en inhoud, die grense, van kennis. Dit kom dan neer op 'n soort *perspektivisme*.

3.2.1 PRAKTIES-teologiese Wysheid

Perspektivisme vind neerslag in: **prakties-teologiese wysheid**. Prakties-teologiese wysheid is 'n wegbeweeg van die onderskeid tussen basisteorie (*theoria*) en praktiese teorie (*techné*) en vind aansluiting by die begrip *phronesis*. (Browning 1991:36-44; Müller 1994:20-28; Müller 1996:1-3)

Aristoteles se gebruik van *phronesis* lê hier ten grondslag.

Daarvolgens is *phronesis* dan nie 'n toepassing van abstrakte beginsels op konkrete situasies nie, maar verwys dit eerder na 'n waardegeoriënteerde bespreking wat in 'n wisselwerking tussen praktykervaringe en kennis van bestaande teorieë vergestalt word. (Müller 1996:2)

Dit impliseer 'n voortdurende ossillasie tussen praktyk en teorie.

Prakties- teologiese wysheid sluit aan by een van die kenmerke van postmodernisme soos Jameson (Malpas 2001:22-36) dit sien:

The second feature of this list of postmodernisms is the effacement in it of some key boundaries or separations, most notably the erosion of the older distinction between high culture and so-called mass or popular culture.

Wysheid is nie meer net in die teoretici gesetel nie maar ook in elke mens se eie ervaring en belewenis van die lewe.

Persoonlike praktiese kennis is belangrik. Dit gaan oor kennis wat beliggaam is, ingebed in 'n sekere kultuur en gebaseer is op 'n narratiewe eenheid. Dit gaan oor die kontinuïteit en geheel van 'n individu se lewenservaring.(Clandinin & Connelly 2000:3,17)

Belangrike kenmerke van ervaring is kontinuïteit en interaksie. Kontinuïteit kan gesien word in relasie tot temporaliteit, mense, aksie en sekerheid, terwyl interaksie in relasie tot konteks, mense, aksie en sekerheid gesien kan word. Hier staan narratiewe navorsing teenoor 'hoofstroom' navorsing, of dan die meester narratief.

Mense is meer as navorsingsobjekte, mense is voortdurend in 'n persoonlike proses van verandering.

Aksie is 'n narratiewe teken, 'n aanduiding van die individu se narratiewe geskiedenis, hede en moontlike toekoms. 'n Aksie is dus nie 'n absolute aanduiding van wie of wat die individu is nie. Daar is 'n voorlopigheid in narratiewe navorsingsbevindings. Die sekerheid en algemeen geldende karakter t.o.v. gevolgtrekkings ontbreek. (Clandinin & Connelly 2000:21-33) "In the grand narrative, *the universal case* is of prime interest. In narrative thinking, *the person* in context is of prime interest. (Clandinin & Connelly 2000:32)

Sosiale konstruksionisme asook die narratiewe benadering maak erns met praktiese wysheid en forseer navorsers om te luister na die verhale van mense in hulle lewensituasies - met hulle worstelinge en hulle vreugdes. Dan word mense en hulle situasie hermeneuties en ook refleksief benader en word kennis geneem van die sosiale

konstruksies binne die spesifieke konteks. (Müller 2004)

Die breek met die positivistiese, begronding-teoretiese, fundamentalistiese (“foundationalism”) paradigma was nie maklik nie. Al het postmodernisme die ruimte daarvoor geskep. Daar is steeds ‘n antagonisme ter sprake.

Die modernistiese paradigma word verskillend gekarakteriseer - onder meer as tegniese rasionalisme (“technical rationalism”), objektivisme en selfs as die goddelike perspektief (“god’s-eye-view”). Die rasionaliste meen die enigste ware kennis wat in menslike handeling ter sprake kan kom is tegniese kennis. Praktiese kennis is nie wetenskaplik nie en dus nie bruikbaar nie. Die rasionalis se obsessie, se pre-okkupasie, met sekerheid is ‘n rede vir die afwys van praktiese wysheid. (Clandinin & Connelly 2000:33-37)

A disembodied mind permits the certainty needed by technical rationalism. To put the body back into the mind is to wreak havoc with certainty. Emotion, value, felt experience with the world, memory, and narrative explanations of one’s past do not stand still in a way that allows for certainty. (Clandinin & Connelly 2000:37)

Praktiese, deurleefde kennis is dinamies, dit is konteksgebonde, dit is spesifiek en persoonsgebonde. Dit maak dit onmoontlik om universeelgeldende uitsprake en gevolgtrekkings te maak sonder om kontinuïteit en interaksie in ag te neem.

Dit maak kennis, wetenskap en navorsing meer menslik en tentatief (nederig?). Die wetenskap kan nie aanspraak maak op ‘n goddelike perspektief op die waarheid of die werklikheid nie. Wanneer kontekstualiteit ontbreek ontstaan daar maklik ‘n gevoel van frustrasie en selfs hooploosheid wanneer beginsels en riglyne prakties geïmplementeer moet word in ‘n spesifieke situasie. (Müller 2004) Objektiewe teorieë verloor dus ‘n mate van relevansie omdat die teorie en die werklikheid, plaaslike werklikheid, dikwels te ver van mekaar verwyder is.

Selfs die industriële en ekonomiese sektore besef dat praktiese kennis, ervaringskennis, is van onskatbare waarde. Daar het ‘n skuif gekom van ‘n “kennis is mag so versamel

dit” houding na ‘n “kennis is mag, deel dit en dit vermenigvuldig” houding. Al meer word besef dat kennis geleë is in mense se ervaring. Sommige maatskappye bestee miljoene aan tegnologie, wat dan deur niemand gebruik word nie. (Allee 2000)

Allee (2000) gaan sover as om te wys op die sosiale aard van kennis en die verkryging van kennis, leer. Kennis word oorgedra deur taal en elke gesprek is ‘n eksperiment in die skep van kennis - toets van idees, woorde, konsepte ens. Voortdurende gesprek in die werkplek skep pertinente, bewustelike, en onbewustelike, onuitgesproke (“tacit”) kennis. Onuitgesproke, onbewustelike kennis is die magdom ervaringskennis, “know-how”, wat mense besit op grond van lewensondervinding en leerervaringe. Bewustelike kennis word doelbewus gekommunikeer en gedokumenteer. Dit beteken dat geen databasis of tegnologiese sisteem alle kennis in ‘n maatskappy kan dokumenteer en insluit nie.

Kennis kan dus nie geskei word van die gemeenskappe waar dit ontstaan het, gebruik is en gegroei het nie. Die praktykgemeenskap (“community of practice”) is dus ‘n primêre bron van kennis.(Allee 2000)

Praktykgemeenskappe het ten minste drie dimensies. Mense organiseer en vergader rondom ‘n sekere kennis *domein*. Die gemeenskaplike doel bring hulle saam en gee ‘n gevoel van gedeelde verstaan, kennis en situasie.

Mense funksioneer as ‘n gemeenskap op grond van *verhoudinge*. Dit lei tot gereelde sosiale interaksie en die versterk van verhoudinge en vertroue.

Die *praktyk* is ook ‘n belangrike dimensie. Vaardighede wat gedeel word voorsien bronne soos gereedskap, dokumente, roetines, woordeskat, simbole, ens. wat die akkumulاسie van kennis in daardie gemeenskap verteenwoordig.

Praktykgemeenskappe ontstaan in die sosiale ruimtes tussen projekspanne en kennis netwerke.

Praktykgemeenskappe hou vele voordele in vir die besigheid, gemeenskap en die individu.(Allee 2000)

Praktiese wysheid en prakties-teologiese wysheid kan nie geskei word van die gemeenskap waaruit dit ontstaan het nie. Dit impliseer egter nie dat daar geen sprake

van gemene delers in verskillende situasies is nie. Prakties-teologiese wysheid erken die algemeen geldende elemente wat deur navorsing ontdek word. Daar is daarmee saam egter ook 'n groot bewustheid van die uniekheid van elke situasie. Dus word daar versigtig gewys in die rigting van elemente wat binne 'n soortgelyke situasie van waarde kan wees, kan help met die skep van ruimte vir 'n nuwe ontvouing van verhale in daardie situasie, 'n nuwe sosiale konstruksie van die betrokke werklikheid.

Kennis, ervaringskennis, bemagtig. Deel dit met ander en die effek daarvan kan vermenigvuldig. Een praktykgemeenskap kan 'n ander help met hulle konstruksies. Dit kan "tegnies" geskied deurdat bewustelike praktykondervinding, kennis, lewensondervinding, gekommunikeer en oorgedra word in 'n poging om raakpunte te ontdek wat kan help en verhelder. Dit kan ook geskied by wyse van die lede van een praktykgemeenskap wat betrokke raak in 'n ander gemeenskap.

Praktiese denke, die oordrag van praktykondervinding en interaksie in praktykgemeenskappe, gebruik die narratief as genre, as voertuig.

Practical reason, I will argue, always has a narrative envelope. It is not necessarily specifically Christian. (Browning 1991 :11) In hierdie studie word aandag ook, en veral, gegee aan die teologiese.

3.2.2 Prakties-TEOLOGIESE Wysheid

Prakties-TEOLOGIESE wysheid is nie vreemd aan die geloofsgemeenskap en die Bybel nie. Verlaas die Ou Testament bevat 'n magdom wysheidsliteratuur - Spreuke, die verhaal van Josef, Job, Prediker, Ester, heelwat Psalms ens.

Wysheidsliteratuur is 'n baie goeie voorbeeld van prakties-teologiese wysheid. Wysheidsliteratuur gaan uit van 'n veronderstelling dat God alles in 'n sekere orde geskep het en dat Hy ook 'n sekere orde in stand hou as deel van sy einddoel met die skepping. Die wyse mens is die mens wat hierdie orde (die wêreld en die lewe) ken en opreg soek na sy plek binne hierdie orde van God. Die wyse mens lewe dan in ritme met die orde en het sodoende 'n sinvolle bestaan.

Wysheid het dus te doen met die regte optrede op die regte oomblik.

Die ontstaanskonteks van wysheidsliteratuur is ook van belang. Die wysheidsliteratuur ontstaan uit die familie- of stamverband, bloei aan die koningshof (veral onder Salomo) en het ook sterk wortels in tye van krisis - veral die ballingskap. (Le Roux 1990:4-10) Die wysheidsleraars put uit persoonlike ondervinding, 'n fyn waarneming van mense en die samelewing en uit gesprekke met baie mense.

Die wysheidsleraars fokus op die lewe en die wêreld en nie op die openbaring of die heilsgeskiedenis nie. Hierdie fokus op die lewe gaan gepaard met 'n geweldig optimistiese siening oor die mens se vermoëns. Hulle is so prakties as kan kom. Daarom is vergeldingsleer ook redelik sentraal. (Le Roux 1990:10-15) Menslike handeling het gevolg. As jy goed doen is dit goeie gevolg, as jy sleg doen is dit slegte gevolg. Hierdie leer het later verstar sodat geredeneer is: as dit met jou goed gaan is jy 'n goeie mens, en andersom.

Die wysheidsliteratuur is die insny van God se verhaal in menslike verhale. Vele van hierdie wysheid is net gesonde verstand en nie vreeslik geestelik nie. Alle aspekte van die lewe word ook gedek - opvoeding, die seksuele (drange, verleiding, die volgende oggend ens.), drank, die huwelik, gesag ens.

Die oudste teoloë beskou alle teologie as prakties. Met die opkoms van die skolastiek het die filosofie se invloed op die teologie toegeneem en in sekere gevalle gedreig om die teologie te oorheers. Op grond van hierdie invloed word die teologie al meer 'n suiwer teoretiese en spekulatiewe wetenskap waarvan die einddoel kennis is. So het Henricus van Ostia byvoorbeeld gesê dat teologies slegs 'n spekulatiewe wetenskap is. Thomas van Aquino (1225-1274) sê dat die hele teologie sowel teoreties (spekulatief) as prakties is, maar dat die teorie die belangrikste is. Hierteenoor het Duns Scotus (1308) in opstand gekom en verklaar dat die hele teologie prakties is. Hiermee is nog 'n klassieke probleem aangeraak, naamlik die vraag rondom die teoretiese en/of praktiese aard van die verskillende teologiese vakke. Is die hele teologie prakties of

slegs praktiese teologie? Is alle teologiese vakke, ook praktiese teologie, nie dalk teoreties nie? (Heyns & Pieterse 1990:90)

Gadamer wys op die samesmelting van die verlede en die hede. Sy insigte hef die onderskeid tussen verlede en hede op en lei ook daartoe dat teorie en praktyk (verstaan en toepassing), asook teologie en praktyk, nie meer teenoor mekaar staan nie. Dit beteken dat ons nooit in gesprek kan tree met ons klassieke religieuse tekste as vreemde en totaal verwyderde, aparte, entiteite nie. Hierdie tekste het reeds ons vrae aan hulle beïnvloed en gevorm. Prakties-teologiese denke beweeg van praktyk na teorie en weer na praktyk. (Browning 1991:39-43; Guarino 1993)

Verwysende na die dualisme tussen teorie en praktyk skryf Müller:

Solank as wat die ou dualistiese paradigma gebruik word, is daar na my mening nie plek vir praktiese teologie as wetenskap nie. Met so 'n paradigma kan praktiese teologie nooit iets anders as 'n vorm van *techné* wees nie, en sien die ander teologiese dissiplines daarop neer as blote toepassings op die kerklike praktyk. Wanneer só 'n "praktiese teoloog" dit tog waag om ook op die terrein van die *theoria* te beweeg, verduur hy/sy gewoonlik kritiek van ander teoloë soos die Bybelwetenskaplikes en dogmatici, wat voel dat hulle meer vertrou met die "fundamentele teologie" is. Dit is dus alleen binne die raamwerk van 'n nuwe wetenskapsbeskouing dat die praktiese teologie werklik sy volwaardige plek kan inneem as wetenskap, nie alleen in die ry van teologiese dissiplines nie, maar ook as volwaardige vennoot in die kring van die geesteswetenskappe. (Müller 1996:3)

Prakties-teologiese wysheid blyk een van die konsepte te wees wat die praktiese teologie binne die nuwe paradigma van kontekstualiteit, lokaliteit en pluralisme tot diens kan wees. Prakties-teologiese wysheid word nagevors en ontdek binne die narratiewe van mense en gemeenskappe.

Die gevaar bestaan dat daar te veel gefokus word op praktiese wysheid en dat die

teologiese karakter, die teologiese dimensie, verlore gaan.

Don Browning (1984; 1991) bied vyf dimensies van praktiese, morele denke aan wat handig is: VOTER - “visional, obligational, tendency-need, environmental-social rule-role”.

- Die **visionele** (“visional”) dimensie: Prakties-teologiese denke (wysheid?) begin binne die konteks van spesifieke tradisies wat gedra word deur spesifieke narratiewe, stories en metafore wat die gemeenskap wat binne daardie tradisie funksioneer se selfverstaan vorm.
- **Verpligting:** Binne tradisies word mettertyd ‘n stel algemene beginsels, met ‘n rasonale struktuur, uitgewerk. Hoewel aanvanklik vervleg in die narratiewe strukture bereik hierdie beginsels ‘n onafhanklikheid, ‘n gekonstrueerdheid. Dieselfde beginsels word in verskillende tradisies gevind. Hy noem dit die verpligting (“obligational”) dimensie. Voorbeelde is: naasteliefde en doen aan ander wat jy wil hê hulle aan jou moet doen.
- **Behoefte-neiging:** Die basiese behoeftes, of neigings, van die mens kan uit verskillende perspektiewe beskou word. Maslow se behoefte hiërgargie (Fisiologiese behoeftes - kos, water, seks; veiligheid; aanvaarding, behoort en liefde; selfbeeld; self aktualisering) (Hjelle en Ziegler 1981) en die waardes indeling (selfsugtige waardes - t.o.v. eie welsyn en oorlewing; sosiale waardes - waardes wat die individu bring tot optrede wat die groep bevoordeel; intellektuele waardes - waardes wat effektiewe rasonale denke aanmoedig; kulturele waardes) (Browning 1991:106) is maar twee voorbeelde. Die hoër-orde beginsels van die mens organiseer, ko-ordineer en bemiddel hierdie behoeftes en neigings binne die individu en tussen individue. Dit is die behoefte-neiging (“tendency-need”) dimensie van praktiese morele denke.
- **Omgewing-sosiale:** Die omgewing-sosiale dimensie dui op die beweging van situasie na teorie en terug na situasie. “Practical thinking flows from a sense of the tensions of these concrete situations and returns to them after some necessary theoretical clarification.” (Browning 1984) Die omgewing en sosiale konteks speel ‘n rol in prakties-teologiese denke.
- **Reëls en rolle:** Wanneer ‘n saak oordink is word teruggekeer na die situasie en

daar word reëls en rolle (“rule-role”) vir die situasie en konkrete optrede daargestel.

Dit is opvallend dat die gemeenskap, die tradisie, waarbinne die individu of die groep staan wat prakties-moreel dink ‘n bepalende rol speel. Dit beteken dat die teologiese aard en kwaliteit van prakties-teologiese denke en prakties-teologiese wysheid beïnvloed word deur die tradisie waaruit dit kom. Dit bepaal die vertrekpunt, die siening van verpligtinge, die manier waarop behoeftes en neigings bevredig en hanteer gaan word, hoe die wisselwerking tussen situasie en “teorie” hanteer gaan word en watter riglyne en reëls op die ou einde neergelê gaan word.

So speel die kerklike gemeenskap en die tradisie ‘n bepalende rol in prakties-morele denke binne daardie konteks. Dit bring ons terug by die vraag na die insnyding van God se Verhaal in die menslike verhaal. Hoe word praktiese wysheid, prakties-teologiese wysheid?

In die kerk, die teologie, kan aanvaar word dat die individu sowel as die gemeenskap en selfs die tradisie uit pneumatiese mense bestaan en bestaan het. Die invloed van die Heilige Gees en die rol van die Heilige Gees kan en mag nie misgekyk word nie.

The biblical name of this sovereign effective power is *ruach* of *pneuma*.

And both terms mean, specifically, moved and moving air; they mean breath, wind probably also storm, and in this sense, *spirit*. (Barth 1963:53)

Dit is duidelik dat die wese van die Heilige Gees nie maklik vasgevat kan word nie.

Die geloofsbelydenis van Nicéa verwoord dit so: Ons glo in die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker, wat van die Vader en die Seun uitgaan, wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik moet word, wat gespreek het deur die heilige profete. En die Heidelbergse Kategismus sê: Eerstens is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God. Tweedens is Hy aan my gegee sodat Hy my deur ‘n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade, my troos en ewig by my bly.

Die Heilige Gees word in die Skrif deurgaans met God self in verband

gebring, sodat gesê kan word dat die Heilige Gees God self is in sy openbarende, selfmededelende en handelende teenwoordigheid. (Jonker 1981:121)

Die Heilige Gees is dus nie 'n verbinding met God of iets wat die mens en God deel nie. Die Heilige Gees is God self in sy aktiewe teenwoordigheid en betrokkenheid by die mens.

Berkhof (1958:96) maak 'n sterk saak daarvoor uit dat die Heilige Gees 'n persoon is. In die eerste plek word persoonlike benaminge aan die Gees gegee. Die manlike persoonlike voornaamwoord word gebruik. Verder word die Gees gesien as die trooster wat in die plek van die persoon van Jesus na die mens gestuur word. Tweedens word persoonlike eienskappe aan Hom toegeken soos intelligensie (Rom 8:16), wil (Hand 16:7) en emosies (Ef 4:30). Ook soek, praat, getuig, beveel, openbaar, skeep, ens. die Gees.

Derdens word die Gees voorgestel in verhouding met die mens, met die Vader en met die Seun.

Laastens is die Heilige Gees nie bloot 'n krag nie aangesien die Gees van sy krag onderskei word (Luk 4:14 o.a.).

Die Godheid van die Gees kan ook nie in twyfel getrek word nie. Goddelike name en -eienskappe word aan Hom toegeken (soos alomteenwoordigheid en ewigheid). Goddelike dade soos skepping en herskepping word aan Hom toegedig en die Gees word as God ge-eer.

Die Heilige Gees is nie bloot 'n verskyningsvorm van God nie (modalisme); daar vind ook nie 'n versmelting plaas tussen die menslike gees en die Heilige Gees nie (idealisme). Tussen God se Gees en die mens se gees is daar 'n dinamiese gemeenskap via die opgestane Christus (Louw 1984:52)

Die mens is liggaamlik en in sy bestaan tydelik en sondig. Aan die ander kant is die mens 'n persoonlikheid wat 'n menslike bestaan as 'n bewuste, gemotiveerde, verantwoordelike en besluitnemende wese veronderstel. Die pneumatiese dimensie van die nuwe mens in Christus beskryf die gerigtheid tot God en die interaksie tussen God en die mens. Die pneumatiese mens lewe vanuit God se definisie van die lewe. Louw

(1993:135-162) noem dit die teleïtiewe dimensie van 'n Christelike antropologie. Met teleïtief word dan bedoel: die nuwe mens as geestelike wese gerig op die transendente en eskatologiese dimensie van sy bestaan.

Die Gees oorrumpel nie die mens nie, maar beweeg en dring die mens en herskep sodoende die mens tot sy bestemming. Die werk van die Gees in die mens en ook deur die mens tot ander mense sal ons nooit ten volle verstaan nie.

Vanuit 'n narratiewe perspektief beskou is die pneumadimensie van die gelowige die punt waar die Storie, of die Verhaal, inbreek op menslike verhale. Dit is die punt waar die verlossingsverhaal insny in die mens se verhaal en sodoende vir die mens 'n nuwe toekomsverhaal moontlik maak. Die pneumadimensie van die mens maak dit moontlik dat God se horison en die mens se horison kan versmelt. (Vgl Müller 1993:85-95; 173-178)

Wanneer hierdie twee horisonne versmelt ontstaan prakties-teologiese wysheid.

Prakties-teologiese wysheid word ook met agterdog bejeën en loop sekerlik die gevaar om klem te verskuif van die normatiewe aard van die openbaring na 'n pragmatiese vloeibaarheid.

Guarino (1993) hanteer *phronesis* as sinoniem aan gematigde postmodernisme, die middeveg tussen fundamentalisme en nihilisme. Volgens hom bedreig gematigde postmodernisme die openbarings-dimensie (en sodoende God as skepper) asook die noëtiese karakter van die openbaring. Hy sien 'n genuanseerde fundamentalisme as die antwoord.

...the rationality proper to theology is neither strong nor moderate postmodernism, but, rather, a sophisticated and nuanced foundationalism. This foundationalism must be salubriously castened by postmodernism, thereby incorporating the broad horizons of historicity, facticity and paradigm-bound rationality even while maintaining the metaphysical/transcendental subject. Theology then has a proper ground

for sustaining the integral and continuous narrative of salvation, without rejecting the perspectivalism and subjective noetic dimensions which are gnoseologically essential. This nuanced theological foundationalism also preserves a correlationist view of theology. (Guarino 1993)

Ek is van mening dat die sosiaal konstruksionistiese aard van prakties-teologiese wysheid baie belangrik is. Die individu, groep of gemeenskap besluit wie en wat 'n rol speel in die sosiale konstruksie en die prakties-teologiese denke binne 'n situasie. (Vergelyk bespreking onder 2.3.2.4 *Postmoderne Woordgebruik*) Daarby moet die pneumatiese dimensie van die geloofsgemeenskap ook verreken word.

Die onbewustelike beïnvloeding deur verskeie diskoerse, historiese verloop, en ander verhale word nie ontken nie. Maar teologiese tekste (Bybel, belydenisskrifte ens.) en teologiese tradisie kan 'n belangrike en steeds bepalende rol speel sonder om terug te val op 'n fundamentalisme.

Prakties-teologiese wysheid verseker dat teologie relevant, toepaslik en sinvol beoefen kan word. Dit voorkom die "ivoortoring" sindroom. Dit maak erns met die belydenis dat elke gelowige koning, priester en profeet is.

Die teologie van die gelowige het 'n besliste bydrae te maak tot die akademiese beoefening van teologie.

3.3 **Narratiewe Navorsingsmetodologie**

Navorsing is 'n sistematiese poging om insig en kennis daar te stel. (Gaddis 2004:42) Navorsing kan verkennend, beskrywend of verklarend van aard wees.

Kwalitatiewe navorsing werk oor die algemeen met minder mense as kwantitatiewe navorsing wat gewoonlik meer mense in steekproewe betrek. Kwalitatiewe navorsing, oor die algemeen gesproke, is gegrond in 'n interpreterende filosofie en fokus op hoe die lewe, die sosiale wêreld, verstaan, ervaar en geproduseer word. Dit is gebaseer op navorsingsmetodes wat aanpasbaar is

en sensitief is vir sosiale konteks. Analise en verklaring neem deeglik kennis van die kompleksiteit, detail en konteks van 'n ondersoek. (Mason1996:4)

Kwalitatiewe navorsing behoort dan ook sistematies en volhardend gedoen te word, asook voldoende strategies beplan word met die nodige aanpasbaarheid wat kontekstualiteit vereis.

Kwalitatiewe navorsing vereis voortdurende selfevaluering deur die navorser en dus 'n refleksiewe houding t.o.v. die navorsing.

Die doel is om 'n verklaring te bied vir intellektuele raaisels en tot 'n mate veralgemeenbaar te wees.

Omdat kwalitatiewe navorsing in vele opsigte meer intens, intensief en nader is aan die mense wat aan die studie deelneem, behoort behoorlike aandag aan die etiese doen en afhandeling van die navorsing gegee te word. (Mason1996:5-8; vgl Leedy & Ormrod 2001:147; sien 3.4 - Navorsingsetiek)

Narratiewe navorsing is een van die metodes waarvolgens kwalitatiewe navorsing gedoen word. Daar bestaan egter nie konsensus oor wat narratiewe navorsing presies is nie. (Ollerenshaw & Creswell 2002:331)

Die benadering is in vele opsigte uniek en bied die geleentheid om 'n ryk, diep navorsingsverslag op te lewer waar die medenavorser se verhaal minimaal by ingemeng en beperk is deur die navorser se kennis, verwagting of afbakening.(vgl ook Müller 1996:19ev - narratiewe betrokkenheid as verstaan.)

Narratiewe navorsing gaan oor die moeilike taak om mense se verhale na te spoor. Om deel te word van mense se verhale en te poog om dit te verwoord op so 'n manier dat hulle daarmee kan vereenselwig.

Die moeiliker deel is die hervertel van verhale op so 'n manier dat daar ruimte ontstaan vir groei en verandering. Dit gaan oor die leef van 'n verhaal, die vertel van 'n lewensverhaal, die hervertel van 'n lewensverhaal en die herleef van 'n lewensverhaal. (Clandinin & Connelly 2000:71)

Ollerenshaw en Creswell (2002) wys daarop dat die hervertel van die verhaal 'n groot deel uitmaak van narratiewe navorsing.

Restorying is the process of gathering stories, analyzing them for key elements of the story (e.g., time, place, plot, and scene), and then rewriting the story to place

it within a chronological sequence. Often when individuals tell a story, this sequence may be missing or not logically developed, and by restorying, the researcher provides a causal link among ideas.(Ollerenshaw en Creswell 2002:332)

Daar is verskeie prosedures waarvolgens die verhaaldata wat ingesamel is verwerk, geïnterpreteer en hervertel kan word. Ollerenshaw en Creswell (2002) bespreek en vergelyk die probleem-oplossing benadering ('problem-solution approach') en die drie-dimensionele-ruimte benadering ('three-dimensional-space approach').

Die probleem-oplossing benadering fokus op die karakters, konteks, probleem, handeling en die oplossing of resultaat. Dit is probleem-georiënteerd en liniêr.

Die drie-dimensionele-ruimte benadering ondersoek interaksie (sosiaal en persoonlik) en kontinuïteit (verlede, hede en toekoms), asook die plek of situasie. Dit is ervaring-georiënteerd en holisties.

Elke narratiewe navorser maak 'n keuse t.o.v. 'n benadering na gelang van eie voorkeur asook die tema en konteks van die navoring.

Omdat narratiewe navorsing so omvattend, kontekstueel, temporeel en persoonspesifiek is kan moeilik aandag gegee word aan meer as 'n paar verhale binne 'n bepaalde studie. Pogings om baie verhale weer te gee verhoog die risiko dat belangrike nuanses, dilemmas en teenstrydighede wat deel is van individuele verhale verlore gaan. (Gaddis 2004:43)

Gottlieb & Lasser (2001) waarsku dat narratiewe navorsing, in 'n poging om die perifere narratiewe hoorbaar te maak teenoor die metanarratief (of meester narratief) 'n ongebalanseerde bevoorregting kan laat plaasvind wanneer net die randstemme kan dan gehoor word.

Hulle het ook vrae t.o.v. inherente botsing van belange vir navorsers, asook die vermoë om medenavorsers te beskerm.

3.3.1 **Metafore vir navorsing**

McClintock, Ison en Armson werk in die veld van omgewings-beplanning en bestuur. In 'n poging om werklik saam met mense navorsing te doen en sodoende alle rolspelers van 'n projek te betrek en deursigtig te wees, het hulle 'n aantal metafore ontwikkel. Hierdie metafore help om verskillende rolle binne die navorsingsproses te definieer. Dit is nodig om daarvan kennis te neem aangesien dit harmonieer met 'n narratiewe navorsingsbenadering en bruikbaar is.

McClintock et al. (2003) bespreek vier metafore as hulpmiddel om na te dink, te reflekteer, oor navorsingspraktyk. Hierdie metafore is: navorsing-as-aksie; navorsing-as-narratief; navorsing-as-fasilitering en navorsing-as-verantwoordelik.

Navorsing-as-aksie (McClintock et al 2003:718-720) verwyder die skeiding, wat dikwels in akademiese kringe gehandhaaf word, tussen die doen en die gebruik van navorsing. Tradisioneel is onderskei tussen diegene wat navorsing doen en die wat navorsing toepas. Daar is ook onderskei tussen diegene wat navorsing doen en die wat nagevors word.

Aksie-navorsing is nie navorsing wat hoop dat aksie as aparte proses daarna sal volg nie. Dit is die navorsing en 'n gepaardgaande verandering van aksie wat lei tot 'n volgende aksie wat weer op sy beurt nagevors moet word. Dit vind in sirkulêre siklusse van beplanning-aksie/handeling-waarneming-refleksie plaas. Die navorser is ook mede-subjek en die navorsing-subjek is volwaardig medenavorser.

Hiervoor kan "akteur" as metafoor handig wees. Die akteurs (ook die navorser) neem deel aan die drama en neem dit nie net waar nie. Dit kan daartoe lei dat die studieveld gesien word as die teater met vele akteurs en tonele wat afspeel.

Aksie-navorsing neem nie ander navorsers, of dan die lede van 'n interpreterende gemeenskap, in ag nie.

A research-in-action metaphor implies that research activities 'constitute' such a community. This makes a change from seeing research-as-contributing to knowledge. As an actor, a researcher contributes to, and constitutes, an interpretive community. This is very powerful if the interpretive community also acknowledges relationships with potential 'co-researchers'. (McClintock et al 2003:720)

McClintock et al se tweede metafoor handel oor **Navorsing-as-narratief** (McClintock et al

2003:720-721). Navorsing word gesien as die uitvind van iets en in die sin dan 'n alledaagse aktiwiteit. Om uit te vind impliseer nuwe of verskillende verstaan. Dit is nie die ontdek van iets nie. Om uit te vind is om nuwe verstaan te skep. Indien nuwe verstaan volg op die verandering van metafore, impliseer uitvind die verandering van metafore. 'n Narratief maak die proses van uitvind koherent. 'n Narratief sluit die beskrywing en die reflektoring op ervaring in.

Research-as-narrative suggests that research works by describing, exploring and changing the metaphors used in a process of finding out during research. (McClintock et al 2003:721)

Dit beteken mense word nie meer beskryf nie. Daar word gewerk met die metafore wat hulle self genereer.

McClintock et al se derde metafoer vir navorsing is **navorsing-as-fasilitering**.

As alle mense betrokke is by navorsing as akteurs, is almal besig om uit te vind en verhale te vertel. In tradisionele, positivistiese navorsing is dit die uitsluitlike rol van die navorser. Wanneer saam met mense nagevors word hang dit af van hoe medenavorsers uitvind en verhale konstrueer. Navorsing kan wel alledaags wees, maar mense is te besig met hulle dagtaak en het nie geleentheid om op hulle aksies te reflekteer nie. Dit impliseer dat die akademiese navorser geleentheid moet skep vir alledaagse navorsing om plaas te vind. Hierdie skeppende rol kan as fasilitering gesien word - dus navorsing-as-fasilitering.

Fasilitering word hier gesien as die skep of daarstel van gunstige omstandighede, of ruimte, waarin navorsing kan plaasvind.

Dit laat die navorser met ten minste vier funksies:

- inisiëring van navorsing of aansluiting by bestaande navorsing;
- uitwys van voordele verbode aan deelname aan die navorsing;
- antisipering van moontlike wenslike ervaringe en die ondersoek van katalisators wat tot sodanige ervaringe kan lei;
- die voorsiening van logistiese ondersteuning (tyd, plek ens.).

Al hierdie funksies vereis verhoudingsbou. Dit beteken weer eens dat die navorser nie buite hierdie proses kan staan nie.

Metafore vir die rolle wat die navorser as fasiliteerder kan speel is: 'n dokter wat tegniese kundigheid voorsien en probleme oplos; 'n emansipeerder wat denkpatrone wil verander; 'n

onderwyser(es) wat help met probleemoplossing; 'n kryger wat aktiewe en radikale verandering bewerkstellig.

Fasilitering gaan dan oor die skep van gunstige ruimtes. Die probleem is wie op die aard van die ruimtes besluit. Indien dit net die navorser is, is dit ietwat eensydig. (McClintock et al 2003:721-723)

McClintock et al se vierde metafoor '**navorsing-as-verantwoordelik**' lê klem op navorsingsetiek en bevraagteken die nut van navorsing ("Who claims that research is 'A Good Thing?") (McClintock et al 2003:723-726; sien ook Gaddis 2004:38-40) Verantwoordelike navorsing begin dan by die bevraagteken van en wegdoen met die voorveronderstelling dat die doen van navorsing 'n goeie ding is. Navorsing lewer dalk niks op nie, of beklemtoon en versamel die negatiewe wat minder ruimte laat vir die uitleef van mense se hede-verhale.

Om ruimte te skep is maar een dimensie van verantwoordelike navorsing. Dit moet egter 'n ruimte wees waar nie gepoog word om mense se verstaan te verander nie, maar waar almal wat betrokke is tot groter verstaan, insig in mekaar en in die situasie kom.

Die navorser mag ook nie aan grootheidswaan lei en aanneem dat die navorsing mense se lewens sal beïnvloed nie. Die navorser gryp nie in 'n situasie in om regstellings te maak nie. Daarom word medenavorsers genooi om betrokke te raak. Wanneer iemand die geleentheid gehad het om 'nee' te sê en tog besluit om deel te neem en homself/haarself te verbind, word die verantwoordelikheid vir die navorsing van daardie punt af gedeel. Die uitnodiging legitimeer tot 'n mate die inbreuk wat die navorser gaan doen op die medenavorser(s) se lewens.

'n Verantwoordelike navorser is 'n navorser wat eerlik selfrefleksie doen - o.a ten opsigte van sy/haar motiewe, menseverhoudinge en vooroordele.

3.3.2 **Kriteria vir evaluasie van navorsing**

McClintock et al. (2003) ontwikkel drie stelle kriteria waarvolgens navorsing deur ander in die selfde navorsingsgemeenskap ge-evalueer kan word: Betroubaarheid ("trustworthiness");

diskoersgeldigheid (“discourse validity”) en pertinente raamwerke (“explicit frameworks”).

Betroubaarheid word gemeet aan:

- Langdurige en/of intensiewe betrokkenheid van verskeie akteurs (betrokkenes)
- Volgehoue en parallelle waarneming.
- Drie-ledige verhouding tussen bronne, metodes en navorsers
- Analise en weergee van verskille
- Negatiewe gevalle analise
- Portuur monitering
- Deelnemer (medenavorser) monitering
- Verslae met werkshipoteses, kontekstuele beskrywings en visualisering
- Parallelle navorsing en span kommunikasie
- Refleksiewe dagboeke
- Navorsingsoudit
- Rolspelers vryheid om te weet en op te tree.

Diskoersgeldigheid word ondersoek deur vier vrae:

- Verstaan jy wat gesê word?
- Is die verteller/spreker opreg?
- Is die verteller/spreker se punt vir jou aanvaarbaar?
- Stem jy met die spreker/verteller se gebruik van inligting en/of ervaring saam?

McClintock et al se derde kriterium vir die evaluering van navorsing is **pertinente raamwerke**. Dit help om integriteit te skep en regverdig wat gesê word. Dit maak voorveronderstellings en uitgangspunte so duidelik as moontlik en skep dus ‘n konteks waarbinne die navorsing plaasvind. ‘n Raamwerk kan nie as ‘n onveranderbare gesien word nie.

Any set of ideas that could be called ‘a framework’ evolves through the research, especially through reflecting on fieldwork, writing a thesis or developing a report. However, the criterion is a reminder to be explicit about assumptions and ideas and suggests documenting changes.

Tabel vir verantwoordelike doen van navorsing (McClintock et al 2003:726):

Kriteria vir verantwoordelikheid	Bydrae tot verantwoordelikheid	Gewenste kenmerke
Selfrefleksie	* bewus wees van idees, voorveronderstellings en alternatiewe	* navorsingsdagboek * dokumentering van verandering van idees
Betrokkenheid in 'n navorsingsgemeenskap	* deur 'dialog' met ander navorsers * deur 'n bydrae tot 'n navorsingsgemeenskap	* medewerking * portuur evaluering / beoordeling * konferensies
Voldoende gebruik van beskikbare bronne	* om verantwoordelik / toerekenbaar te wees	* koherensie en aanvaarbaarheid van argument * optimale gebruik van tyd
Versmelting in konteks	* deur 'n langdurige betrokke wees met mense in konteks * deur verhoudingsbou	* 'n 'ryk' / 'dik' beskrywing van die konteks * navorsing is relevant tot die konteks
Nougesetheid	* deur staving van stellings	* aanhaling van relevante literatuur en bronne
Opregtheid	* respek en waardering vir ander mense * konsekwentheid t.o.v. navorsingsmetodologie	* skryf in die eerste persoon * beskrywing van leerproses * ontwikkeling van toepaslike vaardighede

McClintock et al se metafore van navorsing bevoordeel mense wat betrokke is daarby omdat:

- dit 'n verstaan bring t.o.v. ons verstaan en die gebruik van taal,
- dit help om te reflekteer oor die doen van navorsing,
- dit help om 'n navorsingskonteks te verstaan en waardering te hê vir die verskeidenheid van verstaansmoontlikhede, van gevolgtrekkings,
- dit ruimte bied vir die groei of tot stand kom van verstaan,
- dit 'n navorsingsbenadering kan inspireer wat gebruik kan word in 'n konteks met 'n verskeidenheid rolspelers. (McClintock et al 2003:728)

Metafore inspireer navorsing saam met mense (as medenavorsers) op verskeie maniere. Metafore

bied 'n manier om ons verstaan te verstaan, asook die gebruik van taal. Metafore bied 'n manier waarop gereflekteer kan word oor navorsing. Metafore bied 'n manier waarop 'n navorsingskonteks verstaan kan word asook die verskeidenheid van moontlikhede waarop die situasie self verstaan kan word. Metafore bied ook ruimte vir die ontstaan van verstaan binne die konteks van navorsing saam met mense met uiteenlopende sienings.

Narratiewe navorsing vind aansluiting en baat by bogenoemde navorsings-metafore. Die narratiewe navorser werk saam met mense (medenavorsers) aan die projek en is gemaklik met die navorsing-as-aksie, navorsing-as-narratief, navorsing-as-fasilitering en navorsing-as-verantwoordelik metafore.

.3.3 **Uitgangspunte**

Narratiewe navorsing word gedoen vanuit 'n oningeligte ("not-knowing") posisie, versus modernisme se standpunt van die deskundige as alleenbron en arbiter van kennis en insig. (Freedman & Combs 1996:44-45, 118; Müller et al 2001:81; Müller 2002:2; Anderson & Goolishian in McNamee & Gergen (reds).1992:25ev).

Dit is nie vanuit 'n onkundige posisie nie. Die navorser kan tog nie vorige kennis, ervaring en kundigheid uitvee of misken nie. Ook is dit nie moontlik om sonder enige vooroordele navorsing te doen nie. Die oningeligte posisie is 'n posisie wat die navorser voortdurend sy/haar vooroordele laat toets, daarop reflekteer en dit in ag neem. Dit beteken dat deurlopend vrae gevra word oor afleidings wat gemaak word, gevolgtrekkings waartoe gekom word, onsekerhede ens. Die navorser mag 'n kenner, of 'n kundige, wees op die studieveld maar is 'n oningeligte t.o.v. die medenavorser(s) en hul spesifieke situasie. Dit help die navorser om nederig te wees, homself/haarself nie in die pad van die navorsing te laat kom nie en om medenavorser(s) met respek te benader. Dit skep ruimte vir ontwikkeling van die navorsing, maar ook die ontwikkeling van die situasie, die medenavorser(s) en die navorser. Dit plaas die persone wat deel vorm van die navorsing langs die navorser en nie oorkant die navorser nie.

Narratiewe navorsing het groot respek vir mense en so ook die deelnemers aan navorsing.

One of the simplest ways of saying this is that in formalist inquiry, people, if they are identified at all, are looked at as exemplars of a form - of an idea, a theory, a

social category. In narrative inquiry, people are looked at as embodiments of lived stories. (Clandinin & Connelly 2000:43)

Mense, hul individualiteit, persoonlike groei en verandering en ook hulle narratiewe geskiedenis is belangrik en word in ag geneem. (Clandinin & Connelly 2000:30)

Dit is meer as 'n deelnemende navorsing waar resultate getoets word by deelnemers. Die navorser werk met medenavorsers. Daar word navorsing gedoen saam met mense.

Researching *with* people does not aim to describe people, or what they do, rather it aims to work with people on issues of concern. (McClintock et al 2003:716)

Hierdie is nie 'n ongelyke vennootskap nie. Die navorser is nie die uitvoerende vennoot en die medenavorser(s) die stille vennoot nie. Medenavorsers se gedagtes en interpretasies word ernstig opgeneem en nie as leke-opinies gesien nie. Dit gaan immers hier oor die medenavorser(s) se lewe en wie is in 'n beter posisie om te oordink en te interpreteer as die medenavorser(s) self? Die navorser is dus voortdurend in gesprek met die medenavorser oor sy eie motiewe en ervaring van die proses sodat hulle nie teen die medenavorser(s) en die proses werk nie.

Magspel word dus voorkom. Die mags- en beheerdinamika verander en die speelveld word gelyk maak.

Respek vir medenavorser(s) en navorsing saam met medenavorser(s) het 'n tweeledige motivering. Vanuit 'n politieke perspektief gesien het mense die reg daartoe. Epistemologies is deurleefde kennis, beproefde kennis en parate kennis ("know how") - praktiese wysheid - die beste kennisbasis wat daar is. (McClintock et al 2003:717)

Praktiese wysheid, of dan prakties-teologiese wysheid, speel 'n onmisbare rol in narratiewe navorsing. Dit is die hart van die benadering. Prakties-teologiese wysheid is onder 3.2 behandel. Hier word dus met enkele opmerkings volstaan.

Praktiese teologie behoort onderskei te word van ander teologiese vakke deur getrouheid aan konteks - nie net wat die algemene betref nie, veral wat die spesifieke konteks betref. Praktiese teologie moet ook trou bly in metodologie met 'n beweging van praktyk na teorie en terug na die praktyk. Hierdie metodologiese proses kan ook die sirkel van praktiese wysheid genoem word. (Müller 2004:3) Narratiewe navorsing kan op geen ander manier gedoen word nie.

Sosiale konstruksionisme gee gestalte aan baie van die narratiewe benadering se waardes, soos respek vir ander se standpunte, tentatiewiteit, ens. Sosiale konstruksionisme het uitgebreide

aandag gekry onder 2.2. Die navorsingsresultate, die navorsingsverslag, word sosiaal gekonstrueer tussen die navorser, die medenavorser(s), die diskoerse wat 'n rol speel, refleksiewe gemeenskap, sosiale konteks van navorser en medenavorser(s), en in hierdie geval ook die Christelike tradisie.

Verhaal, of dan narratief, is die draer van die waarheid of die realiteit wat die medenavorser gekonstrueer het. Dit is die draer van prakties-teologiese wysheid, van identiteit, van verlede, hede en die toekoms.

Ons eie persoonlike stories sowel as dié van die betekenisvolle gemeenskappe waarin ons lewe, vorm 'n netwerk wat sin aan ons bestaan verskaf. Daarom kan ons sê dat om jou storie in die midde van die saakmakende gemeenskap te kan vertel, sin aan jou lewe gee. (Müller 1996:21)

Die verhaal kan selfs as epistemologiese lens gesien word. Ons kennis van onself en van ander in die gemeenskappe waarin ons leef word voortdurend gevorm deur die verhale wat ons vertel en waarna ons luister. (Müller 1996:22) Sosiale konstruksionisme vind dus hoofsaaklik deur die uitruil van verhale plaas.

Bruner haal uit Jean-Paul Sartre se outobiografie aan:

a man is always a teller of stories, he lives surrounded by his own stories and those of other people, he sees everything that happens to him *in terms of* these stories and he tries to live his life as if he were recounting it. (Bruner 1987:21)

Bruner meen dat verhale en verhaalstrukture (die manier waarop verhale vertel word) so vasgelê kan word dat dit resepte word waarvolgens ervaringe gestruktureer word. Dit het selfs 'n invloed op die persoon se toekoms.

I believe that the ways of telling and the ways of conceptualizing that go with them become so habitual that they finally become recipes for structuring experience itself, for laying down routes into memory, for not only guiding the life narrative up to the present but directing it into the future. I have argued that a life as led is inseparable from a life as told - or more bluntly, a life is not "how it was" but how it is interpreted and reinterpreted, told and retold....

(Bruner 1987:31)

Die navorser is deel van narratiewe navorsing.

Narrative inquiry characteristically begins with the researcher's autobiographically orientated narrative associated with the research puzzle (called by some the research problem or research question,.....).

(Clandinin & Connelly 2000:41)

Die narratiewe navorser staan nie los van die mense en situasie wat ondersoek word nie. Die narratiewe navorser moet bereid wees om van homself te gee en van homself prys te gee. Die navorser se eie verhaal het 'n invloed op die navorsingsnarratief en op die medenavorsers. Daarom moet die navorser bedag wees op die situasie en die invloed van haar/sy teenwoordigheid.

Binne die situasie behoort die navorser ook te soek na maniere waarop behulpsaam kan wees, waarop die navorsingsproses tot voordeel van die medenavorsers en die situasie kan wees.

Narratiewe navorsing poog nie soseer om primêr 'n **bydrae** te maak tot kennis nie, maar om die lesers van die navorsing uit te daag en toe te laat om nuwe moontlikhede in die lewe raak te sien. Narratiewe navorsing se bydrae is die oopmaak van nuwe moontlikhede.

The contribution of a narrative inquiry is more often intended to be the creation of a new sense of meaning and significance with respect to the research topic than it is to yield a set of knowledge claims that might incrementally add to knowledge in the field. (Clandinin & Connelly 2000:42)

Dit is in 'n sekere sin uitlokkend. Dit **nooi uit** om te soek na nuttige ooreenkomste.

In this way I imagined research as *provocative* in the sense that it *might* fit with the struggles and dilemmas that are alive for practitioners and clients in their own unique conversations. (Gaddis 2004:43)

Narratiewe navorsing poog om te **interpreteer en nie te analiseer**. Binne die paradigma van sosiale konstruksionisme word die medenavorser(s) se interpretasie ernstig opgeneem.

Before the researcher makes his/her own analysis, he/she would rather listen to and invite the teller of the story to make his/her own interpretation. Then follows a discussion, which constitutes a social constructionist process that leads to interpretation. (Müller 2002:3)

Dit beteken dat die fokus ook skuif van die dele na die geheel. Narratiewe navorsing wil nie opbreek tot in die kleinste moontlike deeltjies en dit ontleed nie. Daar word gepoog om die geheel te erken en verstaan. Uit daardie verstaan word na sommige onderafdelings gekyk, en binne daardie konteks vind interpretasie plaas.

Narratiewe navorsing maak dit moontlik dat **gemarginaliseerdes 'n stem kry**. Omdat daar gefokus word op en erns gemaak word met die persoon, die konteks en die spesifieke situasie op 'n spesifieke stadium, kry mense wat onder normale omstandighede gemarginaliseer sou word 'n stem. Hier gaan dit nie oor statistiese gemiddeldes, inferensiële statistiek of 'n meerderheidsverslag nie. Dit gaan oor die verstaan van 'n mens of mense in 'n spesifieke situasie, met 'n spesifieke narratiewe geskiedenis en 'n verwagte toekoms. Hierdie verstaan maak dit moontlik om ruimte te skep vir hoop op 'n beter afloop van die hedeverhaal in die toekoms.

Narratiewe navorsing **begin** nie by die formulering van 'n hipotese wat dan geverifieer of gefalsifiseer word nie. So 'n benadering stel te veel filters en vooroordele tussen die navorser en die medenavorsers en verhoog die waarskynlikheid en versoeking dat die navorsing gemanipuleer word ten einde sekere resultate op te lewer. Narratiewe navorsing begin by die keuse van 'n situasie of tema. In die ontvouing van die verhaal kristalliseer die fokus en afbakening mettertyd. Dit maak van narratiewe navorsing 'n onseker proses wat geduld van die navorser verg asook 'n openheid en oplettendheid na die ontwikkeling van die narratief en die besondere temas wat na vore tree. Dit kompliseer en bemoeilik die proses en kan redelike angste vir die navorser veroorsaak.

Dit beteken nie dat die navorsing ongestruktureer en sonder beplanning gedoen word nie, intendeel.

Temporaliteit of **tydsgebondenheid en konteks** is van groot belang. Gebeure word binne tyd

gelokaliseer. Wanneer wat gebeur het is belangrik. Elke gebeure het ook 'n verlede, hede en geïmpliseerde toekoms.

Konkreetheid en kontekstualiteit verhoog die kwaliteit van die navorsing. Dit voorkom 'n sinnelose veralgemening van gevolgtrekkings wat lei tot frustrasie. (Müller 2004:2)

... it has been demonstrated time and time again that the application of other's research in new social, cultural and economic contexts is unlikely to work. People must conduct substantive research on the practices which affect their lives in their contexts. (McClintock et al 2003:719)

Narratiewe navorsing is **tentatief**. Daar is altyd 'n alternatiewe interpretasie. Narratiewe navorsing lê nie die arrogansie van 'n goddelike perspektief aan die dag nie. Navorsingsverslae is 'n spesifieke weergawe van mense en situasies wat 'n bydrae maak tot 'n beter verstaan en die skep van nuwe moontlikhede. Daarom is daar sleg huiwerige pogings om te dui op moontlike toepaslikheid van aspekte binne ander kontekste en tye.

Die narratiewe navorser poog om tydens die hele navorsingsprojek **subjektiewe integriteit** te behou. 'n Ph.D studiegroep aan die departement Praktiese Teologie van die Universiteit van Pretoria onder leiding van prof Julian Müller het die volgende tien riglyne vir subjektiewe integriteit opgestel:

31. Openheid ten opsigte van voorveronderstellings en vooroordele
32. "Commitment" aan medenavorser(s) se idees en interpretasies
33. Openheid en gewilligheid om eie belange te verwoord
34. Refleksie oor eie motiewe en die proses
35. Refleksie oor eie reaksies tot die navorsing en eie insette
36. Bewustheid van verskil tussen subjektiewe integriteit en subjektivisme - subjektivisme is geslote en nie oop vir refleksie en ander insette nie.
37. 'n Goeie raamwerk (ontwerp) en logiese vloei van idees.
38. Commitment aan die unieke verhale van die medenavorser(s)
39. Luister na die relevante stemme (betrokkenes, rolspelers)
40. Wees kongruent - bly getrou aan eie benadering.

3.3.4 Navorsingsraamwerk

Hierdie opskrif was eers: Navorsingsmodel. Ek het ongemaklik gebly daarmee. Narratiewe navorsing kan nie gedoen word aan die hand van 'n model, 'n resep nie. Die indruk van rigiditeit pas ook nie by die narratiewe benadering nie. 'n Paar alternatiewe is oorweeg: navorsingsagenda - te stapsgewys en skep die indruk dat daar vooraf bepaal gaan word wat ter sprake is. Sommige agendas bestaan uit geformuleerde aanbevelings of besluite en daar word, na bietjie debat, daarvoor of daarteen gestem. Navorsingsprogram - te formeel gestruktureerd, gerig en gedruk in 'n rigting. Navorsingsriglyne - slegs breë bane waarbinne beweeg moet word met die navorsing. Dalk te oop vir 'n akademiese studie en herinner aan etiese riglyne wat in elke geval goed in plek moet wees (sien 3.3.4).

In aansluiting by een van McClintock et al. (2003) se drie stelle kriteria waarvolgens navorsing deur ander in dieselfde navorsingsgemeenskap beoordeel kan word, nl pertinente raamwerke, en die PhD groep se 'goeie raamwerk (ontwerp) en logiese vloei van idees', as riglyn vir subjektiewe integriteit, het ek besluit op navorsingsraamwerk.

Ek het aanvanklik die **ABDCE** ("**Action, Background, Development, Climax, Ending**") model van Anne Lamott, vir die skryf van fiksie, wat deur Müller et al (2001) uitgewerk is as raamwerk vir narratiewe navorsing, gebruik vir my navorsing. Dit bied 'n besondere raamwerk waarbinne narratiewe navorsing gedoen kan word.

↳ AKSIE

Die navorsing van die verhaal van die aksie is die fokus van hierdie narratiewe navorsing. Dit staan in kontras met tradisionele navorsing se gerigtheid op probleemstelling en oplossing.

In narratiewe navorsing word aan meer as die probleem aandag gegee, daar word na elke aksie gekyk met die oog op 'n alternatief. Dit beteken dat die nou - die hede - dinamies is en nie 'n gegewene of 'n vloek nie, daar is hoop.

Die navorsing van die aksie vra 'n sensitiewe en deeglike empiriese kyk na mense en hulle doen en late en dan daarop 'n toegewyde, eerlike poging om die "nou" te beskryf. Dit is belangrik om op die "nou" te konsentreer en die versoeking te weerstaan om op hierdie punt na die verlede of die toekoms te kyk - selfs die onlangse verlede en nabye toekoms.

Die navorser word deel van die aksie wat ondersoek word en vorm dan deel van die sosiale konstruksies wat daaruit vloei. Wanneer besluit is watter aksie nagevors gaan word moet besluit word t.o.v. die modus van interaksie met die aksie wat gebruik gaan word.

⇨ AGTERGROND

Die ondersoek na en ontginning van die agtergrond is die daarstel van 'n konteks waarbinne die aksie geplaas kan word.

“During this phase of the research process the ‘now’ of the story is set against the current socio-political and economic background in which the researchers and co-researchers are busy writing their own life stories” (Müller et al 2001:84) Sosiale konstruksionisme vra ook dat kulturele en kontekstuele stories aandag geniet. (Freedman & Combs 1996:31)

In hierdie beweging van die navorsing sal ondersoek ingestel word na **die diskoerse** wat 'n invloed het op die ontwikkeling van die aksieveld.

⇨ ONTWIKKELING

'n Narratiewe navorser is geduldig, stel belang en is nuuskierig. **Die navorser is ook oop vir die natuurlike ontwikkeling van die navorsing.** Daar is nie vooraf 'n aanduiding wat die oplossings gaan wees nie. **Verwagtinge rondom uitkoms moet vermy word.** Dit is 'n **moeilike proses vir die navorser.** Saam met die medenavorsers word die verhaal geleef en met groot aandag gewag op die ontvouing van die storielyn. Metafores gesien kan gesê word: Die bredie prut rustig met geurmiddels wat nou en dan bygevoeg word (deur die navorser en medenavorsers). 'n Bredie is op sy beste wanneer 'n mens geduldig wag totdat alles deeglik deurgekook is.

Dit is 'n ontdekkingsreis sonder 'n idee wat ontdek gaan word. Die onbekende speel 'n groot rol en noop die navorser gevolglik om voortdurend op te let na ontwikkelinge, nuwe draaie wat die navorsingsreis maak. Wanneer dit misgekyk word bestaan die kans dat jy verby 'n skat gaan stap wat bepalend kan wees vir die hele reis. (Müller et al 2001:84-86)

Met afwagting word meegereis en meevertel aan unieke verhale.

Die navorser en die medenavorser werk konstruksionisties saam aan die ontwikkeling en aanteken van die medenavorsers se verhaal en soek na 'n nuwe, beter verhaal wat kan ontwikkel.

Verhale, ook die lewensverhale van mense, het storielyne. 'n **Storielyn** bevat sekere essensiële elemente (Carey & Russell 2003:61):

1. Gebeure
2. in 'n opeenvolgende volgorde,
3. oor 'n tydperk
4. georganiseer rondom 'n sekere tema ("plot")

Müller (1996:103-104) gee meer omvattende vyf karakteristieke **eienskappe van 'n verhaal** weer:

Eerstens het elke verhaal 'n begin en 'n einde. Want stories neem vorm aan binne ruimte en tyd. Daar is 'n verlede en 'n toekoms.

Tweedens vertel 'n verhaal altyd van die een of ander krisis (*katastrofe*).

Derdens is daar op 'n manier 'n verlossing wat deel van die intrige vorm.

Vierdens vind daar karakterontwikkeling plaas. Dit gaan oor persone wat name dra en betekenis het binne die geheel. Binne die verhaal is daar gewoonlik ook 'n dinamiese ontwikkeling in terme van die karakters en hulle verhoudinge tot mekaar.

Vyfdens het alles in 'n verhaal betekenis. 'n Verhaal behels 'n outeur. Daarom is daar niks toevallig in 'n storie nie. Gebeurtenisse wat deur 'n outeur in 'n verhaal ingevoeg word, word met 'n doel ingevoeg. Niks is blote "stopsels" nie.

Vanuit die aksie, die hede, is daar die potensiaal om die verledeverhale te herstruktureer, oor te vertel met ander gebeure, of dieselfde gebeure rondom 'n ander tema georganiseer. Dit vind ook voortdurend plaas in 'n mens se lewe.

Die herstrukturering van die verlede skep 'n nuwe ruimte vir die hede en maak dit moontlik om 'n sinvolle hoopvolle toekomsverhaal te konstrueer.

Die ontwikkeling van die verhaal, van die navorsing, vind rondom interaksie plaas. Sonder interaksie is daar geen ervaring nie en geen ontwikkeling nie.

Die gespreksgenote of karakters wat interreageer in die navorsing is: die medenavorsers, die navorser, die 'teorie' (literatuur), 'n refleksie- of respons-groep(e).

Al hierdie rolspelers word beïnvloed deur tyd, konteks, verledeverhale, gebeure, ander mense, ens. Dit is dus 'n komplekse, dinamiese proses. Die navorsing word in die midde van 'n veelvoud van verhale gedoen.

Die gesprek tussen die verskillende gespreksgenote wat by die navorsing betrokke is vind grootliks in die navorser plaas. Daarom is dit belangrik dat die navorser met groot integriteit te werk gaan en seker maak dat daar in die skryf van die navorsingsverslag nie te veel interpretasie (manipulasie?) van sy kant is nie. Hiervoor is 'n studieleier en 'n refleksiegroep(e) van groot belang.

Om misverstand so ver as moontlik uit te skakel is dit nodig dat gespreksgenote gereeld toets of 'n ander gespreksgenoot reg gehoor, reg verstaan is en nog steeds so voel oor die saak - daar vind gedurig ontwikkeling binne elke gespreksgenoot plaas. Hierdie toetsing of kontrole kan plaasvind deur empatiese response, parafrasering, waarnemingskontrole, beskrywing van emosies (eie en ander gespreksgenoot) ens.

Prakties beteken dit dat die navorser verhale (data) versamel in gesprek en medewerking met die medenavorsers. Hierdie aksie- en agtergrond verhale moet noukeurig nagespoor word. Daar moet seker gemaak word dat dit 'n diepgaande, ryke beskrywing is wat verkry word. Hierdie verhale word dan in gesprek gebring met die literatuur wat betrekking het op betrokke temas of gebeure. Wanneer die literatuur, die verhale, die medenavorsers en die navorser se gesprek vorder vind daar interpretasies plaas.

Hierdie proses word met die refleksiegroep gekommunikeer om 1) te verseker die proses verloop met integriteit (vgl Subjektiewe integriteit onder 3.4) en 2) om die navorser te help om nie 'n belangrike of unieke uitkoms te mis nie. Hierdie kritiese refleksie is van groot belang.

◇ KLIMAKS

Binne die konteks van die metafoor (skryf van fiksie) maak die woord "klimaks" sin. Binne die konteks van narratiewe navorsing sal ek graag wil praat van "ontknoping". Klimaks impliseer 'n toppunt waarna alles anders is en alle krisisse opgelos is. Die lewe, en narratiewe navorsing, ontwikkel en kan moontlik tot 'n hoogtepunt kom waarna alles anders is, maar is meer dikwels 'n

ontknoping van 'n vasgedraaide verhaal wat help om nuwe moontlikhede raak te sien. Die ontknoping bied alternatiewe en hoop.

Wanneer die ontknoping gaan plaasvind, hoe dit gaan plaasvind en wat die uiteinde gaan wees kan nie vooraf voorspel word nie. Daarom kan narratiewe navorsers nie met hipoteses werk nie. Dit beteken dat die navorser dikwels mense sal sien swaarkry, sien ly, en saam met hulle daarvan moet probeer sin maak. Met groot verantwoordelikheid moet die navorser hierdie proses aanpak.

⇒ EINDE

Hier sal ek graag die konsep “debriefing” wil gebruik. . “Debriefing” is 'n dinamiese konsep wat dui op 'n terugkyk met die oog op die toekoms en voortgang. Nabetragting neem lesse uit die verlede na die toekoms.

So 'n navorsingsproses is intens. Daarom het die navorser sowel as die navorsing nodig om nabetragting te hou en die proses in finale oënskou te neem.

Navorsing kan ook nooit 'n einde hê nie.

Research creates it's own story with new possibilities. Therefore, narrative research doesn't end with a conclusion, but with an open ending which hopefully would stimulate a new story and new research. To speak of a beginning and an end is in a sense ironic and an embarrassment. (Müller et al 2001:89-90)

Na die lees van die artikel “Narrative Practical Theology, and Postfoundationalism. The Emergence of a New Story”, het ek die twee raamwerke langs mekaar geplaas en probeer integreer.

Müller (2004) ontwikkel 'n “Postfoundationalist Practical Theology” aan die hand van Wentzel van Huyssteen se “Postfoundationalist Theology”.

.....*a postfoundationalist theology* wants to make **two moves**. First, it fully acknowledges **contextuality**, the epistemically crucial role of **interpreted experience**, and the way that **tradition** shapes the epistemic and nonepistemic **values** that inform our reflection about God and what some of us believe to be **God's presence** in this world At the same time, however, a postfoundationalist notion of rationality in theological reflection claims to **point creatively beyond the confines of the local** community, group, or culture towards a plausible form

of **interdisciplinary conversation**.

Hierdie raamwerk vir 'n post-fundamentele praktiese teologie kan goedskiks op narratiewe navorsing van toepassing gemaak word en spreek tekortkominge van die ABDCE raamwerk aan.

Die ABDCE raamwerk laat nie ruimte vir 'n pertinente hantering van die teologie nie. Wanneer teologie, of teologiese temas, tydens enige van die bewegings voorkom kan dit ter sprake kom. Die alternatief sou wees dat die navorser geloofstemas inbring, wat geforseerd mag voorkom. Die doelbewuste poging om oor die grense van die betrokke situasie heen te soek na die moontlikhede wat die ontvouing van die kontekstuele narratief vir ander situasies kan oopmaak, is baie positief.

Hierdie post-fundamentele praktiese teologie (PfPT) het sewe bewegings onder die opskrifte: Konteks en geïnterpreteerde ervaring; Tradisies van interpretasie; God se teenwoordigheid; Verdik/verryk deur interdissiplinêre ondersoek; Wier as die plaaslike gemeenskap.

Konteks en geïnterpreteerde ervaring (volgens post-fundamentele praktiese teologie - PfPT):

41. 'n Spesifieke konteks word beskryf: Die konteks, aksieveld, of *habitus*¹ word gekies en beskryf. Onderhoude word gevoer met relevante persone wat die verstaan van die spesifieke konteks kan verbeter. Hierdie onderhoude word dan sosiaal konstruksionisties geïnterpreteer.
42. Luister na en beskryf van ervarings binne die konteks: Empiriese navorsing vanuit die narratiewe perspektief word gedoen. Daar word geluister na die verhale van die medenavorsers en ander relevante persone om die ervarings wat binne die spesifieke konteks plaasvind te verstaan.
43. Ervarings word geïnterpreteer, beskryf en ontwikkel in samewerking met die medenavorser(s): Die interpretasie van die medenavorser(s) is hier baie belangrik. Daar word gesoek na die betekenis wat hulle heg aan die ervarings binne hulle konteks.

¹ "which refers to a kind of practical knowledge within which human social action enacts and constructs culture - a synthesis of structure and agency: a 'system of structured, structuring dispositions..... constituted in practice and..... always oriented towards practical functions'." (Müller et al 2001:80)

Tradisies van interpretasie (volgens PfPT):

44. Ervaringe word beskryf in die lig van interpretasietradisies wat dit beïnvloed: Die diskoerse en tradisies wat persepsies en gedrag beïnvloed word geïdentifiseer. Daar moet vervolgens gepoog word om te verstaan hoe die diskoerse die huidige gedrag, ervaringe, beïnvloed. Die medenavorser(s), literatuur, kuns en kultuur van die spesifieke konteks moet gebruik word om insig te kry in die heersende diskoerse asook die invloed wat die diskoerse het.

God se teenwoordigheid (volgens PfPT):

45. 'n Refleksie op die godsdienstige en geestelike aspekte, veral die teenwoordigheid van God, soos dit verstaan en ervaar word in die spesifieke konteks: Dit is nie 'n gedwonge inbring van God in die situasie nie. Dit behoort 'n eerlik, opregte poging te wees om die medenavorser(s) se godsdienstige en geestelike verstaan en ervaringe van God se teenwoordigheid, te begryp. Weer eens is hierdie proses sosiaal konstruksionisties en die navorser se verstaan van God se teenwoordigheid in die situasie is 'n waardevolle bydrae.

Verdik/verryk deur interdisiplinêre ondersoek (volgens PfPT):

46. 'n Beskrywing van ervaring verdik deur interdisiplinêre ondersoek: Interdisiplinêre werk is gekompliseerd en moeilik weens die verskeidenheid van benaderings, taal en metodes wat deur verskillende dissiplines gebruik word om menslike ervaringe te ontleed, verstaan en verklaar. Met omsigtigheid word in gesprek getree met die ander teologiese dissiplines en ander menswetenskappe. Wanneer die insigte en inligting wat so verkry is sinvol geïntegreer word met die ervaringe binne die spesifieke konteks kan dit verryking tot gevolg hê, asook 'n dikker beskrywing en verstaan van die ervaringe.

Wyer as die plaaslike gemeenskap (volgens PfPT):

47. Die ontwikkeling van alternatiewe interpretasies wat wyer as die plaaslike gemeenskap relevant kan wees. Praktiese teologie beskryf en interpreteer nie net nie. Dit gaan ook oor dekonstruksie en emansipasie. Dit is nie soseer 'n veralgemening nie, eerder 'n dekonstruksie van negatiewe diskoerse. Deur die proses van sosiale konstruksionisme word nuwe betekenis geskep, alternatiewe interpretasies en moontlikhede

(toekomsverhale) daar gestel, wat wyer as die plaaslike gemeenskap sinvol kan wees.

Wanneer die ABDCE en PfPT benaderings as raamwerk vir narratiewe navorsing opgeveeg word is die volgende ter sprake:

Beide van bogenoemde raamwerke neem die hermeneutiese beweging praktyk-teorie-praktyk ernstig op.

Kontekstualiteit, individualiteit (persoonsgebondenheid) en temporaliteit word deur die navorsing van die “Aksie” (ABDCE) sowel as die eerste drie bewegings - Konteks en geïnterpreteerde ervaringe (PfPT¹), deeglik aangespreek.

Die invloed van diskoerse op die medenavorsers, hul situasie en die konteks word ondersoek en in ag geneem deur ABDCE (agtergrond) en PfPT (tradisies van interpretasie)

Van hierdie punt af loop die twee raamwerke nie meer so parallel nie. ABDCE stel ‘n geduldig deurleef van die ontwikkeling voor. Daar vind in die lewens van die medenavorser(s) (met die navorser daarby betrokke) ontwikkeling en eindelik ook ‘n ontknoping (klimaks) plaas.

PfPT ontwikkel die beskrywing en die interpretasies van die ervaringe saam met die medenavorser(s). Dit wil dus lyk asof hier nie noodwendig sprake is van ‘n deurleefde ervaring van ontwikkeling en ontknoping nie. Prakties beteken dit dat die navorser en die navorsing nie uitgelewer is aan die tydskedule van die ontwikkeling en die ontknoping van die situasie nie. Die realiteit is dat daar in sommige situasie vir bitter lank geen of min ontwikkeling kan wees. Die ontwikkeling van die beskrywing en interpretasies van die ervaringe kan dan juis alternatiewe moontlikhede vir die situasie en die medenavorser(s) oopmaak, ruimte skep vir nuwe moontlikhede.

PfPT gee pertinent aandag aan die teenwoordigheid van God. Baie belangrik is die feit dat niks op die medenavorser(s) afgedwing word nie. Dit wat die medenavorser(s) bied is dit wat gebruik word. Maar hierdie beweging maak dit moontlik om hierdie dimensie wel te ondersoek asook vir die navorser om te reflekteer op sy/haar ervaring van God se teenwoordigheid in die spesifieke konteks sowel as in die konteks van die navorsing.

PfPT se sesde beweging is die interdisiplinêre gesprek. Hoewel sinvol geplaas, moet ook in ag

¹Post-fundamentele Praktiese Teologie

geneem word dat daar voortdurend, ook tydens die ander bewegings interdisiplinêre gesprek nodig en sinvol mag wees. Die dualisme van praktyk en teorie moet hier steeds vermy word. So byvoorbeeld sal dit onmoontlik wees om die interpretasietradisies te beskryf en te ondersoek sonder interdisiplinêre gesprek.

ABDCE se nabetraging (“Ending”) en PfPT se laaste beweging kan weer in verband gebring word. Daar word saamgevat uit die navorsingservaring en na buite gekyk na moontlike sinvolle bydraes wyer as die plaaslike gemeenskap. Dit stel die navorsing ook bloot aan ‘n wyer gehoor van die akademiese gemeenskap met ‘n gevolglike uitdaging om deur die navorsing geïnspireer te word.

Hierdie studie gaan van die insigte van die ABDCE raamwerk gebruik maak, maar hoofsaaklik binne die PfPT raamwerk werk.

3.4 Navorsingsetiek

Naivety about ethics is itself unethical. (Shaw 2003:11)

Sedert die Neurenberg-kode van 1947, wat ontstaan het uit die Neurenberg militêre tribunale, is daar ‘n wêreldwye poging om etiese en geregtelike riglyne vir navorsing daar te stel en toe te pas. Klem is geplaas op beskerming, sodat individue wat aan navorsing deelneem nie ly ter wille van navorsing en kennis nie. Ongelukkig is daar in die geskiedenis vele voorbeelde van mense wat oneties en onmenslik behandel is en liggaamlike en sielkundige skade berokken is in die naam van navorsing. (Antle & Regehr 2003)

Etiese kwessies ontstaan wanneer ons interreageer met ander mense, ander wesens (soos diere) en die omgewing, veral wanneer daar potensiële of werklike konflik van belange bestaan. Wat reg en verkeerd is, wat die regte ding is om te doen, is nie so voor die hand liggend nie. Wat reg is vir my kan vir die volgende persoon verkeerd of nadelig wees. Soms moet voordele en nadele opgeweeg word teen mekaar. Wetenskaplikes, navorsers, het die reg om navorsing te doen, maar nie ten onregte van

‘n ander persoon of tot benadeling van ‘n ander se regte en waardigheid nie. (Babbie & Mouton 1998:520)

Eties word meestal gedefinieer as konformering, of ooreenkoms, van gedrag met die standaard van ‘n spesifieke beroep of groep. (Babbie 2001:470) Gevolglik moet ons in hierdie studie dan kennis neem van teologiese etiek.

Teologiese etiek is die wetenskaplike, en die deur die tyd bepaalde antwoord op die openbaring van God, aangaande die wyse waarop die persoon van die mens in alle situasies en in alle verhoudinge met die oog op die verwerkliking van sy bestemming as mens, behandel behoort te word. (Heyns 1982:48)

Hierby kan aangesluit word deur ‘n navorsingsetiek wat aan narratiewe navorsing riglyne gee. In die lig van God se openbaring tot die navorser en medenavorser(s) se beskikking op daardie stadium, in daardie proses, moet die medenavorser(s) en navorser so optree en so behandel word dat dit bydra tot die verwerkliking van almal wat betrokke is se bestemming as mens.

Hierdie etiese houding en handeling het betrekking op alle situasies en alle verhoudinge. Daarby word ook ingesluit die verhouding tot die self, ander mense, wesens (diere ens.) en die omgewing. Almal moet so behandel word dat daar ruimtes ontstaan vir die groei van nuwe, beter lewensverhale.

Saam met die besondere posisie wat die medenavorser(s) tydens narratiewe navorsing gegee word, kom ook verantwoordelikheid. Anders as die positivistiese navorser wat in beheer is en die navorsingsobjekte wat blootgestel is, is die narratiewe navorser ook oorgelewer aan die medenavorser(s) en is daarom kwesbaar (vgl 3.4.8) Narratiewe navorsingsetiek behoort dus ook aandag te gee aan etiese riglyne vir die medenavorser(s).

Shaw (2003) wys op drie modelle vir navorsingsetiek:

- Duty ethics of *principles*, from which perspective research ethics are driven by universal principles such as honesty, justice and

respect, that in certain circumstances can become absolutes, regardless of consequences.

- Utilitarian ethics of *consequence*, which prioritize the outcomes of actions and entail a cost-benefit pragmatism, and can mean that ends are regarded as justifying the means.
- Value ethics of *skills*, which stress a contextual or situational ethical position, with the emphasis on researchers' moral values and ethical skills in reflexively negotiating ethical dilemmas. (Shaw 2003:11)

Ek verkies om eklekties gebruik te maak van al drie hierdie modelle. Grootste aansluiting word egter gevind met die derde model op grond van kongruensie met die waardes van sosiaal-konstruksionisme en die prosesmatige aard van narratiewe navorsing.

Oor die algemeen gesien is daar drie etiese hoofbeginsels wat geld (Antle & Regehr 2003) tydens die doen van navorsing:

5. Outonomie en selfbeskikking - sluit die beskerming van persone met beperkte outonomie in.
6. Voordeligheid - die verantwoordelikheid om 'n positiewe bydrae te maak. Parallel lopend is die verantwoordelikheid om nie te benadeel, skade of leed aan te doen nie.
7. Geregtigheid - die verantwoordelikheid om voor- en nadele regverdig teen mekaar op te weeg.

Hierdie hoofbeginsels word in meer besonderhede bespreek onder: vrywillige en ingeligte toestemming; geen benadeling; anonimiteit en vertroulikheid; misleiding; botsende belange; navorsingsverslag; eienaarskap; die medenavorser(s) en regverdigheid en billikheid.

3.4.1 Vrywillige en Ingeligte Toestemming

Wanneer navorsing mense betrek by die proses behels dit 'n indringing in mense se lewens. Die navorser het nie 'n reg daartoe nie. Daarom is vrywillige en ingeligte toestemming belangrik. 'n Belangrike element van outonomie en selfbeskikking is vrywillige en ingeligte toestemming, of instemming, van die medenavorser(s) dat hulle deel van 'n navorsingsprojek gemaak kan word. (Smythe & Murray 2000:312-313, 319-320; Antle & Regehr 2003:137ev; Babbie 2001:470-471) Dit word as die kern van etiese optrede teenoor mense wat aan navorsing deelneem gesien.

Die reg tot vrywillige en ingeligte deelname word deur die hele navorsingsprojek behou. Dit beteken dat die medenavorser(s) enige tyd wanneer hulle ongemaklik voel oor 'n aspek van die navorsing, dit kan noem, gesprek daaroor voer en indien dit nie bevredigend aangespreek kan word nie, kan onttrek uit die navorsing.

Inligting wat verskaf moet word is: 1) die doel van die navorsing en die identiteit van die navorser; 2) die duur van deelname; 3) aard van die navorsingsprosedures; 4) voorsienbare voordele en risiko verbonde aan die navorsing; 5) versekering van die vrywillige aard van deelname en die reg om te onttrek.

Belangrike elemente wat in ag geneem moet word tydens die **verkryging van ingeligte toestemming** is:

8. Maak seker die potensiële deelnemers is geestelik en verstandelik in staat om toestemming te gee. Indien nie, volg toepaslike protokol om van 'n verantwoordelike persoon toestemming te verkry.
9. Maak seker dat voldoende inligting t.o.v. die navorsingsprojek deurgegee word.
10. Voorsien genoeg tyd en privaatheid vir die potensiële deelnemers om hulle deelname te oorweeg.
11. Maak voorsiening daarvoor om enige ander faktore wat die toestemming positief of negatief kan beïnvloed in ag te neem en te hanteer.
12. Maak seker dat potensiële deelnemers weet wat met inligting wat verkry word deur die navorsing gaan gebeur en watter stappe die navorser gaan neem om vertroulikheid en anonimiteit te verseker.
13. Maak seker die potensiële deelnemers besef dat hulle deelname kan weier of enige tyd kan staak sonder om daardeur benadeel te word.

14. Neem die potensiële deelnemers se kulturele en godsdienstige agtergrond in ag. Byvoorbeeld: Binne sekere kulture kan potensiële vroulike deelnemers nie direk deur die navorser genader word nie.
15. Alle potensiële risiko's verbonde aan die navorsingsprojek moet verduidelik word.
16. Alle potensiële voordele (direkte en indirekte voordele) wat die navorsingsprojek vir potensiële deelnemers inhou moet verduidelik word.

Medenavorsers sal herinner moet word dat narratiewe navorsing 'n voortdurend ontvouende proses is waarvan die resultate nie ge-antisipeer of gewaarborg kan word nie. 'n Toestemmingsvorm kan nie die dinamiese proses van interpretasie en die opteken van 'n verhaal (outeurskap) omvat nie.

Toestemming tot die proses van navorsing sou 'n alternatiewe benadering wees.

In process consent, informed consent is a mutually negotiated process that is ongoing throughout the course of the research rather than something obtained just at the outset. (Smythe & Murray 2000:320)

Dit beteken dat data na afloop van die navorsing ook onttrek kan word.

3.4.2 Geen benadeling

Navorsing behoort nie medenavorsers op enige manier te benadeel nie. Die navorsingsresultate mag nie 'n verleentheid wees, of gesinslewe, vriendskappe, werk, of wat ook al bedreig nie. (Smythe & Murray 2000:314-315, 321-323; Babbie 2001:471-472)

Wanneer risiko vir benadeling groter word ontstaan 'n probleem. Wanneer die drempel van minimale risiko oorgesteek word moet die voordele wat uit die navorsing mag voortvloei opgeweeg word teenoor die potensiële benadeling, skade of lyding teenoor die medenavorser(s).

Wanneer die bedreiging of benadeling nie fisiek is nie, maar sielkundig word dit moeilik om potensiële benadeling te bepaal of te voorspel.

The potential risks invoked by narrative research have to do with the subtle and often unforeseeable consequences of writing about people's lives. (Smythe & Murray 2000:321)

Narratiewe navorsing skryf van mense se ervarings. Hierdie ervarings is hulle verhale wat hulle leef. Wanneer ons hulle aanmoedig om hierdie verhale te vertel word ons deel van daardie verhaal. Dit kan positief wees en die persoon help om 'n verhaal vol probleme te herinterpreteer en nuut uit te leef. Maar daar is ook groot risiko's dat dit negatiewe gevolge kan hê. Die optekens van die verhale asook die interpretasie van die verhale moet met groot verantwoordelikheid gedoen word, asook met groot etiese sensitiwiteit. (vgl Shaw 2003:22-23)

Van medenavorsers word verwag om te vertel van gebeure wat min ander mense dalk van weet en interpretasies te gee van situasies wat nog nie eers met die mense naby aan hom/haar deurpraat is nie.

'n Interpretasie van 'n gebeure of situasie kan vir 'n medenavorser konfronteer met 'n deel van hom-/haarself wat ongemaklik is en heelwat emosies kan losmaak. Wanneer jou verhaal deur iemand herinterpreteer word, het dit 'n emosionele impak.

Wanneer die navorser se weergawe van die verhaal as outoritêr gesien word, beïnvloed dit die individu se siening van sy/haar verhaal. Sodoende is narratiewe navorsing indringend en kan subtiele skade aangerig word. Die skade kan plaasvind wanneer die navorser se weergawe negatief of positief ervaar word deur die medenavorser(s).

Die navorser moet dus voortdurend bewus wees van die mag wat sy/haar interpretasie kan hê wanneer die persepsie ontstaan dat dit 'n kennernarratief of meesternarratief is. Die navorser sal voortdurend dekonstruktief met sy/haar weergawe moet omgaan. Dit beklemtoon eintlik net die belangrikheid daarvan dat die navorser nie moet interpreteer en by die medenavorser(s) sy/haar interpretasie net toets nie. Die medenavorser(s) behoort die pas aan te gee t.o.v. die interpretasie.

Medenavorser(s) kan maklik voel dat hulle deur die navorser in die steek gelaat of verraai is. Weens die aard van narratiewe navorsing beweeg die navorser en die

medenavorser(s) na aan mekaar. Daar word net met enkele mense gewerk. Daar word in besonderhede in hulle lewensverhale ingegaan. Meestal oor 'n redelike lang periode. Gevolglik ontstaan daar dikwels besondere verhoudinge. Wanneer die navorsingsverslag dan geskryf word en hierdie verhouding en vertroulikhede bekend gemaak word kan daar negatiewe gevoelens ontstaan. (Shaw 2003:23-24)

Wanneer hierdie verhale dan in 'n navorsingsverslag opgeteken word en geïnterpreteer word, bestaan die moontlikheid dat die medenavorser(s) dit negatief ervaar.

3.4.3 Anonimiteit en Vertroulikheid

Om die privaatheid van die medenavorser(s) te beskerm word van die tegnieke anonimiteit en vertroulikheid gebruik gemaak. (Babbie 2001:472)

Anonimiteit geld alleen wanneer die navorser (nie net die lesers van die verslag nie) nie die data kan koppel aan 'n persoon nie. Navorsing wat van onderhoude gebruik maak kan dus nie anoniem wees nie.

Vertroulikheid waarborg dat die medenavorser(s) nie deur die lesers van die navorsingsverslag geïdentifiseer sal kan word nie.

Dit is egter belangrik om kennis te neem daarvan dat die reg op privaatheid nie absoluut is nie. Openbare en wetlike oorwegings mag by geleentheid groter gewig dra en lei tot 'n breuk in vertroulikheid. Die navorser is wetlik verplig om gesinsgeweld, voornemens om te moor, ens. aan te meld. Wanneer identifiseerbare inligting van die medenavorser(s) openbare, algemene kennis is geld die vereiste van vertroulikheid ook nie meer nie. (Smythe & Murray 2000:314)

Inligting wat verkry word deur narratiewe navorsing is vol fyn besonderhede en is persoonspesifiek. Dit word dus byna onmoontlik om vertroulikheid te waarborg. Wanneer 'n verhaal vertel en geïnterpreteer word herken medenavorser(s) hulself maklik (t.s.v. pseudonieme en ander pogings om identiteit te verdoesel) en is dit ook moontlik vir mense wat die medenavorser(s) ken om die identifikasie te maak. In die lig hiervan het die narratiewe navorser 'n groot verantwoordelikheid om medenavorser(s)

en derde partye wat in die narratiewe voorkom te beskerm en latere uitbuiting en benadeling te verhoed. (Smythe & Murray 2000:320)

Hierdie verantwoordelikheid laat die narratiewe navorser weerloos aangesien dit onmoontlik is om alle toekomstige scenario's te voorsien.

Dit mag ook spanning plaas op die skryf van 'n navorsingsverslag omdat sommige dele van die verhaal (wat belangrik mag wees t.o.v. die interpretasie) weggelaat of verander moet word ter wille van die beskerming van die medenavorser(s)

Met narratiewe navorsing kan dit ook gebeur dat die medenavorser(s) op 'n stadium in die proses van plan verander en erkenning wil hê vir hulle mede-outeurskap, en dus hulle eie name gebruik wil hê en nie pseudonieme nie. Ook kan dit gebeur dat die medenavorser(s) aanvanklik kies dat eie name gebruik word en later besluit en verkies dat pseudonieme gebruik word. (Clandinin & Connelly 2000:175)

My medenavorsers het versoek dat die plekname wat in hulle verhaal ter sprake gekom het asb. terug verander word na die oorspronklike ware name "Dit lees makliker so. Meer persoonlik. Dit het tog immers regtig gebeur."

Die probleem is dat die identiteit van die medenavorser(s) wye identifisering ook moontlik maak. Wanneer die medenavorser(s) se identiteit bekend is beteken dit dat enige ander karakters in die verhaal maklik identifiseerbaar is. Wanneer die konteks positief is is dit nie so 'n probleem nie. Maar wanneer die ander karakter deur die verhaal in 'n negatiewe lig gestel word, of wanneer inligting so bekend word wat 'n effek op die werkplek of gesin of sosiale sfeer van die ander karakter kan hê, ontstaan 'n etiese kwessie.

Dit is nie net die medenavorser(s) se verhaal wat ter sprake kom nie. Dikwels kom die navorser ook ter sprake in die verhale. Die medenavorser(s) sien die navorser op 'n sekere manier en plaas daardie siening op 'n sekere manier in verhaalvorm. Hierdie rol(le) wat die navorser in die verhaal van die medenavorser(s) se verhale speel moet respekteer word en in die navorsingsverslag weergegee word. Dit kan ook blootstellend wees vir die navorser. (Clandinin & Connelly 2000:178-179)

3.4.4 Misleiding

Misleiding is altyd 'n etiese kwessie aangesien dit die beginsel van vrywillige en ingeligte toestemming ondermyn. Daarom is dit belangrik om seker te maak dat die navorsing nie ewe effektief gedoen kan word sonder 'misleiding' nie.

In sommige kwalitatiewe navorsingsituasies mag dit nodig wees om medenavorsers aanvanklik te mislei. Wanneer kennis van die navorsingsprojek die reaksies van die deelnemers kan beïnvloed en sodoende die navorsingsresultate ongeldig kan maak. Dit bly steeds belangrik dat die deelnemers nie deur die navorsing benadeel sal word nie. Ook is dit belangrik om dan te "debrief". So gou as moontlik moet in detail beskryf word waarom die misleiding nodig was, wat die navorsingsprojek behels ens. Die deelnemers moet dan 'n kans gegun word om data te onttrek indien hulle sou wou.

Deelnemers mag nooit mislei word t.o.v. aspekte van die navorsing wat waarskynlik hulle keuse om deel te neem sou beïnvloed nie.

Narratiewe navorsers het oor die algemeen nie 'n rede om medenavorsers stelselmatig te mislei nie. Hulle stel belang in die mense se verhale, in hulle eie woorde vertel, oor 'n sekere aspek van hulle lewens. Dit word van die begin af aan die medenavorser(s) verduidelik. Narratiewe navorsers is normaalweg van die begin af reguit en eerlik t.o.v. die doel van die navorsing.

Sommige narratiewe navorsers betrek nie hulle medenavorser(s) in die analise van die verhale nie. In sulke gevalle is dit belangrik dat daar 'n nabetraging sal plaasvind en versigtig deur die navorsingsresultate gegaan word. (Smythe & Murray 2000:324-325) Die navorser loop dan die risiko dat die analise ontstellend is vir die medenavorser(s) of 'n ander negatiewe effek het. Wanneer dit aan die einde van die navorsing gedoen word, wanneer die verslag reeds geskryf is, mag die navorser traag wees om sy/haar verantwoordelikheid na te kom om toe te sien dat die medenavorser(s) nie deur die navorsing benadeel is nie.

Daar bestaan ook die risiko dat die medenavorser(s) op so 'n laat stadium hulle data,

hulle verhale, kan onttrek.

3.4.5 Botsende Belange

Botsende belange kan op verskeie vlakke voorkom.

Verhoudinge wat tussen die navorser en die medenavorser(s) bestaan het voor die aanvang van die navorsing, hetsy op persoonlike vlak of professioneel (binne terapeutiese konteks), mag nie ter wille van die navorsing of die navorser se sukses uitgebuit word nie. (Smythe & Murray 2000:315)

Hierdie verhoudinge wat voor die navorser-medenavorser verhouding bestaan het, of naas die verhouding bestaan skep 'n illusie van bondgenootskap en kan daartoe lei dat medenavorsers meer inligting deurgee as wat hulle van voorneme was om te doen. Inligting van 'n meer private en sensitiewe aard kan ook deurgegee word. (Shaw 2003:15)

Conflict of interest due to multiple relationships are virtually unavoidable in narrative research, especially when the research takes place in a naturalistic setting. (Smythe & Murray 2000:323)

Die aard en duur van narratiewe navorsing lei meestal, byna altyd, tot veelvuldige verhoudinge tussen die navorser en die medenavorser(s). Die ontstaan van dieper bande, vriendskapsbande, pastorale bande, is onafwendbaar.

Aan die ander kant gebeur dit ook dat persoonlikhede bots en die navorsingsverhouding strem.

Die mees uitgesproke botsing in rolle is die tussen die rol van vertroueling en die rol van navorser (wat 'n navorsingsverslag moet skryf). So gebeur dit dat medenavorsers soms vir 'n mens sê: "Die wat ek nou gaan sê is 'off the record'."

Die probleem van botsende belange kan hanteer, of teengewerk word, deur die medenavorser deel te maak van die interpretasie proses en die skryf van die navorsingsverslag.

Nog 'n voorbeeld van botsende belange is wanneer 'n navorser iemand nooi om 'n medenavorser te word al is die persoon nie werklik geskik nie omdat die navorser gedruk is vir tyd en nie lus is om verder te soek nie. Verder kan die navorser so gefokus wees om die aspekte van die verhale waarin hy/sy belangstel dat ander belangrike tekens gemis word. Die verhaal word dus kunsmatig in 'n rigting gedwing. (Gottlieb & Lasser 2001)

3.4.6 Navorsingsverslag

Die navorser het ook 'n etiese verantwoordelikheid teenoor kollegas en die akademiese gemeenskap, veral ten opsigte van die manier waarop data-analise, interpretasie en verslaggewing plaasvind.

Die navorser self is die persoon wat weet van al die tekortkominge en probleme van die studie. Hierdie struikelblokke van die navorsing moet openlik en met integriteit weergegee word sonder vrees vir kritiek. Die rapportering van die slaggate van die navorsing is waardevolle inligting vir ander navorsers, wat dan weet om soortgelyke situasies te vermy. Bevindinge wat negatief mag inwerk op die studie moet genoem en verwerk word. Wees ook eerlik genoeg om te erken as iets per ongeluk ontdek is. (Babbie 2001:475)

Navorsers behoort op hoogte te wees, en gebruik te maak, van enige gedrags- en etiek-kodes van die gemeenskap (professioneel of akademies) waaraan hulle behoort.

Tydens die analise, interpretasie en skryf van die verslag moet die navorser die medenavorser(s) voortdurend in gedagte hou. Meer as een narratiewe betekenis kan aan verhale toegeken word. Stappe wat Smythe en Murray (2000) voorstel is:

- 1) Konsulteer met die medenavorser(s) om seker te maak die getranskribeerde weergawe is akkuraat.
- 2) Die navorser ontleed die materiaal met goeie aantekeninge t.o.v. eie refleksie en eie interpretasie wat 'n invloed mag speel.
- 3) Die navorser hersien die interpretasie in samehang met eie refleksies om te kyk of

daar nie etiese kwessies ontstaan nie. So bv kan 'n interpretasie rondom 'n medenavorser se lae selfbeeld die selfbeeld dalk verdere skade aandoen.

4) Kry behoorlike terugvoer van die medenavorser(s) t.o.v. die navorser se interpretasies.

Tydens die skryf van die navorsingsverslag moet behoorlike erkenning aan die medenavorser(s) en hulle aandeel aan die tot stand kom van die verslag gegee word.

3.4.7 Eienaarskap

Who owns the research participant's narrative? That is, who wields the final control and authority over its presentation and interpretation?
(Smythe & Murray 2000:325)

Medenavorsers voel dikwels dat die interpretasie en die verhale nie 'n volledige weergawe van hulle persoon, hulle individualiteit en uniekheid is nie. Daar mag 'n subtiele gevoel wees dat die medenavorsers verraai en in die steek gelaat is en nie die mag gegee is om self aan die woord te kom nie.

Dit is onafwendbaar omdat die navorser en medenavorser(s) uiteraard die situasie vanuit verskillende perspektiewe benader.

Wie se perspektief behoort voorrang te geniet wanneer daar 'n verskil tussen die navorser en medenavorser(s) ontstaan? Die medenavorser(s) behoort die beste te weet, dit is immers hulle lewens en lewensverhale waaroor dit gaan. Aan die ander kant het die navorser kennis en toegang tot bronne wat die narratief binne 'n groter konteks kan plaas en dus ten opsigte van sekere aspekte beter insigte kan hê. Dit is 'n epistemologiese kwessie. (Smythe & Murray 2000:328)

Narrative discourse is structured more temporally than conceptually, concerns relations among particulars rather than abstract generalities, addresses the vicissitudes of human intentions and motivations, and aims to be convincing more by virtue of its believability than in terms of its logical coherence or empirical testability. Most important for our purposes,

narrative accounts are told from multiple perspectives. The epistemological import of multiple narrative perspectives is the suggestion that narrative meaning must be multiple as well. (Smythe & Murray 2000:328)

Smythe & Murray (2000) onderskei **drie tipes narratiewe**. Die mees algemene is die *persoonlike narratief*. Die persoonlike narratief, gewoonlik in die vorm van 'n biografie of outobiografie sentreer rondom 'n individu en poog om die uniekheid, lewe en invloed van die persoon weer te gee.

Die *argetipiese of mitologiese en religieuse narratief* fokus op tydlose menslike motiewe en oordink fundamentele, spirituele, eksistensiële en morele kwessies soos sterflikheid, lewensfases, liefde en oorlog.

Die derde tipe handel oor psigologiese en sosiale temas en kan *tipiese narratiewe* genoem word. Hier word gekyk na lewenservaring en hoe dit binne breër tipes van ervaring inpas en teoreties verwoord kan word.

Biografiese, of dan outobiografiese, materiaal kan makliker beskou word as 'eiendom' van die medenavorser(s). Tipiese narratiewe kan egter sorg vir konflik tussen navorser en medenavorser aangesien die skeidslyn tussen sg. biografiese en tipiese narratiewe diffuus kan wees. Die navorser kan van mening wees dat hy/sy besig is met die skryf van 'n tipiese narratief terwyl die medenavorser(s) dit kan sien as biografies. Wanneer beide die navorser en die medenavorser(s) mekaar met respek behandel, oop is met mekaar en vir mekaar ruimte laat behoort eienaarskap nie 'n probleem te word nie.

Eienaarskap van die narratief het nog 'n dimensie - nl die mense om die medenavorser(s). Moet die persoon wat die verhaal vertel toestemming vra van ander prominente rolspelers in die verhaal om die verhaal te kan vertel? Besit jy die verhaal net omdat jy die verhaal vertel? In die vertel van jou verhaal maak jy gebeure en eienskappe van ander bekend wat hulle nie noodwendig openbaar gemaak wil hê nie. (Clandinin & Connelly 2000:176)

Ownership concerns blur into concerns of ethics and negotiated relationships in the field. (Clandinin & Connelly 2000:176)

3.4.8 Die Medenavorser(s)

Die oomblik wanneer 'n persoon uitgenooi word om deel te neem aan 'n navorsingsprojek en dit aanvaar op die gronde van narratiewe navorsing se uitgangspunte word die persoon 'n medenavorser. Die persoon word op gelyke voet met die navorser behandel en beskou. Die medenavorser se narratief word nagespoor en daarna word dit ge-interpreteer.

Hierdie navorser gaan uit van die standpunt dat die medenavorser(s) se interpretasie prioriteit behoort te geniet en gerespekteer behoort te word.

Medenavorserskap veronderstel medeverantwoordelikheid. Hierdie verantwoordelikheid lê hoofsaaklik op twee vlakke. Die eerste is op die vlak van die inligting wat deurgegee word, die verhale wat vertel word. Die tweede is op die vlak van interpretasie.

Die medenavorser(s) kan oneties optree wanneer die eie verhaal nie in opregtheid en met integriteit vertel word nie. Die versoeking kan groot wees om óf die eie verhaal so weer te gee dat die medenavorser(s) beter lyk en doen as wat die geval was, óf om die verhaal te oordryf en meer dramaties of meer afskuwelik te maak ten einde simpatie te verkry. Die navorser moet poog om vir die medenavorser(s) 'n ruimte te skep waarbinne hulle veilig voel om 'n eerlike, openlike weergawe te gee. Aan die ander kant behoort die medenavorser(s) bewus gemaak te word van hierdie verantwoordelikheid, of ten minste medeverantwoordelikheid, om 'n navorsingsverslag met subjektiewe integriteit daar te stel.

Medenavorser(s) kan ook tydens die interpretasiefase voor die versoeking kom om materiaal bewustelik of onbewustelik in sy/haar guns te interpreteer, of selfs in onguns van iemand anders te interpreteer, weens persoonlike redes. Die navorser se interpretasie kan ook teengestaan word aangesien die medenavorser nie bereid is om eie probleme en foute, of verantwoordelikheid, te aanvaar nie.

Die aard van die verhouding tussen die navorser en die medenavorser(s) kan ook 'n invloed op die deurgee van die materiaal asook die interpretasie daarvan hê. Die realiteit is dat enige persoon geneig is om te sê en te vertel wat hy/sy dink die ander

persoon wil hoor. Veral wanneer die persoon wat luister (navorsing doen) geliefd is of gerespekteer word. 'n Negatiewe verhouding tussen die navorser en medenavorser kan weer die teenoorgestelde effek hê.

Eerlike, openlike en opregte deelname aan die navorsing en aanvaarding van die medenavorserskap met integriteit is baie belangrik. Die narratiewe navorser neem die waagstuk om sy/haar navorsing of studie ook te plaas in die hande van die medenavorser(s).

3.4.9 Regverdigheid en billikheid

Voortdurend moet gepoog word om regverdig, billik en eties op te tree. Narratiewe navorsing kan nie etiese kwessies vooraf hanteer, laat goedkeur en dan is dit afgehandel nie. Deur die hele navorsingsproses ontstaan situasies wat etiese refleksie, etiese besluite en etiese optrede vra. Nie al hierdie situasies kan voorsien word nie. Volgens Shaw (2003) aan die hand van Johnson² sou 'n refleksiewe, sosiaal-konstruksionistiese benadering tot regverdigheid minstens die volgende insluit:

Justice is:

48. a struggle - 'our struggle to live with virtue in our social and communal lives';
49. fundamentally emotional: our judgements stem from our experience;
50. developmental, changing over time, and changing standards as we change in time and place;
51. gendered: our struggles include 'an abiding concern with how to live peacefully and productively with the members of the other genders';
52. personal: 'The pursuit of justice lies not in our words and our theories but in our concrete actions to help other people.';
53. a matter of social interaction: 'We typically join together with others..... Justice is communal and processual';

²Johnson, J. 1995. In Dispraise of Justice. *Symbolic Interaction* 18(2):191-205.

54. our effort to 'figure out what is going on in the world';
55. selfish: 'selfishness is the foundation for altruism'. (Shaw 2003:17-18)

'n Sosiaal konstruksionistiese benadering tot regverdigheid kan lei tot 'n etiese relativisme en ook 'n potensiële politiese selftevreedenheid.

In aansluiting hierby loop narratiewe analise die gevaar dat wanneer 'n behoorlike klem geplaas word op diverse konstruksies van die realiteit en die lokale kontekstuele uniekheid dat daar 'n etiese slapheid ontstaan. (Shaw 2003:22)

Die uitdaging is om die navorsing te beplan, te doen, te interpreteer en te publiseer op so 'n manier dat die navorser integriteit behou en alle betrokkenes so behandel is dat dit groei en nuwe ruimtes geskep het vir 'n positiewer uitleef van lewensverhale (die verwerkliking van elkeen se bestemming as mens).

3.4.10 Etiese doen van hierdie navorsing

Daar is voortdurend deur die hele proses van hierdie navorsing gepoog om bogenoemde etiese riglyne nougeset te volg.

Die medenavorsers, die Vermaaks, is uitgenooi om deel van die navorsing te word. Deel van hierdie uitnodiging was 'n verduideliking dat hulle sou toestem tot 'n proses. Dit is ook duidelik gemaak dat hulle voortdurend die keuse gebied sal word om vrywillige en ingeligte toestemming tot die voortgang van die proses te gee, of om dit te weier.

Die navorsing is gedoen sonder enige teken van benadeling van die Vermaaks. Inteendeel, hulle wys verskeie positiewe gevolge van hulle deelname aan die navorsing uit. Daar is deurentyd gestreef na 'n oop, eerlike, navorsingsverhouding - sonder enige misleiding.

Ek voel ietwat ongemaklik t.o.v. die vertroulikheid van die studie. Die feit dat die

medenavorsers verkies het dat die plekname wat in hulle verhaal ter sprake kom nie verander moet word nie, maak dit moontlik (indien iemand moeite sou wou doen) dat ander mense wat in die verhaal ter sprake kom geïdentifiseer kan word. Dit is hanteer deur die potensieële gevolg vir die medenavorsers uit te wys en sodoende het ek hulle mede-verantwoordelik gemaak daarvoor.

Daar was wel botsende belange ter sprake - soos in hoofstuk 1 bespreek. Die feit dat die Vermaaks goeie kennis, vriende, van my was voor die studie het voordele en nadele ingehou. Ek was by tye bewus van die feit dat die navorsing 'n negatiewe invloed op my verhouding met die gesin mag hê na afhandeling. Die navorsing het daartoe gelei dat Wessel en Alet my toegelaat het op terreine van hulle lewens waar ek nog nooit was nie. Dit was 'n voorreg, maar ook 'n verantwoordelikheid.

Soms gebeur dit egter wanneer iemand 'n pastor of navorser so naby toegelaat het, dat daarna 'n ongemaklikheid in die verhouding bestaan. Wessel se opmerking: "Jy weet nou heelwat meer van my né.", dui daarop dat dit 'n reële moontlikheid is.

Ek het my bes probeer om reg deur die navorsing integriteit te behou teenoor die medenavorsers asook teenoor die navorsingsgemeenskap.

Na afhandeling van die navorsing sal daar 'n "debriefing" moet plaasvind.

Tans ervaar die Vermaaks mede-eienaarskap van hulle verhaal. Die studie word beskou as my verantwoordelikheid en gevolglik ook my eiendom.

4 **Konteks en Ervaring**

Die narratiewe benadering gaan sosiaal konstruksionisties te werk en neem dus die verhale van persone binne 'n spesifieke konteks ernstig op. Die eerste beweging poog om die konteks en ook die ervaring binne die konteks te beskryf en te interpreteer. (Vgl die bespreking van Post-fundamentele Praktiese Teologie onder 3.3.3)

4.1 **Konteks**

In hierdie studie gaan ek beweeg van 'n makro-konteks, Nieu-Seeland, na 'n meso-konteks, Hawera, na die spesifieke konteks van die Vermaak gesin en die konteks van die navorser.

4.1.1 **Aotearoa/Nieu-Seeland**

My general impression of the country is that it's very refreshing. The environment is clean, there is plenty of water, the traffic is not congested, and the air is pure. Likewise the people; they, too, are refreshing. They were open and honest and I felt safe there. (Buckland & Warwick 2000:88)

Hierdie vrou se indruk van Nieu-Seeland som die meeste mense se ervaring van Aotearoa, die land van die lang wit wolk, op.

Daar is drie hoofkategorieë wat bepalend is vir Nieu-Seeland se unieke menslike en fisiese geografie: die land se relatiewe geologiese jeugdigheid, die geïsoleerde ligging en die ekologiese (omgewings-) broosheid. Alhoewel die formasie van Nieu-Seeland se vasteland strek oor die afgelope vyf miljoen jaar, is meeste landoppervlak nie ouer as

100,000 jaar nie terwyl vele dele maar die afgelope 10,000 jaar gevorm is. Geologiese fenomene wat deel was van die vorming van die land, soos aardbewings en vulkaniese aktiwiteite, kom steeds algemeen rondom sekere foutlyne voor. Die eilande se ligging t.o.v. die breedtegrade beteken dat die kusgebiede voortdurend blootgestel is aan wisselende weersomstandighede, wat lei tot erosie. Mense is maar nog net 'n 1000 jaar op hierdie eiland-land gevestig. Dit beteken dat dit nog grootliks 'n land van migrante is en die meeste burgers kan hulle *whakapapa* (genealogie) na 'n ander land terugvoer. (Sandall & Marlborough 2002:54-56)

4.1.1.1 *Nieu-Seeland se Verhaal - in Kort*

Die eerste mense wat in Nieu-Seeland aangekom het was waarskynlik van Oos-Polinesiese afkoms gewees. Tussen 750 en 'n 1000 jaar gelede het daar ongeveer 200 mense met tussen 8 en 10 *wakas* (groot roeibote) op verskillende plekke op die eiland geland. Spekulasie wil dit hê dat hierdie eerste setlaars van die Marquesas- en die Cook-eilande, Tahiti of Samoa afkomstig was. Oorlewering noem die plek van oorsprong Hawaiki. (Sandall & Marlborough 2002:60; Buckland & Warwick 2000:92-93)

Daar word oor die algemeen na hierdie eerste bewoners verwys as die moa jagters. Moa is 'n uitgesterwe reuse vluglose voël- heelwat groter as 'n volstruis. Hulle het swaargekry onder 'n latere groep, die Maori. Vandag se Maori (*tangata whenua* - mense van die land) word algemeen aanvaar as afkomstig van beide hierdie groepe.

Volgens Maori mondelinge oorlewering was ene Kupe die eerste ontdekker van die eiland. Sy vrou het 'n lang wit wolk oor die eiland sien hang en het uitgeroep Aotearoa (land van die lang wit wolk). Nieu-Seeland word vandag nog as Aotearoa gesien. Daarna het verskeie migrasies gevolg.

Baie van die geskiedenis van hierdie vroeë tye is met bonatuurlike elemente vervleg. So word die ontstaan van Nieu-Seeland gekoppel met die Polinesiese halfgod Maui. Volgens legende is die Suid-eiland Maui se kano en die Stewart-eiland sy anker. Terwyl hy op sy *waka* (kano) gestaan het, het hy sy ouma se kakebeen as hoek gebruik en

bloed uit sy neus (nadat hy homself op die neus geslaan het) as aas en het hy 'n reuse vis (die Noord-eiland, wat wel soos 'n vis lyk) gevang. In Maori staan die Noord-eiland gevolglik as "Te Ika-a-Maui" (die vis van Maui) en die Suid-eiland as "Te Waka-a-Maui" (Maui se kano), bekend. (Bassett et al 1998:11-12)

Maori kuns en kultuur het geïsoleerd van die wêreld tot 'n hoë vlak ontwikkel. Musiek, sang, dans en vertel van stories is baie geniet. Klere is gevleg van die algemeen beskikbare vlas en kunstig versier. Later is kunstige kerfwerk gebruik om figure en patrone met simboliese en historiese waarde op die *waka* aan te bring. Hulle krygskuns was goed ontwikkel. Die Maori was bedrewe landbouers en vissers en het metallurgiese kennis gehad. Hulle het *kumara*, 'n soort patat, saamgebring en verbou. (Sandall & Marlborough 2002:60-63; Bassett et al 1998:9-16; Buckland & Warwick 2000:92-94; Marquet & Beale 2002:20-21)

Tribal and family units were close and affectionate, but Maori cooked and ate members of other tribes defeated in battle. In a land without mammals, perhaps cannibalism did help satisfy the desire for meat. But it was also the ultimate degradation to members of rival tribes, and an old Maori insult goes: "The flesh of your grandfather still sticks in my teeth!" (Buckland & Warwick 2000:94)

Vanaf **1642 tot 1813** vind die "ontdekking" van Nieu Seeland deur die Europese wêreld plaas. (Bassett et al 1998:17-26; Buckland & Warwick 2000:95-98; Sandall & Marlborough 2002:64-65; Marquet & Beale 2002:22-23)

In 1642 kommandeer die Oos Indiese Kompanjie in Batavia (nou Djakarta) vir kaptein Abel Janszoon Tasman op om die bestaan van 'die groot suidelike kontinent' te ondersoek en dit te ontdek. Hy vaar Australië met sy twee skepe mis, stop kort oor op, wat vandag Tasmanië is. Daar hoor hy snaakse geluide en kry aanduidings dat die bewoners reuse is en pak op en vertrek vinnig.

Die 13de Desember sien hy vir die eerste keer die suidelike Alpe (naby Hokitika) maar besluit om 'n veiliger landingsplek te soek. Op 18 Desember 1642 loop Tasman hom vas teen ongeveer 22 kano's met redelik aggressiewe insittendes. Hulle verstaan mekaar glad nie. Om 'n onbekende rede het een van Tasman se skepe 'n kanonskoot

gevuur. Die volgende dag word een van Tasman se roeibote wat tussen die skepe beweeg het aangeval en vier van die ses seemanne word vermoor. Hulle vertrek dadelik en noem dit “Mordenaers Baij” (Later na die ontdekking van goud het dit “Golden Bay” geword). Nadat hulle teen die kus van die noord-eiland opgevaar het en weer Maori’s met spiese gesien het, vertrek hulle op 5 Januarie 1643 weg, van wat Tasman “Staten Landt” genoem het ter ere van die Staten Generaal van Nederland, sonder om ooit voet aan wal te sit. ‘n Paar jaar later het die Nederlandse regering dit herdoop na Nieuw Zeeland na aanleiding van die streek in Holland. Op wêreldkaart het die Latynse naam - Nova Zeelandia - gepryk.

Tasman is later gekritiseer vir sy oorversigtige houding en gebrekkige ondersoek van die nuwe ontdekte land. Sy verslag van die wrede “mordenaers” het egter verdere ontdekkers weg gehou vir 125 jaar.

Op 7 Oktober 1769 het luitenant James Cook se kajuitknaap uitgeroep dat hy land sien. Nicholas Young word vir sy oplettendheid vergoed deurdat die plek “Young Nick’s Head” genoem word en tot vandag nog so heet.

Twee dae later gaan Cook, twee wetenskaplikes en ‘n jong Tahitiese hoofman aan wal. Die feit dat die hoofman onmiddellik met die Maori’s kon kommunikeer bevestig die vermoede oor die herkoms van die Maori’s. Ten spyte daarvan word hulle nie baie vriendelik ontvang nie en was betrokke by verskeie skermutselings. Die Maori sien die ontdekkers as spoke of bose geeste (“goblins”).

Mettertyd het sommige Maori’s die Engelse ontdekkingsreisiger aanvaar as een of ander *rangitira* (hoofman) en het vriende geword met hom. Jare later vertel Te Horeta Taniwha hoe Cook vir hom ‘n spyker gegee het toe hy as seuntjie op die skip gegaan het. Hy het hierdie geskenk vir jare goed gebruik. “I kept this nail till one day I was in a canoe and she capsized in the sea, and my god was lost to me” (Bassett et al 1998:22) Met enkele onakkuraathede trek Cook ‘n kaart op en vertrek die 1ste April 1770.

Hy het by twee volgende geleenthede in Nieu-Seeland aan wal gegaan.

Min of meer dieselfde tyd het die Franse kaptein Jean de Surville, en in 1772 het kaptein Marion du Fresne, ook ontdekkingswerk gedoen. Hulle het kommunikasie- en kultuur-flaters begaan en so die gramskap van die bevolking op die hals gehaal.

Daarna was daar heelwat ontdekkingsreisigers wat hulle na Nieu-Seeland gewend het. Nog flaters is begaan. So is twee Maori hoofmanne in 1793 deur die Britte gevang en na

Sydney geneem om aan ander die kuns om met vlas te werk te leer. Natuurlik het die hoofman niks geweet van sulke “vroumens goed” nie, en hulle moes later maar teruggeneem word.

Robjagters was ook baie bedrywig langs die Nieu-Seelandse kus, maar het min aantekeninge gemaak in 'n poging om hulle jagvelde en bewegings geheim te hou en slegs Owen F. Smith van Amerika maak 'n bydrae t.o.v. Stewart-eiland se ligging en vorm.

In 1809 vind die Boyd slagting plaas. Nadat brigadier Boyd prisoniers van Engeland in Sydney afgelaai het gaan hy aan na Nieu-Seeland om hout op te laai. Tussen die Maori bemanning was 'n jong hoofman wat swaar gestraf is vir 'n mindere oortreding. Met hulle aankoms in Whangaroa baai het die jong hoofman in die geheim die plaaslike Maori gevra om hom te help om die *utu* uit te voer - 'n heilige wraakbeginsel. Gevolglik is al die bemanning en byna al die passasiers vermoor en opgeëet. Later het 'n groep wit walvisjagters op hulle beurt weer 60 Maori uit weerwraak vermoor.

Die jare **1814 tot 1838** was die tydperk van sendelinge en gewere. (Buckland & Warwick 2000:98-99; Bassett et al 1998:32-37; Sandall & Marlborough 2002:64-65)

Samuel Marsden, 'n leraar van Engeland, was 'n kapelaan in die bandiet kolonie in Australië. Hy loop van tyd tot tyd Maori raak en ontwikkel 'n hart vir hulle. In 1814 begin hy 'n Anglikaanse sendingstasie in die “Bay of Islands” in Nieu-Seeland. Die sendelinge is deur die hoofmanne verwelkom omdat hulle besef daar is heelwat te leer van die Pakeha (Europeërs), al was dit nie noodwendig godsdiens nie.

Weer is 'n hele paar flaters begaan. Daar is probeer om vir mense wat nie skoene dra nie die kuns van skoenmakery te leer terwyl die sendelinge nie ywerig was om die Maori taal aan te leer nie. Eindelik is gedreig dat die sendelinge uitgesit gaan word indien hulle nie gewere voorsien nie. Die sendelinge het gewere, handbyle en byle vir die plaaslike bevolking in die hande gekry.

Intussen het baie Maori's gesterf aan siektes wat met die Pakeha in die land ingekom het en die plaaslike bevolking geen immuniteit voor gehad het nie. Die witman se God is blameer vir die lyding en sterftes.

Dit was eers in 1823 wat die leraar Henry Williams erns gemaak het om die Maori taal te

bestudeer en te vertaal. Dit lei daartoe dat Maori begin lees en skryf. 'n Paar hoofmanne begin nou as beskermhere vir die sendingstasies optree. Sendingstasies word plekke van veiligheid wanneer daar wrywing tussen strydlystiges ontstaan.

Behalwe dat die nuutgevonde vuurkrag gelei het tot groterskaalse bloedvergieting het die Maori so begin fokus op die verwerking van vlas vir 'n inkomste dat die produksie van kos agterweë gebly het.

Maar:

The warriors, of course, took prisoners, and these slaves became a mobile food supply, especially during the winter months. (Buckland & Warwick 2000:99)

Die koloniale tydperk strek min of meer van **1838 tot 1854**. (Buckland & Warwick 2000:99-102; Sandall & Marlborough 2002:64-65; Bassett et al 1998:39-45; Marquet & Beale 2002:26-37)

Ter wille van wet en orde pleit die sendelinge en James Busby (Brittanje se verteenwoordiger ter plaatse) by die Britse regering om mag uit te oefen in Nieu-Seeland. Hulle pleidooi is versterk deur die feit dat die Franse vloot aandoen om hulle ondersteuning aan biskop Pompallier, van die Rooms Katolieke sending, te bewys. Die Britse regering was egter huiwerig.

Ene Edward Gibbon Wakefield neem in 1837 die inisiatief en stig die "New Zealand Association" en begin dadelik setlaars werf. Die volgende jaar sluit die Britse regering Nieu-Seeland in by die "New South Wales" kolonie.

Met die aankoms van die eerste 'Wakefield'-immigrante vroeg in 1840, kom die huidige Nieu-Seeland effektief tot stand. 'n Maand later is die "Treaty of Waitangi" deur 46 hoofmanne geteken of hulle *moko* (verkorte weergawe van gesigstatoeëmerke) is daarop gemaak. Daar was nie eenstemmigheid onder die hoofmanne t.o.v. die ondertekening van die dokument nie. Dit was nadat 'n invloedryke hoofman wat die Britte goedgesind was gepraat het dat besluit is om voort te gaan met die verdrag. Kopieë van die ooreenkoms is gemaak en kruis en dwars deur die eilande geneem. In Mei het 400 hoofmanne dit geteken.

Die ooreenkoms het Brittanje soewereiniteit oor Nieu-Seeland gegee, het die Maori verseker van Britse beskerming en waarborg hulle "the full exclusive and undisputed

possession of their lands, estates, forests, fisheries and other properties.....” (Buckland & Warwick 2000:100) Die vertaling van die “Treaty of Waitangi” is nie korrek gedoen nie en dit het verwarring gebring. Hierdie foutiewe vertaling in Maori bring tot ‘n mate die geldigheid van die verdrag in gedrang - watter verdrag is onderteken, die Engelse- of die Maori weergawe? Watter dokument is die wetlik bindende dokument. Hierdie foutiewe vertaling het vele implikasies en beïnvloed baie aspekte van die lewe in Nieu-Seeland - polities, menseverhoudinge, ekonomies ens. Die afgelope dekades is daar baie warm debatte oor die interpretasie van die “Treaty” gevoer. (Binney 2001:91-148)

William Hobson was die eerste goewerneur en verklaar Britse soewereiniteit net voordat die Franse ‘n kolonie probeer stig. Meer immigrante word ingebring.

Vir twee jaar gaan alles goed. Maar daar was ‘n insident waar die Britte probeer het om ‘n ou hoofman, Te Rauparaha, te arresteer. Hy reageer toe deur die arresteerders te skiet. In 1845 breek daar toe ‘n jaarlange oorlog uit in Krorareka. Hoofman Hone (John) Keke kap in daardie tyd verskeie kere die Britse vlagpaal af.

Sir George Grey, die nuwe goewerneur met ‘n sterk militêre agtergrond, los die krisis op en bied besliste leiding. Dit lei daartoe dat hy later baie geliefd was onder die Maori. Nedersettings onder leiding van Skotse Presbiteriane, Anglikane Rooms Katolieke, asook andere word gevestig.

Goewerneur Grey lei Nieu-Seeland tot selfregering met die goedkeuring van ‘n grondwet deur die Britse parlement in 1852. Die twee kamer regering laat eindelijk nie veel ruimte vir Maori verteenwoordiging nie. Regering in die ses provinsies is bemoeilik deur onbegaanbare terrein en moeilike kommunikasie. Daar het soveel mense in die gevaarlike riviere verdrink dat verdrinking in Brittanje bekend begin staan het as “the New Zealand death”.

Goewerneur Grey lê die tuig neer.

Die tydperk van **1854 tot 1876** word gekenmerk deur die regering van die provinsies en oorlog. (Marquet & Beale 2002:40-44; Buckland & Warwick 2000:102-104; Bassett et al 1998:64-88)

Skaapboerdery en die houtbedryf begin op dreef kom. In die laat 1850's word redelike hoeveelhede goud in die Suid-eiland ontdek met al die legendariese verhale wat

rondom 'n goudstormloop ontstaan.

In Maart 1859 word die “Taranaki Volunteer Rifles” orkes in New Plymouth gevorm. Waarskynlik die eerste amptelike orkes in Nieu-Seeland.

Presies 'n jaar later eindig die 14 jaar lange vrede en begin 10 jaar van dood en verwoesting, genoem die Maori oorloë (sommige meen dit sal meer korrek wees om dit die Grondoorloë te noem).

Die Maori stamme sien is besig om hulle grond te verloor deurdat grond voor die voet opgekoop word deur die al groter wordende groep Pakeha asook grondverkope deur naïewe Maori.

From the 1860's, vast quantities of Maori-owned lands began to be confiscated or taken over by government officials and colonists. In 1840, Maori owned over 66 million acres of land in Aotearoa but by 1875 this had been reduced to less than 5% or 3 million acres. (Community Development Unit 2003:6)

Sonder Goewerneur Grey se positiewe invloed het verhoudinge tussen die twee groepe vinnig agteruit gegaan. Die “King Movement” in die sentrale Noord-eiland verenig die stamme onder een hoofman wat bydra om hul besware fokus te gee en hulle geveg om voort te bestaan as 'n ras ondersteun.

Na die “Taranaki War” was daar die “Waikato War” en weer 'n oorlog in Taranaki. Die gewilde en suksesvolle, afgetrede Grey word gevra om te kom probeer vrede maak. Die Maori wat in die stryd gewikkel was, was egter 'n jonger generasie met geen bande met Grey nie. Nie al die stamme het by die “King Movement” aangesluit nie. In die Rotorua omgewing veg die Arawa stam saam met die Britte en het 'n groot impak.

Die oorlog word uitgereken deur die ontstaan van twee nuwe fanatiese godsdienste ('n mengsel van tradisionele geloof en Christelike leerstellings) onder die Maori. Die Hauhau onder leiding van Te Ua het onder andere geglo dat sekere dreunsang hulle sal beskerm teen enige vyandige koeëls. Die Ringa-tu kultus (wat vandag nog bestaan) word gelei deur 'n bitter hoofman, Te Kooti, en saai verwoesting by Gisborne en ander ooskus nedersettings.

Grond is nou voor die voet gekonfiskeer en die Maori het sterk te na gekom gevoel met die onregverdige behandeling.

Aan die einde van die dekade se stryd was die Maori gedemoraliseer en hulle en die

Pakeha het bewus geword van die feit dat mensetal in Nieu-Seeland oor die algemeen aan die daal is.

In die afgelope dekade is daar 'n Waitangi tribunaal saamgestel wat sake aanhoor en regverdige kompensasië probeer bepaal. In Mei 2003 is die kompensasië vir die South Taranaki iwi uitbetaal en in September 2004 is daar weer miljoene dollars toegeken aan 'n *iwi* (stam) in die "Bay of Plenty" vir grond, regte en potensiële inkomste wat verloor is deur onregmatige optrede van Pakeha. Hierdie kompensasië en grondeise is 'n baie kontroversiële en verdelende saak wat steeds spanning bring tussen Maori en Pakeha.

Tog het Maori en Pakeha nooit weer na 1870 teen mekaar geveg nie en die Maori het verteenwoordiging in die regering gekry. Daar is nou gefokus op die opbou van die land en aandag is gegee aan paaie, spoorweë, telegraaflyne en die belangrikste, brûe. Saam met die ontginning van goud was skaapboerdery 'n opkomende bedryf.

Sir Julius Vogel as tesourier (en later eerste minister), leen oorsee geld om die ontwikkelinge te finansier en moedig die immigrasie van 100,000 Britte aan.

Met verbeterde kommunikasie- en vervoernetwerke het die regering van die land makliker geword. Die hoofstad word van Auckland na Wellington verskuif en in 1876 word die provinsies as regerende eenhede afgeskaf.

1876 tot 1907 was die era van selfregering en die welsynstaat. (Buckland & Warwick 2000:104-108; Bassett et al 1998:89-116) Naas die twee kamer regering was daar 'n Brits aangestelde goewerneur, of goewerneur-generaal, wat die Britse monargie verteenwoordig het en die eintlike staatshoof was. Die goewerneur-generaal moes alle wetgewing goedkeur en teken. Mettertyd het hierdie rol meer seremonieel geword, gestroop van enige politieke mag.

Hoewel Maori sedert 1867 deel van die regering was, was die regering steeds rassisties georiënteerd. Daar is gepoog om Nieu-Seeland 'n land vir wit mense te maak en verkieslik van Britse afkoms. Vooroordele teenoor die Chinese kom na vore deur 'n koppelasting wat elke nuwe Chinese immigrant moes betaal.

Vanaf 1877 is heelwat aandag gegee aan sosiale wetgewing. Skole moes gratis, verpligtend en sekulêr wees. In 1879 word elke man ouer as 21 stemreg gegee en in 1893 is Nieu-Seeland een van die eerste lande wat hierdie reg ook aan vroue toeken.

In die 1880's ontstaan 'n depressie waarvoor Vogel, met sy uitspattige spandering, geblameer word. Die verbetering in tegnologie verlig die finansiële druk omdat skaapvleis, weens verbeterde verkoeling, nou uitgevoer kon word.

Laat in die 1800's word die goudmyn- en skaapboerdery bedrywe aangevul met vlasmeules. Noord van Auckland het honderde immigrante van Joegoslaviese oorsprong versteende kauri bome ontgin vir die vervaardiging van vernis en linoleum. Hierdie "gumdiggers" het goeie pryse vir hulle produk gekry.

Werkersunies word in 1878 wettig en in 1890 vind die eerste staking deur hawewerkers plaas.

Die Liberale party kom in 1891 aan bewind en die legendariese, ietwat growwe, voormalige goudmyner, Richard John Seddon ("King Dick"), word Eerste Minister. Hy was baie gewild. Hy stel 'n arbitrasiewet daar om alle arbeidsdispute in die hof te beslis en voorkom so enige verdere stakings.

Seddon maak werk van grondhervorming en vestig Nieu-Seeland as 'n getroue lid van die Britse Ryk. Tydens die Boere oorlog in 1899 word 6 500 Nieu-Seelandse vrywilligers gestuur om onder Britse aanvoering te gaan veg. Seddon vestig Nieu-Seeland se outokratiese regering en wys 'n aanbod van die hand om deel te word van die "Commonwealth of Australia".

Die regering raak betrokke by verskeie besigheidsbedrywe soos pos, telegraafdienste, telefone, die spoorweë en meeste van die "Bank of New Zealand" se aandele word opgekoop.

Die belangrikste Seddon nalatenskap is die daarstel van ouderdomspensioen in 1898. Dit was die begin van die sosiale welsynwette waarvoor Nieu-Seeland wêreldwyd bekend geword het.

It was a law that went beyond a law, helping shape a piece of the New Zealand character - one that absolutely refuses to worry unduly about the future. One story told was that of an elderly South Island miner, who was visited in his isolated cabin by an old friend. The friend asked if there was something he could do to make the miner's final years more comfortable. "No thanks", the old man said. "Dick's seen to all that." (Buckland & Warwick 2000:108)

Seddon sterf in 1906 in die tuig.

Gedurende **1907 tot 1945** vind die verskuiwing in Nieu-Seeland se status plaas: van kolonie tot gemenebes, of dan susterstaat, van Engeland. (Bassett et al 1998:146-184; Buckland & Warwick 2000:108-112)

Weens Nieu-Seeland se ligging en die gebrek aan goeie kommunikasienetwerke het vele gebeure op die eilande vir die res van die wêreld onbekend gebly. So was daar die eksentrieke boer wat in 1903 of 1904 'n selfaangedrewe vliegtuig gebou en gevlieg het - min of meer dieselfde tyd toe die Wright broers geskiedenis gemaak het.

Ontwikkeling t.o.v. sosiale wetgewing was gevorderd en Frank Parsons, 'n politieke wetenskaplike, merk op: "New Zealand is the birthplace of the Twentieth Century".

In 1907 was die "onafhanklik wordende" 'n formaliteit wat niks weggeneem het van die lojaliteit teenoor Brittanje nie.

1912 en 1913 was bekend vir stakings en industriële woelinge wat byna tot 'n rewolusie gelei het. In Oktober 1914 en Jan 1915 vertrek ongeveer 8 000 Nieu-Seelanders om te gaan help om die aanslag van die Turke op die Suez kanaal teen te staan. Op die Gallipoli skiereiland maak die Nieu-Seelandse en Australiese magte 'n groot verskil, maar ly ook groot verliese. Daar het 8 587 ANZAC ("Australian-New Zealand Army Corps) manskappe gesterf en 25 000 was gewond. "Anzac day" word jaarliks op die 25ste April in beide lande deur 'n vakansiedag herdenk.

Later in 1915 het 'n Nieu Seelandse afdeling in Frankryk geveg en 'n brigade het by die Britte in Palestina aangesluit. 17 000 van die ongeveer 100 000 Nieu-Seelandse manskappe wat betrokke was in die Eerste Wêreldoorlog sneuvel. 'n Groot verlies vir 'n land met 'n bevolking van net oor 'n miljoen. Gedurende die oorlog begin Nieu-Seelanders vereenselwig word met die vluglose voël, die kiwi, en begin bekend staan as Kiwi's.

In 1918 breek 'n griep-epidemie uit. Weens laer immuniteit het heelwat meer Maori gesterf as Pakeha. Dit lei tot die Ratana geloof se ontstaan. Hierdie kerkgroep het tans ongeveer 30 000 lede.

Tussen die wêreldoorloë ondergaan Nieu Seeland al die tegnologiese en kulturele ontwikkelinge wat die res van die wêreld geniet en in 1928 vind die eerste vlugte oor die Tasmaniese see plaas.

Die Maori volk begin om hulleself weer op te bou, hulle stem te laat hoor en hulle tradisies te laat herleef. (Bassett et al 1998:130-145)

Weens afhanklikheid van die Britse markte lei die land swaar onder die depressie van 1929. Streng ekonomiese maatreëls lei tot gewelddadige onrus in die arbeidsektor.

Daar was geen werkloosheids- of ongeskiktheidsvoordele beskikbaar nie.

Some of the men suffering from asthma, arthritis, rheumatism and epilepsy took from 8 o'clock to noon to cover two miles to report for duty; one woman pushed her husband in a wheelchair to Bottle Lake to call for him again in the evening. This was administrative incompetence, but there was no invalidity pension, and the principle laid down was 'no pay without work. (Buckland & Warwick 2000:110)

Die nuwe Arbeidersparty, onder leiding van Michael J. Savage, kom in 1935 aan bewind.

Change was promised by a very ordinary man. He was an Australian who came to New Zealand when he was young. He did not seem especially clever but he always seemed to talk common sense. He understood the hopes and needs of average people. (Bassett et al 1998:170)

Ten spyte van vrese word die nuwe beleidsrigting meer bepaal deur Franklin D. Roosevelt as deur Karl Marx.

In die twintiger en dertiger jare vind groot ontwikkelinge plaas op die vlak van kuns, kultuur en sport (waarvan die gewildste rugby is).

Toe Brittanje oorlog verklaar teen Duitsland op 2 September 1939, het Nieu-Seeland die verklaring 'n uur en 'n half later self herhaal. Minister Savage verklaar: "Where Britain goes, we go! Where she stands, we stand!"

'n Paar maande later is hy oorlede en word vervang deur 'n voormalige dokwerker, Peter Fraser. Byna 200 000 Nieu-Seelanders is oorlog toe en meer as 10 000 het nie lewendig teruggekeer nie. Ironies genoeg was dit die magte van die Verenigde State wat die Kiwi's se tuisland beskerm het toe daar in 1941 oorlog verklaar is teen Japan. Dit lei daartoe dat baie Amerikaners in Nieu-Seeland gebaseer en opgelei is. In 1942 is Amerika dan die eerste land buite die Britse gemenebes wat volle diplomatieuse status

aan Nieu-Seeland verleen.

Fraser se Arbeidersparty lei die land in 'n rustige tydperk in die na-oorlog jare. Beperkings op invoere verhoed goedkoop produkte om die land in te kom. Dit lei daartoe dat die Nasionale Party in 1949 onder Sydney Holland aan bewind kom.

Kuns en kultuur floreer in die dekades na die oorlog.

In 1950 word Nieu-Seeland een van die min demokratiese lande om 'n vaartbelynde eenkamer regering daar te stel.

Die afgelope veertig jaar begin Nieu-Seeland haarself toenemend as 'n "Pacific nation" ervaar en besef dat Groot Brittanje nie meer vertrou kan word om markte en beskerming te verleen nie. In 1951 sluit die land by Australië en die VSA aan met die ondertekening van die ANZUS wedersydse sekuriteits-ooreenkoms. Hulle is ook lid van SEATO (Southeast Asia Treaty Organization) en stuur troepe na Maleisië om guerillas teen te staan en ook na Viëtnam onder leiding van die VSA. Onder groot kontroversie word die troepe in 1972 onttrek.

Gedurende die 1960's is daar programme om meer Britse immigrante na die land te lok. Die immigrante was nie altyd ewe gewild onder die burgers nie. Daar was ook 'n verbod op nie-blanke Britse immigrante.

Immigrasie kan as volg opgesom word:

1840-1859: Skotse, Engelse, Franse en Duitse immigrasie met behulp van die "New Zealand Company"

1860-1869: Chinese immigrante a.g.v. die goudstormloop in Otago

1870-1879: heelwat Skandinawiërs en Duitsers arriveer

1930-1939: voor die Tweede Wêreldoorlog kom 'n hele klomp Duitse Jode aan

1940-1949: as uitvloeisel van die Tweede Wêreldoorlog ontvang die land Poolse vlugteling en Britse wesies.

1950-1959: Nederlandse en Hongaarse immigrante en vlugteling kom in.

1960-1969: Samoane en Tongaanse werkers word ingebring om in arbeidstekort te voorsien

1968-1977: 'n Aantal vlugteling van Tjecho-Slowakye word aanvaar.

1975-1980: Vlughtelinge uit Kambodja, Laos en Viëtnam vloei in.

1981-1989: Irakse vlughtelinge soek in Nieu-Seeland 'n veilige hawe.

1991-1996: 'n Golf van Asiese besigheidsmigrasie vanaf China, Taiwan en Hong Kong en vlughtelinge van Somalië en Bosnië sit voet aan wal.

1999-2000: Vlughtelinge kom uit Kosovo aan. (Marquet & Beale 2002:54)

Sedert 1997 is daar permanente verblyfreg toegeken aan 23 700 Suid-Afrikaners en 2 958 mense uit Zimbabwe. In die jaar 2001/2002 was Suid-Afrika vierde op die ranglys (met 4 303 mense) van die lande waaruit immigrante na Nieu-Seeland kom. China is eerste (8 750), dan Indië (8 430) en Groot Brittanje lê in die derde plek (6 593). (New Zealand Immigration Services 2004)

Gedurende Julie 1967 word oorgeskakel na die desimale stelsel en 'n halwe pond het een Nieu-Seeland dollar geword en alle rassistiese onderskeiding word uit die wetgewing gehaal. Tog is vier Maori setels behou.

Dit was ook die jare waartydens Nieu-Seeland baie bewaringsbewus geword het. Daar was groot teenstand teen 'n hidro-elektriese skema in Fiordland en aluminium smelterye wat in Bluff gebou sou word. Nieu-Seeland het wêreldwyd koerantopskrifte gehaal met teenstand teen Franse kern-toetse in die Stille Oseaan.

Die Arbeiders en Nasionale partye neem basies om die beurt verantwoordelikheid vir die regering. Nadat Norman Kirk aan bewind gekom het word daar beheermaatreëls t.o.v. immigrasie ingestel. Die gratis "accident insurance program" (ACC) word ingestel. Enige mediese onkoste wat die gevolg van 'n ongeluk is (van in die huis val en jou rug seermaak tot 'n motorongeluk) word gedek. (Dit geld selfs vir buitelandse toeriste). Ekonomiese agteruitgang lei tot al groter lenings wat in die buiteland aangegaan word. In 1975 poog Muldoon om die inflasie en werkloosheidsituasie te hanteer deur verdere beperkings op immigrasie te plaas. Die Nieu-Seeland dollar beleef 'n hele paar devaluasies.

Die 1981 Springbok rugby toer was 'n traumatiese ervaring vir die land. Die land was diep verdeel tussen diegene wat sterk gevoel het oor Suid-Afrika se apartheidsbeleid en diegene wat gevoel het dat sport en politiek van mekaar geskei moet word en goeie rugby wou sien. Daar was demonstrasies by al die wedstryde.

Rosemary du Plessis (Spoonley et al. 1994) gaan selfs so ver as om te beweer dit was 'n opstand teen en verwerping van die tradisionele plek wat rugby in die Nieu-Seelandse samelewing gehad het. The anti-tour protests of 1981 were not just about the politics of sporting contacts with South Africa but about the reflection of the traditional place of rugby in New Zealand society and the way it has shaped the personal and national identity of many New Zealand men. This was why emotions ran so high during the 1981 Springbok Tour. What was at stake was the institution of rugby as a key facet of New Zealand society, an institution which has had a major impact on the character of most New Zealand males who have participated in it at primary and secondary school, even if they were not adult players of the game. (Spoonley et al. 1994:110)

In 1984 neem David Lange op 41jarige ouderdom as die jongste eerste minister vir die Arbeidersparty by Muldoon oor.

Lange verbied alle besoeke van vaartuie wat kernaangedrewe is of wat enige kernverwante produkte vervoer. Dit bring konflik met Amerika, wat in 1986 lei daartoe dat Amerika formele verbintenisse om Nieu-Seeland te help beskerm, beëindig. 10 Julie 1985 word die skip "Rainbow Warrior" van die Greenpeace organisasie (wat besig was met 'n anti-kern protesaksie) in die Auckland se hawe gesink deur die Franse geheime diens, met die verlies van 'n lewe. Die Rainbow Warrior sou na Mururoa vaar om die Franse se kerntoetse te probeer keer.

Buitelandse skuld en inflasie word met moed en sukses aangepak deur 'n paar opeenvolgende regerings.

In 1996 word die MMP (Mixed Member Proportional) verkiesingsstelsel aanvaar. Daar word gestem vir die party en vir 'n verteenwoordiger. Dit maak die regering meer verteenwoordigend.

Deur al die politieke krisis en sosiale stryd en die feit dat die land steeds baie kwesbaar is met 'n klein en brose ekonomie, het Nieu-Seelanders 'n groot vertroue in hulle land en die toekoms. Hulle optimisme word gesien in 'n besondere trots op die

land en alles wat bereik word.

Sprekend is die feit dat hulle na hulle land as die “Godzone” verwys.

New Zealanders still tell the story of dynamic Prime Minister Seddon who, at the completion of a triumphant tour of Australia in 1906, boarded his ship and headed east again across the Tasman Sea. With the cheers and toasts of Australians ringing in his ears, the “fighting premier” was filled with quiet but joyful anticipation at the thought of getting under way. He sent a telegram saying he was leaving for “God’s own country.” (Buckland & Warwick 2000:119)

Nadat Seddon die telegram gestuur het, het hy by sy vrou op die dek van die skip gaan sit, sy kop vooroor laat sak, en is oorlede. In ligte trant word gewonder of hy die verskil kon agterkom tussen sy aardse bestemming en die bestemming waarby hy eindelijk uitgekom het.

4.1.1.2 *Suid-Afrikaanse Indrukke van Nieu-Seeland*

Na die kort historiese oorsig word daar nou gepoog om ‘n gevoel, ‘n beeld, te skep van hedendaagse Nieu-Seeland.

Die volgende indrukke van Nieu-Seeland is sosiaal konstruksionisties gevorm deur gesprekke met Suid-Afrikaanse persone en soms verryk en uitgebrei deur sosiologiese en ander perspektiewe vanuit Nieu-Seeland.

Die indrukke wat ‘n Suid-Afrikaner het van Nieu-Seeland hang baie af van gemoedstemming, in watter fase van aanpassing die persoon/gesin is, die redes waarom na Nieu-Seeland gekom is, sosio-ekonomiese omstandighede, persoonlike ondervindinge en nog vele ander faktore. Dus is indrukke van ‘n plek, sy mense, gebruike en kultuur altyd subjektief, plek-, tyd- en persoonsgebonde.

Weerskante van die gemiddelde, en myns insiens gebalanseerde, houding kry ‘n mens dat Suid-Afrikaanse immigrante in Nieu-Seeland strooipop taktiek aanneem jeens die Kiwi’s en teenoor Suid-Afrika. Daar word ‘n versameling gemaak van die negatiefste

kenmerke en swakste eienskappe (die strooipop) en dan word dit aangeval, afgeskiet en aan die brand gesteeek.

Oor die algemeen gesien is dit diegene wat hulle besluit om te emigreer uit Suid-Afrika wil regverdig, wat verval in 'n slegmaak van hulle vaderland. Om al die verlange, aanpassing, eensaamheid, stryd en verliese wat in die proses gely is (finansieel, sosiaal, kultureel, kerklik en persoonlik) te regverdig, word die Suid-Afrikaanse samelewing so donker as moontlik geskets en onthou. Misdaad en geweld word uit verhouding opgeblaas, ekonomiese realiteite word swartgallig geïnterpreteer, die regering en administrasie van die land word as totaal ineengestort en korrup voorgestel en so word temas soos onderwys, rasseverhoudinge, HIV/VIGS, werksgeleenthede en ander, van die negatiewe kant af belig. Hoe meer redes waarom Suid-Afrika nie 'n goeie land is om in te bly nie, opgestapel kan word, hoe makliker is dit om jouself te verseker dat jy die regte besluit geneem het.

Dit is hartseer omdat daar baie Kiwi's is wat gevolglik met 'n skewe, pessimistiese en donker prentjie van Suid-Afrika rondloop. Vir 'n Suid-Afrikaner is dit soms moeilik om jou vorige tuiste in hierdie karikatuuragtige beskrywings te herken.

Aan die ander kant van die spektrum is daar diegene wat Nieu Seeland en die Kiwi's van 'n kant af verkleineer en afbreek. Gebore uit nostalgie, 'n misplaaste kultuurtrots of 'n reaksie teen die besondere nasietrots en patriotisme van die Kiwi's, word alles en die manier waarop alles gedoen word uiters krities benader. "Hierdie lot weet darem nie hoe om wors te maak nie, basaar te hou nie, hulle kan darem nie bestuur nie" Uit hierdie groep se monde kom die indrukke dat Kiwi's lui is, onbetroubaar is, arrogant is en sommer net 'n moeilike tipe mens is om mee saam te werk.

Nieu-Seeland se weer en natuurskoon word vergelyk en word geplaas in 'n slegte tweede plek teenoor Suid-Afrika.

In alle billikheid moet ook genoem word dat die gemiddelde Suid-Afrikaner se vermoëns, karakter, werketiek en lewenshouding ietwat oorskat word. Groot klem word gelê op Suid-Afrika se positiewe punte en dikwels word die Afrikaner se bydrae daartoe onderstreep.

lewers tussen hierdie twee pole van of Suid-Afrika, of Nieu-Seeland af te kraak, gaan ek

nou poog om 'n paar indrukke van Nieu Seeland en haar mense te gee vanuit 'n Suid-Afrikaanse perspektief.

Nieu-Seeland is sonder twyfel 'n **eerste wêreldse** land, met 'n lewensuitkyk wat grootliks **postmodernisties** is. (Vgl 2.1.3.3 en 2.1.3.4 vir 'n opsomming van postmodernisme en die praktiese gevolge van postmodernisme in 'n samelewing.)

Dit is dus 'n land met goeie en effektiewe infrastruktuur in plek. Die sisteme wat bestaan werk goed en lewer resultate. Dit is vir die meeste van ons amusant wanneer 'n Kiwi kla omdat 'n diens stadig gelewer word, wanneer ons in Suid-Afrika nie eers so 'n diens gehad het nie.

Oor die algemeen gesien is dit 'n **relatief welvarende** land. Tog wil dit voorkom of welvaart gebalanseer word deur 'n klem op 'n sinvolle, eenvoudige lewenswyse.

The Kiwis certainly seem to live well enough. Nearly every New Zealander has a telephone, television, plenty of appliances, good plumbing, a car, excellent and inexpensive food and shelter, and easy access to a countryside of unparalleled loveliness. On an international standard, wages seem much lower than those for comparable work in the U.S. and Canada. As the *Wall Street Journal* pointed out, "It's hard to find a neighbourhood that is either blatantly rich or brutally poor." (Buckland & Warwick 2000:88)

Kapitalisme en 'n verbruikerskultuur is egter besig om in te sluip en ook 'n al groter wordende gaping tussen ryk en arm te skep.

Om die omvattende welsynsprogramme (die welsynstaat) in stand te hou is daar deur verskeie opeenvolgende regerings hoë belastings gehef.

The effect of this, critics have suggested, has been to keep everyone within narrowly defined limits of rich and poor, acting also to maintain a strict egalitarian attitude. More recently, while maintaining its commitment to social welfare, the Labour Government has ventured to loosen the once tightly controlled economy. New Zealanders now pay a lower rate of direct

taxation in exchange for a sales tax. Some international critics of New Zealand have suggested that this egalitarian system also acts to maintain a strict egalitarian attitude among its citizens - a disposition that is not at all inclined to approve eccentricity or to reward any sort of brilliance. In fact, they say, the average New Zealander is apt to be very suspicious of the oddball, particularly one who demonstrates any sort of successfully innovative approach to anything. (Buckland & Warwick 2000:89)

Vanuit Kiwi perspektief het “slim” en “oorspronklik” dikwels ‘n negatiewe ondertoon. Gou word ook na die buitengewone verwys as “flash”, in die sin van spog, vermakerig en dalk oordoer.

Hierdie sentiment is besig om te verander en daar word tydig en ontydig veel gemaak van die sogenaamde “Kiwi ingenuity”. Enige vernuftigheid en vindingrykheid word ingespan in die opbou van ‘n selftrots.

As ‘n land wat eens gesien is as ‘n buitelandse plaas van Engeland en wat nie geseënd is met baie minerale (soos Australië) nie, moet Nieu-Seeland sterk leun op menslike hulpbron-talent en dit wat die grond bied. Brittanje as ‘n groot en belangrike afsetgebied is verloor toe die land deel geword het van die Europese mark.

Die verswakkende bande (ekonomies) met Engeland en die relatief sterker bande met Amerika kan waargeneem word in ‘n subtiele skuif na ‘n verbruikerskultuur.

Die algemene Nieu-Seelander is redelik **polities korrek**. Die meeste mense is sensitief en ingelig t.o.v. heersende kwessies. Hier gaan slegs verwys word na rasseverhoudinge, geslagtelike gelykheid en omgewingsbewustheid.

Op die oppervlak is *rassisme* ‘n groot taboe.

Although the country's record on race is hardly unblemished, it is decidedly not a racist society today. In fact, it is difficult to imagine the stalwart, optimistic, fair-minded New Zealander of today as hating anything outside of poverty, war, and injustice. (Buckland & Warwick 2000:91)

Selvs ouer, meer konserwatiewe Kiwi's het 'n gematigde, akkommoderende houding en 'n afkeur in rassisme.

Tog: Stereotypical reactions still exist, and members of what is otherwise an almost classless society still manage to look down on - or perhaps away from - the Maori. (Buckland & Warwick 2000:91)

Volgens my is dit 'n baie raak beskrywing. Dit is nie 'n geval dat daar neergekyk word nie. Daar word eerder weggekyk. In sommige gesprekke sal persoonlike afkeur van sekere Maori gewoontes en gebruike genoem word.

Die "Treaty of Waitangi" word dikwels 'n politieke speelbal gemaak. Daar is oor die algemeen 'n weerstand aan die opbou in die Pakeha t.o.v. die oënskynlike voortdurende regstellende aksies en groot kompensasie wat aan Maori iwi's (stamme) uitbetaal word. Die indruk bestaan dat Maori t.o.v. voordele (soos gesondheid en opleiding) voorgetrek word. Daar is op heelwat terreine uitsonderings, of dan twee stelle riglyne: een vir Pakeha en een vir Maori. Hierdie weerstand het duidelik geword toe die opposisie 'n 'een wet vir alle Nieu-Seelanders' standpunt inneem en onmiddellik as gevolg van die standpunt, volgens meningspeilings, meer gewild was as die regerende party.

Dit gaan verder as die Maori. Immigrante oor die algemeen kom van tyd tot tyd ter sprake. Sommige politieke leiers gebruik verdagmakery teenoor immigrante as 'n veldtog hulpmiddel. Die gevoel oor die algemeen is dat dit gaan oor immigrante wat glad nie, of min, Engels magtig is nie, nie werk het nie en dan gebruik maak van welsynsvoordele. Vooroordele bestaan bv. teenoor Asiërs se motor-bestuursvermoë. Met werkloosheid op die laagste vlakke ooit vervaag die debat 'n bietjie. Die indruk dat immigrante Kiwi's se werk vat hou nie meer water nie.

Teenoor Suid-Afrika gesien is Aotearoa/Nieu-Seeland 'n land met uiters lae vlakke van rassisme. Op grondvlak is menseverhoudinge natuurlik, goed en daar is min tot geen diskriminasie nie.

Groot klem word gelê op *geslagtelike gelykheid*. Die staatshoof is 'n vrou, die meeste

hoë profiel politieke poste asook dié van hoofregter word deur vroue beklee. Die deursnee Kiwi vrou is 'n sterk figuur wat weet wat sy in die lewe wil hê en is bereid om daarvoor te werk. Beleidmakers strew na die daarstel van gelyke geleenthede en die skep van 'n ruimte wat die vrou in geen opsig beperk op grond van haar geslag, en die man bevoordeel op grond van sy geslag nie. Dus kan dit as 'n feministiese samelewing beskryf word. Hierdie feminisme sluit grootliks aan by Russell & Carey (2003) se beskrywing van postmoderne of "poststructuralist" feminisme.

Poststructuralist feminism brought a renewed emphasis on the *plurality* of women's experience as opposed to the idea that women as a group are 'unified' with an 'inherent sameness'. Reflecting the broader poststructuralist position, there is scepticism within poststructuralist feminism about the usefulness of conceiving of 'women' as a single group. These feminists challenge the established categories of sex, class, race/ethnicity, and place an emphasis on the multiplicity of meanings in regard to identity. Poststructuralist feminists have stated that there are multiple and particular ways in which all operations of power need to be destabilised in each woman's life. (Russell & Carey 2003:87)

Op die oog af wil dit lyk asof vroue in beheer is. Dit beteken natuurlik ook dat hulle die meeste verantwoordelikheid dra en blaam as dinge verkeerd gaan. Dit lyk nie asof die mans te ontsteld is oor die stand van sake nie - solank hulle genoeg ruimte gegee word om hulle manlike dinge te doen.

An Auckland mother of two disputed the contention that her husband was, ..., a dish rag. "That's rubbish!" she exclaimed. "I often let him go off and do his thing."

She prevails because she generally has more verve than the male, she is better versed in psychological struggle, she believe she has - historically - been on the losing side so she wants to win, and she is happy to make a scene to do so. Most New Zealand men would rather face certain death than be publicly disagreeable.

Moral failure is, I think, something of which New Zealand men (to their credit) have a horror. (Wilson 2004:49-50)

Vir die meeste Suid-Afrikaners (vroue en mans) is dit 'n vreemde opset. Wanneer die Suid-Afrikaanse mans met hulle Kiwi vriende daaroor praat is daar min begrip. 'n Groep mans ry na 'n 'Promise Keepers' naweek. "Ja, toe sê ek vir die manne (Kiwi's), julle moet vir 'n slag julle vrouens vasvat. En hulle het dit nie verstaan nie....." By 'n braai sê 'n ander Afrikaner: "Nee, wat, in my huis sit ek my voet neer, in jou huis sit jou vrou elke keer haar voet neer."

Selfs die Suid-Afrikaanse vroue frons oor hulle Kiwi susters se lewenshouding. Oor 'n tydperk gesien is daar tog tekens dat die nuwe samelewing vir sommige Suid-Afrikaanse vroue die ruimte skep om 'n beter magsbalans in die huis daar te stel.

Die verskil tussen die twee samelewings lei daartoe dat Suid-Afrikaanse mans gou die chauvinis etiket om die nek gehang word.

Nadat dit alles gesê is, is dit vreemd en word dit duidelik hoe sterk die invloed van die verlede op die hede is, wanneer studies toon dat hoe meer verander, hoe meer bly dinge dieselfde, veral wat die rolverdelings in die huis betref. (Bell 2001:52-67) Hoewel dit baie verbeter het kry vroue steeds nie dieselfde salarisse as mans nie. Mans ervaar druk, groepsdruk en werkgewersdruk, wanneer hulle tyd by die werk wil afvat om verantwoordelikhede by die huis met sy vrou te deel, bv. om die beurt by 'n siek kind tuis te bly. Huiswerk (huishouding behartig) en kinders grootmaak word steeds gesien as natuurlike (daarvoor gebore) en wenslike verantwoordelikhede van die vrou, ongeag die feit dat dit 'n dubbel-inkomste huishouding mag wees en die vrou dalk meer ure in die formele arbeidsektor bestee. In die meeste gevalle sal mans betrokke raak op eie terme en voorwaardes wat bepaal word deur eie behoeftes en nie die behoefte van die gesin nie. Ruth Habgood som op: "Everyday life in New Zealand households and elsewhere is likely to remain unequal for some time yet." (Bell 2001:67)

Uiteindelik is daar dus nie so groot verskil tussen die Suid-Afrikaanse en die Kiwi benadering tot geslagtelike gelykheid nie. Die verskil lê dalk daarin dat die Suid-Afrikaanse vrou voel sy moet die verantwoordelikheid dra om 'n goeie vrou te wees terwyl die Kiwi eweknie besluit het om die verantwoordelikheid te dra sodat dinge vlot. In

beide gevalle is die lewe vir die mans redelik gemaklik.

Nieu-Seeland en sy mense is albei baie *groen*.

Die landskap is pragtig en feitlik reg deur die jaar groen. Die mense en die regering is baie omgewingsbewus. Weens die eilande se relatiewe lang isolasie voordat mense, vreemde diere en plante aan wal gekom het, is dit 'n sensitiewe ekosisteem. Nieu-Seeland het gevolglik een van die beste biologiese “grensbeheer” sisteme in plek. Daar word geen moeite en onkoste ontsien om te voorkom dat vreemde spesies die land binnekom en die ekosisteem versteur nie. Dieselfde toewyding word gesien wanneer daar wel 'n vreemde spesie ingekom het en uitgeroei moet word. Sommige foute van die verlede kan nie so maklik reggestel word nie en so is die ingevoerde wesel besig om die kiwi (voël) tot op die rand van uitwissing te bring.

Daar is voortdurende monitering om vreemde, skadelike spesies in die natuur op te spoor.

Die verbod op vasmeer van enige vaartuig wat radio-aktiewe stowwe vervoer of daardeur aangedryf word staan steeds. As gevolg daarvan is handelsverhoudinge met Amerika wankelrig. Australië het onlangs 'n gunstige handelsverdrag met Amerika gesluit, wat nie vir Nieu-Seeland aangebied is nie. Met die vooruitsig dat alternatiewe bronne van energie gevind sal moet word is die kernkrag debat altyd lewendig.

'n Tyd gelede het die regering 'n “fart tax” (soos dit bekend begin staan het) oorweeg. Vee sou dan per kop per jaar belas word vir alle gasse vrygestel. In Nieu-Seeland met meer as 40 miljoen skape en heelwat beeste, takbokke ens. is diere die grootste vrystellers van gasse wat skadelik is vir die osoonlaag. Hierdie “wind laat” belasting sou dan gebruik word vir navorsing om die uitlaat van die gasse na te vors en te probeer verminder. Na hewige protes (o.a. het 'n minister met 'n trekker teen die trappe van die parlamentsgebou opgery) is die wetgewing laat vaar en is besluit om alternatiewe befondsing vir die navorsing te soek.

Die mate waartoe die publiek saamwerk om die omgewing te bewaar is besonders. Vrywilligers neem deel aan skoonmaakveldtogte, duin bewaringsprojekte, uitroei van

indringerplante en die herbeplanting van Mount Maunganui na 'n verwoestende brand en so kan die lys aangaan.

In Nieu-Seeland voel 'n mens **veilig** en is minder paranoïes ten opsigte van mense om jou en besighede waarmee besigheid gedoen word. Mense vertrou mekaar en tree met groter integriteit op.

In Brokkies (weeklikse e-nuusbrief van die Afrikaanse Klub van Nieu-Seeland) uitgawe van 23/9/2004, staan: (Net ingeval jy al begin twyfel het waarom jy die groot tree oor die breë see na Nieu-Seeland gegee het.....) Ons hoor toe mos gister op die nuus dat die een of ander verslag aangetoon het dat Nieu-Seeland die derde minste korrupsie ter wêreld het. Verder is die werkloosheidsyfer die laagste wat dit in sestien jaar was en misdaad het die laagste vlakke in twintig jaar bereik. Nou ja toe..... Hoe's daai vir kwaai statistiek! En heel gerusstellend, sou mens kon sê!

Die samelewing is nog nie gedesensiteer t.o.v. geweld en misdaad nie. Die meeste geweld haal die koerante en die nuus. Die vlak van geweld wat tydens misdaad gebruik word is ook laer as waaraan ons gewoond was. Gewapende roof word met skroewedraaier en messe uitgevoer. Wanneer 'n vuurwapen betrokke is reageer almal met afgryse.

'n Paar praktiese voorbeelde: Tjekboeke en kredietkaarte word met gewone pos gestuur. Goedere wat defektief is of binne waarborg breek word sonder enige vrae teruggeneem - in sommige gevalle selfs sonder dat 'n strokie getoon kan word as bewys van aankoop en aankoopdatum. Selfone het nie geheime kodes wat ingesleutel moet word voordat die instrument gebruik kan word nie - as 'n selfoon aangeskakel word, is dit gereed om gebruik te word. Woonhuise het nie diefwerings en hoë ge-elektrofiseerde heinings nie - houtheinings is vir privaatheid en nie veiligheid nie. "Honesty boxes" word gebruik by onbemande plaasstalletjies langs die pad. Jy kies wat jy wil koop, gooi die geld in 'n boksie en ry.

In Papamoa (die dorp waar ons bly), soos in baie ander dorpe, maak die polisiestatie 17:00 toe. By die gebou is 'n kommunikasiestelsel wat jou in kontak kan bring met die hoofstasie in Tauranga of iemand op bystand. Die Polisie is nie 'n gewapende mag nie.

En so kan die lys nog baie langer gemaak word.

Die Kiwi's verstaan nie die konteks waaruit die Suid-Afrikaners hier aankom nie. Ook gebeur dit dat ons instelling 'n struikelblok in verhoudinge word. In November 2003 skryf ek in my dagboek t.o.v. ons huisbou aksie: *Ek besef dat my (Suid-Afrikaanse?) agterdog en amper verwag dat elke tweede ou ons iewers gaan wil inloop die werksverhouding met Mike negatief beïnvloed.*

Dit is 'n land en 'n gemeenskap wat besonder gefokus is op **kinders**.

Baie tyd, energie en geld word in opvoeding bestee. Uitkomsgebaseerde onderrig word baie suksesvol toegepas aangesien die hulpbronne en onderwysersopleiding baie goed gedoen word. Skool is gratis. Sommige skole vra 'n donasie van ongeveer NZ\$40 per jaar.

Die gemeenskap reël pret dae vir kinders wat meestal gratis is. Daar is altyd 'n goeie balans tussen gratis aktiwiteite en aktiwiteite wat geld kos. Oor die algemeen gesien is daar niemand wat groot finansiële gewin uit 'n pret dag kry nie. Dit is vir die pret van die kinders.

Openbare plekke soos banke, winkels, lughawens, ens het dikwels kindervriendelike ruimtes met speelgoed ens.

In die skole en in die samelewing word kinders met respek behandel. Daar word meestal na kinders verwys as "little people" en nie as "children" nie. Daar heers 'n filosofie wat aan die ander kant van die spektrum staan van die 'kinders moet gesien en nie gehoor word' benadering. Dit bied vir kinders ruimte om te ontdek, te bevraagteken, 'n identiteit te ontwikkel. Oor die algemeen gesien word daar baie meer keuses aan die kinders oorgelaat. Wanneer die kind 'n keuse uitoefen word die keuse gerespekteer. Dit vra baie meer geduld en ander insette van ouers en onderwysers wanneer die keuse verkeerd is, aangesien die gevolge van die keuse toegelaat word om te ontwikkel terwyl die kind steeds ondersteun en begelei word.

Hierdie ander benadering tot kinders vra verandering in die meeste Suid-Afrikaners se

houding. My Suid-Afrikaanse medenavorsers het dit so verwoord:

As die kinders by die skool is en hulle bevraagteken alles en hulle het die reg om dit te doen en daar is nie werklike..... bestuur of hiërargiese vorm nie, hulle is maar deel van alles en hulle kom by die huis en jy het nog jou militêre benadering van: sit en luister en praat en spring as ek sê spring. Dan gaan dit mos die kind ontsettend verwar en hy gaan rebelleer. En ek dink mens moet..... ons het dit redelik vroeg besef maar, veral met Adriaan¹ saam, hy het nogal vinnig verander verlede jaar, jy kan nie op die Afrikaanse rigiede manier voortgaan nie. Want dit werk nie meer vir hom nie. Hy weet hy mag vrae vra en dit is vir hom lekker om vrae te vra. Maar die negatiewe daarvan het wat ek later in die jaar oor 'n klein dingetjie besef het is: omdat daar nie 'n oom en 'n tannie is of 'n meneer en 'n juffrou is nie, het hulle skielik, en pa is 'n Afrikaanse woord, het hulle skielik my glad nie meer aangespreek nie. En op 'n dag toe sê ek wag, wag, dis nou 'n foutjie daai. En toe praat ek met die seuns daaroor en hulle het gou weer dit opgevang en my begin aanspreek. Dit was nie net "jy" of "jou" of net hy praat met iemand nie. En nou nog, mens moet maar gereeld daai outoriteit, dis die woord wat ek soek. Outoriteit, hulle het nie outoriteitsfigure in hulle skool nie. Hulle is almal, dis 'n ouer man maar hy't nie status nie.... (J: respek en gesag is nie noodwendig.....) Glad nie, glad nie! En om dit net daar deur te bring, maar wag so bietjie, ek is nog steeds bestuurder van hierdie huis en ek is nog steeds jou pa en ek wil so aangespreek word. Wat ek nie in Suid-Afrika sou hoef te gesê het vir hom nie, want hy, sou maar deel van hom gewees het..... So, dis 'n groot verandering.

En choices, hulle was verlede jaar vreeslik met die choices. Jy mag jou keuse maak. As jy verkeerd is, is jy verkeerd, maar dan moet jy die konsekwensies dra daarvan, jy moet die gevolge dra. Maar as jy die regte keuse gedoen het, dan gaan jy aan. So, dit het nogals 'n gawe nuwe lig gebring, maar dit maak dit bietjie 'n uitputtende storie want ek meen die tyd wil jy hom so help, help en sê los die verkeerde keuse want jy weet dit gaan in elk geval flop.... maar nou ja.... In Suid-Afrika was dit nooit so nie, hulle....jy het sommer net gesê daar is 'n verkeerde keuse, hou verby en gaan net aan. Die hoofde was ook so van die skool en dit het gewerk. Maar..... ek hou nogals van die nuwe benadering.

'n Redelik algemene gewaarwording vir Suid-Afrikaners is dat dit 'n samelewing is wat baie **minder klasbewus** is. Nieu-Seeland word dan ook dikwels bekend gestel en

¹Alle name is verander ter wille van vertroulikheid.

geskets as 'n klaslose samelewing. (Buckland & Warwick 2000:91)

Sekere soort werk word nie gereserveer en grootliks gevul deur persone uit 'n sekere sosio-ekonomiese groep, ras of kultuur nie. Die persoon wat die praktyk (waar my vrou werk) skoonmaak, is 'n man wat met 'n 4X4 voertuig daar aankom, toilette skoonmaak, matte suig ens. Woongebiede is meer sosio-ekonomies divers. Titels is as reël nie belangrik nie en almal word op die voornaam aangespreek.

Die klassifisering vrae: Wat doen jy? Waar bly jy? kom heelwat later in gesprekke. Wat ry jy? word nooit gevra nie. Dit lyk of daar eers 'n belangstelling in die persoon is voordat 'n klas etiket om die nek gehang word.

Chris Wilkes (Spoonley et al. 1994:66-80) meen dat die klasloosheid in Nieu Seeland 'n mite is. In die 19de eeu stig Wakefield die New Zealand Company. Sy uitgangspunt was dat grond se prys op 'n kritiese punt vasgestel moet word. Nuwe immigrante moet voel dit is binne hulle bereik om grond te besit sodat hulle gemotiveer sal word om hard te werk en te spaar om grond te kan koop. Die jare wat hulle spaar bied hulle goeie arbeid ter ontwikkeling van die nedersetting. Wanneer die grond verkoop word aan die nuwe immigrante is daar weer geld om nuwe immigrante oor te bring.

Vroeë Pakeha Nieu-Seeland was 'n ongestruktureerde en informele plek. Die rigiede sosiale strukture van Europa is nie oorgeplant nie. Dit was 'n oper nuwe gemeenskap. "Old patterns of deference between those in the lower and upper orders of society seemed to disappear. 'Jack is as good as his Master' and 'Jill as good as her Mistress' were slogans of the day" (Spoonley et al. 1994:70)

New Zealand was *planned* to be unequal, but at the same time, because of the fluid nature of nineteenth century society, it offered newcomers, used to being at the bottom of the ladder, a chance to escape. Even if the new society was unequal, the new settlers expected to be on top, not on the bottom. (Spoonley et al. 1994:72)

In vergelyking met Brittanje se rigiede klassesistiem was Nieu-Seeland 'n baie vloeibare samelewing.

Na die Tweede Wêreldoorlog ontstaan die middelklas - in bestuursposisies, die bankwese en ander moderne dienste. Die 'Labour Government' van die 1980's volg 'n

markgerigte beleid en Eerste Minister David Lange vier ongelykheid as die dryfkrag van die samelewing.

Ongelykheid en klasse is dus 'n realiteit. Tog voel dit steeds of 'n mens in 'n oper samelewing beweeg waar meer klem gelê word op die persoon as sy/haar besittings.

Heelwat Suid-Afrikaners meld die **konflik en konfrontasie skuheid** van die Kiwi. Wanneer 'n standpunt in 'n vergadering bloot met oortuiging gestel word is daar byna 'n terugdeinsing deur die Kiwi. Agterna word opgemerk dat die persoon darem besonder sterk gevoel het en redelik aggressief was oor die saak.

Daar sal redelik moeite gedoen word om konflik te vermy. Wanneer ontevredenheid ontstaan word dit so gou as moontlik hanteer en gepoog om rustigheid te herstel. Mense om jou word in ag geneem.

Dit lei waarskynlik ook daartoe dat dit 'n baie **akkommoderende** gemeenskap is. Daar is oor die algemeen 'n positiewe houding jeens Suid-Afrikaners. Jy word verwelkom en daar word uitgesien na die kundigheid en talente wat jy saam met jou bring. Nooit het iemand ons onwelkom laat voel, of soos die vreemdeling nie. Vinnig word gevra hoe die land erbaar word. Daar is 'n verligte opgewondenheid as die antwoord gunstig is. 'n Opvolg vraag is dan altyd: "Gaan julle bly?"

'n Verstommende persentasie Kiwi's maak geen onderskeid tussen Afrika en Suid-Afrika nie. Gevolglik word daar simpatie uitgespreek wanneer dinge in Zimbabwe skeef loop: Ons is jammer dit gaan so sleg daar by julle.

Baie Kiwi's sal graag Suid-Afrika wil sien en gaan beleef as deel van hulle groot "OE" ("overseas experience" - 'n draai wat meeste jong Kiwi's op 'n stadium deur die wêreld maak), maar word totaal afgeskrik deur hulle beeld van misdaad en geweld in Suid-Afrika. Aan die een kant is dit Suid-Afrikaners se skuld - wat die situasie donkerder skets - aan die ander kant is dit hierdie verwarring met die res van Afrika.

Die oorgrote meerderheid mense is vriendelik en behulpsaam. Almal is baie geduldig om sinne te herhaal wanneer die Kiwi-aksent 'n Afrikaanse oor laat ontspoor en die betekenis verlore gaan. Met begrip word jy ingelei in nuwe sisteme en gebruike - die EFTPOS betaalstelsel met jou bankkaart byvoorbeeld.

Dit is 'n gemeenskap wat **sosiaal sensitief** is. Hulle word gou aangegryp deur menslike lyding en doen dan iets daadwerklik om te help. Daar is 'n eerlikheid en respek vir ander se eiendom. As jy 'n item iewers vergeet of verloor het, is die kans redelik goed dat jy dit daar sal kry. 'n Mooi keps lê vir weke langs die sypaadjie waar dit van iemand se kop afgeval het.

'n Mens kry soms die gevoel dat dit 'n oorgereguleerde samelewing is - daar is redelik baie reëls en regulasies. Veral t.o.v. veiligheid oor die algemeen en ook beroepsveiligheid. Maar daar die oorgrote meerderheid mense gee hulle samewerking. Almal in die voertuig sit hulle veiligheidsgordels aan, kinders tot op vyfjarige ouderdom sit in veiligheidstoeljies, voertuie ouer as vyf jaar moet elke ses maande basies deur die toets gesit word, 'n WOF ("Warrant of fitness") kry, ens.

Dit lei daartoe dat die gemiddelde Kiwi baie gou, op 'n ordentlike manier, kla indien iets nie na sin is nie.

Wanneer van die stede wegbeweeg word veral, is die atmosfeer "**laid back**", ontspanne en oënskynlik verwyder van die rotresies. Dit hou verband met die wetgewing vir ouderdomspensioen en die welsynstaat.

...helping shape a piece of the New Zealand character - one that absolutely refuses to worry unduly about the future. (Buckland & Warwick 2000:108)

'n Dame by die supermark se kasregister kla: Ons werksomstandighede was altyd rustig en "laid back", maar dit het verander nou dat ons meer soos Amerika word.

Kleredrag is oor die algemeen eenvoudig, basies en prakties. Kiwi's kom ook met minder klere oor die weg. "Ek kan nie eers al my mooi klere, wat ek van Suid-Afrika af saambring het, aantrek nie, anders skimp die Kiwi's ek probeer 'flash' wees."

Dit is 'n **gemeenskapsgerigte** samelewing. Daar is heelwat groepe en organisasies waarby 'n mens kan aansluit - 'rock-'n-roll' klub, tuinbouklub, fotografie, sportklubs,

stapklubs, kaartklubs, drama en ondersteuningsverenigings bv vir Alzheimers, beroerte, depressie, “multiple births” ens.

Vrywilligers is relatief maklik om te kry en is betrokke by welsynsorganisasies, fondsinsameling vir kanker, artritis ens., omgewingsbewaring en so meer. Nieu-Seeland se eerste “Time Use Survey” het getoon dat Nieu-Seelanders gemiddeld 1.7 uur per week onbetaalde werk buite die huis doen. (Community Development Unit 2003:33) Daar is baie televisie en radio-advertensies wat ‘n gesonde lewensstyl aanmoedig - gesonde kos, gereelde oefening, verstaan en aanvaarding van mense met psigopatologie, deelname aan skoolraadverkiesings en ander sake wat ‘n gesonde, gelukkige gemeenskap bevorder.

Nieu-Seelanders het ‘n besondere **trots en patriotisme**. Dit lei tot ‘n redelike kompeterende houding teenoor Australië (wat blyk uit heelwat grappies oor die Aussies) en ‘n afsku van die idee dat Nieu-Seeland Australië se kleinboet is.

Of dit ‘n Kiwi is wat na ‘n bomontploffing in Irak iemand help en of dit ‘n sportprestasie is, of wat se prestasie ook al behaal is of goeie ding wat gedoen is, dit word op TV en die koerante uitgelig, gevier en erkenning voor gegee.

Wat **geloof en kerk** aan betref is Nieu-Seeland ook binne die postmoderne paradigma. In ‘n opname wat gedurende 1974-75 gedoen is word godsdiens onder “Leisure and recreation” gekategoriseer en as die 21ste gewildste ontspanningsaktiwiteit aangewys. (Spoonley et al. 1994:253-269) Hoewel die amptelike statistiek redelik lyk: Anglikaans 17,5 %, Rooms Katoliek 13%, Presbiteriaans 13%, ander Christelik 17%, ander 2.5% en onafhanklikes 37% (Sandall & Marlborough 2002:115), voer die kerk ‘n opdraande stryd. Gemeentes is klein (tussen 40 en 120 volwasse lidmate) en oud. Hoewel die charismatiese gemeentes meer jong gesinne trek is hulle getalle ook nie besonder groot nie.

‘n Interessante ekumeniese verskynsel is die bestaan van heelwat “Co-operating Ventures” (gemeentes wat gesamentlik Anglikaans, Metodis en Presbiteriaans is). Die kerklike rompslomp word erg met drie “moederkerke” wanneer ‘n gemeente moet beroep, maar oor die algemeen is dit sprekend van die ekumeniese samewerking.

Dit is 'n vreemde ervaring om tussen so baie 'goeie' mense te beweeg, mense wat oënskynlik die meeste 'christelike' waardes aanvaar en uitleef en tog nie glo nie, nie 'n verhouding met God het of begeer nie. Tog het ouers wat nooit eredienste bywoon of aan 'n gemeente gekoppel is nie, geen probleem om kinders Vrydagaande by die kerk-jeugaksie af te laai nie.

4.1.2 Hawera

Hawera is 'n plattelandse dorp wat aan die weskus van die Noord-eiland, suid suid-oos van Mount Taranaki, geleë is. Dis hier waar my medenavorsers, die Vermaaks, hulle vestig.

Inligting oor Hawera is verkry uit 'n omvattende en deeglik nagevorste omgewingontwikkelingsplan, wat deur die "Community Development Unit" van die "South Taranaki District Council" opgestel en in Mei 2003 vrygestel is.

Hawera is named after an old Maori village, which was located two kilometres south of the town, near the Kiwi Dairy Factory. Warriors from Okahu-iti, a pa near Normanby, used fire as their main weapon to attack the village, rasing it to the ground. Only the blackened ruins remained and the area became known as Te Hawera, "the burnt place" or "breath of fire". (Community Development Unit 2003:7)

Daar is 'n 6% afname in Hawera en omgewing se populasie oor die afgelope 10 jaar en staan tans op 12 132 mense met 'n etniese samestelling van 78% Pakeha, 16% Maori en dan 'n paar ander kleiner groepe.

Gesinne met twee ouers het die afgelope tien jaar redelik drasties afgeneem (met 24%) terwyl enkelouer gesinne met 6.5% gedaal het. Huishoudings sonder kinders wat net uit 'n paar (egpaar of saamwoon) bestaan het met 16%, en wat uit 'n enkel persoon bestaan het met 24% toegeneem.

Daar is meer as 'n 150 klubs, organisasies, sport en ontspanning-, ondersteuning- en gesondheid-groepe waarby inwoners kan inskakel.

The survey showed that around 60% of people involved in community groups are male, and 25% are over 60 years old, again reflecting the increasing number of over 60's and decline in youth numbers. (Community Development Unit 2003:14)

Die dorp het goeie en 'n redelike verskeidenheid sport en kultuur (museums, radiostasie, fliks, koerante en selfs 'n 'Elvis Presley Memorial Room') fasiliteite. Die Hawera biblioteek het 7 651 geregistreeerde gebruikers van hulle 37 917 boeke en vele ander items. Behuising vir bejaardes en versorgingsoorde is voldoende.

Daar word moeite gedoen om parke en ander opelug areas so in stand te hou en in te rig dat mense aangemoedig word om dit te benut.

Die 1996 sensus het getoon dat 42.7% van die inwoners onbetaalde werk buite die huis doen, met ander woorde vrywilliger werk. Dit is nogal noemenswaardig wanneer dit saam met die bevinding dat Nieu-Seelanders gemiddeld 1.7 uur per week vrywillige werk doen, gelees word.

Daar is goeie voorsiening t.o.v. mediese dienste. Daar is 10 algemene praktisyns, 'n spesialis kliniek met fisioterapeut, vyf ortopediese chirurge wat daagliks beskikbaar is, 'n O.N.K. spesialis en 'n ginekoloog wat maandeliks kom. Daar is sewe tandartse.

Die Hawera hospitaal word deur die "Taranaki District Health Board" gefinansier. Sedert 1991 is pogings om mediese dienste af te skaal hewig deur die gemeenskap teengestaan. Dit lei daartoe dat die minister van gesondheid vroeg in 2000 toestemming gee dat die hospitaal uitgebrei kan word. Bedanking van sleutelpersoneel verdraag egter die proses. In Maart 2002 is die nuwe NZ\$ 7 miljoen hospitaal in gebruik geneem en meer dokters is aangestel. Die hospitaal se 22 beddens het 'n 70% besetting en die 70 personeellede hanteer akute mediese pasiënte en primêre kraamgevalle. In 2001 is 775 binne-pasiënte en 12 996 ongevalle-pasiënte hanteer.

Die Polisiestasie se 31 voltydse en 5 deeltydse personeelle dien die publiek op 'n 24/7 basis. Daar is 'n afwaartse neiging in misdaadsyfers. Die ouderdomsgroep 10-19 jaar is verantwoordelik vir 48% van misdaad. Die totale alkohol verbod (t.o.v. die gebruik of in besit wees van enige alkohol in 'n publieke area) vir die sentrale sakegebied ("CBD" - middedorp) wat in Desember 2002 ingestel is vir Vrydag en Saterdag aande van 17:00 tot 06:00 het 'n positiewe effek gehad. Daar is ook verskeie gemeenskapsaksies wat die polisie bystaan en ondersteun. Die open van 'n 'Huis van veiligheid' is vir Julie 2003 in die vooruitsig gestel.

Die brandweer bestaan uit 25 vrywilligers wat deur 'n "Fire Safety Officer" en 'n "Volunteer Support Officer" georganiseer word.

Die 13 plekke waar daar na voorskoolse (0-4) kinders gekyk word is redelik vol. Daar word verwag dat druk op hierdie fasiliteite sal afneem indien die getal jong kinders in die omgewing bly daal soos wat tans die geval is. Die studentegetalle van die 12 laerskole ("primary schools") wissel tussen 21 en 342. Hawera Intermediate (graad 6 en 7) het 420 studente. Hawera High School se 48 voltydse en 6 deeltydse personeel bied 'n groot verskeidenheid vakke en geleenthede aan die ongeveer 900 studente. Meeste jongmense verlaat die dorp vir hulle tersiêre opleiding. Die dorp bied wel vier instansies waar 'n verskeidenheid naskoolse kursusse aangebied word.

Landbou is die ruggraat van die "South Taranaki District" se ekonomie.

Hawera is home to the largest single-site, milk-processing plant in the southern hemisphere and despite the recent relocation of NZMP management staff to major centres and the general love/hate relationship with our major industry, the overall benefits are huge. (Community Development Unit 2003:63)

Enige veranderings (uitbreidings of afskaling) by die melkverwerkingsaanleg het 'n effek op die dorp.

Die petro-chemiese bedryf, vleisverwerkingsaanleg, aspersies (in lente) en ander bedrywe maak van seisoenale of fluktuerende arbeid gebruik. Dit lei daartoe dat die

arbeidsmark effe onstabiel is.

With 2 247 people, or 42% of the positions in Hawera/Tangahoe, in the manufacturing industry, the support of technological growth and innovative developments, which are not affected by seasonal fluctuations, is important to maintain a stable economy. (Community Development Unit 2003:64)

Daar is tans 'n tekort aan gekwalifiseerde ("skilled") werkers.

Die inkomsteverspreiding van die inwoners is as volg: 49% verdien tussen NZ\$ 0 en NZ\$ 20 000, 29% verdien tussen NZ\$ 20 000 en NZ\$ 40 000, 15% verdien tussen NZ\$ 40 000 en NZ\$ 70 000 en 7% verdien meer as NZ\$ 70 000 per jaar.

Hawera is 'n dorp met mense wat vir mekaar omgee en 'n baie goeie plek om kinders in groot te maak. Tydens my medenavorsers se verhuising, van 'n huurhuis na hul eie huis, was hulle oorbluf deur die mense se hulpvaardigheid en betrokkenheid.

Een of twee keer per jaar, na advertensie deur die dorpsraad, sit almal items wat hulle nie meer wil gebruik nie en ontslae van wil raak op die sypaadjie. Vir 'n dag of twee kan jy dan rondry en gratis oplaai wat jy graag wil hê. Na die twee dae verwyder die dorpsraad dan alles wat nog op die sypaadjies agterbly.

4.1.3 Die Vermaak Gesin

Baie agtergrondinligting kom uit die gesin se verhaal (4.2) na vore. Hier word daar meer vertel van hulle gesinne van oorsprong. Alet (38) se ouers bly in die Strand. Sy is die tweede oudste van vier dogters. Die volgende twee is 'n tweeling. Sy het 'n baie goeie verhouding met haar ma en 'n uitsonderlik goeie verhouding met haar pa. Haar verhouding met haar sibbe is goed en ook met hulle eggenote.

Alet staan ook in 'n sterk verhouding met Wessel se ma.

Alet het haar loopbaan as onderwyseres op ys geplaas om die kinders groot te maak. Noudat Janet (hulle jongste) skool toe is, is sy in die proses om weer terug te keer na

haar onderwysloopbaan.

Wessel (41) het 'n ouer broer gehad (wat oorlede is), het 'n broer jonger as hy, wat binne-kort trou, en 'n suster. Wessel se verhouding met sy ma is uitsonderlik goed. Sy pa is oorlede toe hy nog baie klein was. Sy stiefpa is ook in 1984 oorlede.

Wessel handhaaf baie goeie verhoudinge met sy sibbe. Wessel werk in Hawera hospitaal se A&E ("accident and emergency") afdeling as 'n mediese beampte en het ook 'n bestuursrol daar.

Die drie kinders (Adriaan -13, Deon - 10 en Janet - 5) het die voorreg gesmaak van belangstelling, liefde en baie kontak met al drie hulle grootouers. Die verhoudinge is baie goed.

Aangesien geloof en die kerk so 'n belangrike rol in my medenavorsers se verhale speel het ek die pastoor gevra om 'n kort bekendstelling van die gemeente vir my te stuur asook sy indrukke van die Vermaak gesin se inskakeling by die gemeente.

Hy skryf: *Our Mission statement is - to Honour God in all that we do, to bring people of our community to Christ and to Grow spiritually through the work of the Holy Spirit.*

We do this by helping everyone to see their role in the great commission.

God calls and equips each person to Share their faith in Christ, teach or mentor others and bring them into the family of God through Baptism.

The Baptist church in Hawera began in 1923 and the building we worship in was built in 1926. The church had a very good bible class ministry in the 50s and 60s. It had a strong music ministry involving a lot of the younger youth group age people in the 80s.

In the 90s the church was stable but not overly effective in any particular area of ministry, one area was the craft group which saw people come to faith and they had good numbers attending, the 80 and 90s also saw some great young people grow in their faith and move on to other ministries outside of Hawera, but there was a slow gradual decline in numbers and finances. Since the year 2000, the church has slowly built up again, with an emphasis on creating a place for young families. Our life stage as

Pastor, with having a young family, reflects this trend.

Financially the church is healthy, there is high expectation for the future, people say they enjoy the family atmosphere, the worship, the preaching and feel they are being equipped to share their faith with others. We have worked hard at developing a small group ministry and we see this as a vital way for people to grow and be cared for.

We want to start looking outside of the church next year and see what ministries and mission opportunities will develop over the next 5 years.

Currently we have about 45 adults and about 40 children.

We see children's and youth ministry as a fundamental building block in our mission and ministry plan for the foreseeable future. God has also given to us a number of people with skills and training in this area.

Wessel, Alet and children have all transitioned very well into the church. I have spent quite a bit of time getting to know Wessel in particular.

I would say amongst many things his main gift is mercy, he has a compassion for people and I see this as a strength that both he and Alet have. I am not surprised they have settled like they have into a different church culture as well as a new language and culture. It was interesting to journey with them when they first came because they had never worshipped in English before, no doubt Wessel would have shared this experience with you. Alet has a gentle Spirit about her that I'm sure God will use in many different ways, she has a willingness to get involved and help where ever needed, she has also indicated that she wants to be more involved in children's church, and they both lead a small home group.

I think the decision they made to come and have the right attitude to learn and be open to God's guidance shows why they have assimilated so well. I have no doubt that the longer they stay the more God is going to use them in ministry within and outside of the church.

It is my prayer that as they grow in confidence not only in themselves but in the Lord

they will be a real blessing to many others both who are here now and those who will come to us in the future.

I think the thing about the South African people in general that has made the biggest impact on me is the obvious respect they have for the position I hold in the church. They recognise and respect the calling that God has placed on my life and they show it in many different ways. I find generally in New Zealand culture that the mantle of leadership and responsibility that one has in God's church is not often acknowledged or recognised. I would want to add that I am not saying that I should be put on a pedestal. I think it helps when there is a genuine respect for the role I play in people's lives.

4.1.4 Die navorser se Konteks

Die navorser se konteks moet ook in ag geneem word. Dit het 'n invloed op die navorser se benadering sowel as op sy interpretasie. Hier volg dus 'n opsomming van die navorser en sy gesin se verhaal in aansluiting by die begin van die verhaal wat in hoofstuk 1 ter sprake gekom het. Kursief gedrukte gedeeltes kom uit dagboeksoortige aantekeninge wat ek en Anél gemaak het.

'n Mens kan jou nooit voorberei op die prosesse waardeur 'n oorsese verhuising jou en jou gesin laat gaan nie.

Die emosionele mallemeule rit het maande voordat ons die 6de April 2003 in Auckland geland het, begin. Dit was baie moeilik om die nuus aan ons ma's en later aan die families oor te dra.

Ek skryf in my dagboek: *In¹ beide my en Anél se ma se geval was dit erg. Dit het gelyk asof hulle 'n doodstyding ontvang het. Stomgeslaan. Dan 'n vinnige poging om te ondersteun. Ondersteuning teen hulle grein, ter wille van ons, gebore uit hulle liefde vir ons.*

In die tyd wat gevolg het op die bekendmaking ervaar ek baie verskillende emosies by ons moeders. Hulle het beide heen en weer geval tussen hartseer, verbaasdheid, ontkenning, woede,

¹Kursief gedrukte gedeeltes is aanhalings uit my en Anél se dagboeksoortige aantekeninge

desperaatheid en aanvaarding en aanmoediging. Later selfs 'n sweempie trots - dat hulle kinders oorsee gaan bly. Al die emosies getemper deur hulle liefde vir ons. Die groot seer, vir hulle en vir ons, is die besef dat hulle nie meer so 'n groot, wonderlike rol in die kinders se lewens sal kan speel nie. Soms haat ek myself dat ons dit aan hulle doen!

Die vertel van die nuus maak die besluit 'n realiteit. *Ek sal baie, ongelooflik baie, moet prysgee. Is dit die moeite werd? Doen ons regtig die regte ding? My emosies ry onbeheerd wipplank. Ek laat mense in die steek - ek is moeg vir konflik, konflik oplos, voldoen aan soveel verskillende verwagtinge van die gemeente. Die Here het my geroep om in Zeerust 'n verskil te kom maak - ek het my verskil gemaak, ek het my insette gelewer, roeping is tog dinamies. Ek is lief vir die mense, die dorp - die strate is vuil, as gemeentedele trek doen baie nie eers die moeite om met 'n oproep te groet nie. Hoekom moet ek bly ter wille van ander. Daar is twee mense (en na sewe jaar is dit meer as net gemeentedele) wat terminaal is. Sal ek die pad enduit met hulle kan loop? Wat van die drome om die dogters te trou wie se pa ek ses jaar gelede begrawe het, wie ek leer bestuur het, wat na my toe kom as iets pla?*

Die vertel vir die gemeente en vriende is uitputtend. Dit is soos om 'n klomp doodstydings per dag te bring en die emosionele reaksies daarna te moet hanteer. Toe begin die tyd van afskeid. *Hierdie periode was baie sleg en baie lekker gewees. Mense het waardering verwoord wat dit nooit gedoen het nie. Daar is baie dinge gesê wat my laat goed voel het, laat dankbaar voel het. Daar word afskeide gehou dat dit later 'n inspanning word.dit was soos om begrawe te word voor jy dood is: lofbesing en baie gepraat En die vrees: sal ons ooit weer so 'n plek in mense se lewens kan vul / wil ons ooit weer so 'n plek in iemand se lewe vul? Maar die mens bly 'n wese wat gedy op positiewe terugvoer, en om te bestaan is om ander se lewe aan te raak. Ons sal die NZ leer ken soos die Zeerusters, en ons sal mekaar se lewe ook verryk: al is dit nie op dieselfde vlak nie.*

Ons word baie bewus van al die verliese wat ons gaan ly. Vriende, bekendheid, ondersteuningsisteme, troeteldiere, meubels (alles kan nie saam nie - *Ek neem swaar afskeid van die groot lessenaar wat my ma namens my aangekoop het op 'n vendusie - jare voor ek 'n beroep gehad het.*), taal, kultuur, status en nog vele meer.

Met die vertrek uit Zeerust voel dit amper soos wanneer iemand na 'n lang terminale fase oorlede is - ons ervaar 'n verligting. Op pad Pretoria toe stop ons in Rustenburg en

doen ek vir oulaas hospitaalbesoek by tannie Caro, sy is baie siek. Ons huil saam want ons weet dit is ons laaste groet.

Die twee weke groettyd by die familie is besonders en mooi herinneringe ontstaan so. En dan breek die groot groet op die lughawe aan. *Die groet is erg. Ek raak halfpaniekerig en groet so gou moontlik almal. Anél en die kinders stert agter my aan. Ons bly terugkyk, hulle bly waai - almal se oë glinster vol tranes. Die kinders is onseker en huil met hulle lyfies styf teen ons vasgedruk. Daar word oulaas foto's van ons geneem terwyl ons deur beweeg. Ek kry 'n gevoel van verwese eensaamheid. Is ons nou losgebreek van die bekende waar ons hoort en wat vir ons veiligheid en sekuriteit gebied het.*

Half verstrooid deur al die doeane en sekuriteitspunte geskarrel kom ons op ons sitplekke te lande. Ons is rustig en opgewonde en geniet die nuutheid van die ervaring. Wat lê vir ons voor?

Anél se werkgewer en sy vrou het ons aankoms in Nieu-Seeland 'n sagte landing gemaak. Hulle het ons op die lughawe kom haal, vir ons 'n woonstel en 'n voertuig beskikbaar gestel totdat ons eie reëlings kon tref.

Wat 'n avontuur om in so 'n nuwe konteks te land, by die see. Aanvanklik het dit baie soos vakansie gevoel. *Die onsekerheid word oorskadu deur die evaring dat alles nuut en anders is. Die winkels, die produkte, die mense, die atmosfeer, die TV, radio, amper alles - ons is in 'n ander wêreld wat ons nie geweet het bestaan nie. Ons raak opgewonde oor die Suid-Afrikaanse afdeling in die groot kettingwinkel. Die inagneming en vriendelike hulp en inlyf in die Kiwi manier van 90% van die mense val op.*

Ons het 'n intense behoefte om alles met die mense 'by die huis' te deel.

Ons is nog onseker oor baie dinge, maar dit gaan goed.

Tegnologie soos selfone (SMS'e) en die internet (almal behalwe Anél se ma het e-pos toegang) maak dit moontlik en maklik om gereeld met die familie in Suid-Afrika te kommunikeer en ons probeer hulle saamneem op ons avontuur. Telecom bied spesiale pakkette aan wat telefoniese kontak relatief goedkoop maak. Die behoefte om ons verhaal te vertel en met ons mense te deel is soms oorheersend. Daar word ge-e-pos vir die wat wil en die wat nie wil hoor nie.

Die kommunikasie patrone met vriende en familie was interessant. Mense van wie dit

nie verwag is nie, het kontak behou. Goeie vriende, wie 'n mens gehoop het goeie kontak sal behou, het skaars van hulle laat hoor. Gou het ons besef almal se lewens gaan aan en ons is nie meer deel van hulle lewens nie. Die vriende wat getrou kommunikeer is kosbaar.

lets wat ons as vanselfsprekend aanvaar het en baie gemis het was: die kerk soos ons dit geken het en medegelowiges met dieselfde taal en kerklike kultuur-agtergrond. Anél skryf: *Vir die eerste keer besef ek nou hoe baie my kerk vir my beteken het. Nie net die kerk nie, maar ook die mense van die kerk. Om 'n Christen te wees in 'n ander land, is vir my maklik - sover - want dit is dieselfde as wat ek geleef het in SA. Met die verskil dat jy hier nie uitgeken word as die dominee se vrou nie - en mense dalk makliker bereik kan word deur 'n klein woord of getuienis. Die ding wat my egter heel omver gegooi het, is die gemis aan KERK. Dalk is ek te veel vas aan vooropgestelde idees - en sal ek makliker aanpas as ek 'n oper idee het van die kerk - maar die geestelike voedsel van elke Sondag het my nog bly ontwyk. En ek sê weer: nie slegte mense nie - net so anders. Ek het my fokus ingestel op die Engels, die gesange maak nie 'n eenheid nie - die Woordverkondiging vloei nooit saam met 'n spontane afloop aan die einde van die diens nie. In kort: dit is elke keer nog 'n teleurstelling.*

In ons huisgesin kan ons nou elke aand saam Bybel lees, en bid en ons kon dit selde in Suid-Afrika doen, omdat Jaco baie uit was saans. Dus was dit my verantwoordelikheid, en ek het dit behartig en dit was lekker vir my. Nou kan ons as 'n gesin ook Sondae wat ons kerk "slip" saam lees en oordenk - as ek nie die heelyd grens nie - maar dit is nog nie vir my KERK waarna ek soek nie. Ek moet erken: ek dink selfs in SA het ek nie kerk so geniet soos wat ek dit nou sal doen as ek dit net kan opspoor nie!

Na 'n goeie sarsie "church hopping" raak ons betrokke by St Paul's Cooperating Parish ('n gesamentlike gemeente van die Anglikane, Metodiste en Presbiteriane). Wonderlike warm mense. Die een groot probleem. Ons kinders is meestal die enigste kinders in die eredienste. Daar is darem heelwat kinders by die jeugaksie elke tweede Vrydagaand. *Ek is weer intens bewus van die wonderlike verskeidenheid in die liggaam van Christus. Dit is opwindend.*

Ek stoei met 'n behoefte om die oue hier te dupliseer. Daar moet tog meer Suid-Afrikaners wees wat hierdie intense behoefte het om Afrikaanse geestelike liedere saam met ander gelowiges te sing, om deur die elemente van die liturgie in 'n kommunikasie-ervaring met die Here betrokke te

raak.

Hoe eties sal dit wees? Die meeste aktiewe gelowiges is by gemeentes ingeskakel en speel 'n rol daar in die Koninkryk. Hulle kan nie daar los en loop nie. Ons kan nie 'n klein Suid-Afrika hier skep nie, ek wil nie op 'n eilandjie kom bly nie. Die kerk mag nie 'n kultuurklub of 'n taalklub wees nie.

Tog was Petrus se preek na die uitstorting van die Heilige Gees in elkeen se eie taal - ten spyte van die bestaan van 'n algemene handelstaal. Sally (werkgewer se vrou) se stelling laat my diep dink en motiveer ons om kerklik te soek en betrokke te raak. Sy vertel dat hulle 27 jaar gelede nie 'n gemeente kon kry waar hulle geestelik tuis gevoel het nie en "then we made the mistake to stop searching." Sy doen baie moeite om gemeentes se kontaknommers en adresse deur te gee wanneer sy hoor dat 'n ander SA dokter daar aanbid.

Wat is my roeping in hierdie nuwe situasie?

Mettertyd raak ons betrokke by die Afrikaanse dienste in Tauranga (eers een keer per maand en later elke eerste en derde Sondag van die maand) en later ook in Rotorua. Dit is lekker en goed, maar het ook teleurstellings en frustrasies.

Die kinders het besonder vinnig aangepas. Marizanne (10) en Carinda (8) het vinnig taalvaardig geword en goed gevaar in die nuwe skool. Moet sê, die skool het uit hulle pad gegaan om die proses so maklik as moontlik te maak. Bernard (5) het gesukkel en na 'n redelik traumatiese tyd het hy die kleuterskool begin geniet en nou nadat hy vyf geword het gaan hy goed aan in die skool. Hulle was 9, 7 en 3 toe ons hier aangekom het.

Die verhuising na Nieu-Seeland het beslis 'n versterkende effek op ons gesin gehad. Ons het meer tyd saam en die gevoel van 'n gesin in 'n vreemde omgewing versterk die bande.

Ons huwelik het onder redelike druk gekom. Waarskynlik hoofsaaklik a.g.v. die omgekeerde rolle wat nou gevestig moes word. Hoewel ons gedink het ons is redelik verlig het ons agter gekom wat se groot invloed jou opvoeding op jou lewe het en daarom hoe tradisioneel ons eintlik is. *Die volgende faktor vir my was dat ek die rolomskakeling so effe gevrees het. Of gevrees het hoe ek myself daarin sou plaas. Saam met die*

nuwigheid van voldag werk, die “vreugde(?)” van tuis kom en alles is gedoen. Ambivalensie: dit is ‘n vreugde en ‘n voorreg, maar ek het so skuldig gevoel! Veral as ek telkens vir myself moes afvra wat is my rol in die huis - en ek nie kon antwoord. Dit is veral erg die eerste keer as die kinders spesifiek vir Pa vra vir die of daardie smeer op die broodjies, of vir hom sê dit of dat is te klein of te min. Dan kry ek so stekie jaloesie in my binneste. Ek wil dit doen! Maar tydelik voel dit my my rol is gedegradeer tot gaan werk, kom terug en somer toevallig sy’s hier/of nie hier, “so what?” Wou ek gehad het hulle moet oor my huil?

Die ander faktor was: hoe posisioneer jy jouself in ‘n huweliksverhouding. Ek dink ek weet nou eers hoe tradisioneel ek is. Nie dat ek dit voorheen sou glo nie! Meestal sou ek dit as logies beskou het: een werk meer, die ander huis meer. Ek het nie gedink die ossilasie tussen die rolle sou so ‘n wesentlike impak op my gehad het nie.

Die aanpassing is vir my moeilik. Meimaand is ‘n groot aanpassingsmaand. Ek moet so gou moontlik ‘n roetine vir die huis daarstel. Ek moet vir myself sin skep daarin om huis skoon te maak, klere te was (gelukkig stryk Anél!), kinders met hulle huiswerk te help, kos te maak en weer voor te begin met alles. Ek moet hard werk aan myself om te beseef dat ons as span elkeen ‘n rol moet speel om hierdie avontuur te laat werk. Dit is emosioneel uitputtend en gaan met ‘n onsekerheid gepaard. Ek en Anél se kommunikasie is geïrriteerd. Ek voel ek kry ‘n dubbele boodskap - ‘n dankie en ‘n dit hoort nie so nie.

Die oper, meer klaslose Nieu-Seelandse gemeenskap met minder stereotipe diskoerse t.o.v. rolle in die huis maak dit bietjie makliker.

Ou haakplekke in ons verhouding het meer akuut geword.

Skuldgevoelens was ‘n algemene verskynsel in die Reyneke huishouding. Wanneer enigeen in die huisgesin verlang het en swaar gekry het, het ek skuldig gevoel. Met geleentede wat ons as families gewoonlik by mekaar was - verjaarsdae, Kersfees ens. - het ek skuldig gevoel.

Anél het skuldig gevoel omdat sy nie haar “tradisionele” pligte en rol in die huis vervul nie en ... Soos Jaco voel ek soms skuldig dat ons die kinders hulle oumas ontnem/en die oumas hulle kleinkinders. Maar dit is ‘n ingeligte besluit.

Die groot verandering in ons lewens gee ons die geleentheid tot groei. Ek beseef dat ons die geleentheid om ons lewens en ons gesinslewe nuut te orden nie moet laat verby gaan nie. Ons

kan uit ou groewe kom en uit hulle bly. Ons kan nuwe, beter gewoontes aanleer as wat ons gehad het.

Besig met vernuwing: Hierdie is die moeilikste deel. Om 'n nuwe hoofstuk te skryf op sy eie, maar gegroei uit alles wat al was. Wat 'n pynlike proses. Hierdie was seker die moeilikste jaar van ons huwelik, meer en meer verhale van mense wat kom en gaan, die wat dit maak en die wat dit nie maak nie - dinge maak sin. Hoe op aarde kan enige iemand "voorbereid" wees? Ek weet nie: dalk is jeugdige voortvarendheid gemeng met volstruispolitiek, gemeng met oorvloedige genade die enigste antwoord. Die hoofprobleem (sien: ek weet) is die dat alles verander en tog dieselfde is. Dus alles wat jy geweet het, werk nie meer nie, en dit wat jy al beproef het, flop vir die eerste keer. Hoe soek mens oplossings terwyl daar niks is om dit op te bou nie? Die genade is al antwoord!

Anél verwoord dit treffend met die metafoor van Lot se vrou. 'n Mens weet jy moet vorentoe, en dat daar voor 'n veilige ruimte wag, maar 'n mens bly omkyk. Maar as jy te lank omkyk versteen jy in 'n soutpilaar. Die beste is om dit voetjie vir voetjie te doen.

Eindelik het die konteks gemaak dat ons onself moes herdefinieer, ons moes onself weer sosiaal laat konstrueer. Dit is 'n opwindende, moeilike, opbouende, uitputtende en voortgaande proses.

4.2 **Die Vermaak-verhaal (ervaring)**

4.2.1 **Die Draaipunt**

Die eerste Maandagaand van November 2001 loop dinge soos volg.

Net voor agt begin die res van die koor opdaag. Ons koor oefen Maandae aande en vir die maand November sal die oefening by my huis wees. Skielik kom Ale² in met 'n rooigesig en sê iemand wil met my praat. 'n Engelse man - sy dink hy het gesê uit Nieu-Seeland. Ek gaan sit op die rand van my bed en begin praat. My gesin is almal

²Alle name is verander ter wille van vertroulikheid. Medenavorsers het verkies dat plekname nie verander word nie.

langs my op die bed. Hoe die gesprek gelaag het weet ek nie, maar toe ek die telefoon neersit het ek besef dat ek 'ja' gesê het - dat ek 1 Desember in Hawera Nieu-Seeland gaan begin werk vir vier maande. Ek het nie ja gesê nie, iemand anders het ja gesê. My gesin was baie opgewonde. Ek het by die koor aangesluit. Iemand het opgemerk dat ek baie stil is en baie bleek is. Net daardie oggend het ek hardop op pad werk toe gebid vir uitkoms. Daardie oggend het ek reguit en eerlik vir my vennoot gesê dat dinge my onderkry en dat ek moet weggom. Ek was op breekpunt. Hy het probeer paai en het twee maande langverlof voorgestel. Hoendervleis het my beetgepak. Was die stem uit Nieu-Seeland die uitkoms? Hoe kan ek twyfel dat dit die antwoord is....

Die volgende oggend het ek vir my gesin gesê dat almal rustig moet wees, want dit is onmoontlik om in drie weke alles te reël. Maar my opdrag oor die telefoon was om vliegkaartjies te kry en te kom. 29 November was die laaste moontlikheid in November en dan eers in middel Januarie. Dit het groot rusie in die spreekkamer veroorsaak, want dit sou beteken my vennoot moet 'n jagtrippie mis. Sy Kanada stories het gelukkig gesloer en ek kon vir vier maande weggom. (Hy was besig om 'n ses maande locum vir hom te reël)

Wat 'n drie weke het gevolg!! Net iemand wat so iets al gedoen het sal verstaan dat dit byna onmoontlik is om alles in tyd klaar te kry. Die registrasie, die werkspermitte ens ens... Maar alles het in plek geval telkens was ek en Alet sterk onder die besef dat ons hele vier maande vakansie in Die Here se hande is en dat Hy alles laat gebeur. 36 uur voor die vliegtuig vertrek het ons paspoorte en werkspermit in Somerset Wes aangekom. Ons was op pad.

Vir vier maande was daar uitkoms. Ek kon rus - ek kon weer mens word.

Ek het skofte gewerk (in Nieu-Seeland). Op afdae het ons die kar gevat en gery. Mense het gevra oor die toekoms en vir almal was die antwoord - nee wat ek gaan huis toe. Ons het net 'n wegbreek kansie geniet.

So gaan daar toe in die tyd nuwe wêrelde oop. Die kinders begin Engels praat. Alet lag en is vrolik en my werk is weer 'n plesier. Die passie en liefde is weer terug. Die mooi van medisyne is weer terug.

In die laaste week van ons werksvakansie word die nuwe hospitaal op die dorp oopgestel vir besoekers. 'n Pragtige nuwe gebou waar die laaste afronding nog gedoen moet word. Ek gesels met die Hospitaal Bestuurder oor die nuwe ontwikkelinge. Oor hoe die nuwe dokters se werksomstandighede en salaris gaan wees. En so volg daar 'n ketting reaksie. My bestuurder vlieg van Gisborne af en ons gesels oor alles wat ek wil weet. Die CEO van die hospitaal kom ook om my te sien. En 'n nuwe wêreld met baie moontlikhede gaan oop. Waar ek vier maande tevore nog in 'n doodloopstraat was is daar skielik baie moontlikhede.

Die dag toe ons vertrek na RSA het ek klaar besluit ek moet terug kom.

Geleidelik is my gesin en my familie ook ingelig en toe ek voel dat almal op dieselfde golflengte is toe maak ek dit amptelik bekend dat ons weer in NZ gaan kom werk. Niks kon my meer in Suid Afrika hou nie. Nou het die praktyk my eers bedruk/ gestres en frustreer. Die verskil tussen kontant en mediese fonds mense het my nou eers gestres. Ek kon nie myself meer regverdig om vir die een kopseer panado te gee en vir die ander een Myprodol. Ek kon nie meer aanvaar dat die een persoon met angina wat 'n mediese fonds het binne weke na sy eerste simptome 'n kroonaar omleiding kry en die ander persoon met presies dieselfde simptome, maar wat nie 'n mediese fonds het nie vir jare moet wag voor hy gehelp word.

Weer eens was ons reëlings baie geseënd. Alles is op die regte tyd gedoen en baie vroegtydig was al ons reisdokumente gereed.

Op 27 Desember 2002 vertrek ons uit die Kaap.

So word daar oorgegaan in 'n nuwe hoofstuk vir die Vermaak-gesin. Wessel (41), Alet (38) en hulle besondere drie kinders: Adriaan (13), Deon (10) en Janet (4) het na Hawera in Nieu-Seeland verhuis.

Dit was nie 'n maklike oorgang nie. Dit het tyd geneem, daar was 'n periode van disoriëntasie en 'n soeke na re-oriëntasie.

Mettertyd het daar oneffenhede ontstaan tussen hulle verledeverhaal, hulle geantisipeerde toekomsverhaal en die hede - dit wat hulle beleef het.

Toe ons gekom het vir die locum het baie vir ons gesê: "Julle gaan kyk tog net hoe lyk dit anderkant voor julle gaan". Nee! sê ons nee, ons sal dit nie doen nie. Ons praat selfs ons nuwe (Suid-Afrikaanse) vriende (in Nieu-Seeland) aan: "Hoekom is julle hier, julle kan 'n verskil in Suid Afrika maak." Ons het nog onself die heelyd gebreinspoel om te sê ons moet teruggaan. Ons hou mos net vakansie. Wil mos net so klein bietjie rus. Dit was baie lekker, vier maande Is lank genoeg, ons het lekker gewerk en baie mooi nuwe dinge beleef maar ons gaan terug.. "Julle moet saam teruggaan. Julle kan 'n verskil gemaak. As ons almal saamstaan kan ons dinge verander." Maar in slegs vier maande het ons begin anders dink. Ons kon onself nie meer oortuig nie. Ons redenasies het leeg begin klink.... ons het onself probeer bluf.

Daar was baie dae wat ons gewonder het oor hoe is dit moontlik om dan so 'n drastiese gedagte sprong te maak?ons het nog altyd gesê ons moet hier(in Suid Afrika) bly, ons het 'n plig hier. Daar was tog dae wat dit bietjie onsekerheid en twyfel veroorsaak het. (Lang stilte)

Hierdie proses is in afhanklikheid van die Here deurgewerk. Die hand van die Here is oral raakgesien - van die reaksie van familieleden tot die manier waarop administratiewe rompslomp betyds afgehandel is.

As ek net iets kan sê.... Die derde persoon wat deur ons huis gestap het nadat ons dit in die mark gesit het, het die huis gekoop. Ons het gereken dat die prys bietjie hoog is, maar die man het geteken en ons het 'n goeie wins gemaak en boonop is die koop al in Junie deur en die nuwe intrekkers wou eers in Desember intrek. Ons motors is eers in die laaste maand verkoop - die eerste handelaar waar ons ingestap het het altwee gekoop en ons kon een van die motors hou tot twee dae voor ons vertrek het. Dit het groot vrede gebring dat ons die regte besluit geneem het. Ek is baie dankbaar vir alles

wat so amper te goed gebeur het.

So, al het wie wat gesê..... ons hardloop weg, enigiets. Dit het aan my niks saak gemaak nie, want ek het net geweet hier is soveel seën op hierdie besluit dat dit moet reg wees.

Reg van ons locum af né..... In die drie weke wat ons gesê het “yes” ons kom, het alles in plek geval, as daar enige oponthoud was sou ons nie gekom het nie - want daar was net drie weke. En uiteindelik toe ek 36 uur voor die tyd ons werkspermit, visums en paspoorte kry was ons uitgelate en baie opgewonde - dit is ‘n teken. Diep onder die indruk van hoe daar op ons gebede geantwoord is. Ons vra nie vir briefies wat val uit die hemel nie, maar ons het vele antwoorde op spesifieke tye gekry - alles het reg uitgewerk.

Dit was alles antwoorde, dit was wonderbaar gelooflik!

4.2.2 Terugblik - na die Tyd voor Nieu-Seeland

Hulle verhaal tot met die verhuising na Nieu-Seeland het met die normale op's en af's van die lewe gepaardgegaan, maar was goed. Wessel het nog altyd sy beroep as ‘n roeping beleef, maar die frustrasies het al meer geword. Alet plaas haar beroep as onderwyseres op ys om hulle kinders te ondersteun totdat Janet skooltoe gaan.

Die gesin het hulle in die pragtige en besondere dorp, Somerset-Wes gevestig. Na ‘n paar jaar se werk in die staatshospitaal is hy uiteindelik saam met ‘n ouer dokter in ‘n privaat praktyk in.

Die volgende sewe jaar was goeie jare. Maar o weë daar was so baie teenstellings/paradokse. Ek en my vennoot is ligjare van mekaar. O, ons het so baie koppe gestamp. Baie mense het my bewonder dat ek so lank met hom kan uithou. Ek het baie dae gevoel om weg te loop. Maar waarheen was altyd die vraag. Die mens is ‘n aanpasbare wese. So telkens het ek weer kop opgetel en aangegaan. Finansieel het dit goed gegaan. Ons het lekker geleef. Kon gereeld vakansie gaan hou. En het

selves in Kalifornië vir my sussie gaan kuier. Ek het die werk baie geniet. Ek het die mense lief gekry en hulle het my lief gekry. Ek het in 'n arm woonbuurt gewerk.(Voorheen genoem 'n Kleurling area) Drugs, drank en alles wat daarmee saam gaan was 'n groot deel van my werk. Diefstal en moord was deel van my verwysingsraamwerk. Ja ek het selfs groot vriende en 'n vertroueling van 'n vrou geword wat gereeld gesteel het. Een dag het sy van die hof gekom - mooi uitgevat in klere wat my vrou nie kan bekostig nie. Op my vraag of dit gesteel is het sy ja geantwoord. Hoeveel vrouens en kinders het by my gesit met pyne en klagtes wat maar net agv hartseer was. Die sedelike en morele verval was erg. Male sonder tal is ek saam met 'n gesin deur die trauma van 'retrensment' (afdankings) Ek het op 'n keer uitgeroep en gevra "weet die mense in die regering en korporatiewe wêreld wat hulle doen' Ek was bevoorreg om saam met my mense die lief en leed mee te maak.

Maar toe op 'n dag in 1999 besef ek dat ek iewers 'n plan moet maak. My werk het 'n dooie punt bereik. Ek kan nie troos en troos en hier en daar dokter en dan ook nog aan my vennoot en sy nukke moet aandag gee nie - dinge het te veel geword. Maar waarheen?

Ek het vir korter tye myself kon troos en se dit is OK dinge sal verbeter. My gesin het groter en ouer geword en ek het nie altyd die energie gehad om hulle te geniet en te help nie. Die ure wat ek in die praktyk was was net te veel.

En ja en toe begin die praktyk stiller word. Lang ure in die spreekkamer , maar verveeld. Minder mense kom. Ons soek na redes ons soek na antwoorde. Ek vind troos by ander kollegas wat ook swaar kry. Groot praktyke begin stiller word. Drie-man praktyke word tweeman en kleiner praktyke maak toe. Ja en ook kom daar nuwe dokters. So ons raak nog stiller. Skielik begin die inkomste en uitgawes nie meer klop nie. Nou sit ek en my vennoot meer vas. Hy soek meer kontant en ek wil meer kontant in die bank hê. Die boeke moet mos klop. Die 'overdraft' kan mos nie net hoer en hoër gaan nie.

Maar waarheen?

Die dag toe daar weereens (die regering het al 7 jaar tevore ook hierdie dreigement geuiter) oor die radio gesê word dat die GP's hulle apteke sal moet toemaak - ja daardie dag het ek moed bymekaar geskraap en vir Alet vertel dat ek baie ongelukkig is en dat ons sal moet skuif. Ek gaan nie meer 'n GP wees nie. Sy was stom geslaan. Geskrik maar tog erken dat die laaste tyd nie goed was nie. Die komende week het ek ook my Ma en broer en suster vertel hoe dit gaan en wat aan die gang is. Almal was stil - ek ook. Die gedagte was ligjare ver van hoe ons almal die toekoms gesien het. Niemand het dit verwag nie. Maar ons is almal geleidelik voorberei.... Eers die besef dat daar fout is, die soek na redes, die vredemaak met die redes en dan die besluit om uit te spring.

Die maande wat gevolg het is gekenmerk deur baie gebed en baie praat. Baie vrae is gevra. Ek het my kollegas begin vermy. Al wat hulle oor kon praat is mediese fondse wat nie betaal nie. Pasiënte wat ondankbaar is en ook nie betaal nie. En o ja baie dokters wou in Kanada gaan werk.

Ek en my vennoot het ook baie gepraat. En gepraat. Ek kon nie net loop nie. Het darem baie geld en ure en energie ingesit. Toe besluit hy ook om Kanada toe te gaan. Net vir ses maande. Om geld te maak!!

Op die stadium het ek begin advertensies kyk en alle moontlike rigtings in probeer dink. Ander privaatpraktyke, terug staatsdiens toe, iewers in 'n sendinghospitaal in Afrika? 'n Paar keer het ek aansoekvorms begin invul en dit nooit gepos nie. Baie afgehaal en beledig gevoel die dag toe ek Rooi Kruis Hospitaal skakel en die persoon vir my baie diplomaties sê dat hy aan my aksent aflei dat ek 'n blanke Afrikaner is en dus nie oorweeg sal word vir 'n pos nie! Ook het ek gekyk na advertensies in die buiteland. Dit was nie lekker om dit te doen nie.. Dit het my geweldig gestres. Hoe kan ek as Afrikanerseun my familie hier los? Hoe gaan my vrou en kinders in 'n Engelse omgewing aanpas? Menige aansoek 'on-line' ingevul maar nooit die 'send' knoppie gedruk nie. Nooit die moed van my oortuiging gehad nie.

Maar net een - ja net een klein advertensie van White Cross in Nieu-Seeland het ek sover gevorder dat ek die 'send' knoppie kon druk. Baie ander in UK en USA en Midde Ooste het ek weer 'delete'

In Suid Afrika het ek ook rond gekyk - meer doelgerig. Selfs het ek en Alet Empangeni toe gevlieg en daar na 'n hospitaal gaan kyk. Rooi Kruis Hospitaal het vir my gese my velkleur is verkeerd. En die salarisse - dit was 'n reuse probleem. Ek sou nie my gesin met die salaris kon onderhou nie.

Vir Wessel en Alet was hulle geloof en hulle aanbidding van die Here, veral deur betrokkenheid in 'n gemeente, altyd vreeslik belangrik. Hulle is lief vir die Here en wil hom dien. Dit is vir hulle baie belangrik om geloof vir hulle kinders sinvol te maak en 'n lewensrealiteit - iets prakties en uitleefbaar.

Wessel beskryf sy en die gesin se eerste deel van die geloofsreis so....

Veertig jaar gelede het 'n wonderlike ding met my gebeur. Ek is gebore in 'n gesin waar my pa en my ma Christene was. Ook was my oupas en oumas Christene. Soos jy weet is beide die Vermaak en Pieterse families sterk betrokke by die stigting en bestuur van Beaufort se Gereformeerde Kerk. Ja en ook die Van Rensburgs. So van alle kante is ek geseënd gewees om in so 'n gesin gebore te word. Soos jy ook kan ek werklik getuig van seën van geslag tot geslag!!!

Na 'n marathon sessie is ek uiteindelik gebore. En saam met die eerste teugies borsmelk het Ma vir my gebid!!!! Dit is so tekenend van ons geloof né. Ongevraagd en sonder verdienste is die Seën van die Here aan my oorgedra. So het ek as kind van die Here my lewe begin. Ek is gedoop en is reeds van vroeg af elke Sondag twee keer op 'n dag kerk toe geneem. Eredienste was streng formeel. Pak klere en hoede. Ja ek herinner my aan meer as een keer wat ek agter die tannie voor my se hoed 'n uiltjie probeer knip het. Orde en stigtelikheid. Geen geraas almal onderdanig en eerbiedig. Of was dit eerbied? Ja ek glo tog so. Die eredienste was verder ook elke keer dieselfde. Geen variasie was toegelaat nie. Dit het dit maklik gemaak. Ek het altyd presies geweet wanneer om te staan en wanneer om te sit en wanneer dit tyd is om te loop. Dit het

natuurlik daartoe gelei dat 'n mens nie altyd heelyd hoof te luister nie. Die volgorde is dieselfde so niemand kom agter as jou gedagtes dwaal en jy eintlik nie in die kerk is nie.

Katkisasie was Maandae middag. Ons is gedril en het baie verse uit die kop geleer. Al die leerstellings van die Doppe kerk is sonder enige vrae aan ons voorgehou. Geen bespreking of geen debat is toegelaat nie. Feite is feite. En ons moes dit net leer. Vir my was dit maklik. Soos jy weet is ek nie een wat baie vrae vra nie. Ter wille van vrede het ek maar net aangegaan. Selfs as ek alleen was het ek ook nie geworstel met vrae nie. Dit was reg soos ons geleer het en ek het veilig gevoel. Daar was nie rede om te twyfel in die owerhede nie. In St 9 het ek en Annelie gekatkiseer. Ouma was baie trots. Twee kleinkinders saam gekatkiseer! Ek kan een vraag baie goed onthou. Hoekom is jy 'n Doppe? Die antwoord is vooraf gememoriseer. "Dit is die enigste kerk met 'n ware en regte leer" Jare later het ek dit in 'n kerkraadsvergadering in die Strand ook weer gehoor. "Onthou broers ons kerk se leer is waar en reg - die enigste".....

Die antwoord het my gepla, maar nie gedurf om dit te bevraagteken nie.

Op skool is elke dag begin met Godsdien.

Ek is/was gelukkig en veilig in die Gereformeerde kerk. As student in Stellenbosch het dinge verander. Ek was skielik gekonfronteer met meer vrae en meer moontlikhede. Steeds het ek die veilige roete gekies en streng op die Gereformeerde tradisies en norme voortgebou. Daar was nou immers meer wat ook soos ek gevoel het en ons het voorgedaan soos ons grootgeword het.

Weg uit die veilige omgewing van my ouerhuis het die lewe sy loop begin neem. Skielik het my geloof nie net iets gewees wat ek Sondae doen nie, nee dit het elke dag deel van my lewe geword. Meer en meer begin bewus raak van die feit dat ons nie die Here in 'vorm' en 'leer' kan vasbind nie. Nee Hy is Oral. Daar waar ek die briewe ontvang om te se dat ek nie gekeur is vir medies nie en ook daar waar ek voor die kennisgewingbord - met toets punte - staan. Ek het die vreugde begin ervaar om saam met ander te bid.

Onthou tot nou toe was net die Ds en ouderling wettig en geleerd genoeg om te bid. Tuis het net die gesinshoof gebid. En daar was net sekere ooms wat regtig kon bid.

Aanvanklik was dit maar vreemd, het baie gewonder of Stellenbosch nie op die verkeerde pad is nie.

Maar

Loof die Here vir die opvoeding wat ek gehad het, Ma en Pa het ons werklik die basiese vaardighede van die lewe geleer - soos hulle dit verstaan het uit die Bybel. Liefde en dankbaarheid!! En bewus van ons groter doel op aarde. Daardie streng stigtelike ordelike dissipline in die kerk was ook goed. Hoe mis ek nou elke Sondag die tweede erediens. Hoe oneindig mis ek nou die wet en geloofsbelydenis wat ek getrou elke Sondag gehoor het. Hoe mis ek nie die stigtelikheid en gewydheid van die erediens nie.....

Hoe wonderlik om te kan getuig dat al die groot besluite in my lewe vir my geneem is!! Ek is uiteindelik gekeur vir medies. Ek het swaar geleer en baie herre gehad, maar na baie trane en baie gebed het ek graad gekry en ek is baie gelukkig in my werk. Dae wat dit swaar gaan herinner ek my gereeld daar aan dat ek 'n roeping het, nie 'n beroep.

Soos my ouers en grootouers het ek gou by die kerkbestuur betrokke geraak. Ja en my dankbaarheid was groot , dus ek wou en ek moes.

Die jare in Somerset-Wes het ek en Alet groot 'geword'. Ons kinders het gegroei en ons moes aanpas. Die eredienste het begin verander - kinders nie meer binne welkom nie. Die stilte was vir die ouer broeders belangriker. As jong mense in Weskaap het ons saam met vriende en ons kinders al hoe meer vrae gekry oor ons kerk. Waarheen - hoekom - daar was 'n groot oplewing in Weskaap. Die jong mense het werklik teruggekeer tot die Woord. Soeke soeke na die waarheid. Ongelukkig het die tradisionele kerke nie al die behoeftes en vrae kon antwoord nie. Ek het dit eers negatief gesien. Maar gaandeweg het ek besef dat ek dieselfde vrae vra en nie antwoorde kan gee nie. Skielik was die kleredrag nie meer belangrik gewees nie. Die inhoud was

belangriker. My gesindheid in die hart was belangriker. Skielik het dit sin gemaak om ander geestelike liedere ook te sing. Skielik het dit sin gemaak om die kinders uit ander lektuur as die Bybel te leer. Videos en tapes en boeke. Dit was nie meer uit die bouse en onkerkregtelik nie. Tog het die ouer broeders ons gereeld vermaan dat ons nie reg maak nie. Ek het hard gewerk onder die jong mense. Ek het nie klem gele op die leer en gewoontes nie. Net gewerk. Psalms was my groot passie. Ek weet die jonges sing dit nie meer nie. So as ons saam was het ons gesing. Vasvrae gehou en notepret met psalms gehad.

Die laaste paar jaar as voorsitter van die Jeug kommissie het ek telkens koppe gestamp met die ouer manne. Die jong vrouens en jong mans was gereed vir nuwe maniere en ek het saamgestem, maar het telkens 'n bloedneus op kerkraadsvergadering gekry. Ek is gou as die vredemaker uitgeskel. Aan die een kant het ek saam met die nuwe maniere gestem, maar aan die anderkant wou ek nie onvrede in die kerk he nie. Altyd gepoog om die oues tevrede te hou. Altyd ons saak probeer stel en probeer kompromie aangaan. Maar die oormag was altyd te veel.

So het ek dit beleef dat vriende die kerk verlaat. Vriende se broers en susters, en toe uiteindelik my eie broer. Ja dit was swaar tye. Daar is geruk /geskud aan die fundamente. Is ek dalk in die proses gereed gemaak vir wat sou voorlê?

Alet en kinders het vroeë gevra. Hoekom moet ons alleen kerk toe gaan? Ons maatjies gaan dan na 'n ander kerk toe? Hoekom kan ons nie saam met die maatjies kerk toe gaan nie? Hoekom is ons vriende dan in ander kerke? Wat is die verskil? Ja wat is die verskil? Die leer? Die vorm? Hoede of nie? Bidure of nie? Psalms maar nie Gesange?

Wessel en Alet se betrokkenheid eindig nie by die gemeente, die kerkraad, die jeug en haar insette by die kleuterkerk nie. Hulle is baie betrokke by hulle kinders en die gemeenskap. Hulle is mens mense en speel 'n belangrike rol in mense om hulle se lewens.

Wessel het 'n passie vir sy werk en word aangegryp deur mense se nood. Daarom

frustreer die ongelykhede tussen staatspasiënte en mediese fonds pasiënte al meer. Dit word 'n etiese kwessie. Hy stel opreg belang en werk baie lang ure en dit plaas spanning op hulle gesinslewe. Dit gaan redelik goed met die kinders by die skool. Tog ervaar die seuns, veral Adriaan, akademies en sosiaal spanning. Adriaan het in Desember ses geword en is toe eers die volgende jaar skooltoe. Hy was dus nie saam met sy portuurgroep nie.

Die groot klem op kompetisie maak die seuns kopsku vir sekere sport. Die publieke beeld van die skool en die suksesfaktor lei tot 'n wen ten alle koste houding. Die hele atmosfeer het langs die sportveld tussen die ouers verder gesuurdeeg.

Onsekerheid t.o.v. uitkomsgebaseerde onderwys, die wyse waarop die nuwe kurrikulum ge-implementeer word en die houding van skoolbestuur en ouers jeens die nuwe benadering, is verswarende omstandighede.

Hulle vriendekringe sentreer rondom die *praktyk en die vriende om die praktyk, die kerk en die vriende in die kerk, en die skool en dit wat daarom gaan. Die drie dele was nie geïntegreer nie.*

'n Vierde sosiale kring is hulle ouerhuise. Hulle uitgebreide gesinne is vir hulle baie belangrik. *... eintlik het ons nie baie diep, diep vriende gemaak nie want ons het ons ouers daar gehad en ons het baie as gesin by ons ouers gekom. Tydig en ontydig was Ouma maar gereed om te help met wat ook al - kinders oppas, koppie suiker leen, gou iets in die dorp optel oppad huis toe, ens.*

Ons ondersteuningsraamwerk was nog steeds ons ouers na al die jare van getroude lewe. Alhoewel, ons kerkvriende het in later jare tog op 'n spesiale manier deel van ons ondersteuningsraamwerk geword. In die hitte van die stryd as ek 'n pap wiel gehad het het ek eerder by my ouers gaan afpak as by vriende.

Hulle het baie naby aan hulle ouers gebly. Daar was gereelde kontak en die oumas en opa het 'n besondere en groot bydrae in die kinders se lewens gemaak.

Wessel speel 'n prominente rol binne sy gesin van oorsprong. Hy het 'n besondere verhouding met sy ma en neem redelike verantwoordelikheid vir haar. Verhoudinge met die sibbe en hulle huweliksmaats is goed.

Wessel kom ook baie goed klaar met Alet se ouers. Veral die band tussen hom en Alet se pa is uitsonderlik goed.

Alet het 'n baie nou en besondere band met haar ouers. Haar verhouding met haar pa is ook uitsonderlik goed. Alet se ma vind vervulling en sin daarin om dienend beskikbaar te wees vir haar gesin en in hulle behoeftes te voldoen. *Ag, 'n simpel ding, dan maak een van ons 'n rok, dan kom ons by die moeilike deel - die rits en die knoopsgate - dan gaan gee ons vir my ma, dan maak sy dit gou vir ons. My ma is daar, sy doen dit goed. Hoekom sal ek dit doen? Dieselfde met Christa - sit nie eers meer haar kinders se rokke se some in nie, sy vat dit na my ma toe, sy doen dit. My ma is daar, sy wil dit graag doen, sy wil iets beteken.....*

Alet se pa het ook allerhande praktiese klein goedjies vir hulle gedoen en sodoende baie gehelp en ondersteun. Dit het dit vir Wessel en Alet makliker gemaak. Hy kon ongesteurd aan sy werk aandag gee en Alet het 'n nutsman gehad wat haar gehelp het.

Alet se ouers het 'n besondere rol in haar lewe in Suid-Afrika vervul. *Nie dat ek 24uur uit 24 uur by hulle was nie. Maar hulle was maar altyd my valskerm. As daar 'n krisis was en Wessel is besig, dan weet ek my pa is daar en hy sal dit doen.*

Ook emosioneel het haar ouers vir haar baie beteken. Dikwels as Wessel by die werk is en die kinders by die skool, het Alet by hulle 'n draai gemaak. Wanneer sy diep dinge met hulle gaan gesels het, het hulle gespot: "Ons konkel 'n bietjie". *..... in jou ouerhuis is dit mos maklik om jou emosies te verwoord en sonder enige vrese lekker te gesels. Sommer net alledaagse dinge. En dan het ek baie keer my diepste emosies sommer daar gelos want dan is dit al half uitgesorteer as ek huistoe gaan. En baie keer het my ma-hulle eers my emosies hanteer.*

As ek rêrig 'n diep ding gehad het wat my pla, het ek een oggend by my ma-hulle ingeval en gesels en bietjie leeg gemaak. Daar was nie rêrig vriende wat nog daai, daai diep dinge mee gedeel het nie.

Hulle ouers en hulle familie het hulle besluit gesteun. Net Wessel se sussie was vir 'n tyd ongemaklik met van die verantwoordelikhede wat sy t.o.v. hulle moeder moes oorneem. Dit was vir haar moeilik om ma te sien swaarkry omdat Wessel en sy gesin oorsee verhuis het. Na 'n tyd was dit nie meer 'n kwessie nie. Hulle is dit eens dat dit moeiliker sou gewees het om te gaan indien verhoudinge gespanne of sleg was. Omdat hulle verhoudinge met almal in die families gesond is kon hulle makliker gaan sonder skuldgevoelens en onopgeloste kwessies.

Hulle was gelukkig in Somerset-Wes. Dit is 'n besondere en mooi plek om in te bly. Hulle het goeie vriende gehad, was aktief by die gemeente betrokke, die skole was goed en die omgewing is mooi.*ons het groot geword in Somerset-Wes. Ons het gegroei van...jonkgetroudes na 'n gevestigde gesin in 'n kerkgemeenskap en 'n skoolgemeenskap.* Somerset-Wes is vir die gesin, maar veral vir Alet, steeds 'n idilliese plek met 'n groot bekoring. Hulle het baie lekker daar gebly.

4.2.3 Die Nuwe Land en al die Dinge....

Hoewel Hawera nie vir hulle vreemd was na die vier maande wat Wessel daar gelocum het nie, was dit nou anders. Hulle moes nou vir hulle 'n potjie krap. 'n Taak wat nie altyd ewe maklik in 'n totaal vreemde konteks is nie.

Die eerste jaar was die gesin se fokus op oorlewing. Hulle het gespook om aan die basiese behoeftes te voldoen en al die basiese goed in plek te kry. Blyplek, rygoed, skole vir die kinders, sport en kerk.....

Dit het baie tyd en energie in beslag geneem omdat dit binne 'n vreemde taal, kultuur en

manier van doen gebeur het.ek het aan die einde van verlede jaar moeg geraak vir al die nuwe goed. Ek was net op. Ek kon net nie meer..... want orals..... trek ek aan, trek ek anders aan, eet ons, eet ons anders, gaan ons in die dorp in is alles anders, gaan ons kerk toe is dit anders.

Sommige Kiwi's het die proses makliker gemaak en ander het dit moeiliker gemaak. Sommige oud-Suid-Afrikaners het die proses makliker gemaak en ander het dit weer moeiliker gemaak.

Die gemeenskap van Hawera ontvang hulle grootliks met ope arms. Hulle word deur die burgemeester uitgenooi na 'n amptelike verwelkomingsfunksie aan nuwe intrekkers.

Wessel vertel van hulle aanpassing t.o.v. 'n geestelike tuiste:

Ons eerste vier maande het ons by die Presbiteriaanse kerk aangesluit. Gereeld hulle dienste bygewoon. Dit was veilig. Dit was 'reg'. Ons vriende in Somerset Wes en die kerkraad het ook so gereken. So aan die einde van die vier maande het ek begin wonder hoe ek dit kan regverdig dat ek in 'n kerk sit met my kinders en daar is geen ander kinders nie. Ons is weer huis toe.

Met ons terugkoms in Hawera het ons besluit om die oogklappe af te haal en "kerkhopping" te doen. 'n Begrip wat my eindeloos pla en wat ek met hand en tand tuis beveg het. Nee so kan mens darem nie soek nie - so het ek gedink. Die eerste Sondag gaan ons na die Baptiste kerk. Die naam pla by baie en ek swyg dit in alle briewe. Sensuur is ons voorland in ons kerk in die Strand. Die eerste Sondagoggend bid ek vir leiding, hoe sal ek weet dit is reg. Wys asb duidelik as dit verkeerd is. Ons word met groot liefde ontvang. 'n Klein kerkie met 'n klavier dromme en kitare. Die ds se welkom aan almal:'Ons is deel van een Liggaam' Al is die vorm anders. Seën vir die tyd by ons. Ons sien 'n lied. EN dit maak my hoendervleis. Dit is 'n geloofsbelydenis. Nie Temmingh se wysie nie. Ook nie die bekende woorde waarmee ons grootgeword het nie, maar basies soos ons glo..... Ek het rustig geword en hard geluister. Al wat ek die betrokke dag kon kritiseer is die feit dat hy 'n gebed van Alan Boesak voorgelees het.....

Gou het die mense ons as deel van hulle geloofsvriende aanvaar. Gou het ons deel gevoel van 'n geloofsgemeenskap. Sonder enige druk of eise ten opsigte van die Groot Doop. Hulle respekteer ons siening.. Ons is as kinders gedoop en daar is geen rede of kans dat ons weer gedoop sal word nie. Dit is immers 'n verbond wat die Here met ons gesluit het. Dit hoef nie van my kant af hernu te word nie.

Ons het weer dienste by die Presbiteriaanse kerk bygewoon. Nee wat, daar is minder verskil tussen hulle en die Baptiste se erediens as wat daar tussen die NG en Doppers is. Ook was ons by die AGS. Hulle is baie raserig en hou net Vrydae aande kerk. Ek is ongemaklik daarmee.

So was ek gisteraand weer Bybelstudie toe. Net 'n paar mans. Nie van 'n spesifieke kerk nie. Is dit verkeerd? Moet dit volgens 'n spesifieke kerk gehou word. Wat van al die waarskuwings van dwaalleer? En wat 'n aand was dit nie. Vir 'n volle uur is daar opreg en hard gebed. Wat 'n ervaring!! Hoe arm was ons in die ou dae. Gebed was slegs vir spesifieke mense en tye bestem. 'n Uur lange gebed sou as Fariseër uitgekryt word.

Dinge wat ek mis.... lekker sing. Lofsange tot eer van God. As ek nie nuwe Engelse liedjies leer nie sal ek net vakansie tye in Suid Afrika die Here kan loof. "Shocking"

Die geweide atmosfeer.

Die liturgie

'n ordentlike preek

Die ds het nog niks gese wat ek as lasterlik of dwaalleer beskou nie. Hulle vorm is net anders.

Die liefde wat ons ontvang is opreg en wonderlik.

Nog positiewe verwickelinge. Ons praat weer in die huis oor ons geloof. Ons is honger vir 'kos' So sodra ons tuis is sal Lux Verbi besoek word. So baie dinge wat ons altyd gedoen het en nou nie meer nie. Maar hoekom het ons dit gedoen?

En toe later, die 7de Desember?

Ons het Sondag 7 Desember 2003 'members' geword van die Baptiste Kerk in Hawera. Let op die woord 'member' en nie lidmaat. Sekere begrippe is nie hier in die nuwe land van ons vertaalbaar nie of dit bestaan bloot nie. Erediens, lidmate, liturgie, nee wat, dit bestaan net in ons eie dierbare taal en tradisie. En tog glo ek van harte dat ons die jaar geestelik gevoed is en gegroei het. Loof die Here. As daar grade van Christene is het ek hier ook A kandidate ontmoet.

Maar laat ek voor begin. Die besluit het nie oornag gebeur.

Op dieselfde Sondag presies 41 jaar gelede is ek gedoop in die Gereformeerde Kerk Barkly -Oos. Wat 'n trotse dag. Wessel Petrus Jacobus - nog 'n seun wat sy Oupa se name erf. Nog 'n seun wat die Groot genade van Ons Vader van sy geboorte af ervaar. Nog 'n seun wat in die Gereformeerde tradisie sal voortleef. Al my Oupas en Oupa - grootjies was stigterslede van die betrokke kerk. Genade van geslag tot geslag - 1000 maal!!

Ek kan met sekerheid se dat ek nie uit gewoonte gedoop is nie, maar dat dit my pa en ma se opregte wens was en dat dit met groot erns gedoen is. Dit was 'n groot dag. So het my gereformeerde opvoeding begin.

Eersdaags is ek en Alet 15jaar getroud. Ook sy is in 'n Christelike huis gebore. Ook al haar Oupas en Oupa grootjies was lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Een Oupa was 'n sendeling in die Soedan. Ook sy is as klein babatjie gedoop en ook sy het grootgeword in die kerk.

Ons was albei gelukkig in die Gereformeerde Kerk. Veilig, want 'die leer is mos reg'. Ons het nie die nodigheid gesien of die behoefte gehad om enige vra te vra oor die leer en leringe van ons kerk nie. Kortom ons was tevrede. Ons het ons kinders ook in dieselfde tradisie grootgemaak.

Soos die kinders begin groot word het die vrae begin kom. Onthou die middel 1990 jare was gekenmerk deur groot veranderinge wat beslis ook na ons as blanke Afrikaners

oorgespoel het. Skielik is die geslag voor ons se doen en late openlik bevraagteken en gekritiseer. Ook op geestelike gebied het die vroeë begin kom. Ons vroeë het hoofsaaklik gegaan oor hoe ons ons doopbelofte ten opsigte van ons kinders moet nakom en die vroeë wat deur ons vriende met kinders gevra word. Ek het altyd hard verdedig aan die gewoontes en 'formalises' en tradisies. Dit het moeiliker geword om die kinders met: 'Die kerk sê so.' tevrede te stel. (So is ek en my gesin voorberei vir die groot verandering wat voorgeleë het.)

Ek het al die vroeë en gesprekke probeer sien as positiewe groei. Ek reken tog daar was 'n mooi oplewing onder ons portuur Afrikaner. Maar steeds was ek onwrikbaar seker dat die Gereformeerde leer al leer is.

Saam met al die ander besluite wat moet geneem word met 'n verhuising na 'n ander land het ons ook 'n besluit moes neem oor ons geestelike tuiste. Ons kon nie. Ons het telkens dit voor die Here in gebed gelê dat ons nie weet hoe om te kies tussen kerk A en kerk B nie. Al besluit wat ons geneem het na baie gesels en raadpra is dat ons kerk toe sal gaan op die dorp waar ons bly. In dieselfde gemeenskap waar ek werk, die kinders skoolgaan en waar ons bly. Ek kon nie die kinders altyd bevredigend antwoord hoekom ons Strand toe moet ry verby die kerk in Somerset-Wes nie. Ek kon nie meer myself beantwoord nie.

Die Gereformeerde kerk het 'n korrespondensie ooreenkoms met die Reformed Church of NZ en ook die New Covenant kerk. So uit die aard van die saak het ons eers die kerke probeer kry. Maar nee, nie in Hawera nie. Die naaste Reformed Church is in Wanganui - 114km ver. Dit beteken dat ons elke Sondag drie uur sal moet ry.

Die eerste Sondag oggend gaan ons toe na die Baptiste kerk. Nie een van ons het besluit nie ons het net soontoe gery. Bokant die deur is daar groot geskryf

"Baptist Church Hawera" Ek het my linkeroog styf toegeknyp om nie die eerste woord raak te sien nie. Ek het net die "Church Hawera" raakgelees. Net gefokus op kerk. Ek het hard gebid dat ek as Pa van die gesin leiding nodig het. Ek kan nie self besluit nie. Ek weet te min van al die verskille om 'n werklike ingeligte keuse te maak. Ek het hard

gesmeek dat ek duidelikheid moet kry as daar iets is wat verkeerd is - as dit die verkeerde besluit is. Maar die antwoord het duidelik gekom in die openingswoorde van die 'pastor' Ons is almal lede van Een Liggaam. Kyk verby die verskille in die manier van aanbidding en fokus op wat die Heilige Gees vandag vir jou sê. En daarna sing ons die geloofsbelydenis. Nie die een wat ons al vir veertig jaar elke Sondagoggend hoor nie, maar die gees van die woorde is presies dieselfde. En toe is daar nagmaal ook. Ek wil eers nie, want waar is die toesig? Waar is die kerkraad? En weer kom die antwoord van die voorganger. Hulle glo nes ons – hulle mag dit net anders doen.

So het ons gereeld elke Sondag kerk toe gegaan. Ons het nuwe vriende gemaak. Werklik broers en susters in Christus. Van die eerste dag af het hulle ons deel van hulle gemaak. Omtrent 30 grootmense met maklik 30 kinders onder 12jr.

Om Dopper te bly in Nieu-Seeland beteken dat ek en my gesin elke Sondag alleen moet kerk hou. Hoe arm sal dit wees. Elke Sondag sal my gesin na my 'preek' moet luister.?? Ek voel ek is nog steeds gereformeerde. Ek doen dit net op die Baptiste manier?

So van Dopper tot Baptis

van das en baadjie tot slenterdrag

van psalms sing tot 'gospel liedere' (totaal iets nuut. Hoe wonderlik om in 'n ander taal te kan sing en prys)

van orrel musiek tot klawerbord en tromme en kitare

van elke Sondag dieselfde liturgie tot geen liturgie

van 'n strak eerbiedige houding as daar gesing en gebed word tot 'n vrolike lewensblye geraas

van doodse stilte - afwagende stilte voor die diens begin tot 'n borrelende geraas en opgewonde gesels.

Maar in wese is dit net die manier van doen wat verskil. Net die uiterlike wat baie anders is. Elkeen teenwoordig in die kerk maak erns met sy geloof. Elkeen probeer die regte

pad loop. Elkeen het een ding in gedagte - om Die Here te prys en om te doen wat Hy wil hê ons moet doen, om te leer, om uit te reik en om Die Lig uit te dra..

In my hart sal ek altyd Gereformeerd bly. Ek mis die spesifieke liturgie wat ons gevolg het. Ek mis die eerbied en stilte. Ek mis die teologie in die preke.

Maar ek is dankbaar

Ek kan nou ander liedere ook sing tot eer van die Here. Ek kan nou in 'n geraas ook stil raak en werklik stil word in die hart.

Ek lees nou die bybel ook in 'n ander taal en leer nuwe goed..

Ons kom van 'n land met armoede en geweld en baie oorloë. Hier ken die mense nie die soort swaarkry nie. So hulle lees ander goed in die Bybel Die klem val anders..

Die klem in ons tuisgemeente in Strand het sterk geval op die genade en versorgende liefde van God vir elke individu. Almal was altyd sterk onder die indruk dat die swaarkry deel is van 'n voorbereiding vir die persoon self. Soms was die preke week na week net op troos toegespits. Verder ook was die sonde altyd baie beklemtoon. "In sonde gebore en ontvang" Sleg en tot niks goed in staat. Sonde is ook sonder omhaal van woorde sterk tereggewys. (Behalwe skinder) Die tweede tafel van die Wet is gereeld onder die gemeente se aandag gebring met die een of ander 'tugsak' En as daar 'n slag 'n tugsak is was almal tevrede dat die Ds en die kerkraad nog op die regte pad is. En hier..... hier het ons hoofsaaklik gesprekke gehad oor hoe moet ek die Goeie Blye Boodschap moet uitdra. Hoe moet ek elke dag my lig laat skyn. Ons is pas klaar met 'n reeks lesings oor wat fout is met die wêreld en hoe ek en jy dit kan regmaak. Vroeg in die nuwe jaar begin ons met 'n veertig dag program oor hoe om ander mense in die kerk te kry. Die klem val totaal op die uitdra van die evangelie. Dit is elkeen se taak elke dag. Nie net die predikant s'n nie.

Wat 'n verfrissende verandering.

So ek draai nie my rug op my ryke erfenis nie. Nee ek gaan net op 'n ander paadjie wat in dieselfde rigting loop. Hoe kan ek twyfel na ek 2002 die hele jaar Ps 25 gebid het. Ek

loop ook die paadjie met blymoedigheid. Al sal my seuns nie hulle kinders in die Gereformeerde kerk doop nie , al sal hulle nie belydenis van geloof aflê soos ons dit gedoen het nie - hulle is steeds Kinders van die Here. Soos al my Oupas erfgename was so is my kinders ook. Die seën van die Here word nog 'n geslag oorgedra. Al is ons vir die oomblik in die Baptiste kerk.

Prys die Here met blye galme! O my siel daar is ryke stof.

Gaan ons nou weer gedoop word. Nee. Ons is gedoop. Die Here het met die doop van Wessel, Alet, Adriaan, Deon , Janet 'n verbond met ons gesluit. Ons hoef nie die verbond te hernu nie.

Die gesin, maar veral Wessel ervaar geestelike groei as gevolg van die verhuising, die aanpassing en alles wat daarmee gepaard gegaan het.

Kyk ons terug na die dae voor ons trek, ons besluit om te kom, die trek self, die aanpassing hier sien ons dat daar in my verhoudingslewe met die Here 'n groot verandering is. Verandering in die sin van nader, meer gefokus, meer bewus van die alomteenwoordigheid van die Here. Die seën, die afhanklikheid. In ons daaglikse lewe, in ons daaglikse gebedsverhoring, dit alles ervaar ek nou meer as wat ek as Afrikaanse Doppler seun dit ervaar het. Dit is waar die oorskryf van die storie inkom. Want dit het definitief in my verander. Waar ek 18 maande terug nog sterk sou glo, maar : “Jou Dopplerleer sê mos so” is die leer as sulks vir my nou minder belangrik. Die Dopplerleer was vir my belangrik, want dit was my kaartjie, dit was my sekerheid.

'n Belangrike ervaring in Wessel se geloofsgroei was 'n naweek wat deur die “Promise Keepers” beweging gehou is:

So spring ons Vrydag hier weg. Sewe man van Hawera trek op na Wellington. Om deel te wees van 'n leerskare van 1000 man. Wat 'n belewenis toe ons Vrydagaand met snaar instrumente, klavier instrumente en dromme en baie klank versterking - die Here loof. 1000 stemme wat hande klap en juig!! My Gereformeerde hart het so slag of twee gemis. Ek raak stil en kry hoendervleis toe ek werklik besef wat aangaan. Lofliedere!!!

Ek staar na die eenvoud van die dekor op die verhoog. Een enkele groot wit kruis. Wat 'n statement.

Die sprekers/predikers kom die een na die ander aan die woord. Dit is manne wat kan! Wanneer laas het ek so 'n dinamiese preek gehoor. En alles kom uit die Woord. Die organisasie Promise Keepers behoort nie aan een spesifieke kerk nie. So al waarop die sprekers kan terugval is die waarhede van die Woord. Geen dogma van watter denominasie ookal nie. En het hulle nie waarhede verkondig nie!!. Eg Gereformeerde uitleg van die Skrif.

En skielik kom ek agter hoe honger ek is ...

Kan julle indink hoe dit klink as 1000 man die Onse Vader saam hardop bid. Toe ek kom by "Vir ewig en altyd - Amen" begin iemand spontaan handeklap. En dit dreun deur die saal. Ek skrik en hou my oë styf toe en vra mooi omverskoning vir die onrespekvolle maniere... Of is dit ? Is uiting gee aan gevoel dan so verkeerd? Ek het gemaklik gevoel in die teenwoordigheid van die Gees.

Saterdag was net so goed. Die onderwerpe het die een na die ander gevolg. Almal van toepassing en almal van groot waarde. Plek plek kon ek saamsing. Die ouer en meer klassieke liedere.

Groot was die pyn in my hart toe ons oor "my dad" praat. Of soos hulle hier sê - 'ded'. Skielik was my verlange te erg. Is dit dan moontlik na al die jare.... Ek moet eerlik wees dit sou heerlik gewees het om net so 'n kort rukkie te kon gesels.

Ek besef die groep se emosie het hoog geloop, is dit dan verkeerd? Kan mens dan nie maar opreg en erg opgewonde raak nie? Een ding is gewis - ek mis die liturgie van die Gereformeerde kerk. Ek mis en is uitgehonger vir goeie prediking. Maar - en dit is gewis - intussen groei ek en my gesin elke dag. Ek dank die Vader dat ek dit gegun is om ook buite my eie bekende kultuur te mag beweeg en ook Hom op 'n totaal ander manier te leer ken en te aanbid.

Dit was nie aldag maklik nie, maar dit het voorspoedig gegaan met die kinders se aanpassing. Die nuwe skoolhoof het voet by stuk gehou dat Adriaan weer by sy

portuurgroep in die klas moet wees. Wessel en Alet is dankbaar en verlig dat dit bewys is 'n baie goeie besluit te wees. Hy pas goed aan en het 'n positiewer houding teenoor die akademie en werk met ywer en onafhanklik.

Adriaan begin ook op 'n plaas net buite Hawera werk. Die werk met die diere, die melkery, die plaasimplimente en die perd bring in hom 'n mooi stuk groei en selfvertroue.

Hy het Suid Afrika verlaat as 'n jong onseker kind. Nou is hy 'n tiener en die selfvertroue groei elke dag. Hy is seker van waar hy wil heen en geniet die plaas en die diere baie. Heerlik om die jongman so te sien werk op die plaas. Sy wiskunde en wetenskap en Engels is goed. Die onderwysers en ons motiveer hard dat hy universiteit toe moet gaan. Hy werk ook daarvoor! Op sportgebied het dinge 100% verbeter. Hy geniet dit nou. Hy leef vir Vrydag aande se sokker.

Deon geniet ook die nuwe skoolomstandighede. Met die vreeslike kompetisie-element iets van die verlede ontdek hy sy sportliefde en geniet verskeie sportsoorte.

Hy doen goed. Sy frustrasie drempel was nog altyd laag. Maar dit is al of hier minder frustrasie is vir hom. Of dalk net meer ontlading. Hy praat soos 'n Kiwi! Sy skoolwerk is goed. Het 'n redelike groepie vriende. Sport geniet hy baie. Kla nou selfs by tye van seer spiere!! Wonderlik.

Na 'n aanvanklike senutergende aanpassingstyd, het Janet wonderlik by die kleuterskool aangepas en dit geniet.

Van geen taal toe ons hier aangekom het - tot vandag waar sy twee tale kan praat. Welliswaar meng sy party keer die tale, maar dit is baie oulik om haar so gemaklik te sien omgaan met die twee verskillende tale.

Alet het groot aanpassings gemaak. Skielik was ma nie meer daar vir die ritssluiters, knoopsgate, melkterte en koeksisters nie. Skielik was die vangnet nie meer daar nie. Skielik was die veilige emosionele hawe aan die anderkant van die aardbol.

Sy het beweeg van 'n 'Ek kan nie regtig sonder hulle nie' tot 'ek moes groot word'. *Ek moes leer dat ek op my eie voete kan staan. Dat ek nie rêrig my ma meer so nodig het as wat ek gedink het nie. Nou skielik sien ek, haai weet jy ek kan melktert bak, ek kan*

dit en ek kan dat.

Ek moes, ek moes weggegaan het, dit weet ek nou. Dit was nie maklik nie, maar ek moes, ek moes weggegaan het om groter te word, om te groei.

Hierdie gedwonge ontdekking van haar eie talente en vermoëns het Alet baie positief ervaar. *Wonderlik! Ek is so dankbaar daaroor. Ek het nou naaldwerk gedoen wat ek definitief nie by die huis sou gedoen het nie, my ma sou dit gemaak het. Ek het 'n sak gemaak vir die rok. Ek sou dit net nie daar gedoen het nie. Ons het so grootgeword dat... half, my ma is daar en sy wil dit graag doen. Dis vir haar heerlijk ook.*

Hulle 'eksterne' ondersteuningsisteme was nou ver en dit het hulle meer aangewese op mekaar gemaak. Daar het 'n nuwe dimensie in hulle verhouding gekom. Wessel moes nou die emosies wat sy gewoonlik by haar ouers deurgewerk het hanteer. Hy moes haar bystaan in haar 'treurproses' oor die breek van die 'naelstring', van die baie besondere verhouding.

Ek dink een van die aanpassing by ons, verlede jaar en hierdie jaar, is dat ons nou mekaar se emosies moet hanteer. Dis 'n nuwe uitdaging, dis 'n nuwe dimensie, 'n verdieping van ons verhouding met mekaar. Ek voel nie skuldig daaroor nie. Maar dit is 'n mooi nuwe verandering - dit sou nie daar gewees het as ons in Suid-Afrika sou gebly het nie.. Deur die genade het ons nooit saam ons af tye gehad nie. Toe ek verlede jaar op 'n tyd begin swaar trek het, het sy sterk gestaan. En toe ek weer kop optel en aangaan kon ek haar weer ondersteun. Hierdie laaste maand, ses weke, hierdie hele jaar sover, was vir my regtig moeilik.. Ek het voor groot probleme te staan gekom, toe was daar nie probleme aan Alet se kant nie. So.....ja....die genade is groot.

Sy moes leer om haarself teenoor Wessel te verwoord, hom in die rol wat ma en pa gespeel het in te laat.

Dit was goed.

Alet: *Ja, want jy het 'n baie besondere verhouding met jou ma en ek het 'n baie besondere verhouding met my pa. Ek beskou nie my skoonma as kompetisie nie en so het jy nog nooit my pa as kompetisie gesien nie..... maar tog hulle was ons.....*

Wessel: *Ja, maar ek kan sien dat so lyn (verwysende na 'n aanduiding op 'n genogram van die aard van verhoudings met mense in uitgebreide gesin) na jou ouers toe, na my ma toe en na jou pa toe, konflik kan veroorsaak in die huwelik,.... as jy in dieselfde dorp*

bly, op dieselfde plaas boer. Maar dit was nie die rede hoekom ons geskuif het nie. Dit is iets wat ons nou sien, iets wat ons nooit bewus van was nie.

Wessel erken dat die 'bietjie konkel' op 'n stadium 'n sensitiewe punt was. *As ek seker rêrig moet erken, aanvanklik het dit bietjie gekrap. Maar nou dat ons weg is, nou besef ek maar haai, ek't eintlik uitgemis. So dis lekker om dit nou so te doen.*

Wessel som dit later op: *Alet geniet haar nuutgevonde talente - sy maak kos vir 'n klomp mense met groot selfvertroue en met min moeite. Sy sien uit na die skoolhou. Sy het ontpop in 'n jong vrou met baie meer selfvertroue. Dit bring mee dat sy begin terugpraat as ek praat! En ook selfs met voorstelle kom! Dit bring 'n nuwe dimensie in ons verhouding. (Ek kan of kla of ek kan dit as 'n uitdaging sien.)*

Hulle is mekaar se geskenke van die Here af. Hulle staan mekaar by en vul mekaar aan.

Wessel geniet sy werk by die ongevalle-eenheid baie. Hy het in die eerste jaar deur sy werk en omgang met die personeel (administratief en medies) en die pasiënte gewys dat hy 'n man met integriteit is. Dit het aan hom geloofwaardigheid verleen en die respek wat nodig is in so 'n werksplek.

Dit was nie so maklik om tot op so 'n punt te kom nie. Hy moes stereotipes afbreek, hy moes vooroordele verkeerd bewys. Van die diskoerse waarteen hy hom vasgeloop het was: Suid-Afrikaanse mans, Afrikaanse mans, is chauvinisties. Dokters is net agter geld aan en gee nie noodwendig regtig om nie.

Binne 'n samelewing waarin die vrou 'n baie sterk rol speel en dikwels dominerend teenoor mans optree, is sulke vooroordele moeilik afgebreek. Hy moes by tye onregverdige kritiek en teenstand verduur.

By die gemeente is hy ook by geleentheid as bedreiging ervaar. Met takt en deursettingsvermoë is verskille deurgepraat en sinvol hanteer.

Mettertyd het hy dit reggekry om die mense om hom verby vooroordele en stereotipes te laat kyk en hom raak te sien. Hulle het hom begin waardeer vir wie hy is, vir sy besondere talente en manier van doen, vir sy passie en fokus op mense se nood.

Die gemeenskap, kollegas en vriende, se hart word sigbaar in spesiale goed soos die hulp en reaksie toe die Vermaaks trek na die huis wat hulle gekoop het. Hulle monde

het oopgehang van verbasing oor die wonderlike hulp en byna oorneem van baie reëlings, wat die trek net soveel makliker en aangeneramer gemaak het.

4.2.4 Die Kuier in Suid-Afrika..... na 'n Jaar in Nieu Seeland

Na 'n jaar gaan kuier die Vermaaks vir 'n paar weke in Suid-Afrika. Vir maande het die afwagting swaar in hulle gelê. Die opgewondenheid was groot. Die verlange meer hanteerbaar met die vooruitsig om Kersfees weer by die 'huis' te wees. Daar is uitgesien daarna om alles wat gemis word weer te beleef en te geniet.

Dit was 'n besondere belewenis. Dit was 'n goeie tyd van afsluiting. Met die aanvanklike afskeid was daar te veel reëlings, te veel onsekerhede, te veel op die spel. Dit was nodig en goed om weer bande te bevestig en rustig afskeid te neem van 'n vorige hoofstuk in die gesin se lewe - wat nooit weer sal wees nie. Selfs al sou hulle na 'n paar jaar teruggaan, sal dit nooit weer dieselfde wees nie.

Die jaar het bietjie afstand geskep. Die jaar het bietjie perspektief gebied. Dit was moontlik om die twee opsies langs mekaar te plaas.

Maar daar was tog teleurstelling.

Kersdag was baie, baie, emosioneel. Maar dit was meer die sing. Die sing was vir my net te groot en te wonderlik. En ek dink dit is 'n groot gemis. Die preek was ook baie gepas en treffend maar die sang het absoluut oorheers.

Ek is daai eerste Sondagaand Gereformeerde Kerk toe in Stellenbosch. Dit is jammer - dit was 'n antiklimaks. Ek het gegaan met sekere idees en ek het dit nie daar gekry nie. Ek het teruggegaan, ek wou weer Psalms sing, ek wou weer die liturgie gehad het en ek wou weer preke hoor. En skielik die aand, toe... het ek dit gekry, maar daar was vir my nie die opgewondenheid wat ek gedink het ek gaan beleef nie... Alhoewel, ek meen, alles wat ons gedoen het was vir my goed, dit was reg en dit was vir my weer 'n beleving. Maar dit het tog vir my gesê: Ja, jy mis dit, maar jy het 'n plaasvervanger gekry. Die kere wat ons saam met Alet se mense kerk toe gegaan het, was die hele familie saam. Haar pa en haar ma en die vier dogters met al die kleinkinders... En die

familie-eenheid daar was vir my wonderlik. Die sang - die psalms en gesang - dit was wonderlik. Die oujaarsdiens se preek was besonders.

Die Sondag wat ons na die Gereformeerde Kerk Strand toe is, was ook besonders. Al die bekendes was daar, ons was terug in ons ou gemeente, almal het ons hartlik ontvang, almal was bly ons is daar en ons was bly om daar te wees. En tog was dit vir my - ek het terugverlang na iets toe wat ek nie gekry het nie. Daar was 'n ander dominee wat die dag gepreek het en dit was 'n wonderlike preek, alles was eintlik so mooi, alles waarna ons verlang het.

Ja.... die liturgie was daar, die preek was daar, die saam sing, die....bekende psalms was daar....

Hulle geloofsverhaal blyk tot so 'n mate herskryf te wees dat die vorige hoofstuk nie meer heeltemal sin maak nie. Tog word dit nie afgeskryf nie. Dit bly deel van hulle. Dit was goed. En die aanpassingsproses gaan voort. Dis positief en lekker, dis moeilik en dis vreemd. Die geloofsavontuur duur voort.

Ek het nog 'n probleem om hier te praat van my kerk, myne. Want ek is nog nie heeltemal gemaklik met alles van die Baptiste beweging nie. Daar moet nog baie water in die see loop. Nog baie prosesse deurgewerk word. Ons gaan nie gedoop word nie want ons is as kinders gedoop en dis 'n verbond wat die Here met my gesluit het, met my kinders gesluit het, met my vrou gesluit het - ek hoef nie daai verbond te hernu nie. Maar ek is nou deel van 'n groep wat wel groot gedoop word. Baie van hulle was nog nooit in 'n kerk gewees tot hulle die besluit self geneem het nie. Ek is nog nie gemaklik met al die singery, die gebed begin al vir my makliker raak, maar dis vir my nog vreemd. Hulle siening en beleving van die Heilige Gees is vir my nog baie emosioneel en word opgesweep - dis 'n emosionele opsweping. Maar dit stuit my nie meer teen die bors soos dit my twee, drie jaar terug sou gedoen het nie. By die kerk begin ons al hoe meer en meer vriende kry. Die familie, die familie deel - een in Christus.

Ongetwyfeld gebeur die wonder dat die liggaam van Christus versterk en verryk word. Hierdie nuwe geestelike tuiste, hierdie vreemde deel van die liggaam van Christus, bied vir die Vermaaks baie. Net so word die gemeenskap en die gemeente ook verryk deur dit wat die Vermaaks met hulle saambring het.

Ja... sonder om myself nou 'n punt te wil gee... maar ek wil tog ja.... Sondag oggend toe ek die lessie moet gee na die naweek se hele tema rondom die Heilige Gees was dit vir my dringend belangrik dat ek vir die kinders sê - sonder om enigsins afbreuk te doen aan die uitstorting van die Heilige Gees, die vorige aand se vra van vul ons met die Heilige Gees, en die kindertjies wat gehuil het- sonder om dit te kritiseer of aan te vat of te redeneer.... was dit vir my dringend noodsaaklik om te sê: onthou dis nie eenmalig nie, dis elke dag, elke oomblik moet ons daaraan werk. Ja, by tye gaan dit groter wees, by tye gaan dit hoendervleis gee, maar dit is 'n aanhoudende ding, dis nie 'n eenmaligheid nie. As daar ook gepraat word...van my lewe voor ek 'n Christen was en na 'n Christen.. dan is dit vir my goed om te kan sê maar ek is gebore as 'n Christen. Daar is nie vir my 'n voor en 'n na nie, maar daar was vir my 'n groei. En ek kan getuig van die groei in my lewe. Ek kan getuig van die verandering in my aanbidding, die verandering in my..... verhouding met die Here. Wat tog ook, as ek reg verstaan, daar moet wees. Daar moet altyd groei wees in jou verhouding want ons streef meer en meer om soos Christus te lewe. Die kwessie wat ons in die kar ook gepraat het oor, oor die sonde..... ek haal dit dikwels aan, want dis vir my belangrik. En hierdie mense dink nie aan die sonde nie. Dis net nie deel van hulle verwysingsraamwerk nie. So....ja. Hulle beleef dit baie anderster. Dis nie vir hulle belangrik aan watter kerk jy behoort nie - dis vir hulle belangrik dat jy inskakel by die kerk waar jy gemaklik voel by die kerk. En as ons kom by ons opdrag: Gaan uit en verkondig.... ook iets wat ek hier geleer het, is jy moet maar eers die mense leer ken. Dan kan jy uitgaan en verkondig. Jy kan nie jou Afrikaner maniere hier kom uithaal nie. Dan gaan jy mense afskrik. En in daai opleiding, "training", wat mens dit wil noem, het ons al gevoel dit raak vir ons al hoe meer belangrik om te sê, in die buitekantste wêreld, in my werk, om te sê maar ek's 'n Christen.... En dit is wat die Here vir my beteken. Dat mense so laat kyk, maar dis hoe 'n mens dit hier kom doen. Jou houding, jou voorbeeld en van tyd tot tyd is die geleentheid daar om evangelisering te doen, om die Woord te versprei.

Ek moet darem ook dan sê, dis nie 'n tipiese Baptiste kerk nie. Hierdie is vir my 'n baie 'mild' Baptiste kerk. Ons was bv een aand na 'n AGS kerk toe, the Vine. En dit was vir my regtig baie soos ons die apostolies ken. Hulle het almal saam gebid, heelyd so tussenin. Waar dit baie moeilik was om werklik stil te word. Partykeer kan dit in 'n

Baptistekerk ook so wees en hierdie is nie, hierdie is nie. Dis sing met oorgawe en als maar daar's tog 'n diepte, 'n rustigheid waarna ek nog maar smag - soos ek grootgeword nie.

Maar kyk, dis deel van die Baptiste kerk of Baptiste beweging, hulle is mos nie 'n kerk nie, Baptiste beweging se grondwet: elke gemeente sorg vir sy eie persoonlikheid, sy eie manier van aanbedding, vir sy Hy's 'n entiteit op sy eie.

En hulle dra steeds op 'n besondere manier by tot die identiteit van hierdie gemeente.

4.3 **Interpretasie**

Wanneer interpretasie ter sprake kom is daar eers twee sake wat aandag moet kry. Die eerste is die feit dat daar reeds baie interpretasie plaasvind tydens die insameling van die verhale (data) en veral wanneer die verhaal neergeskryf word (vgl 4.2). Om 'n magdom inligting en verhaalbroke te struktureer in 'n poging om 'n oorsigtelike verhaal daar te stel vra dat waarde oorweeg moet word, dat persone, tyd en plek in ag geneem moet word, dat opgesom en geïnterpreteer word. Om vloei en kontinuïteit te verkry moet interpreterende oorgange en inleidings geskryf word. Dit beteken dat die vertel (skryf) van die verhaal reeds 'n herstrukturering, 'n herinterpretasie van die verhaal is. Dit bring reeds groei en verandering mee vir die navorser en die medenavorsers. Die medenavorsers voel die oefening het gehelp om die lekker en moeilik van hulle ervaring te verwoord en dit het help perspektief bied.

Die verhaal, soos in 4.2 geskryf, is met die medenavorsers gedeel. Hulle het dit deurgegaan, kon hulleself vereenselwig met die inhoud en vorm, maar het 'n paar veranderings voorgestel. Die medenavorsers se reaksies: *Baie dankie vir ons verhaal...ons lees dit so stuk-stuk....maar dit is ons storie...JA. Ons voel nog steeds spesiaal om ons storie oor te vertel.*

Ek het op New Plymouth lughawe die dokument begin lees. Wat 'n kosbare kleinood!!! Oor nog 'n jaar of twee gaan dit darem baie vir my en my gesin beteken.

Skielik voel ek ook groot dankbaarheid. Dus voel ek dat die verandering van die name na skuilname 'n onreg doen aan die hele verhaal. Dit is 'n verhaal wat vertel van groot veranderinge, groot aanpassing en in alles kan mens so mooi die Groot Hand van ons Here sien.

Die verbatim transkripsie van opgeneemde gesprekke, wat in die verhaal aangehaal is, is verander van 'n praatstyl na 'n skryfstyl en enkele verduidelikende opmerkings is bygevoeg. Ek het die gevaar genoem dat ander mense wat deel van hulle verhaal is geïdentifiseer kan word indien plekname dieselfde bly, en vir hulle die gedeelte oor navorsingsetiek (3.4) gestuur. Hulle het steeds gevoel om plekname nie te verander nie en ek het hierdie versoek gerespekteer.

Die tweede saak is my verhaal waarmee ek deel van hulle verhaal geword het (vgl 4.1.4). Hierdie verhaal het uiteraard gelei daartoe dat ek met sekere voorveronderstellings na die Vermaak gesin se verhaal geluister het. Sekere van die vrae wat ek gevra het is ook daardeur bepaal, soos: "Is daar skuldgevoelens?" en "Teenoor wie voel jy skuldig?" asook "Punte van... 'issues' in julle huwelik, van wrywing in julle huwelik, het nuwe 'issues' bygekom, het die oues meer akuut geword, het daar van die oues verdwyn?"

Die gevaar bestaan ook dat ek dan hulle verhaal vanuit my ervaring interpreteer. Hierdie probleem het ek probeer hanteer deur bewus te wees van my verhaal en voorveronderstellings, dit te verwoord en voortdurend te waak daarteen dat dit sentraal staan in die proses. Deurlopende medewerking met die medenavorsers werk die gevaar ook teen.

4.3.1 'n Verhaal loop Vas

Die mens is 'n temporele wese. Die verlede, die hede en die toekoms het 'n wisselwerkende invloed op mekaar. Eindelik word die hede beleef in die lig van die manier waarop die verlede verhaal vertel (geïnterpreteer) word, asook van die manier waarop die toekoms verwag (geantisipeer) word.

Omdat die mens 'n self-bewuste wese is, bewus van wat gebeur het en

in afwagting van wat kom, kan hy ontwikkel, verander, genees en vry word. Omdat ons 'n selftransenderende gees het, kan ons onthou wat gebeur het en tegelyk antisipeer wat kom. Albei hierdie aspekte, die *onthou* en *antisipatie*, beïnvloed die manier waarop ons in die hede lewe.

Deur jou storie te vertel, struktureer jy jou werklikheid. Natuurlik word die verledestorie ook beïnvloed deur die antisipatie van die toekomsstorie. 'n Mens se werklikheidservaring word gestruktureer deurdat persepsies van die verlede en van die toekoms op 'n manier met mekaar in verband gebring word. (Müller 1996:113-114)

Die werklike hermeneutiese vrae van die lewe word gevra wanneer jou verhaal vasdraai, wanneer jy jou vasloop en die toekoms verduister. Jou toekomspektief raak versteur.

Terwyl die lewensproses nog ongesteurd vorentoe beweeg, word ons nie lastig geval met die vraag na die sin van alles nie, maar wanneer ons pad geblokkeer lyk, kan 'n mens dié vrae nie meer ontwyk nie.

So gesien, is die versteurde toekomspektief die primêre motivering vir betekenisvolle verandering. (Müller 1996:115)

Die Vermaaks se verhaal het vasgedraai. Hierdie vasdraai van die verhaal het grootliks om Wessel se werksituasie gebeur.

Maar toe op 'n dag in 1999 besef ek dat ek iewers 'n plan moet maak. Ek kan nie troos en troos en hier en daar dokter en dan ook nog aan my vennoot en sy nukke moet aandag gee nie - dinge het te veel geword. Maar waarheen?

Ek het vir korter tye my kon troos en sê dit is OK. My gesin het groter en ouer geword en ek het nie altyd die energie gehad om hulle te geniet en te help nie. Die ure wat ek in die praktyk was was net te veel.

En ja, toe begin die praktyk stiller word.

Op verskeie vlakke het dinge nie gevlot nie en bygedra tot 'n besef: *Maar mens kan nie, mens kan nie onbeperk lank so aangegaan het nie. So, die hele sameloop het net gesê ons sal moet heroorweeg.*

Die frustrasie rondom die beoefening van sy beroep het 'n groot rol gespeel. Daar is verskeie faktore wat bygedra het tot hierdie frustrasie.

Die Hottentots Holland kom is 'n baie gewilde plek om in te woon en baie algemene praktisyns wil graag daar vestig. Dit lei daartoe dat die kompetisie t.o.v. die lewer van mediese dienste straf is.

Sosio-ekonomiese realiteite in Suid-Afrika lei daartoe dat dit vir al meer mense onbeposigbaar word om dokter toe te gaan. Daarby poog die nuwe staat-sisteem om primêre gesondheidsorg na klinieke en ander staatsbeheerde dienste te kanaliseer. Daar was wetgewing wat die bedryf van 'n mediese diens al minder winsgewend gemaak het - o.a. die wetgewing rakende reseptering van medisyne.

Mediese fondse het onder druk gekom deur wetgewing wat mediese versekering meer toeganklik en beposigbaar vir 'n groter deel van die bevolking wou maak. Dit lei daartoe dat fondse laer drempels stel vir besoeke aan algemene praktisyns of dat dié besoeke uit die lid se sogenaamde spaarrekening gefinansier word. Dit beteken prakties dat die lid maar self vir konsultasies by die huisdokter betaal. Sommige fondse vorm groepe goedgekeurde diensverskaffers in 'n poging om hulle uitgawes te besnoei. Baie gouer as normaalweg is die mediese fonds pasiënt se fondse vir 'n besoek aan die dokter uitgeput.

Mediese fondse het op daardie stadium ook baie lank geneem om 'n eis te verwerk. Dit het die oorbruggingsbefondsing wat die praktyk moes dra dramaties verhoog.

Kongruent met 'n postmoderne Suid-Afrikaanse samelewing was al meer pasiënte ingeligte mense - in baie gevalle egter minder ingelig as wat hulle gedink het. Dit lei tot 'n voorskriftelike houding t.o.v. die behandeling van die huisdokter. Ook kla praktyke dat daar mense is wat die diens gebruik en kan beposig, maar traag is om te betaal. Sommige skryf dit toe aan 'n algemene nie-betaal kultuur. Daarby bestaan die persepsie dat 'n dokter deel is van 'n hulpgewende beroep en hulle het dan 'n eed afgelê om mense te help. Dus word daar gesuggereer dat dit oneties is vir 'n dokter om so agter geld aan te wees.

Hierdie faktore het daartoe gelei dat die praktyk al minder lewensvatbaar geword het.

Dan was daar die verhouding met die vennoot wat spanningsvol was en verswak het wanneer daar finansiële druk op die praktyk was.

Vir Wessel was die frustrerendste waarskynlik die ongelykheid in die samelewing wat beteken het dat die diens wat hy en die hele sisteem kon lewer grootliks bepaal is deur die sosio-ekonomiese situasie van die persoon. Vir die mediese fonds pasiënt kan beter medikasie voorgeskryf word. Wanneer hierdie pasiënt verwys moet word gaan dit vinnig en dienste is van hoë standaard.

Vir die persoon sonder 'n mediese fonds, vir die armer persoon, vir die staatspasiënt, lyk die prentjie heelwat anders. Die huisdokter se behandeling word grootliks bepaal deur bekostigbaarheid van medisyne. Verwysings neem baie lank omdat waglyste by die staatshospitale lank is. Verskeie faktore (soos staatsfondse beskikbaar, personeel moraal, bestuur ens.) lei daartoe dat die diens wat hierdie persone eindelijk ontvang nie altyd van 'n goeie standaard is nie.

Die omstandighede by die werk het noodwendig 'n invloed op die huisgesin gehad. Wessel het moeg en gepreokkupeerd huistoe gegaan. *...as Wessel 'n naweek gerus het dan's dit beter, dan het hy met meer krag Maandag gaan werk* (aldus Alet).

Hy het besef dat die lang ure wat hy werk veroorsaak dat hy heelwat belangrike gesinstyd misloop en die kinders word vinnig groot.

Hulle besige, vol, lewens maak dit nodig dat hulle van ondersteuningsisteme (soos hulle ouers) gebruik moet maak. *Omdat ons 'n besige en vol lewe gehad het, met baie ekstra dinge, was dit vir ons goed gewees. Jy het jou ouers, jy het jou ondersteuning, wanneer ons by mekaar is fokus ons op die positiewe en gaan aan.*

Dit lei daartoe dat daar dimensies (veral die emosionele) in mekaar se menswees is wat nie gedeel word nie.

Hoewel dit goed gegaan het met die kinders by die skool, was daar tog frustrasies. Die klem op (oorbeklemtoning van?) prestasie en uitstyg bo die res lei tot druk op die kinders in die klas en op die sportveld.

Die onsekerheid t.o.v. die onderwysfilosofie en die infasering van uitkomsgebaseerde onderrig skep spanning.

Hulle kerklike lewe het 'n stadium van bevraagtekening bereik. *So het ek dit beleef dat vriende die kerk verlaat. Vriende se broers en susters, en toe uiteindelik my eie broer. Ja dit was swaar tye. Daar is geskommel aan die fundamente. Is ek dalk in die proses gereed gemaak vir wat sou voorlê?*

Die kinders het definitiewe vrae, en Alet het definitiewe vrae eerste keer in ons huwelik wat Alet begin vrae vra het oor die Gereformeerde Kerk, die Dopper Kerk, was toe die kinders begin skool toe gaan het en begin vrae vra het: hoekom gaan ons Strand toe en ons gaan nie saam met ons maatjies N.G. Kerk toe nie? Hoekom sing ons net Psalms? Hoekom nie dit, hoekom net dat....? En klein Deon het protesteer... moeilikheid soggens Sondaesoggende, hy wou nie meer....

Hulle het beleef hoe familie-lede en vriende die Gereformeerde kerk verlaat en selfs in charismatiese gemeentes eindig. Wessel het in die gemeente as bemiddelaar probeer optree tussen diegene wat smag na vernuwing en diegene wat behoudend wou waak oor die tradisie wat kosbaar is.

Alet het dit vaardig reggekry om die huishouding en die gesin so te hanteer dat almal tuis tevrede was. Haar verhaal was minder vasgedraai. Sy was gelukkig, maar het besef dit kan nie so aangaan nie.

Die situasie het op 'n punt gekom dat daar na 'n oplossing gesoek moes word.

4.3.2 Oplossing vir 'n Vasgeloopte Verhaal

Die maande wat gevolg het is gekenmerk deur baie gebed en praat. Baie vrae is gevra. In afhanklikheid van die Here is alle opsies oorweeg.

Op die stadium het ek begin advertensies kyk en alle moontlike rigtings in probeer dink. 'n Paar keer het ek aansoekvorms begin invul en dit nooit gepos nie. Ook selfs in die

buiteland gekyk. Dit het my geweldig gestres. Hoe kan ek as Afrikaner seun my familie hier los? Hoe gaan my vrou en kinders in 'n Engelse omgewing aanpas?

Maar net een - ja net een klein advertensie van White Cross in New Zealand het ek sover gevorder dat ek die 'send' knoppie kon druk. Baie ander in UK en USA en Midde Ooste het ek weer 'delete'

In Suid Afrika het ek ook rondgekyk - meer doelgerig. Selfs het ek en Alet Empangeni toe gevlieg en daar na 'n hospitaal gaan kyk.....Rooi Kruis Hospitaal het vir my gesê my velkleur is verkeerd.... En die salarisse

Daar kom uitkoms. White Cross ('n maatskappy wat hospitaal dienste lewer) bied vir Wessel 'n vier maande locum aan en tref heelwat reëlings om alles so goed en glad as moontlik te laat afloop. Hulle het 'n blyplek gehad, 'n voertuig en min bekommernis. Dit was 'n oase-ervaring vir hulle gewees.

Ten spyte van mense om hulle in Suid-Afrika se vermoedens dat hulle in Nieu-Seeland gaan rondkyk vir permanente werk, hou hulle vol dat hulle terugkom en dit sien as net 'n wegbreekkansie. Selfs tydens die vier maande word Suid-Afrikaners in Nieu-Seeland gemotiveer om terug te gaan Suid-Afrika toe om 'n verskil te gaan maak. *Ons het nog onself die heeltyd gebreinspoel om te sê ons moet teruggaan. Dit was baie lekker, vier maande is ôrraait en als, maar ons gaan terug. Dit was in die begin van dit. "Julle moet saamgaan teruggaan. Julle kan 'n verskil gemaak. As ons almal saamstaan kan ons dinge verander." En skielik het dit al platter en platter geval en aan die einde van die vier maande.... ons het onself probeer bluf.*

Teen die einde van die vier maande se locum in Nieu-Seeland het Wessel verander van: "Hoe kan ek as Afrikanerseun my familie hier los?" tot "Niks kon my meer in Suid-Afrika hou nie."

Hierdie besluit is vir hulle makliker gemaak deur die feit dat die families dit gesteun het. Die feit dat Alet se pa gesê het dat hy die kans met beide hande sou aangryp as hy jonger was, het vir haar baie beteken.

Anders as wat 'n mens dalk sou verwag getuig hulle dat dit vir hulle makliker was om oorsee te verhuis omdat hulle stewige familiebande het. Dit gee die nodige emosionele stabiliteit en geborgenheid om so 'n groot verandering aan te pak. Dit sou vir hulle moeiliker gewees het indien daar geen bande, of konflikbande was.

Die tydelike oplossing het 'n permanente oplossing geword. Nou het die toekoms vir hulle oop gelê. Dit was oop, omdat dit moeilik is om 'n toekoms te antisipeer binne 'n totaal nuwe situasie.

4.3.3 Herstrukturering van die Verlede ten einde 'n nuwe Toekoms te Konstrueer

Vir 'n toekomsstorie wat kan werk, is dit nodig dat daar 'n balans moet wees tussen stabiliteit en verandering. Daar moet genoeg van die ou storie wees wat voortgesit word, maar daar moet ook genoeg wees wat nuut is sodat dit 'n krag tot nuwe homeostase kan wees.

'n Balans tussen stabiliteit en verandering gee homeostase. (Müller 1996:116)

Die Vermaaks se balans was versteur, daar was nie meer homeostase nie. Daar het kontraste ontstaan. Van die kontraste is: Van patriotiese Suid-Afrikaners na mense wat aansoek doen vir verblyfreg in Nieu-Seeland; van toegewyde Gereformeerde lidmate tot lidmate van 'n Baptiste gemeente; van mense wat geglo het hulle roeping lê in Afrika na mense met 'n roeping in die land van die Lang Wit Wolk; van 'n positivistiese "Afrikaner" opvoeding van kinders tot 'n nuwe postmoderne opvoeding van kinders; van 'n huwelik wat van eksterne emosionele ondersteuningsnetwerke gebruik maak tot 'n huwelik wat selfonderhoudend is; van 'n gesin met 'n oorwerkte pa tot 'n gesin wat nader aan mekaar beweeg het. Daar het 'n kongruensie probleem ontstaan.

Aanpassing in 'n nuwe land is basies 'n soeke na kongruensie, 'n soeke na balans tussen die verlede en die toekoms. Wanneer die balans tussen die toekoms en die verlede gevind is kan 'n mens 'n sinvolle, aangepaste hede uitleef.

Om hierdie balans te vind is dit nodig om die verlede te onthou, maar anders te interpreteer. Vir die Vermaaks was die eerste jaar gefokus op oorlewing. Wessel beskryf dit as 'n leef op Maslow se onderste lyn - die basiese behoefte lyn van Maslow se behoefte-hiërargie. Die meeste energie en tyd is spandeer in die voorsiening van basiese behoeftes: *... kar, meubels, skole, kos en brood op die tafel, aanpassing...weet waar's wat - op basiese oorlewing.* Die eerste jaar het hulle ook uit hulle pad gegaan om aan te pas en in te pas.

Die oudste seun, Adriaan, verwoord dit met die metafoor van 'n verlate eiland. Aan die einde van die eerste jaar reageer hy op 'n vraag van 'n onderwyser: "I survived!" Half ironies kom die vraag toe of hy voel dat hy op 'n eiland gestrand was. Dit is presies hoe hy gevoel het en die gesin kon daarmee identifiseer. Almal was trots daarop dat hulle die eise van die eerste jaar oorleef het.

Die tweede jaar was daar terugbeweeg na die eie, na dit wat hulle as gesin kon bydra vanuit hulle uniekheid en vanuit die kultuur en tradisie waaruit hulle kom en vanuit hulle ervaring (praktiese wysheid). Dit het daartoe gelei dat hulle op 'n gemakliker manier getrou aan hulleself kon wees.

Die onthou van die verlede is belangrik, dit dien as boumateriaal vir die toekoms.

Die verlede mag nooit vergeet word nie. As dit vergeet sou word, het 'n mens geen lens waardeur jy na die toekoms kan kyk nie. As die lens van die verlede nie 'n helder beeld van die toekoms wil verskaf nie, moet die verlede geherinterpreteer en geherstruktureer word, maar nie uitgewis word nie. Totale geheueverlies en identiteit is twee heeltemal onversoenbare konsepte. (Müller 1996:118)

Dit is daarom eerder 'n handeling van herstrukturering sodat die verlede inderdaad die boustene vir 'n rekonstruksie kan verskaf. Met herstrukturering word dieselfde storie in 'n ander struktuur weergegee en sodoende geherinterpreteer, en so word bewys gelewer dat die proses van verstaan reeds begin het. Die verlede word gebruik om 'n sinvolle konstruksie daar te stel wat rigtinggewend vir die toekoms kan wees. (Müller 1996:122)

Wanneer 'n mens oorsese verhuis is dit nie net die verlede, hede en toekoms wat ter sprake is nie. Die lokaliteit van jou verhaal, die konteks, verander ook radikaal. Die diskoerse wat 'n invloed op jou lewe het, wat bydra tot jou identiteit (vgl 2.2.4), het verander, tot 'n baie groot mate verander. Dan kan temporaliteit ook nie buite rekening gelaat word nie. Daar vind ontwikkeling by die kinders plaas omdat hulle normale ontwikkeling voortgaan. Ook die volwassenes beweeg steeds deur die fases van die lewe.

Aangesien interpretasietradisies so 'n groot invloed uitoefen op 'n mens se aanpassing na 'n oorsese verhuising gaan die kontraste wat genoem is verder ondersoek word in die volgende hoofstuk.

5 INTERPRETASIE TRADISIËS

Tydens hierdie beweging van die navorsing word gepoog om die ervaringe (verhaal) te interpreteer in die lig van bestaande interpretasietradisië. Die diskoerse en tradisië wat persepsies en gedrag beïnvloed word geïdentifiseer en in verband gebring met die ervaringe.

‘n Diskoers (of interpretasietradisie) is ‘n sisteem van betekenis, metafore, voorstellings, beelde, stories en stellings wat by mekaar aansluit en mekaar wedersyds ondersteun om ‘n objek of konsep te konstrueer. Daar bestaan verskillende diskoerse t.o.v. ‘n spesifieke saak. Sommige diskoerse ontwikkel, word later algemeen aanvaar en word eindelik as die waarheid gesien. (Vgl 2.2.3 vir ‘n meer volledige bespreking)

Weens Suid-Afrika se isolasie a.g.v. die apartheidsbeleid, het die aanbreek van postmodernisme by die land verbygegaan. Hierdie isolasie was op sport-, ekonomiese-, kulturele- en ander gebiede van toepassing. Teen die tyd dat Suid-Afrika weer vir die wêreld aanvaarbaar was en die isolasie opgehef is was postmodernisme in die westerse wêreld goed op dreef.

Dit beteken dat die postmodernistiese wêreldbeskouing en lewenshouding soos ‘n vloedgolf oor Suid-Afrika gespoel het. “... is dit asof ons in Suid-Afrika deur die “rapids” beweeg en die postmodernisme plaas ongekende druk op alle sisteme...” (Müller 1996:57)

“Die nuwe Suid-Afrika is onherroeplik in ‘n volgende tydsgees waarvan ons nie kan ontsnap nie, aangesien ons keuseloos deel is van die postmoderne tyd. In hierdie sin is **ons in die onstabiele revolusionêre fase** van die paradigmatheorie van Thomas Kuhn.” (Du Toit 2000:59)(Müller 1996:57)

Dit was nie ‘n geleidelike, ‘natuurlike’ proses nie. Daarom is dit nie vreemd dat die botsing tussen modernisme en postmodernisme so hewig is in die land nie. Dit was en is verwarrend vir die meeste mense. Die twee reaksiepole is ‘n totale oorgawe aan en meevoering deur postmodernisme en ‘n behoudende teenreaksie en verdediging van dit wat was.

Daar is dus 'n groot potensiaal dat die diskoerse wat geld in Suid-Afrika en in Nieu-Seeland tot 'n groot mate kan verskil. Hoewel die Vermaaks die paradigmaskuif in Suid-Afrika op 'n produktiewe manier probeer integreer het in hulle lewens was die verskil tussen die diskoerse wat gegeld het in Suid-Afrika en die diskoerse wat in Nieu-Seeland geld in kontras met mekaar.

Die invloed van interpretasietradisies/diskoerse op teenstellings wat in die Vermaak gesin ontstaan het gaan bespreek word - wat was die interpretasietradisie wat gegeld het, wat is die interpretasietradisie wat geld en hoe is hierdie kongruensieprobleem hanteer. In verskeie gevalle het die selektiewe toepassing van diskoerse reeds gelei tot 'n verandering. Hulle verhuising na Nieu-Seeland het sekere prosesse verhaas en in ander gevalle gelei tot die verwerping van diskoerse en die aanvaarding van diskoerse wat redelik verskil van die voriges.

Die kontraste/kongruensieprobleme wat ter sprake gaan kom is: van patriotiese Suid-Afrikaners na mense wat aansoek doen vir verblyfreg in Nieu-Seeland; van toegewyde Gereformeerde lidmate tot lidmate van 'n Baptiste gemeente; van mense wat geglo het hulle roeping lê in Afrika na mense met 'n roeping in die land van die Lang Wit Wolk; van 'n positivistiese "Afrikaner" opvoeding van kinders tot 'n nuwe postmoderne opvoeding van kinders; van 'n huwelik wat van eksterne emosionele ondersteuningsnetwerke gebruik maak tot 'n huwelik wat selfonderhoudend is; van 'n gesin met 'n oorwerkte pa tot 'n gesin wat nader aan mekaar beweeg het.

Heelwat aspekte van diskoerse wat in Nieu-Seeland geld is reeds ter sprake gebring onder 4.1.1.2 (Suid-Afrikaanse indrukke van Nieu-Seeland.) en daar sal gevolglik dikwels terugverwys word daarna.

5.1 **Van Patriotiese Suid-Afrikaners na Mense wat aansoek doen vir Verblyfreg in Nieu-Seeland**

Billikheidshalwe moet onmiddellik gesê word dat die Vermaaks steeds patriotiese Suid-Afrikaners is. Hulle het steeds 'n liefde vir, 'n trots op en 'n verlange na Suid-Afrika. Hulle is goeie ambassadeurs vir Suid-Afrika en poog om 'n gebalanseerde beeld van Suid-Afrika deur te gee in Nieu-Seeland.

Wat die stelling beteken is dat die Vermaaks mense was wat gevoel het dat 'n mens in Suid-Afrika moet bly en daar jou deel bydra en jou roeping uitleef om die land op te bou. Nou is hulle 'n gesin wat in Nieu-Seeland bly en hier aansoek doen vir verblyfreg.

5.1.1 **Suid-Afrikaners**

Daar was verskeie diskoerse wat gegeld het as die Vermaaks se definisie van 'n Suid-Afrikaner en dan spesifiek ook 'n Afrikaner. Wessel se gevoel oor die oorweging van werk in die buiteland spreek vanself: *Ook selfs in die buiteland gekyk. Dit het my geweldig gestres. Hoe kan ek as Afrikanerseun my familie hier los? Hoe gaan my vrou en kinders in 'n Engelse omgewing aanpas? Alet verwoord dit deur te vertel dat hulle vir Suid-Afrikaners aan die begin van die vier maande locum in Nieu-Seeland gesê het: "Hoekom is julle hier, julle kan 'n verskil in Afrika maak." "Julle moet teruggaan, julle plek is nie hier nie, julle plek is daar..."*

'n Goeie Suid-Afrikaner hardloop nie weg nie. Baie sterk is die diskoers dat 'n goeie Suid-Afrikaner nie oorsee gaan bly en werk nie. Die wat dit wel gedoen het vanaf 1994 is min of meer as verraaiers gekategoriseer. Daar word skouer aan die wiel gesit, die probleme wat op jou pad kom word hanteer en deurgewerk. Die Afrikaner het 'n trotse geskiedenis waarin moeilike omstandighede die hoof gebied is en iets besonder bereik is. Dit is ons land, ons kan nie alles laat tot niet gaan nie.

Die Afrikaner is aan die suidpunt van Afrika geplaas met 'n baie spesifieke roeping. Om uit die land te gaan impliseer ook 'n verwerping van hierdie roeping.

Mettertyd het die diskoers bietjie verander. Daar was al meer mense wat familie en vriende gehad het wat die land verlaat het. *Dit was deel van ons verwysingsraamwerk van jongmense wat weggaan, wat oorsee gaan. Party kom terug, party bly weg.. party verloor jy kontak mee.....*

Hierdie diskoers het met verloop van nog tyd verder verander. Die diskoers het meer genuanseerd geword. Daar is steeds 'n gevoel dat elke Suid-Afrikaner 'n roeping en 'n rol het om Suid-Afrika op te bou ter wille van al die land se mense. Tog is daar 'n groter openheid teenoor diegene wat 'n alternatief oorweeg. Daar is verskeie mense wat selfs diegene wat in die buiteland 'n lewe gaan probeer maak beny. Alet se pa verwoord dit deur te sê dat hy die geleentheid ook sou aangryp indien hy jonger was. Dit was ook die sentiment van vele mense wat ons in Zeerust gegroet het.

'n Afrikaner is iemand wat trots is op sy/haar familie geskiedenis. Wessel vertel met trots hoe sy voorouers betrokke was by die stigting en opbou van die Gereformeerde Kerk Barkly-Oos. Dit beteken ook dat 'n Afrikaner sy verantwoordelikhede teenoor die familie moet nakom. As oudste seun is dit Wessel se verantwoordelikheid om vir die familie te sorg. As seun is dit belangrik om te sorg dat die familietradisie sal voortleef. Wanneer Wessel se doopdag ter sprake kom skryf hy:

...nog 'n seun wat sy Oupa se name erf. Nog 'n seun wat die Groot genade van Ons Vader van sy geboorte af ervaar. Nog 'n seun wat in die Gereformeerde tradisie sal voortleef.

Dit is ook duidelik dat dit belangrik was dat 'n Afrikaner by die kerk betrokke moet wees en dat die kerklike tradisie in stand gehou moet word en voortgedra moet word.

Wessel en Alet het gerieflik binne hierdie diskoerse gefunksioneer*dit lyk vir my vreemd dat ons twee in 'n ander land kom werk het, want ons het nooit ons afrikaner agtergrond bevraagteken nie. Ons het nooit ons ouers bevraagteken nie, nie ek of sy nie. Dit was goed, dit was reg, ons was gelukkig, daar gaat ons. Ons het nie vrae gevra, ons het nie gewroeg en geworstel nie.....*

5.1.2 Suid-Afrikaanse Nieu-Seelanders

Die feit dat die locum net vir vier maande was het dit vir die Vermaaks moontlik gemaak om in Nieu-Seeland te kom werk sonder dat daar veranderinge aan hulle geldende diskoerse gemaak moes word.

En toe kom die locum in Nieu-Seeland. Wat toe totaal alles verander. Dit het nie die beginsels verander nie, maar dit het gedagtepatrone verander, dit het gedagte.... "trends" verander. Ons het weggebreek van die idee maar net in Afrika is daar 'n roeping. So gaan daar in die tyd nuwe wêreld oop.

Die ervaring van 'n nuwe situasie, die ervaring daarvan om binne ander diskoerse te lewe het verandering gebring. Die ses maande wat hulle terug is Suid-Afrika toe het hulle gebruik om verhale af te sluit, om die een stel diskoerse te verruil vir 'n volgende stel.

Wat dit makliker gemaak het, en die afsluit van my werk, van ons werk, in die Strand was vir ons sigbaar. ,die kerk se verhaal het ons afgesluit. Ek was nie meer ouderling nie, ek was nie meer sameroeper van die jeug nie,..... die kinders was deur kleuterkerk, so daai deel het ons afgesluit waarin sy 'n groot rol gespeel het. En ons het begin afskeid neem. In my praktyk ook, in daai ses maande, ek het vir almal gesê ek gaan weg en hoekom ok, so daar was ook afskeid gewees. Dit het werklik vir ons gevoel of ons daai fase afgesluit het.

Die ses maande het almal die geleentheid gegee om gewoon te raak aan die idee dat die gesin na Nieu-Seeland gaan verhuis.

Tyd te gee om aan te pas. Dit is ook....dit was vir my ook belangrik... dat ek....ek het besluit ons kom. Ek het my beroep, wil ons hier hê. Maar was vir my belangrik dat Alet, dat my kinders en dat my familie saamstem en saam met ons die ding doen.

Hierdie proses waartydens die een stel diskoerse verruil word vir die volgende is nie maklik nie. Daar was tog dae wat mens gewonder het....ons het nog altyd gesê ons moet hier bly, ons het 'n plig hier. Nou begin ons dan verander. Daar was tog dae wat dit bietjie konflik veroorsaak het.

Hulle moes hulle verledeverhaal oorvertel, anders interpreteer om hierdie proses te regverdig. *Ja... ons was gelukkig in Somerset-Wes, ons was... dit het goed gegaan. En iets moes gebeur het om ons ongelukkig te maak, dat ons kan skuif. En daai ses maande het....*

Nou geld ander diskoerse al meer. Alet noem die ou diskoerse, diskoerse van mense met 'n klein wêreldjie, en die nuwe diskoerse, diskoerse van mense met 'n groot wêreld. Ons is inwoners van die wêrelddorp ("global village"). Ons hoef ons nie meer te beperk tot een voorstad (Suid-Afrika) nie.

'n Goeie Suid-Afrikaner is ook iemand wat na die buiteland kan gaan en daar kan gaan wys wat steek in 'n Suid-Afrikaner. Die bydrae en roeping kan wees om die wêreld 'n beter plek te maak om in te bly.

'n Belangrike nuwe diskoers is dat 'n mens die verantwoordelikheid en die reg het om die bes moontlike besluite te neem t.o.v. jou gesin se toekoms.

Om uit Suid-Afrika te trek beteken nie noodwendig dat 'n mens Suid-Afrika afskryf of verraai nie.

Dit is moontlik vir 'n Suid-Afrikaner om in Nieu-Seeland te bly en 'n Suid-Afrikaanse Nieu-Seelander te wees.

5.2. Van toegewyde Gereformeerde lidmate tot lidmate van 'n Baptiste gemeente

5.2.1 Lidmate van die Gereformeerde Kerk

Katkisasie was Maandae middae. Ons is gedril en het baie verse uit die kop geleer. Al die leerstellings van die Dopper kerk is sonder enige vrae aan ons voorgehou. Geen bespreking of geen debat is toegelaat nie. Feite is feite. En ons moes dit net leer. Vir my was dit maklik. Soos jy weet is ek nie een wat baie vrae vra nie. Ter wille van vrede het ek maar net aangegaan. Selfs as ek alleen was het ek ook nie geworstel met vrae nie. Dit was reg soos ons geleer het en ek het veilig gevoel. Daar was nie rede om te twyfel

in die owerhede nie. In St 9 het ek en Anke gekatkiseer. Ouma was baie trots. Twee kleinkinders saam gekatkiseer! Ek kan een vraag baie goed onthou. Hoekom is jy 'n Dopper? Die antwoord is vooraf gememoriseer. "Dit is die enigste kerk met 'n ware en regte leer" Jare later het ek dit in 'n kerkraadsvergadering in die Strand ook weer gehoor. "Onthou broers ons kerk se leer is waar en reg - die enigste"..... Die antwoord het my gepla, maar nie gedurf om dit te bevraagteken nie.

Die diskoers t.o.v. kerk wat geheers het is duidelik. Nadat Wessel en Alet getroud is was dit steeds die geval.

Ons was albei gelukkig in die Gereformeerde Kerk. Veilig, want 'die leer is mos reg'. Ons het nie die nodigheid gesien of die behoefte gehad om enige vra te vra oor die leer en leringe van ons kerk nie. Kortom ons was tevrede. Ons het ons kinders ook in dieselfde tradisie grootgemaak.

Agter die diskoers dat die Gereformeerde kerk die enigste kerk met die ware leer is, skuil die diskoers dat die kerk jou toegang tot die saligheid is, of dan, jy moet in die regte kerk wees om te kan hemel toe gaan.

Hierdie diskoers het 'n gevoel van veiligheid gebied. Maar hierdie diskoers het ook tot 'n eng siening van die kerk gelei. *Ek het die liggaam van Christus gesien as die Gereformeerde kerk en elke lidmaat is 'n ander ledemaat...*

Dit gee ook aan een kerk 'n eksklusiwiteit en kan maklik lei tot 'n geestelike arrogansie.

Binne hierdie diskoers het ook verskeie teologiese diskoerse gegeld. *Onthou tot nou toe was net die Ds en ouderling wettig en geleerd genoeg om te bid. Tuis het net die gesinshoof gebid. En daar was net sekere ooms wat regtig kon bid.*

Hoe arm was ons in die ou dae? Gebed was slegs vir spesifieke mense en tye bestem.

Op universiteit leer Wessel die vreugde ken om die teenwoordigheid van die Here te ervaar in alles wat met hom gebeur en om saam met ander te bid. *Meer en meer begin bewus raak van die feit dat ons nie die Here in 'vorm' en 'leer' kan vasbind nie. Nee, Hy is oral.*

In die 90's het dit begin verander.

Soos die kinders begin groot word het die vrae begin kom. Onthou die middel 1990 jare was gekenmerk deur groot veranderinge wat beslis ook na ons as blanke Afrikaners oorgespoel het. Skielik is die geslag voor ons se doen en late openlik bevraagteken en gekritiseer. Ook op geestelike gebied het die vrae begin kom. Ons vrae het meer oor 'hoe die kinders die kerk ervaar' gegaan en die vrae wat deur ons vriende met kinders gevra word. Ek het altyd hard verdedig aan die gewoontes en 'formalismes' en tradisies. Dit het moeiliker geword om die kinders met ' die kerk sê so' tevrede te stel. (So is ek en my gesin voorberei vir die groooot verandering wat voorgelê het.)

Die diskoers dat die kerk en kerklike tradisie verhewe is bo kritiek is gedekonstrueer. Vrae is gevra en die manier van doen is vanuit die praktyk bevraagteken. Dit is 'n kenmerk van 'n samelewing wat in 'n postmoderne denkraamwerk inbeweeg het.

Dit is ook heeltemal teen die van-bo-na-onder, modernistiese benadering.

'n Belangrike diskoers wat gegeld het en steeds geld is dat 'n mens betrokke behoort te wees by die kerk. *Soos my ouers en groot ouers het ek gou by die kerkbestuur betrokke geraak. Ja en my dankbaarheid was groot , dus ek wou en ek moes.*

Uit dankbaarheid is 'n mens betrokke by die kerk.

5.2.2 Lede van "Baptist Hawera"

Hierdie dankbaarheid het daartoe gelei dat die Vermaaks moeite gedoen het om 'n geestelike tuiste te vind. Om die diskoers dat die Gereformeerde kerk die enigste ware kerk is, in stand te hou was onprakties - daar was nie 'n gemeente nader as twee ure se ry nie. Die diskoers dat 'n mens betrokke moet wees by 'n gemeenskap van gelowiges verhoed dat die gesin onttrek. *Ons kan mos nie. Ons het broers en susters nodig. En ons het mos 'n taak in die 'gemeente' ook.*

Die diskoers wat in Hawera geld is dat dit nie saak maak in watter gemeente jy aanbid nie - solank jy net aanbid. *daar is 'n gemaklikheid in die dorp oor die ander kerke. Anderton wat nou op die plaas is...hulle is Christene, hulle is nie noodwendig Presbiteriane nie, so...deel van ons vriendekring daar ook.... ons is maar net Christene.*

Die Liggaam van Christus as metafoor maak dit moontlik om van 'n Gereformeerde tradisie na 'n Baptiste tradisie te beweeg. *Die liggaam van Christus is vir my 'n groter beeld nou. Dit is waar die oogklappies dalk afgegaan het. Dis nie meer die klein afrikaner Christen plekkie nie.*

Die diskoers oor die Kerk van Jesus Christus het aansienlik verander. *Ek het die liggaam van Christus gesien as die Gereformeerde kerk en elke lidmaat is 'n ander ledemaat, waar ek hom nou sien dat as die liggaam van Christus - die Gereformeerde kerk is dalk die hart en die Baptiste kerk dalk die arm, Sally's is dalk die voete..... Maak nie saak waar pas jy nie.....*

Die diskoers dat die leer van die kerk die belangrikste oorweging is het plek gemaak vir die diskoers dat daar aanbid moet word in 'n gemeente waar die gesin se bedieningsbehoefte bevredig word. *Ons eerste vier maande het ons by die Presbiteriaanse kerk aangesluit. Gereeld hulle dienste bygewoon. Dit was veilig. Dit was 'reg'. Almal in die kerk het ook so gereken. So aan die einde van die vier maande het ek begin wonder hoe ek dit kan regverdig dat ek in 'n kerk sit met my kinders en daar is geen ander kinders nie.*

Die diskoers dat die vorm en tradisie van die kerk oorheersend belangrik is swig voor die diskoers dat vorm nie alles is nie, maar dat liefde en omgee ook belangrik is. *Die ds het nog niks gesê wat ek as lasterlik of dwaalleer beskou nie. Hulle vorm is net anders. Die liefde wat ons ontvang is opreg en wonderlik.*

Die diskoers dat die Here stigtelik en ordelik gedien moet word in 'n gewyde atmosfeer, is verruil vir 'n diskoers wat plek maak vir musiekinstrumente, vir emosie, vir 'n gemaklike atmosfeer. Die nuwe diskoers maak geloof meer prakties, meer alledaags. *Nog positiewe ontwikkelinge. Ons praat weer in die huis oor ons geloof. Ons is honger vir 'kos'.*

Die klem op die versorgende liefde van God wat die gemeente in Suid-Afrika geplaas het is nou verryk deur 'n klem op die uitdra van die Blye boodskap.

So is daar nog baie voorbeelde. Hierdie dekonstruksie van ou diskoerse en die aanvaarding van 'n nuwe diskoers is nie eenvoudig of maklik nie. Dit gaan met wroeging gepaard, dit gaan met onsekerheid gepaard en dit vind geleidelik plaas. Daar is soms 'n teruggryp na die ou, veilige, diskoers. Dit bring 'n botsing van diskoerse mee.

Dit bring selfs ook wrywing met individue mee. Die Kiwi's verstaan nie altyd die diskoerse wat gegeld het in Suid-Afrikaners se lewens en soms steeds 'n rol speel nie. Hierdie botsing word positief en produktief deur die gesin hanteer en dit bring nie net vir hulle groei mee nie, maar ook vir almal om hulle.

'n Bewys dat daar 'n verskuiwing in diskoerse plaasgevind het is die feit dat dit 'n antiklimaks, 'n teleurstelling, was toe eredienste bygewoon is tydens hulle vakansie in Suid-Afrika. *Ja, jy mis dit, maar jy het 'n plaasvervanger gekry.dis nie al wat jy nodig het nie.*

.... ek het terugverlang na iets wat ek nie gekry het nie.

Wessel deel ook: *Dit is waar die oorskryf van die storie inkom. Want dit het definitief in my verander. Waar ek 18maande terug nog sterk sou glo het, maar jou Dopper leer is daar.....kan nie sê dit was vir.. om uitverkies te word nie.... want dit is nie so nie, maar... Die Dopperleer was vir my belangrik, want dit was my kaartjie, dit was my sekerheid....*

Baie sterk kom die diskoers na vore dat daar 'n doel is waarom die gesin na Nieu Seeland gekom het, dat hulle 'n roeping hier het, 'n doel het. Hierdie diskoers dien ook as motivering in tye van swaarkry - "Ons is mos hier met 'n doel".

Interessant dat die pastoor wys daarop dat die diskoers van 'n geestelike leier as 'n geroepene van God, onder die meeste Suid-Afrikaners bestaan. *I think the thing about the South African people in general that has made the biggest impact on me is the obvious respect they have for the position I hold in the church. They recognise and respect the calling that God has placed on my life and they show it in many different*

ways.

5.3. Van 'n Positivistiese "Afrikaner" opvoeding van Kinders tot 'n nuwe Postmoderne opvoeding van Kinders;

5.3.1 Kinders moet hulle Plek ken

Spreekwoorde en gesegdes som dikwels diskoerse op. So is 'kinders moet gesien en nie gehoor word nie' en 'hou op om tande te tel en gaan speel', sprekend van 'n opvoedingsbenadering wat gebou is op 'n hiërargiese verhouding.

Hierdie positivistiese stel diskoerse is ingebed in 'n sekere siening van 'n kind. 'n Kind moet gesag aanvaar. Kennis (akademies en lewenskennis) is absoluut en objektief en word aan die kind oorgedra. Die kind moet sonder enige bevraagtekening die kennis aanvaar en internaliseer. Daar is nie ruimte vir alternatiewe opinies nie.

Daar is nie ruimte vir proefondervindelike kennis, praktiese wysheid, nie. Kinders word keuses ontnem. Die ouer, onderwyser, of gesagsfiguur, weet wat die regte keuse is en verwag van die kinders om dit blindelings te aanvaar en dankbaar te wees dat hulle die verkeerde keuse gespaar is.

Stout kinders moet net gedissiplineer word.

Die waarde van die kind word bepaal deur sy/haar akademiese vermoëns. Daarom word kinders met mekaar en die klasgemiddeld vergelyk.

5.3.2 Kiwi kinders met Suid-Afrikaanse ouers

Kinders is 'n fokus in Nieu-Seeland. (Vgl 4.1.1.2 Suid-Afrikaanse indrukke van Nieu-Seeland) Die filosofie tot kinders word deur die volgende stellings, wat in 'n Nieu-

Seelandse skoolportaal hang, opgesom:

There are Bad Habits
 Bad Haircuts
 Bad Grades
 Bad Days

but there is no such thing as a bad kid.

The greatest gift you can give your kid
is a chance to be one.

Practice positive discipline.

En ook:

From the very beginning of his education, the child should experience the
joy of discovery. - Alfred North Whitehead.

Die diskoers gaan uit van die veronderstelling dat elke kind uniek is, 'n potensiaal het en die beste kans in die lewe verdien. Die kind word geensins minder as 'n volwassene gesien of behandel nie. Kinders word met respek behandel, word ernstig opgeneem en toegelaat om elkeen se eie uniekheid te ontdek, te waardeer en te gebruik.

Billikheidshalwe moet bygesê word dat hulpbronne meer geredelik beskikbaar is in Nieu-Seeland.

Dit gebeur dat die kinders baie vinniger vanuit die diskoerse van die nuwe konteks lewe terwyl ander (Suid-Afrikaanse) diskoerse nog vir die ouers geld.

Maar die negatiewe daarvan het wat ek later in die jaar oor 'n klein dingetjie besef het is: omdat daar nie 'n oom en 'n tannie is of 'n meneer en 'n juffrou is nie, en pa is 'n Afrikaanse woord, het hulle skielik my glad nie meer aangespreek nie. En op 'n dag toe sê ek wag, wag, dis nou 'n foutjie daai. En toe praat ek met die seuns daaroor en hulle het gou weer dit opgevang en my begin aanspreek. Dit was nie net "jy" of "jou" of net hy praat met iemand nie.

Outoriteit, hulle het nie outoriteitsfigure in hulle skool nie. Hulle is almal, dis 'n ouer man maar hy't nie status nie....

En om dit net daar deur te bring, maar wag so bietjie, ek is nog steeds bestuurder van hierdie huis en ek is nog steeds jou pa en ek wil so aangespreek word. Wat ek nie in Suid-Afrika sou hoef

te gesê het vir hom nie, want hy, sou maar deel van hom gewees het..... So, dis 'n groot verandering.

Iemand verwoord dit deur te sê ons is Afrikaner ouers met Kiwi kinders en die ouers het dikwels min insig in die lewenswêreld van die kinders.

Omdat die skoolfilosofie en opvoedkundige benadering (veral vir die laerskool) so drasties van Suid-Afrika se sisteem verskil laat dit ouers met 'n ongemaklikheid.

En ons aanpassing by die skool ook, was moeilikerig gewees, omdat, skielik kom ons agter maar die kinders leer nie meer nie. Hulle kry nie 'n papier om te leer en een of ander tyd word daar toets geskryf nie. So, ons het...gevoel ons verloor beheer, want ons het nie geweet wat gaan aan nie.

Maar ek was baie dae in baie groot opstand oor die skole wat skynbaar in niks aangaan nie. En aan die ander kant was dit my en Adriaan se meeste bakleiery oor leerwerk, want ek wil hê hy moet dit 100% ken en hy dink as hy die helfte van dit ken, ken hy genoeg. So, ons het baie daarvoor koppies gestamp. En nou skielik het dit vir hom lekker geraak, want nou is hier 'n ander manier wat hom meer pas.

Die Suid-Afrikaanse opvoedingsbeleid en nuwe kurrikulum beweeg na uitkomsgebaseerde onderrig. Hierdie stelsel is in Nieu-Seeland in werking, is verfyn en het die nodige ondersteunings- en hulpbronne. Uitkomsgebaseerde onderrig werk en bied soveel t.o.v. die ontwikkeling van die totale kind. Dit gaan nie net oor die verkryging van sekere kennis nie.

Daar vind 'n botsing van diskoerse plaas wanneer die Suid-Afrikaanse familie punte wil vergelyk van toetse en eksamens wat in Nieu-Seeland nie geskryf word nie.

Evaluering vind heel anders plaas.

En ons is nou gewoond aan 'n stelsel waar kinders nie gemeet word teen mekaar nie. Jy meet jou kind teen homself. Deon lees Engels op 'n 12jaar vlak, en dis goed genoeg vir my, want hy is nog 10. Adriaan is in 'n spesiale groepie vir sy wiskunde, 'n ekstra boekie.... Dis vir hom goed, hy het gepresteer. Maak nie saak hoeveel ander daar is.... Dis wat ons anders maak in die huis dan ook. Jou hele motivering..... dit help nie jy probeer motiveer om 'n A te kry of 'n B of wat ook al nie.

Skielik moet jy ander motiverings kry. Om 'n ding te bemeester, om beter te raak, om... nuwe dinge te leer.

5.4 **Van 'n Huwelik wat van Eksterne emosionele Ondersteuningsnetwerke gebruik maak tot 'n Huwelik wat Selfonderhoudend is;**

5.4.1 **Alles moet reg wees as Pa huistoe kom**

Wessel en Alet het 'n spesifieke rolverdeling in hulle huwelik. Hy is die broodwinner en voorsiener van die gesin terwyl sy meer die versorger van die gesin is. Die diskoerse wat geld is dat 'n man vir sy gesin moet kan sorg, 'n dak oor die kop, klere aan die lyf en kos in die maag. Hy bring die geld huistoe en Alet bestuur dit.

Hiermee saam gaan die diskoers dat die man die hoof van die huis is, die leier van die huisgesin is.

Alet vind haar tuis binne hierdie diskoerse. *En tog glo ons die Bybel sê die man is die hoof van die huis en hy sal verantwoording doen..... as die hoof van die huis. Dit is tog iets wat ons rêrig glo. Ons het so groot geword, ja, maar ek glo dit nog, vas. Dit is nie iets wat iemand my maklik gaan oortuig....*

Hierdie opmerking is tog ook kongruent met diskoerse, t.o.v. die vrou en haar rol binne die samelewing, gesin en huwelik, wat heers in 'n meer fundamentalistiese teologiese benadering - soos in die Gereformeerde Kerk, waarskynlik die Baptiste gemeente en 'n beweging soos die Promise Keepers.

Sy is die versorger van die gesin en die emosionele termostaat - sy poog om die atmosfeer so konstruktief en aangenaam as moontlik vir almal te maak. Sy vervul haar rol as goeie vrou wat die huishouding waarneem en die primêre versorging van die kinders behartig. Sy ondersteun Wessel en probeer op alle moontlike maniere om druk op hom te verlig en hulle huis vir hom 'n tuiste te maak.

Die feit dat sy nie vir Wessel onnodig wil belas nie, sowel as die goeie verhouding wat sy met haar ouers het veroorsaak dat sy haar ouers as 'n emosionele ondersteuningsnetwerk gebruik. *En dan het ek baie keer my diepste emosies sommer daar gelos want dan is dit al half uitgesorteer as ek huistoe gaan. En baie keer het my ma-hulle eers my emosies hanteer.*

Dit was vir Wessel goed so. *Omdat ons 'n besige en vol lewe gehad het, met baie ekstra dinge, was dit vir ons goed gewees. Jy het jou ouers, jy het jou ondersteuning, wanneer ons by mekaar is fokus ons op die positiewe en gaan aan.*

Maar dit het ook soms gekrap.

Alet het vanuit die diskoers gelewe dat sy haar ouers nodig het, dat sy nie regtig sonder hulle kan nie. Op die vraag: Wat van hierdie verhaal moes jy herinterpreteer, hervertel.....wat moes hervertel word?, is haar reaksie: *Dat ek groot moes word. Ek moes leer dat ek op my eie voete kan staan. Dat ek nie rerig my ma meer so nodig het as wat ek gedink het nie.*

Hulle beskou hulle verhouding as 'n vennootskap. Binne hierdie vennootskap is elkeen seker van sy/haar rol en saam werk hulle as 'n span saam.

5.4.2 **Ons Twee is een**

Tydens die vier maande locum ervaar hulle ook 'n verandering in hulle verhouding. *Alet lag en is vrolik en my werk is weer 'n plesier. Die passie en liefde is weer terug.* Dit dien ook as motivering om die nuwe diskoerse te hanteer.

In die nuwe konteks, geïsoleer van hierdie emosionele ondersteuningsisteme was Wessel en Alet op mekaar aangewese. Die diskoers dat Wessel nie met onnodige dinge belas moet word nie is deur die praktyk verander. Hulle het nou net mekaar want die eerste jaar is daar ook nog nie eintlik intieme vriende nie.

Hulle het 'n hele nuwe dimensie in hulle verhouding ontdek. *Ek dink wat ons bedoel met ons verhouding het verander is dat ons meer op mekaar se emosies ingestel is. Wat ek dink tog op 'n hoër vlak is. Dit klink vreemd..... maar onthou aan daai kan was haar pa en haar ma daar, en ook my ma. Omdat ons 'n besige en vol lewe gehad het, met baie ekstra dinge, was dit vir ons*

goed gewees. Jy het jou ouers, jy het jou ondersteuning, wanneer ons by mekaar is fokus ons op die positiewe en gaan aan. Waar ons nou nuwe emosies in mekaar ontdek, nuwe denkwyses by mekaar ontdek. Hoewel dit uitdagings bied geniet hulle dit en het dit hulle verhouding verryk en verdiep.

Alet ervaar die nuwe diskoers wat konstrueer dat sy onafhanklik kan wees baie positief. Sy ontdek ook talente en aspekte van haarself. *Wonderlik! Ek is so dankbaar daarvoor.*

5.5 Van 'n Gesin met 'n Oorwerkte pa tot 'n Gesin wat Nader aan mekaar beweeg het.

5.5.1 As Broodwinner moet ek goed Voorsien

Wessel is nog altyd 'n betrokke, goeie pa. Die diskoers dat hy as broodwinner moet voorsien en die realiteit van die praktyk het daartoe gelei dat hy soveel ure by die werk deur moes bring dat hy nie so betrokke kon wees as wat hy wou nie.

My gesin het groter en ouer geword en ek het nie altyd die energie gehad om hulle te geniet en te help nie.

5.5.2 Wie jy Is vir jou Gesin is Belangrik

Die gesin het nou 'n fokuspunt geword. Die kinders gryp nou gou na die werkrooster wanneer dit uitkom en skryf die geleenthede op waarheen pa kan saamgaan.

Ons gesinsdinamika het verander. Ons onderlinge verhoudinge het verander omdat ons meer op mekaar aangewese is....

Die diskoers dat dit ons tussen 'n klomp vreemde mense is het aanvanklik 'n invloed op gesinskohesie. Daarby saam is daar die selfopgelegde druk dat hierdie oefening tog net moet werk. Dinge moet net vir ons uitwerk. Dit is 'n te groot en duur skuif wat ons maak en waarheen

gaan ons terug as ons teruggaan? En toe ons vyf eindelijk weer weg is van almal af, toe weet ons yes ons weet ons gaan en hier gaat ons vir die tweede fase en ons weet ons kan. Dit was nogals 'n lekker gevoel. Hierdie hele skuif het definitief ons vyf nader aan mekaar gebring.

En hulle het vriende gemaak. Ons grootste vrese: sal hulle die Engels baasraak, sal hulle nuwe vriende maak. Dit alles het gerealiseer. Die genade was eintlik te veel. Dit is, sjoe, dit maak dit so half maklik om te weet dit is tog die regte ding.

6. **GOD SE TEENWOORDIGHEID**

Vervolgens gaan gepoog word om die godsdienstige en geestelike aspekte wat ter sprake kom in die verhuisings- en aanpassingsverhaal van die Vermaaks, te struktureer en te beskryf. Veral gaan gelet word op die manier waarop hulle die teenwoordigheid van God in die proses en die situasie verstaan en ervaar.

Dit is glad nie 'n poging om 'n volledige weergawe van hulle geloofbeleving te gee nie. Hulle verhouding met die Here is veel meer as die formulerings in hierdie hoofstuk.

God se teenwoordigheid in die mens, wat dit erken, se lewe het nog altyd 'n groot impak gehad. Deur die jare is hierdie teenwoordigheid op verskeie maniere ervaar en beskryf. Die ideaal is 'n natuurlike, oop en eerlike reaksie op God se teenwoordigheid. 'n Opgewondenheid dat die Here in jou lewe, in jou wêreld wandel (Gen 3:8).

Die realiteit is dat die mens verstrengel raak in aksies en persepsies wat die teenwoordigheid van God onseker maak. God se teenwoordigheid is 'n feit, daar is geen twyfel daaraan nie. Die onsekerheid kom in by die vrae oor hoe God teenwoordig is en wat God se teenwoordigheid vir ons beteken, wat die implikasies is. Dit lei dikwels daartoe dat ons wegkruip tussen die eise van die lewe.

Maar die Here het soveel respek en liefde vir ons (Jes 43:4) dat Hy vir ons 'n ruimte skep om uit eie keuse sy teenwoordigheid in ons lewens kan ervaar. Hy roep voortdurend na ons: "Waar is jy?" (Gen 3:9). Die almagtige God weet presies waar ons is, maar in liefde nooi God ons uit om in sy teenwoordigheid te lewe en sy teenwoordigheid in ons lewens te erken.

Later het God homself teenwoordig gestel in ons wêreld deur mens te word. Jesus Christus was God by ons (Mat 1:23). Deur Christus se teenwoordigheid het dit vir ons moontlik geword om ontslae te raak van dit wat maak dat ons onseker is oor God se teenwoordigheid. Dit het moontlik geword om sonder twyfel te weet dat God altyd teenwoordig is (Mat 28:20b) en om vreugde te vind in die Here se teenwoordigheid (Hand 2:28).

Toe Jesus Christus nie meer in liggaam op aarde teenwoordig kon wees nie, het God

teenwoordig geword as Heilige Gees (Joh 14:26; 20:22).

Deur die geskiedenis was daar heel party simbole van God se teenwoordigheid in die mens se lewensverhale. Daar was 'n wolk (Eks 16:10 ea.), vuur (Eks 3:1-4; Deut 4:24; Heb 12:29 ea), wind (Psalm 104:3-4) en ander weersverskynsels, fluistering in die windstilte (1 Kon 19:12), klip (Gen 28:18; 35:14; Jos 24:27 ea), die ark (Eks 20:6), die tempel en vele ander.

Die sakramente, 'n kerkgebou, 'n kruis, die Bybel, die natuur, 'n trouing, Kersfees, Paasnaweek, ons jaartelling (n.C.), ens. is kontemporêre simbole van die teenwoordigheid van God. Simbole van God se teenwoordigheid is ook baie persoonlik en elke individu kan 'n ander simbool of simbole hê wat herinner aan God se teenwoordigheid of wat bewys dat God teenwoordig is.

6.1 God as troue Bondgenoot

Een van die belangrike simbole van God se teenwoordigheid in Wessel en Alet se lewens is die doop. Die doop as teken en seël van 'n ooreenkoms, 'n verhouding wat God uit sy liefde en genade geïnisieer het.

Dit is vir beide 'n voorreg om in 'n Christelike huis gebore te kon word. Hulle is trots op die feit dat die families waarin hulle gebore is die Here al vir geslagte lank dien en aktief by die kerk betrokke is. Alet se oupa was 'n sendeling in Soedan en Wessel se voorouers was aktief betrokke by die stigting en opbou van die Gereformeerde kerk op Barkly-Oos. Die kollektiewe aard van die verbond is dus vir hulle 'n realiteit.

Wessel verwoord die konsep van die aanbiedende liefde van God en die verbond op 'n besondere manier: *En saam met die eerste teugies borsmelk het Ma vir my gebid!!!! Dit is so tekenend van ons geloof, né. Ongevraagd en sonder verdienste is die seën van die Here aan my oorgedra. So het ek as kind van die Here my lewe begin. Ek is gedoop en is reeds van vroeg af elke Sondag twee keer op 'n dag kerk toe geneem.*

As deel van 'n Baptiste gemeente is vrae rondom die groot doop en eintlik ook die tweede doop (wederdoop) 'n realiteit. Maar net so groot realiteit vir hulle is die verbond wat die Here reeds met elkeen van hulle gesluit het en die feit dat hierdie verbond nie

hernu hoef te word nie. *Ons gaan nie gedoop word nie want ons is as kinders gedoop en dis 'n verbond wat die Here met my gesluit het, met my kinders gesluit het, met my vrou gesluit het - ek hoef nie daai verbond te hernu nie.*

Hierdie vaste wete dat die God in 'n verhouding met hulle staan en dat hulle in 'n verhouding met God staan is die stewige fundamente waaruit hierdie gesin die hele lewe aanpak. Dit was ook die konteks waarbinne hulle die verhuising na Nieu-Seeland en die moeilike aanpassing ervaar en deurleef het.

6.2 **Dinamiese Verhouding met God**

Uit die verhale van die Vermaaks is dit baie duidelik dat hulle verhouding met God 'n dinamiese verhouding is. Daar is ontwikkeling en groei, daar is wederkerigheid en respek, daar is 'n toewyding en opregtheid.

Die verhuising na Nieu Seeland en die gevolglike deel word van 'n ander kerklike tradisie het sekere gevolge vir hulle geloofslawe, en dus hulle ervaring van die teenwoordigheid van God, gehad.

6.2.1 **Wat God wil is Belangrik**

God se teenwoordigheid is vir die Vermaak gesin so 'n realiteit dat dit wat die Here wil sentraal staan.

Dit beteken dat God in hulle lewens teenwoordig is as die Een wat onderhou, wat versorg, wat voorsien, wat omgee en veral ook as die Een wat 'n plan ('n heilsplan) met hulle lewens het.

Dit beteken ook dat hulle in afhanklikheid van die Here wil lewe.

6.2.1.1 *God is Leidinggewend Teenwoordig*

Wessel en Alet ervaar dat God leidinggewend teenwoordig was van hulle geboortes af. Ook deur hulle studentejare. *Ek het altyd gedroom van spesialiseer - om 'n groot Gynae te wees. Wel, ek het duidelik nie mooi geluister na die antwoorde op my gebede nie, want niks in my studies het uitgewerk nie.*

Hoe wonderlik om te kan getuig dat al die groot besluite in my lewe vir my geneem is! Ek is uiteindelik gekeur vir medies. Ek het swaar geleer en baie herre gehad, maar na baie trane en baie gebed het ek graad gekry en ek is baie gelukkig in my werk.

Hulle land in die Hottentots Holland kom. *Maar ons het nie getwyfel dat die Here wel met ons is en dat HY ons in die Strand/Somerset-Wes wil hê nie.*

Vandat hulle beseft het dat daar 'n verandering in hulle lewens moet kom is die maande gekenmerk deur baie gebed en praat. Die oproep uit Nieu-Seeland wat vir Wessel die locum aanbied word 'n geestelike ervaring, 'n verhooring van gebed. Hy sê 'ja' vir die locum. *Ek het nie ja gesê nie, iemand anders het ja gesê.*

Daar was bekommernis dat die werkspermitte, registrasie by die Nieu-Seelandse mediese raad, en al die ander administratiewe rompslomp nie betyds reg sal wees nie. *Maar alles het in plek geval. Telkens was ek en Alet sterk onder die beseft dat ons hele vier maande vakansie in die Here se hande is en dat Hy alles laat gebeur.*

Na die groot besluit om op 'n meer permanente basis na Nieu-Seeland te verhuis het hulle die leiding van die Here gesien en ervaar in vele gebeure - van die feit dat alles voorspoedig verkoop is tot die reaksie van die families. *Dit was alles antwoorde, dit was ongelooflik.*

Daar was 'n ongelooflike vrede dat ons die regte besluit neem. Ek is baie dankbaar vir alles wat so.. te goed gebeur het.

So, al het wie wat gesê..... ons hardloop weg, enigiets. Dit het aan my niks saak gemaak nie, want ek het net geweet hier is soveel seën op hierdie besluit dat dit moet reg wees.

Ook t.o.v. die keuse van 'n gemeente waarby hulle as 'n gesin gaan inskakel het hulle

die leidinggewende teenwoordigheid van die Here ervaar. *Die eerste Sondagoggend gaan ons na die Baptiste kerk. Nie een van ons het besluit nie, ons het net soontogery.*

Wanneer dinge moeilik gegaan het en daar twyfel was, was hierdie leidinggewende teenwoordigheid van die Here vir hulle iets om na terug te verwys. Dit het hulle besluit om te verhuis bevestig.

Wessel het ook 'n besondere bevestiging ervaar. *...die roepingsbewustheid het sterker geword. In daai laaste tyd, voor ons die locum nog gedoen het, het ons altwee en ons ouers baie gebed en gevra maar waarheen, en vir leiding en so..... En ek het dikwels so 'n visioen gekry of so beeld of 'n ding - noem dit wat mens wil..... van 'n klein hospitaaltjie op die rand van die dorp en as jy by die agterdeur uitkyk dan sien jy groen heuwels. En ek het altyd.... en 'n ander taal..die ander taal was vir my baie duidelik. My kinders wat 'n ander taal praat. Publieke vervoer wat my familie bring. Maar ek het nou nie duidelike beelde...Malaysian Air en sulke goete nie. En ek het altyd dit gesien as..... nee, dis goed, ons gaan Afrika toe gaan. Die ander taal - die kinders gaan in Afrika dan nou aanpas by 'n skool.... dit is reg so.... As die Here wil ons moet daar gaan werk.... maar watter hospitaal? Empangeni was deel van dit gewees..... die ou het onmiddelik my e-pos geantwoord toe ek hom geskryf het en belang gestel het.... daar was niks groen nie..dit was net stof....dit was 'n warm September dag. En tog het 'n mens gedink: ja....seker..... En toe ons nou vir die locum hier is. Die eerste dag wat ek deur die nuwe hospitaal geloop het, die agterste deure was nog nie in nie... toe loop ek so dwarsdeur uit... en toe steek ek vas en ek sien die berg en ek sien hierdie groen 'paddocks'.... en ek het geskrik want ek weet toe maar.... dit is die antwoord.*

Hy interpreteer hierdie ervaring: *Miskien rustigheid. Ek het net so 'n groot rustigheid gehad dat dit die regte plek is. Op daardie stadium het ek nog nie regtig besluit om terug te kom nie. Ek dink ook nie dit het my laat besluit nie. Soos reeds gesê ek kan nie onthou of ek regtig besluit het om terug te kom nie. Dit het net gebeur!!*

6.2.1.2 *Die Woord as God se wil*

God se leidinggewende teenwoordigheid in die Woord is vir hierdie gesin baie belangrik. Daar word dinge gesê soos: “As ek die Bybel reg verstaan.....” en “Die Bybel leer ons mos dat.....”.

Tog is hulle binne hulle nuwe konteks gekonfronteer met ‘n ander benadering tot die Bybel, met ‘n ander stel interpretasies van die Woord.

Dit was positief aangesien dit hulle opnuut motiveer om die Bybel te bestudeer en daardeur te soek na dit wat die Here vir hulle in hulle omstandighede wil sê.

Alles wat hulle hoor en beleef word aan die Woord getoets.

6.2.2 **God kom Nader**

Die hele proses waardeur die Vermaaks is, van die besluit tot die aanpassing, was vir hulle ‘n ervaring wat hulle verhouding met God versterk het.

Wessel beskryf ‘n proses waardeur sy beleving van God gegaan het. Aanvanklik was God net teenwoordig in die erediens, maar min of meer tydens sy universiteitsjare het God nader gekom en was daar wanneer hy briewe met slegte nuus ervaar het, *en ook daar waar ek voor die kennisgewing bord - met toetspunte - staan*. God was veral ook intens teenwoordig toe sy pa en broer in ‘n ongeluk oorlede is en gedurende die swaar tye daarna.

Die naderkom van God sedert hulle in Nieu-Seeland is word so verwoord: *omdat ons nie ‘n spesifieke datum het - van bekering nie, was daar vir my veral die laaste ruk ‘n groot verandering van “religion and relationship with God”. Ons is gebore as Christene in ‘n Christen huis en ons het opgegroeï as Christene.... so ons Gereformeerde leer het ons redelik daar gehou. Maar die verhouding van my geboorte af na waar dit tot vandag is, is anders. In die laaste ruk, die hele aanloop, die hele.... groeiproses het meer..... met ons besluit om te kom en dan die aanpassing hier... is daar in my verhoudingslewe met die Here is daar groot verandering. Verandering in die sin van....ja.....nader, meer gefokus, meer bewus van ja.... al ons*

goed het reg uitgewerk en dit is 'n teken daarvan dat die Here se seën daar is, dat dit nog hier goed gaan. In ons daaglikse beleving, in ons daaglikse gebedsverhoring, al daai goed ervaar ek nou meer as wat ek as Afrikaanse Dopper seun daai tyd ervaar het.

Alet beskryf dit dat die Here meer 'n vriend geword het en nie net God nie.

Ek waag dit om te sê dat hulle beweeg het van lidmate van 'n gemeente wat God gedien het tot mense wat die God dien en dit uitleef binne 'n gemeente. God het baie meer persoonlik teenwoordig geword vir hulle.

6.2.3 God se Dinamiese Roeping

God se roepende teenwoordigheid is 'n realiteit. Hulle ervaar hulle huwelik as 'n roeping van God, hulle ervaar die opvoeding van hulle kinders as 'n roeping van God. Wessel se beroep is ook vir hom meer as 'n manier waarop hy kan voorsien vir die gesin. *Dae wat dit swaar gaan herinner ek my gereeld daaraan dat ek 'n roeping het, nie 'n beroep.*

'n Roeping is om God te verteenwoordig binne 'n bepaalde konteks. Hierdie verteenwoordiging beteken dat jy so moet lewe dat God daardeur verheerlik word. ^{Mat 5:16} Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.

Die verteenwoordiging beteken ook dat ons medewerkers van God moet wees. ^{2 Kor 6:2} As medewerkers van God doen ons 'n beroep op julle om te sorg dat julle die genade van God nie tevergeefs ontvang het nie.

Ons word geroep om deur prakties-teologiese wysheid 'n verskil te maak binne die betrokke konteks.

Wessel en Alet ervaar God teenwoordig in die roepings wat hulle van Hom ontvang het. Hulle het ook ontdek dat die roeping van God nie staties en stagnant is nie, maar dinamies. Dit lei daartoe dat hierdie twee mense hulleself met oorgawe toelê op enigiets waartoe die Here hulle roep.

Waar hulle altyd oortuig was dat God hulle roep binne die Suid-Afrikaanse of Afrika konteks het hulle nou sekerheid dat hulle roeping in Nieu-Seeland lê. In elke geval vir die volgende aantal jare.

Behalwe dat Alet haar roeping as onderwyseres binnekort weer wil uitleef en haar roeping as moeder toegewyd uitleef, ervaar sy die afgelope tyd ook die roeping om dienend by die gemeenskap betrokke te raak. *Maar ek het tog party dae.... ek begin tog die behoefte kry om bietjie meer van die gemeenskap betrokke te raak.*

Dit word bevestig deur hul pastoor. *Alet has a gentle Spirit about her that I'm sure God will use in many different ways, she has a willingness to get involved and help wherever needed, she has also indicated that she wants to be more involved in children's church, and they both lead a small home group.*

6.3 Deel van die Liggaam van Christus

In hoofstuk 5 (5.2.2) is gewys daarop dat die metafoor van die Liggaam van Christus en die diskoerse rondom kerk van Christus wees, 'n groot rol in die gesin se lewe gespeel het. God is teenwoordig in die Liggaam van Christus.

6.3.1 **Ervaar God in 'n ander Deel van die Liggaam**

Die warm en opregte aanvaarding en liefde wat hulle van die begin af van almal by "Baptist Hawera" ervaar het maak dat hulle tuis voel. Die optrede van die mense gee tasbaarheid aan die verwelkoming van die pastoor waarin hy beklemtoon dat almal lede is van die liggaam van Christus.

Waar hulle hulle lewe in Somerset-Wes as gefragmenteerd ervaar het, en die kerk een van die groepe in hulle lewens was, ervaar hulle in Hawera 'n groter mate van integrasie. Die gemeente, die Liggaam van Christus, speel 'n sentrale rol in daardie integrasie. Dit is vir Alet besonders en belangrik. *En by die Liggaam, by die kerk, daar begin ons al hoe meer en meer ons vriende kry. Daai familie, daai familie deel - een in Christus.*

Ons begin al meer vriende by die kerk kry. En elke keer kom dit terug daarnatoe. Ons word 'n familie by die kerk. En dit is vir my belangrik. Dit is eintlik wonderlik om te dink dat ons dit binne 'n jaar al so kon kry. Ons is gelukkig, ons kinders is gelukkig...

6.3.2 God Teenwoordig in 'n ander Aanbiddingstyl

Die groter gemaklikheid, spontaneïteit, ritme in die lofprysing en vele ander goed was totaal vreemd en is waarskynlik op 'n stadium gesien as 'n ruimte waar God se teenwoordigheid nie ervaar kan word nie.

Kostelik beskryf Wessel so 'n ervaring: *Kan julle indink hoe dit klink as 1000 man die Onse Vader saam hardop bid. Toe ek kom by "Vir ewig en altyd - Amen" begin iemand spontaan handeklap. En dit dreun deur die saal. Ek skrik en hou my oë styf toe en vra mooi om verskoning vir die onrespekvolle maniere... Of is dit ? Is uiting gee aan gevoel dan so verkeerd?*

So word ou diskoerse bevraagteken en God se teenwoordigheid word ervaar in 'n ander aanbiddingstyl. Die emosionele dimensie van aanbidding wat bygekome het in die nuwe konteks word positief ervaar nadat hulle meer gewoon geword het daaraan.

Hoewel God se teenwoordigheid binne hierdie nuwe bedieningstyl ervaar en geniet word het Wessel en Alet tog ook ander behoeftes wat nie altyd 100% bevredig word nie. Hulle het ook 'n behoefte om soms net stil te wees in die teenwoordigheid van God, hulle het ook die behoefte aan 'n gewyde atmosfeer waar die fokus is op die heilige en almagtige teenwoordigheid van God.

6.3.3 God se Teenwoordigheid waar Tradisies Saamvloei

Dit is wonderlik en opwindend om te sien hoedat die Here teenwoordig is waar die tradisies van die Gereformeerde kerk en van die Baptiste beweging saamvloei.

Die Here gebruik hierdie situasie om deur middel van kruisbestuwing groei te

bewerkstellig vir die Vermaaks sowel as hulle broers en susters in Christus, hulle mede kerkgenote. Dit het net weer vir my duidelik geword dat ons nooit so arrogant moet wees om te dink dat ons ooit God in sy volheid kan ken nie. God is dinamies, interessant, veelkantig, onbegryplik. Elke gelowige en elke denominasie ervaar God op 'n unieke manier. Wanneer hierdie individue en hierdie denominasies by mekaar kom en met mekaar hulle ervaring van God se teenwoordigheid deel ontstaan daar 'n fassinerende verryking plaas.

Binne 'n konteks met groter klem op die groot doop, die Heilige Gees, bekering en 'n datum van bekering, bring die Vermaaks 'n nuwe dimensie. Hulle getuig van die teenwoordigheid van God deur die verbond. Hulle ervaar die Heilige Gees op 'n meer tasbare manier, maar maan ook dat die Heilige Gees se teenwoordigheid meer behels as geestelike hoogtepunte.

As daar ook gepraat word...van my lewe voor ek 'n Christen was en na ek 'n Christen geword het, dan is dit vir my goed om te kan sê: maar ek is gebore as 'n Christen. Daar is nie vir my 'n voor en 'n na nie, maar daar was vir my 'n groei. En ek kan getuig van die groei in my lewe. Ek kan getuig van die verandering in my aanbedding, die verandering in my verhouding met die Here. Wat tog ook, as ek reg verstaan, daar moet wees. Daar moet altyd groei wees in jou verhouding want ons streef meer en meer om soos Christus te lewe.

Binne 'n postmodernistiese samelewing met min skuldbesef bring die Vermaaks ook balans en onderstreep sodoende ook die genade van ons Here. *En hierdie mense dink nie aan die sonde nie. Dis net nie deel van hulle verwysingsraamwerk nie. So...ja. Hulle beleef dit baie anders.*

Die gemeente bied 'n ekumeniese perspektief. *Dis nie vir hulle belangrik aan watter kerk jy behoort nie - dis vir hulle belangrik dat jy inskakel by die kerk waar jy gemaklik voel by die kerk.*

Waar die Vermaaks kom uit 'n konteks waar die fokus sterk was op die versorging en bewaring van God, word hierdie perspektief nou verryk deur 'n fokus op die verantwoordelikheid van die gelowige om 'n getuie te wees vir God, om God ook teenwoordig te maak in ander mense se lewens.

Die saamvloei van tradisies onderstreep die variasie en rykheid van die teenwoordigheid van God in mense se lewens.

7 INTERDISSIPLINÊRE VERRYKING

Daar gaan nou gepoog word om die interpretasie en verstaan wat reeds plaasgevind het te verryk deur middel van insigte wat van ander dissiplines verkry word. Deur hierdie verryking van die verhale en die herinterpretasie en hervertel van die verhale van die medenavorsers gaan gepoog word om by 'n dikker, voller, beskrywing van die proses te kom. Daar gaan hoofsaaklik gebruik gemaak word van literatuur vanuit die sielkunde.

7.1 Motivering vir Verhuising na Nieu-Seeland

Die motivering vir 'n groot stap soos 'n oorsese verhuising is belangrik. In die studie van Pernice et al (2000) is verwag dat Suid-Afrikaanse immigrante, met hulle Europese en Engelssprekende agtergrond, beter sal vaar in die verkryging van werk en oor die algemeen 'n beter geestesgesondheid¹ ("mental health") sal hê as die immigrante uit die Republiek van China en Indië wat aan die studie deelgeneem het.

Die Suid-Afrikaners was by verre meer suksesvol in die verkryging van werk (83% teenoor 11% 25% respektiewelik) maar het 'n lae vlak van geestesgesondheid beleef.

It was expected that South African immigrants would have similarities with immigrants from Britain due to their cultural affinity with the majority of New Zealanders. The difference between South African and British immigrants may lie in the reasons for migration.(Pernice et al. 2000:27)

¹Geestesgesondheid word hier gebruik as 'n term wat dui op 'n gebalanseerde, gesonde gemoedstoestand (emosioneel en sielkundig).

Pernice et al (2000) verwys na die kinetiese model wat Kunz² ontwikkel het om die verskil tussen Britse en Suid-Afrikaanse immigrante te probeer verklaar. Hierdie model stel die 'stoot' en 'trek' kragte wat dien as motivering vir migrasie, teenoor mekaar. Aan die een uiterste is die gedwonge migrasie van 'n vlugteling en aan die ander kant is die kontinuum van trek-kragte soos beter werksgeleenthede en 'n beter lewenstyl in die nuwe land.

Vrywillige immigrante het ook die voordeel dat hulle kan terugkeer na hulle land.

Die meeste Suid-Afrikaners wat aan die studie deelgeneem het is uit Suid-Afrika as gevolg van politieke onstabiliteit, geweld en misdaad - dus stoot-kragte.

Hoewel Suid-Afrikaners die lewenstyl, kultuur en omgewing in Nieu-Seeland as trek-kragte sien, word dit oorskadu deur die stoot-kragte. Suid-Afrikaners is dan semi-vrywillige immigrante met 'n ambivalente gevoel t.o.v. die wegtrek van hul geboorteland.

Hoewel hulle kan terugkeer is dit nie so eenvoudig nie. Aan die een kant: Waarheen gaan hulle terug, aan die ander kant is sommige Suid-Afrikaners met soveel fanfare uit die land dat dit sielkundig vir hulle so te sê onmoontlik is om terug te keer. Finansiële realiteite maak dit ook vir 'n groot groep Suid-Afrikaners in Nieu-Seeland onmoontlik.

Uit Wessels (2001) se studie blyk die redes vir emigrasie uit Suid-Afrika te wees: misdaad, ekonomiese toestande, lewenskwaliteit, opvoedingstelsel, werksgeleenthede, emigrasie as uitdaging of verbreding van horisonne, toekoms vir kinders, mediese- en gesondheidsorg, sosiale sekuriteit, meer keuses of opsies oor waar om te vestig, stabiele toekoms of sekuriteit.

De Freitas 1999(b) noem die volgende redes waarom Suid-Afrikaners kies om na Nieu-Seeland te kom: vir vrede en stabiliteit; veiligheid vir hulle kinders; ter handhawing van opvoedkundige- en gesondheidsstandaarde; a.g.v. grootskaalse regstellende aksie; a.g.v. post-traumatiese stresversteuring na blootstelling aan geweld en misdaad. (vgl ook Engelbrecht 1998:289-291)

Patroonkategorieë waarbinne hierdie redes geplaas kan word is:

Voorstellings wat faktore aanspreek wat afhanklik of gedeeltelik afhanklik is van die **staat** of openbare sektor.

²Kunz, E.F. 1973. The refugee in flight: Kinetic models and forms of displacement. *International Migration Review*. 7

Voorstellings wat verwys na die voorkoms van die **natuur of natuurverskynsels**.

Voorstellings wat verwys na die **sosiale** sisteme in die omgewing.-vriendelikehied, kommunikasie

Voorstellings wat verwys na die deelnemer se **verhouding met die omgewing**. - veiligheid, bekendheid, bekommernisse

Voorstellings wat verwys na **werkverrigting** - produktiwiteit, doeltreffendheid, werksure.

Voorstellings wat verwys na aspekte van die **fisiese voorkoms van die omgewing**. - ruimte, besoedeling, verkeersdigtheid.

....na **lewensstyl** - privaatheid, lewenspas, buitegerigte vs binnegerigte lewe (Wessels 2001:62-63)

Voornemende immigrante idealiseer dikwels die land waarheen hulle op pad is. “Daar mag dus ‘n verskil wees in ‘n voornemende emigrant se voorstelling van die voornemende land van verblyf, en ‘n Suid-Afrikaner wat geen planne het om na daardie land te emigreer nie.” (Wessels 2001:75)

My medenavorsers se verhaal het vasgedraai in Suid-Afrika. Na die locum in Nieu-Seeland het trek-kragte ‘n groot rol gespeel in hulle verhuising. Wessel beklemtoon: *Alhoewel ons storie vasgedraai het, het ons nie weggehardloop nie. Net nuwe kanse aangegryp.*

Noudat hulle in Nieu-Seeland is dien die stoot-kragte as bevestiging dat hulle die regte besluit geneem het. *Noudat ons langer hier is, nou begin dinge soos die veiligheid situasie, soos die agteruitgang van die skole, ook deel raak van ‘n mens se rede hoekom jy die regte besluit geneem het.*

Wat ook al die stoot- of trek-kragte wat ingewerk het en gedien het as motivering vir die oorsese verhuising, die aanpassingsproses waardeur gegaan word vandat besluit is om te verhuis is ‘n emosionele mallemeulerit.

7.2 Proses van Aanpassing in 'n Nuwe land

De Freitas 1999(a) gebruik William Bridges¹ se model t.o.v lewensoorngange en veranderinge as raamwerk omdat die eenvoud daarvan dit baie bruikbaar maak.

Hierdie raamwerk deel die proses in drie hoofdele: eindes, die neutrale sone en nuwe beginne.

Dit stem tot 'n groot mate ooreen met 'n narratiewe benadering. Die verhaal draai vas. Dit veroorsaak die verduistering van die toekomsverhaal.

Dit beteken dat die verledeverhaal hervertel en geherinterpreteer moet word.

Dit lei dan tot 'n nuwe uitleef van die hede met 'n geantisipeerde toekomsverhaal.

7.2.1 **Eindes**

Elke oorgang of verandering in die lewe begin met 'n einde. Hierdie eindes kan verdeel word in losmaking (“disengagement”), distansiëring (“disidentification”), ontnugtering (“disenchantment”) en disoriëntasie (“disorientation”)

7.2.1.1 *Losmaking*

Die proses van fisieke en emosionele skeiding kan lei tot baie ambivalensie. Al is daar dikwels pogings om die impak van die wegtrek te antisipeer, is niemand voorbereid op die trauma wat dit inhou nie. Die immigrant word deur 'n individuasiëproses gedwing. Hoe groter die verskil tussen die huidige land van verblyf en die nuwe land van verblyf, hoe erger is die proses van losmaking en individuasie.

Die immigrant se vermoë om hierdie losmaking en gepaardgaande verliese te hanteer hang af van vorige ondervinding en hantering van losmaking en verliese.

7.2.1.2 *Distansiëring*

Our identity is linked to gender, age, nationality, language, relationships, role functions, customs, vocation, religious persuasion, status in society

¹Bridges, W. 1980. *Transitions. Making Sense of Life's Changes*. London.

and lifestyle. Separating from familiar connections can radically disrupt ones definition of self. (De Freitas 1999:1)

Indien ons vanuit die sosiaal konstruksionistiese perspektief daarna kyk is dit vanselfsprekend dat daar onsekerheid t.o.v identiteit sal wees wanneer uit een konstruerende gemeenskap beweeg word in 'n ander een in. Identiteit word immers sosiaal-konstruksionisties gevorm en onderhou.

Die verlies aan 'n stabiele identiteit kan lei tot regressie en die uitvoering van lewenstake wat ooreenstem met die tyd wanneer 'n individu hom-/haarself definieer - bv tydens tienerjare. Afhanklikheid, onsekerheid oor die self en hulpeloosheid kan selfs lei tot angstigheid en depressie.

Immigrante neig om 'n sogenaamde 'oorlewings-identiteit' te vorm. Op 'n kunsmatige manier word soveel as moontlik van die nuwe kultuur aangeneem in 'n poging om te behoort, om in te pas. In die proses word die eie kultuur dan verwerp. Dit kan as oor-kompensasie gesien word. Identiteitsprobleme binne die konteks van die nuwe land word verder bespreek onder 7.3.2. aangesien die fokus hier meer is op die verlies van identiteit wanneer die verbintenis met die huidige land van verblyf beëindig word.

Antilla (1995:80) is oortuig dat daar 'n dissosiasie gehandhaaf moet word ter wille van stabiliteit. Die nuwe land moet ge-idealiseer word en die oue afgemaak word. As hierdie dissosiasie nie vir 'n tyd lank gehandhaaf word nie, is die verwarring ondraaglik. (vgl ook Renshaw 1989)

7.2.1.3 *Ontnugtering*

Oorgange begin dikwels met teleurstelling en het die potensiaal om later op 'n ontnugtering uit te loop.

Immigrants may have for some time contemplated migration due to dissatisfaction with their lifestyle and awaited push or pull of some nature to initiate the move. The country of origin is de-idealised and the new, idealised as justification for the commitment. However, as a matter of

course, a paradox is experienced when after the initial euphoria, there is an inevitable sense of disenchantment regarding aspects of the new.

(De Freitas 1999:2)

Dit kan lei tot 'n onbillik kritiese houding teenoor die nuwe land, 'n gevoel van vervreemding en 'n oormatige verlange huistoe.

Antilla (1995:77-79) meen dat bewustelike en onbewustelike fantasieë t.o.v. die nuwe land ontstaan. Dit word byna deur die bank gesien as 'n beter plek om in te lewe, die land van melk en heuning, die beloofde land. Dit is die plek waar die lewe sal wees soos wat dit veronderstel is om te wees, die land van harmonie, sukses, voorspoed, skoonheid en vrede. Soos die Nieu-Seelanders dit stel: "God's own zone."

Al die mense van die nuwe land gaan verwelkomend en akkommoderend wees. Die nuwe land is die plek waar die probleme van die ou land nie bestaan nie en waar 'n beter lewe gemaak kan word. (Vgl ook Smith 2002; Renshaw 1989:45)

Antilla (1995) gebruik interessante metafore om die persepsies van die nuwe land mee te verduidelik. Op 'n dieper, onbewustelike, vlak verteenwoordig die nuwe land 'verbode kennis' soos in die verhaal van die tuin van Eden. Adam en Eva gaan in 'n nuwe sone in, eet van die boom van kennis en hulle oë gaan oop, maar hulle word ook verban uit die paradys. Die vrywillige beweeg in 'n nuwe sone in lei tot 'n verbanning.

In die verhaal van Oedipus 'immigreer' hy na 'n nuwe land. Met die aanhoor van die voorspelling dat hy sy eie pa gaan doodmaak en met sy ma gaan trou, emigreer hy weer. Op pad maak hy sy pa dood sonder dat hy dit weet. Omdat Oedipus die antwoord op die raaisel van die Sphinx-monster het, wen hy sy geboortema as vrou en gaan regeer hy as koning in Thebes. Hy was verpletter toe hy later agterkom wat gebeur het. Hy maak homself blind deur sy oë uit te steek. Sy vermoë om die wêreld te sien is weg, maar sy insig en selfkennis verbeter. Oedipus betaal 'n duur prys vir sy kennis en vir sy persoonlike groei.

Abraham word deur die Here uit Ur geroep om te emigreer na die beloofde land. Hy word ook gevra om 'n duur prys te betaal, om sy seun te offer - eintlik om totaal gehoorsaam aan God te wees, wat ook al die omstandighede.

Antilla (1995) meen dat nuuskierigheid onbewustelik gekoppel word met sondigheid. Om die onbekende te ken en te wil ken is sondig. Hy trek die vreemde maar interessante verband tussen kennis en seksuele omgang (wat in die Bybel genoem word 'om te ken', of die ou vertaling: hy het sy vrou beken). Om te ken, om die vreemde te leer ken, het onbewustelik 'n seksuele, en dus verbode, betekenis vir ons. Om in 'n nuwe land in te gaan is om in 'n verbode sone in te beweeg.

Daar mag ook skuldgevoelens wees dat hierdie nuwe kennis en ervaring, hierdie groei, plaasvind. Daar vind 'n weergeboorte plaas.

Hierdie fantasieë lei noodwendig tot ontnugtering op een of ander vlak.

Bennet et al (1997) waarsku dat Suid-Afrikaners mag dink dat dit maklik is om na Nieu-Seeland te verhuis aangesien taal nie 'n probleem is nie en kulturele verskille op die oog af nie so groot is nie.

However, geographical relocation has significant social, psychological and financial implications for migrant families. A broad range of stressors associated with relocation to another country have been identified. Some of the potential stressors are alterations in financial status, loss of close relationships, new recreational and educational patterns for children, pressure to succeed in a new job, establishment of new working relationships, housing problems, spouses' employment, community involvements, fear of the unknown, sense of isolation, new geography, new secondary relationships (e.g. doctor, church), new style of dress and language. For South African immigrants to New Zealand the social, economic and psychological costs may be higher than expected. Such costs may result in stress and the need for significant adaptation. Where costs are perceived to outweigh benefits, maladaptation to the new environment may occur. (Bennet et al. 1997:160)

Wanneer hierdie ontnugtering te groot is kan dit dus lei tot wanaanpassing en baie ongelukkigheid in mense se lewens.

7.2.1.4 *Disoriëntasie*

Die progressie deur die afsluitingsfases laat die immigrant in 'n staat van disoriëntasie beland met die gevoel dat hulle in 'n ongedefinieerde wildernis is. Hierdie staat van disoriëntasie lei tot die neutrale sone.

7.2.2 **Neutrale Sone**

Dit is die tussenin fase. Dit is waar die aanpassing gemaak moet word. Daar moet beweeg word van onsekerheid en verwarring na 'n mate van helderheid en rigting.

It is here where the lack of clear direction and fluctuating polarities of emotions and ideas results in the analysis paralysis common to important transitions. Immigrants often report this experience when faced with attempting to determine their sense of identity in their new culture. There may be lack of vision of the future and the turmoil of ambivalence regarding their decision spins them into a period of withdrawal, regression and indecisiveness. (De Freitas 1999:3)

Die beste manier om hierdie fase te hanteer is om oor te gee aan die gevoel van leegheid en te aanvaar dat dit normaal is. Hierdie ruimte, die neutrale sone, kan ook die geleentheid wees om insigte t.o.v. die self en situasies te ontwikkel.

Antilla (1995:80) se konsep van oorgangsruimte stem ooreen met die neutrale sone. Daar word gepleit vir die skep van 'n innerlike speelgrond. Kulturele ervaring begin by 'n kreatiewe leef wat eerste in spel manifesteer. Deur 'n speelse houding word vertroue en selfvertroue opgebou. Dit is ook goed om iemand of iets te hê as 'n oorgangsobjek - een vaste punt wat jou die vrymoedigheid gee om te speel. Daarsonder kan paranoïede angstigheid en paranoia ontstaan.

Die hantering van hierdie proses van verhuising en gepaardgaande geestesgesondheid, van hierdie deurgaang deur die neutrale sone, word deur vele faktore beïnvloed: geslag,

ouderdom, finansiële vermoë, vaardighede, aanpasbaarheid van die gesin, kulturele ooreenkomste tussen die ou land en die nuwe, aanvanklike geestesgesondheid, lokus van kontrole, lewensfase, modus van aanpassing, vorige ondervinding van die nuwe kulturele situasie, die beskikbaarheid en effektiwiteit van sosiale ondersteuningsisteme, persoonlikheidsfaktore soos kulturele aanpasbaarheid, sosiale oriëntasie, bereidheid om te kommunikeer, bereidheid om saam te werk aan oplossings en die skep van 'stabiliteit-sones'. (Bennet et al 1997:161)

Hanteringsmeganismes speel ook 'n groot rol. Hoewel binne 'n ander konteks (die trauma van kriminele geweld) kan Engelbrecht (1998:293-303) se hanteringsmeganismes insiggewend wees en ook toegepas word op die trauma van 'n oorsese verhuising.

- Afleidingstegnieke: bly so besig as moontlik sodat dit nie nodig is om aan die situasie te dink nie.
- Humor: dit skep 'n afstand en ontnem die situasie van die bedreigende element en maak dit sodoende meer hanteerbaar.
- Aktiewe weerstand en konfronterende strategie: hanteer vrese en probleme op 'n pro-aktiewe en direkte manier, wend doelbewuste pogings aan om aan te pas en in te skakel op 'n sinvolle manier.
- Geloof: Geloof bied 'n definitiewe basis om die aanpassing na 'n oorsese verhuising te hanteer. Vir die wat agterbly in die ou land is dit ook 'n troos dat die almagtige God oral is en ook daar in die verre vreemde hulle geliefdes sal bewaar.
- Segmentering van tyd: dinge word meer hanteerbaar as dit in kleiner tydeenhede opgedeel word.
- Pragmatisme: Elke dag word prakties benader en die nodige take word aangepak en afgehandel.
- Vertroue op innerlike krag: Daar is 'n vertroue in en daar word staat gemaak op die innerlike (inherente?) krag van die individu of gesin.

Dit is 'n moeilike fase vol onsekerheid. Daar is mense wat tot drie keer terug is na die ou land toe en drie keer terug ge-immigreer het voordat hulle finaal in die nuwe land

gevestig het.

“This kind of movement back and forth finally solves the immigrants’ ambivalence and helps them to accept the reality of the new country.”

(Antilla 1995:82)

7.2.3 Nuwe Beginne

‘n Nuwe begin kan eers gemaak word as die eindes, die afsluitings, agter die rug is. Dit neem gemiddeld twee jaar om groot veranderinge soos dood en egskeiding deur te werk. Immigrasie neem veel langer en is soms nooit ten volle deurgewerk nie.

Na aanleiding van die verhaal van die man wat in die lughawegebou sit en wag vir sy siel om te arriveer skryf Antilla:

I suspect this is true for all immigrants. For some the soul never arrives. In many cases it takes three generations to become a full member of the new society, to be fully born into it. (Antilla 1995:77)

Diegene wat die akkulturasie-proses, die deel word van ‘n nuwe kulturele opset, suksesvol deurwerk is meestal diegene wat dit regkry om ‘n balans te handhaaf tussen die ou kultuur en die nuwe. Hulle behou hulle kulturele identiteit en pas aan by die nuwe samelewingstrukture. Die mate waartoe die persone beheer het oor die situasie het ook ‘n groot invloed.

For successful integration of immigrants into New Zealand it appears to be necessary to take into account the degree to which the immigrants perceive themselves to have some control over the relocation process as this may influence the coping strategy used to deal with any problems associated with the transition. (Bennett et al. 1997:164)

Aan die ander kant meen Antilla (1995) dat immigrante kry wat hulle verdien. Die omgewing, of dan die nuwe land, is soos ‘n spieël - jy sien jouself. As jy optimisties, positief en vol vreugde is sal dit goed gaan. As jy pessimisties, vol negatiewe verwagtinge en ‘n kritiese houding teenoor die nuwe land het, sal jy ook ‘n negatiewe

reaksie kry.

Oor die algemeen gesien word immigrante op twee maniere ervaar deur die burgers van die gasland (Antilla 1995:82-83). Aan die een kant is dit soos 'n nuwe kind in die gesin - 'n bedreiging. Die immigrant word as 'n indringer gesien wat die harmonie en balans kom versteur. Die dom immigrant wil net my werk kom vat en ons land kom oorneem. Die tweede reaksie is 'n baie positiewe en idealiserende houding. Die nuweling word onbewustelik as verlossers gesien wat die gemeenskap op 'n wonderbaarlike manier gaan red van hulle tekortkominge. Die kan later lei tot 'n teleurstelling in die immigrante en stabiliseer in 'n realistiese, gebalanseerde verhouding.

'n Nuwe begin kan positiewe en negatiewe gevolge hê vir die immigrant.

7.3 **Moontlike Gevolge van 'n Oorsese Verhuising.**

7.3.1 **Geestesgesondheid**

Die eise van 'n verhuising oorsee op die sielkundige en liggaamlike bronne van 'n persoon moet nooit onderskat word nie.

Negatiewe stres kan manifesteer in die vorm van verlaagde algemene geestesgesondheid - soos hoër vlakke van depressie en angstigtheid, die gevoel dat jy gemarginaliseer word en 'n gevoel van vervreemding, meer psigosomatiese en sielkundige simptome, identiteitsverwarring, probleme om daaglikse eise te hanteer, verhoogde insidensie van selfmoord en 'n agteruitgang in fisieke gesondheid - soos koronêre hartsiektes en laer lewensverwagting. (Bennet et al 1997:161)

Sommige simptome lei tot die diagnose van psigopatologie. Eisenbruch (1991) kritiseer die diagnostiese kriteria wat deur psigiater en sielkundiges gebruik word as kultureel onsensitief. Hy verwys dan hoofsaaklik na vlugteling en maak 'n saak daarvoor uit dat vele simptome wat kan lei tot die diagnose van post-traumatiese stres versteuring ook verduidelik kan word as 'n kulturele rouproses.

Vlugtelinge is 'n spesifieke kategorie van immigrante aangesien hulle byna nooit die opsie het om terug te kan keer na hulle land van oorsprong nie en die omstandighede waaronder hulle weg is uit hulle land van oorsprong is ook dikwels traumaties.

Daar is redes wat lei daartoe dat baie Suid-Afrikaners ook nie kan teruggaan nie (vgl die bespreking onder 7.1). Hierdie status as semi-vrywillige immigrante, asook die feit dat heelwat as gevolg van die belewing van trauma weens misdad en geweld oorsee verhuis het, maak dit relevant om te verwys na die definisie wat Eisenbruch vir kulturele rou gee:

I defined cultural bereavement as the experience of the uprooted person - or group - resulting from loss of social structures, cultural values and self-identity: the person - or group - continues to live in the past, is visited by supernatural forces from the past while asleep or awake, suffers feelings of guilt over abandoning culture and homeland, feels pain if memories of the past begin to fade, but finds constant images of the past (including traumatic images) intruding into daily life, yearns to complete obligations to the dead, and feels stricken by anxieties, morbid thoughts, and anger that mar the ability to get on with daily life. (Eisenbruch 1991:674)

Op 'n meer algemene vlak mag die rouproses as gevolg van al die verliese wat gelei word deur persone wat oorsee verhuis nooit buite rekening gelaat word nie.

Renshaw (1989:44) verwys ook na 'n vertraagde treurproses wat kan plaasvind. Mense om die nuwelinge in hulle land vind hierdie gedrag soms vreemd omdat dit nie verstaan word nie. Veral wanneer die rouproses vertraag is en begin na 'n aanvanklike tydperk van oënskynlike goeie aanpassing.

Aan die ander kant kan die nuwe konteks die ruimte skep vir nuwe insigte in die self, vir hernude selfvertroue en die waagmoed om iets nuuts te probeer. Dit bied die geleentheid om met die self en verhoudinge 'n nuwe rigting in te slaan. Dit bied die potensiaal om te groei, nuwe vaardighede aan te leer, mensekennis op te doen en jou horisonne te verbreed.

Die nuwe ruimte is vry van verwagtings en stereotipe waarbinne gefunksioneer is in

Suid-Afrika. Hiërargiese 'bande' met ouers het ook verslap en nou kan hulle doen wat hulle wil. Meestal word die ouers in 'n sin geïnternaliseer en hulle waardes word deel van 'n innerlike lokus van kontrole.

7.3.2 Identiteitsprobleme

The central problem for every immigrant is a transitory loss of stable identity, that is, the sense of one's continuous being as an entity, distinguishable from all others. (Antilla 1995:79)

'n Stabiele identiteit bestaan ten minste uit drie dele: ruimtelike-, temporele- en sosiale integrasie. (Antilla 1995:79-80)

Ruimtelike integrasie verwys na die onderlinge verhouding tussen verskillende dele van die self. Dit sluit die fisieke self in en bied die persoon kohesie en maak dit moontlik om objekte te vergelyk en te kontrasteer. Dit help die persoon om te onderskei tussen die self en die nie-self, dus individuasie.

Temporele integrasie is die tweede element van 'n stabiele identiteit. Dit koppel verskillende ervarings oor tyd en vorm 'n kontinuïteit tussen die verskillende ervarings van die self oor tyd. Dit skep 'n ondertoon van dieselfde mens wees in verskillende omstandighede.

Sosiale integrasie word verkry deur projektiewe en introjektiewe identifikasie en het te doen met die verhouding tussen aspekte van die self en aspekte van objekte of ander persone. Dit is die basis vir 'n gevoel van 'behoort'.

Al drie hierdie aspekte van identiteit word deur 'n oorsese verhuising geskud en ten minste gedeeltelik verloor gedurende die proses.

Taal speel 'n belangrike rol in identiteit en in al drie hierdie aspekte van identiteit. Wanneer jy jou mond oopmaak om te praat is dit vir almal duidelik dat jy 'n vreemdeling is. Taal (vir volwassenes) bied die meeste weerstand teen verandering.

After I had lived in NZ for ten years I went back to visit my old country. I

felt one of them, nobody noticed me, I was one of the crowd, it was wonderful. I was also surprised to find how easy it was to express myself, how little energy was needed for writing and talking and everyday life. I had been totally unaware how much energy I had spent by using English, which was my second language. (Antilla 1995:81)

Wanneer 'n nuwe taal aangeleer moet word en binne 'n nuwe taal geleef moet word beteken dit 'n lewe in 'n hele nuwe stel konsepte en begrippe. Woorde het ander betekenis. So het "cheers" in Nieu-Seeland meer die betekenis van dankie en nie soos in Suid-Afrika 'totsiens' of 'gesondheid' nie.

Taal verander ook die spreker. Elke immigrant begin dus verander as gevolg van die werk van taal. Dit bedreig dan die ou identiteit en die ou manier waarop hulle hulleself en die wêreld om hulle gesien het.

Dit lei dikwels tot intense nostalgjie.

7.3.3 Nostalgjie

Om nostalgjie te definieer is nie so 'n eenvoudige taak nie. Oor die algemeen word dit gesien as heimweë of verlange.

Sohn (1983) wys daarop dat daar onderskei moet word tussen 'n ware en 'n valse nostalgjie.

The Oxford English Dictionary definition of nostalgia is that it is a form of melancholy caused by prolonged absence from one's country and home, the word first appearing in the late eighteenth century, and being formed by the conjunction of two Greek words meaning a return to home and pain.

This is not the version that the word nostalgia has been given in recent years. It has become an indication of almost a pleasant state of mind, easily attainable by artefacts and psycho-facts, which can be conjured up with relative ease, a process I presume designed to alleviate the

underlying melancholy or yearning. (Sohn 1983:203)

Hierdie is 'n baie geldige onderskeiding. Ek sal dit nie graag wil sien as 'n ware en 'n valse nostalgie nie. Dit is beide legitieme vorme van nostalgie wat binne verskillende kontekste na vore tree.

Die eersgenoemde pynlike nostalgie is waarskynlik ter sprake wanneer die huidige omstandighede baie negatief beleef word. Dit is dan pynlik om die verlede, wat soveel beter was, te onthou en daarna terug te hunker. Dit is vir die persoon wat oorsee verhuis het ook 'n erkenning dat die skuif 'n fout was.

Laasgenoemde, aangename, tipe nostalgie sal voorkom wanneer die huidige omstandighede nie noodwendig so negatief ervaar word nie. 'n Lekker onthou en verlang na die goeie ou dae.

Pynlike nostalgie kom voor in tye van onstabiliteit en verandering en impliseer negatiewe emosies teenoor die huidige situasie. 'n Positiewe onthou van die verlede met die persepsie dat die situasie toe beter was as nou. (Engelbrecht 1998:260) Daar is ook 'n neiging om die verlede in 'n al beter lig onthou word met verloop van tyd. Net die positiewe van die verlede word selektief onthou en beter gemaak as wat dit was. Dit is dus glad nie 'n gebalanseerde beeld van die verlede nie.

In 'n poging om die huidige, ongelukkige omstandighede te hanteer deur daarvan te ontsnap, word teruggeval op nostalgiese herinneringe.

In die sin word nostalgie dan 'n teken van weerstand teen die verandering en 'n terugverlang na die stabiliteit van die verlede. (Engelbrecht 1998:260)

7.3.4 Intergenerasiespanning

Die kinders leef dikwels in twee wêrelde. Tuis wil hulle die ouers gelukkig hou met hulle gedrag, kleredrag ens., terwyl hulle by die skool desperaat probeer inpas om deel van 'n portuurgroep te wees. (Renshaw 1989) Dit maak kinders vatbaar vir verkeerde invloede (Antilla 1995) Kinders veral het 'n behoefte aan 'n oorgangsobjek of -persoon.

Hierdie verskeurdheid tussen twee wêrelde bring baie spanning mee, veral wanneer die

kinders in hulle tienerjare is.

7.3.5 Opsommenderwys

Opsommenderwys gesien kan gesê word dat die ses maande tussen die locum en die meer permanente verhuising na Nieu-Seeland vir die Vermaaks gehelp het met die afsluiting, die eindes. Hulle verwoord dit deur te sê: “lets moes gebeur om ons ongelukkig te maak”

Daar het losmaking (“disengagement”), distansiëring (“disidentification”), ontnugtering (“disenchantment”) en disoriëntasie (“disorientation”) plaasgevind.

Die eerste jaar in Nieu-Seeland kan as die neutrale sone beskou word, waarna die nuwe beginne gemaak is. Dit was nie altyd ‘n maklike proses nie, dit is steeds nie ‘n maklike proses nie, maar hulle hanteer die eise van die aanpassing na hulle verhuising na Nieu-Seeland op die mees konstruktiewe moontlike manier.

8 WYER AS DIE NAVORSER EN DIE MEDENAVORSERS

Hierdie hoofstuk gaan nie oor veralgemening nie. Dit is 'n versigtige wys op aspekte van die navorsing wat wyer as die navorser en die medenavorsers sinvol kan wees.

8.1 Paradigmatiese Konteks

Dit is belangrik om deeglik kennis te neem van die tydsgees waarin die navorser en die medenavorsers lewe. Dit beïnvloed gedrag en denke en ook die manier waarop navorsing gedoen word.

In hierdie studie is daar deeglike aandag gegee aan twee paradigmatiese raamwerke - postmodernisme en sosiale konstruksionisme.

8.1.1 Postmodernisme se Invloed op 'n Verhuising Oorsee

Postmodernisme se openheid en akkommoderende gees het 'n groter bewustheid gebring van die verskeidenheid van tradisies en kulture in die wêreld en dra by tot die skep van die konsep van "global village", die wêrelddorp.

Dit beteken dat daar meer moontlikhede oopgaan vir mense om dan ook op te tree soos inwoners van die wêrelddorp. Om in die dorp rond te beweeg is nie meer bedreigend of vreemd of "onpatrioties" nie. Dit is soos om na 'n ander voorstad te verhuis - deel van die normale verloop van die lewe.

Daarby gaan die postmoderne mens meer speels met die lewe om en waag makliker die kans om te verhuis. Wanneer 'n verhaal vasdraai, mense se lewens in 'n noute kom, soek die postmoderne mens nie meer na waarheid of absolutismes nie, maar na moontlikhede waardeur voortgeleef kan

word.

Dit blyk duidelik uit die Vermaaks se verandering van kerklike tradisie.

Die feit dat die postmoderne mens meester narratiewe (meta-narratiewe) dekonstrueer maak dit makliker om diskoerse wat 'n oorsese verhuising as verkeerd en negatief konstrueer, teen te staan. Bewustheid daarvan dat diskoerse tyd-, kultuur- en plekgebonde is bring die vryheid om van diskoerse teen te staan en nuwes te skep.

Daar is mededingende aansprake op die waarheid, tipes diskoers, vorms van kennis en lewenstyle. Verdraagsaamheid, openheid en aanpasbaarheid is aan die orde van die dag.

Aangesien onsekerheid een van die emosies van postmodernisme is (sien :63) word die onsekerheid van 'n oorsese verhuising minder bedreigend ervaar.

8.1.2 **Sosiale Konstruksionisme maak Wêreld oop**

'n Sosiaal konstruksionistiese benadering is 'n handige raamwerk vir die verstaan van die samelewing, die self en ook interaksies wat plaasvind.

Veral bied sosiale konstruksionisme 'n benadering tot verskille tussen mense en groepe wat naasbestaan en aanvaarding moontlik maak. Wanneer besef word dat die 'waarheid' deur die groep, die betrokke gemeenskap (geloofs-gemeenskap, navorsings-gemeenskap, kulturele gemeenskap, ens.) gekonstrueer is, is daar meer begrip daarvoor dat 'n ander groep 'n ander 'waarheid' gekonstrueer het. Dit lei tot 'n akkomoderende, respekvolle houding wat gesprek tussen groepe makliker en meer sinvol maak omdat hulle mekaar nie meer probeer oortuig wie se 'waarheid' dié waarheid is nie. Dit maak meer sin om mekaar se waarhede te probeer verstaan teen die agtergrond van die groep waarin die waarheid ontstaan het.

Van groot nut is die grense wat sosiale konstruksionisme bied. Sosiale konstruksionisme voorkom totale relativisme. Elke individu of groep is weer deel van 'n groter sosiale konteks en sodoende word daar grense daargestel vir die diskoerse wat gekonstrueer kan word.

Kennis van sosiale konstruksionisme maak die individu meer bewus van die gekonstrueerde

werklikhede (die self ingesluit) en bied die moontlikheid om te kies watter konstruksies aanvaar word. Die individu kan ook meer bewustelik kies van watter konstruerende gemeenskap hy/sy deel van wil wees en kan met groter verantwoordelikheid 'n bydrae lewer.

Retrospektief kan die persoon wat oorsee verhuis het dan sê: “Sien dalk net meer die kleinheid van ons volkie raak. Ons het immers in totale afsondering geleef.”

Die Suid-Afrikaanse- en Afrikaner- groep word nou nie meer gesien as die enigste (en beste?) konstruerende gemeenskap om van deel te wees nie. Konstruksies van daardie konstruerende gemeenskappe word ook nie meer as absoluut aanvaar nie.

8.2. **Prakties-teologiese Konteks**

Indien alle teologie nie prakties is nie verloor teologie relevansie en waarskynlik ook bestaansreg.

Dit beteken dat teologie die dualisme tussen praktyk en teorie moet ophef. Drie belangrike maniere waarop dit bereik kan word is om:

- die hermeneutiese spiraal-beweging tussen praktyk en teorie ernstig op te neem en geïntegreerd deel te maak van die manier waarop teologie beoefen word. (vgl Browning, Müller en Viau se poging daartoe soos bespreek in 3.1 :135-140)
- sosiaal-konstruksionisties te werk te gaan in die formulering van 'n teologie. Dit is egter belangrik dat die konstruerende gemeenskap nie net uit enersdenkende akademici bestaan nie. Die konstruerende gemeenskap moet verteenwoordigend wees van die hele geloofsgemeenskap namens wie, of vir wie, die teologie ontwikkel word. Anders gestel: die konstruerende gemeenskap moet uit almal bestaan in wie se lewens die invloed van die teenwoordigheid van God verwoord gaan word.
- prakties-teologiese wysheid (sien 3.2) te ontgin. Prakties-teologiese wysheid binne die geloofsgemeenskap moet nagevors en versamel word en met respek behandel word. Dit impliseer 'n van-onder-na-bo benadering.

Gedurende die sosiaal konstruksionistiese beoefening van teologie behoort daar binne die

konstruerende gemeenskap eenstemmingheid bereik te word t.o.v. die rol wat die Woord binne die proses gaan speel. Die diskoers wat t.o.v. die rol van die Woord gekonstrueer word bepaal die mate waartoe insette vanuit die Skrif 'n rol gaan speel asook waarde wat aan hierdie insette toegeken gaan word. Daar behoort dus sosiaal-konstruksionisties gedink te word oor die normatiewe aard van die Bybel.

Eenstemmigheid t.o.v. die rol van tradisie en die insette vanuit die tradisie binne die geloofsgemeenskap as teologies konstruerende gemeenskap is ook belangrik.

Die geloofsgemeenskap sal laastens ook moet kennis neem van die breër konteks waarbinne dit gesetel is en ander relevante konstruerende gemeenskappe om hulle - die 'sekulêre' gemeenskap, die regerende gemeenskap, die hulpbehoewende gemeenskap ens..

8.3 **Oorsese Verhuising**

'n Oorsese verhuising is een van die mees traumatiese gebeure in 'n persoon en 'n gesin se lewe. Dit raak en beïnvloed alle aspekte van die betrokkenes se lewens. Dit neem selfs langer om te 'normaliseer' na 'n oorsese verhuising as wat dit neem na die dood van 'n geliefde of egskeiding. (Renshaw 1989)

Dit beteken dat 'n oorsese verhuising die potensiaal het om negatiewe langtermyn gevolge te hê. (vgl 7.3 :306-311)

Twee faktore wat kan bydrae om 'n oorsese verhuising en die gevolglike aanpassing beter of slegter laat verloop is die motivering vir die verhuising asook die toekomsverwagting van die betrokke persone.

8.3.1 **Motivering vir die Verhuising**

Die redes waarom na 'n ander land verhuis word speel 'n groot rol in die ervaring van die verhuising en in die aanpassing in die nuwe land.

Wanneer 'n gesin die motivering vir verhuising konstrueer gebeur dit byna deur die bank dat die

huidige land in 'n slegter lig gesien word en die nuwe land word ge-idealiseer. Indien hierdie neiging nie bestuur word nie is die ontugtering later net soveel groter.

Die motivering vir verhuising hang saam met die manier waarop die eindes (losmaking, distansiëring, ontugtering en disoriëntasie - vgl 7.2.1 :299ev) hanteer word. Indien brûe verbrand word tydens die proses van 'eindes' word dit sielkundig al moeiliker om terug te gaan na die oorsprongland. Wanneer die land wat verlaat word gesien en beskryf word as die slegste op aarde en 'n plek waar jy nooit wees sal wil bly nie, en jy is redelik verbaal daaroor teenoor mense, gaan dit byna onmoontlik wees om terug te gaan. Effektief maak die persone van hulleself vlugteling.

Die persepsie dat die keuse bestaan om terug te gaan na die land van herkoms maak die aanpassing soveel makliker. Dit plaas jou meer in beheer. Dit het 'n beduidende emosionele waarde. Selfs al maak die praktiese situasie (finansies, werkloosheid ens.) dit eintlik onmoontlik om terug te gaan, help die persepsie dat die keuse wel bestaan tydens aanpassing.

Wanneer die motivering vir verhuising meer deur stoot-kragte (negatiewe omstandighede waarvan weggekome wil word) as deur trek-kragte (moontlikheid vir nuwe geleenthede en groei) beïnvloed word is die aanpassing oor die algemeen ook moeiliker.

Negatiewe motivering vir die verhuising uit 'n land maak die gevoel van ontwortel wees en vreemdeling wees later net soveel meer akuut. Die persone wat verhuis se identiteit is tot op daardie stadium nog gevorm deur die oorsprongland, die kultuur en die mense. 'n Verwerping van hierdie konteks is ten diepste 'n verwerping van 'n deel van jou identiteit. Dit lei tot innerlike onsekerheid en konflik.

Dit kan lei tot 'n angstige poging om binne die nuwe konteks 'te behoort', in te smelt. So 'n aksie het sy eie gevare en kompleksiteit.

Narratologies (vanuit die narratiewe perspektief) gestel: Wanneer die verledeverhaal verwerp word, negeer word, is daar nie genoeg boustone vir die hede en die toekoms nie. Hierdie kontinuïteit- en kongruensie probleem maak dit moeilik om 'n toekoms verhaal te antisipeer, te droom.

Daar moet genoeg van die oue in die nuwe ingeneem word om homeostase en sin te verseker.

Motivering vir verhuising bepaal tot 'n redelike mate hoe maklik of hoe moeilik daardie balans verkry gaan word.

8.3.2 'n Nuwe Toekoms

'n Besluit om te verhuis na 'n ander land verander in 'n relatief kort tydjie die totale hede- en toekomsverhaal van 'n gesin.

Hoewel dit 'n besluit is wat self geneem word is daar meestal nie genoeg tyd om 'n geleidelike aanpassing te maak soos wat onder 'normale' omstandighede die geval van verandering sou wees nie. Hierdie verhuising is meer traumaties want dit is nie net 'n wegbeweeg van 'n bekende omgewing nie. Dit is die agterlaat van 'n bekende omgewing, kultuur, taal (in sommige gevalle), geboortegrond en veel meer. Skielik land die gesin in 'n nuwe vreemde konteks en verander die hele toekomsverhaal. Skielik geld die oorgrote meerderheid drome nie meer nie - die vordering by die werk, die familiebande, die naskoolse opleiding van die kinders, hulle toekoms, eie aftreeplanne, ens.

Hierdie skuif bring nie net skielik 'n nuwe hede, 'n nuwe konteks waarbinne aangepas en gelewe moet word nie, dit bring ook 'n nuwe toekoms wat uitgewerk moet word.

Hierdie toekoms is in die meeste van die gevalle 'n ontnugtering en 'n teleurstelling omdat dit nooit kan kers vashou met die idealistiese beelde van die nuwe land wat geskep is voor die verhuising plaasgevind het nie.

Die nuwe hede en nuwe toekoms veroorsaak diskontinuiteit en gevolglik 'n kongruensie probleem met die verlede.

Ter wille van 'n sinvolle aanpassing is dit nodig dat daar 'n herinterpretasie en 'n hervertel van die verlede plaasvind. Die verlede moet so vertel word dat dit aansluit by die huidige situasie en sin gee aan 'n geantisipeerde toekoms.

8.4 **Herinterpretasie en Hervertel van 'n Verhaal**

8.4.1 Narratiewe Konsepte Help

Herinterpretasie en die hervertel van die verlede-verhaal, met ander woorde die sinvolle oplossing van die kontinuïteit- en kongruensie probleem, verloop gladder en maak meer sin indien die betrokke persone bekend is met narratiewe konsepte.

Die narratiewe benadering bied 'n breë struktuur waarvolgens ervaring georganiseer kan word. Dit bied 'n raamwerk waarbinne die verloop van die proses geplaas kan word.

Besonder nuttige konsepte is:

Verhaal as die voertuig vir betekenis (realiteit) en sin (waarheid): Sodra 'n mens die besondere rol wat verhale in 'n mens se lewe speel verstaan, word verhale belangriker. Die klem op verhale en die lewensverhaal lei tot 'n bewustelike konstruksie van die verhaal. Die bewustelike strukturering van die verhaal help om sin te skep in 'n onseker, deurmekaar, situasie. Dit vloei byna natuurlik voort in die volgende konsep.

Herinterpretasie en hervertel: Dit is bevrydend om te besef dat die verlede waardeer en gekoester kan word en dat hulle nie die verlede hoef af te skryf of hoef te vergeet nie. Dit is ook bevrydend om te weet dat die verlede nie verraai is nie. Sinvolle herinterpretasie en hervertel van die verlede maak dit moontlik om oorsee te verhuis en steeds horisontaal lojaal te bly. Horisontale lojaliteit is 'n konsep wat ek iewers raakgelees het wat dui op 'n sterk lojaliteit wat in 'n mens bestaan teenoor voorgeslagte. Die konsep word as 'n moontlike verklaring aangebied waarom 'n kind wat ervaar het hoeveel hartseer huislike geweld veroorsaak, tog ook dieselfde patroon in sy/haar huisgesin volg.

Dit is nie nodig om tradisie en kultuur af te sweer nie, maar dit is ook nie nodig om krampagtig vas te klou aan tradisie en kultuur nie. Herinterpretasie en hervertel maak dit moontlik om balans te vind.

Diskoerse: Wanneer diskoers, as konsep, begryp word is dit moontlik en makliker om diskoerse wat 'n invloed op 'n mens het te identifiseer en te verstaan. Dan is dit ook moontlik om diskoerse naas mekaar te plaas en op te weeg. Dit is moontlik om diskoerse teen te staan indien nodig en te aanvaar en aan te pas indien nodig. Dit gee aan 'n mens meer beheer ("agency") oor jou eie lewe

en werk die gevoel van ankerloosheid teen. 'n Mens kan meer bewustelik binne 'n gewenste diskoers beweeg.

Dit maak dit moontlik om Christelike diskoerse te handhaaf in 'n konteks waarin daar nie veel versterking vir daardie diskoerse is nie.

Die insnyding van die Verhaal in ons verhaal: Die konsep dat God se verhaal, se heilsplan met ons, 'n rol speel, maak 'n mens meer sensitief daarvoor. Dit lei in 'n sekere sin daartoe dat die Verhaal makliker en meer kan insny. Die Verhaal transendeer die verhuiser se verhaal en bied 'n vaste punt te midde van alles wat vloeibaar en onseker is.

8.4.2 Rol van Geloof

Geloof en prakties-teologiese wysheid was vir die Vermaaks een van die konstantes in 'n baie vloeibare situasie.

Geloof en erkenning van God se teenwoordigheid in hulle lewens het 'n brug-effek tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland gehad. Nieu-Seeland is nie Godverlate nie (dit word immers "God's zone" genoem) want God is almagtig.

God se trou bied maak dit moontlik om die ontstuiimingheid van 'n oorsese verhuising en die aanpassing te hanteer met 'n vrede wat nie logies verklaar kan word nie. Omdat God nog altyd getrou was, ons nog altyd deur alle uitdagings vergesel het, en omdat Hy dit belowe, kan ons weet dat Hy met ons is. Dit beteken nie dat dit 'n maklike proses is of sal wees nie. Dit beteken dat dit nooit 'n hoop-lose proses sal wees nie.

Die Vermaaks se erkenning van God se roeping in hulle lewens het vir hulle kontinuïteit verskaf. Ons het steeds die roeping van God, ons sit hierdie roeping nou net in 'n nuwe konteks voort.

Die Liggaam van Christus, al praat hierdie deel van die Liggaam 'n ander taal en al aanbid hulle anders en lê ander klem, is 'n vaste punt. Die grootste gedeelte van hulle geloofsbeleving stem immers ooreen.

Hierdie kontinuïteit wat geloof bied help ook om 'n stabiele identiteit te handhaaf. My identiteit as gelowige, as kind van God, as deel van die huishouding van die Here, het nie verander nie.

8.4.3 Balans tussen wat Was en wat Is

Aanpassing in 'n nuwe land, in Nieu-Seeland spesifiek, is 'n worsteling om balans te vind tussen dit wat was en dit wat is. Hierdie soeke na balans geld vir elke vlak van die lewe: kultureel, sosiaal, godsdienstig, sport en ontspanning ens.

Dit is nie 'n oplossing om dit wat was te negeer en te probeer uitwis en vergeet nie. 'n Totale opname in die nuwe gemeenskap is onmoontlik - jy deel nie 'n geskiedenis met hulle nie.

Dit is nie 'n oplossing om so vas te klou aan dit wat was dat daar gepoog word om die oue in die nuwe te dupliseer nie. Om op 'n kulturele eiland te bly wat jy vir jouself geskep het in 'n nuwe land maak dinge veral vir jou kinders baie moeilik.

Die balans word bereik wanneer dit wat was sinvol onthou en gesond voortgesit word terwyl die nuwe aanvaar word en jy betrokke raak. Hierdie betrokkenheid geskied vanuit jou uniekheid. Dit is belangrik om altyd getrou te bly aan jouself.

Om 'n balans te kry in jou verhouding met diegene wat agterbly in die 'ou' land is 'n uitdaging. Om bande gesond en sterk te hou is nie maklik en vanselfsprekend nie - dit vra toewyding en moeite van beide kante. Moderne tegnologie soos telekommunikasie, selfoonboodskappe en e-pos maak dit makliker. Wat is die graad van betrokkenheid, wat is die balans?

Daar behoort gepoog te word om die verhouding tussen grootouers en kleinkinders tot voordeel van beide te hou.

Dit is beter om te ontspan en die voordele daarin te sien as om gespanne te raak oor wat die familie gaan sê wanneer die kinders Afrikaans met 'n Engelse aksent en baie Engelse woorde tussenin gaan praat.

Eindelik moet balans gevind word tussen die prys wat betaal is en die voordele wat daaruit verkry is. Hierdie balansstaat lyk anders vir elke individu. Wanneer gevoel word dat die laste kant swaarder is as die bate kant is dit moeilik om as aangepaste lid van 'n nuwe gemeenskap te

lewe.

8.5 **Navorsing in Oënskou geneem**

Hierdie navorsing word in oënskou geneem aan die hand van die drie stelle kriteria wat McClintock et al (2003) ontwikkel het: Betroubaarheid (“trustworthiness”); diskoersgeldigheid (“discourse validity”) en pertinente raamwerke (“explicit frameworks”). (vgl 3.3.2 :159ev)

Hierdie kriteria word gegee as ‘n manier waarop navorsing deur ander in dieselfde navorsingsgemeenskap ge-evalueer kan word.

Hierdie kriteria is saamgevat in ‘n handige tabel wat op bladsye 160 tot 161 weergegee word.

8.5.1 **Selfrefleksie**

Ek het voortdurend gepoog om bewus te wees van my idees, voorveronderstellings en verwagtings van die studie. Dit is ‘n moeilike oefening omdat daar baie versoekings is om navorsing in ‘n sekere rigting in te forseer. Dit het heelwat selfbeheersing en geduld gevra om die navorsing self te laat ontvou en die fokus toe te laat om te kristalliseer.

Die dagboeksoortige aantekens van my, Anél en selfs ons ouers se ervaring van ons eie verhuising na Nieu-Seeland het help afstand skep en insig gebied in die proses waardeur ons gaan. Dit het gehelp om minder te projekteer vanaf ons situasie op die Vermaak se situasie.

Verandering in idees is getrou aangeteken - ondermeer die verandering van studieveld tot die verandering van navorsingsraamwerk.

8.5.2 **Betrokkenheid in ‘n Navorsingsgemeenskap**

Ek voel hierdie is ‘n aspek van die navorsing wat nie heeltemal tereggekome het nie. Daar is by geleentheid ‘n plasing gedoen op die internet-forum en daar is gereageer op ander navorsers se

werk. Verder is daar gepoog om gereelde kontak met die studieleier te handhaaf.

Daar is egter nie in werklike dialoog met ander navorsers gegaan nie. Daar is dus nie sprake van medewerking, portuur evaluering of konferensies nie.

Redes daarvoor was afstand en die onpersoonlike aard van elektroniese kommunikasie asook die feit dat ek en my gesin self deur 'n jaar van aanpassing gegaan het. Daar was nie altyd genoeg emosionele energie oor om 'ander navorsers' in Nieu Seeland op te spoor nie. Baie van my energie en tyd is gewy daaraan om die kinders te help aanpas en die proses so glad as moontlik vir die gesin te laat verloop.

Daar gaan egter gepoog word om deur 'n artikel 'n bydrae te maak tot die navorsingsgemeenskap.

8.5.3 Voldoende gebruik van Beskikbare Bronne

T.o.v bronne soos tyd en geld is daar voortdurend beplan en gepoog om so verantwoordelik as moontlik te wees. Indien ek vroeër besef het hoeveel tyd die afronding van die studie in beslag gaan neem sou ek meer tyd daarvoor begroot het.

Die beoordeling van die kohesie en die aanvaarbaarheid van my argumente sal ek aan diegene oorlaat wat toegerus is om dit te evalueer.

8.5.4 Versmelting in Konteks

Die duur van my betrokkenheid by die medenavorsers is in hoofstuk 1 ter sprake. Ek oordeel dat my betrokkenheid by die Vermaaks voldoende was en dat die verhoudings wat gebou is goed is. Dit het gehelp dat 'n redelik 'ryk', of dan 'dik' beskrywing van die konteks en die verhaal weergegee kon word. Deurdat 'n deeglike konteks geskep is was dit moontlik om navorsing te doen wat relevant tot die konteks is.

Suid-Afrikaners in Nieu-Seeland wat die konteks gelees het, identifiseer sterk daarmee.

8.5.5 Nougesetheid

Weens die onbekendheid van die situasie en afstand van die universiteitsbiblioteek af was die verkryging van bronne soms 'n uitdaging. Met behulp van Thea Heckroodt (vakreferent- UP biblioteek) en ons moeders wat met minder klere kom kuier het om plek te maak vir die bronne wat moes saamkom, asook ander weë, het ek voldoende relevante bronne versamel.

Dit is vir my belangrik om altyd erkenning te gee en ook korrek erkenning te gee aan outeurs wie se werk ek gebruik het. In hierdie poging om outeurs self aan die woord te stel is daar soms van lang aanhalings gebruik gemaak.

Sover moontlik is stellings gestaaf deur aanhaling van relevante literatuur en bronne.

8.5.6 Opregtheid

T.o.v. my respek en waardering vir ander mense asook die konsekwentheid in my samewerking met die medenavorsers, is hulle in 'n beter posisie om te beoordeel.

Hulle het gesê dit was vir hulle 'n sinvolle medewerking wat vir hulle groei ingehou het en nuwe perspektiewe gebied het.

Die afgelope drie jaar het ek toepaslike vaardighede vir die doen van narratiewe navorsing ontwikkel.

Ek het die leerproses voortdurend opgeteken in die vorm van hierdie navorsingsverslag.

Deur die hele proses het ek daarna gestrewe om met integriteit getrou te wees aan myself, die medenavorsers en die benadering wat ek gekies het. Soos vroeër reeds gemeld was dit moeilik om heeltemal weg te breek van 'n positivistiese benadering.

Ek besef dat hierdie integriteit 'n subjektiewe integriteit is. (vgl :167)

Mag hierdie navorsing en navorsingsverslag sinvol wees - wyer as die navorser en die medenavorsers. Mag ander ook, soos die navorser en die medenavorsers, daardeur uitgedaag word om aanpassings in die lewe konstruktief aan te pak deur hulle verhale te herinterpreteer en te hervertel. Dit lyk soms makliker om uitdagings van die lewe te vermy en te onttrek. Dit verduister die toekoms en lei tot stagnasie.

Waag dit om die lewe wat ons in oorvloed gekry het te geniet en om te droom van 'n beter, vervullende toekoms.

Bibliografie

- AKLAS, 2002. *Gesag van die Skrif*. Agenda vir die elfde sitting van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Pretoria :201-210
- Allee, Verna. 2000. Knowledge Networks and Communities of Practice. *OD Practitioner Journal of the Organization Development Network* 32(4)
- Anttila, O. 1995. Some thoughts on the process of immigration. *Journal of the New Zealand Association of Psychotherapists* Vol 1, June
- Antle, B.J. & Regehr, C. 2003. Beyond individual Rights and Freedoms: Meta-ethics in Social Work Research. *Social Work*. 48(1)
- Armstrong, R.S. 1979. *Service Evangelism*. Philadelphia:The Westminster Press
- Agger, B. 1991. Critical Theory, Poststructuralism, Postmodernism: Their Sociological Relevance. *Annual Review Sociology* 17
- Babbie, Earl & Mouton, Johann, 1998. *The Practice of Social Research*. Oxford:University Press
- Babbie, E.2001. *The Practice of Social Research*. Washington: Wadsworth Publishing Company
- Barber, Laurie. 1989. *New Zealand. A short history*. Auckland:Century Hutchinson
- Barth, K. 1963. *Evangelical Theology*. Edinburgh:T&T Clark Ltd
- Barth, K. 1979. *Evangelical Theology: An introduction*. Edinburgh:T&T Clark Ltd.
- Bassett, Judith, Sinclair, Keith, & Stenson, Marcia. 1998. *The Story of New Zealand*. Auckland:Reed Publishing

- Bell, Caudia (red). 2001. *Sociology of Everyday Life in New Zealand*. Palmerston North:Dunmore Press.
- Bennett, H., Rigby, C., Boshoff, A. 1997. The relationship between tenure, stress and coping strategies of South African immigrants to New Zealand. *South African Journal of Psychology*. 27(3)
- Berkhof, L. 1958. *Systematic Theology*. London:Cox & Wyman
- Binney, Judith. 2001. *The Shaping of History. Essays from The New Zealand Journal of History*. Wellington:Bridget Williams Books
- Britz, R.M. 2002. Twee standpunte oor die Skrif....en 'n dilemma vir die NG Kerk. *Ned.Geref. Teologiese Tydskrif* 43(3&4)
- Browning, D. 1991. *A Fundamental Practical Theology. Descriptive and Strategic Proposals*. Augsburg:Fortress Press
- Brueggemann, Walter. 1993. *The Bible and Postmodern Imagination. Texts under negotiation*. Augsburg:Fortress
- Bruner, J. 1987. Life as Narrative. *Social Research* 54
- Buckland, Susan & Warwick, Jane (reds) 2000. *Maverick guide to New Zealand*. Gretna:Pelican Publishing Company.
- Burr, V. 1995. *An Introduction to Social Constructionism*. New York: Routledge
- Butler, C. 2002. *Postmodernism. A very short introduction*.Oxford University Press
- Carey, M. & Russell, S. 2002. Externalising - commonly asked questions. International

Journal of Narrative Therapy and Community Work. No 2

Cilliers, J.H. 2003. Die verhouding tussen Skrifbeskouing en prediking. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* 44(1&2)

Clandinin, D.J. & Connelly, F.M. 2000. Narrative Inquiry. Experience and Story in Qualitative Research. Jossey-Bass Publishers:San Francisco

Community Development Unit. 2003. *Hawera-Tangahoe. Community Development Plan*. South Taranaki District Council

Crocket, Kathie. 2004. From Narrative practice in counselling to narrative practice in research: A professional identity story. *The International Journal of Narrative Therapy and Community Work* No 2. Adelaide: Dulwich Centre Publications Pty Ltd

De Freitas, J. 1999(a). Immigration: Being lost enough to be found. Ongepubliseerde voordrag by N.Z Psych. Soc.

De Freitas, J. 1999(b). Immigration: A process of transition, trauma and integration. Ongepubliseerde voordrag by N.Z Psych. Soc.

De Jager, J.J. 2001. *Die dekonstruksie van tradisionele probleem-realiteite in 'n plattelandse gemeenskap. 'n Narratief-pastorale perspektief*. Ongepubliseerde verhandeling:Universiteit van Pretoria

Dreyer, J.S. 2002. Theological normativity: Ideology or Utopia? Reflections on the possible contribution of empirical research. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 17(2)

Dulwich Centre Publications, 1999. Extending narrative therapy. Dulwich Centre Publications, Adelaide.

- Durand, J.J.F. 1978. *Die sonde*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel
- Durrheim, K. 1997. Social constructionism, discourse, and psychology. *South African journal of psychology*. 27(3):175-182.
- Du Toit, B. 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*. Bloemfontein: CLF-Uitgewers
- Edley, N. 2001. Unravelling Social Constructionism. *Theory & Psychology*. 11(3):433-441
- Eisenbruch, Maurice. 1991. From post-traumatic stress disorder to cultural bereavement: diagnosis of southeast Asian refugees. *Soc. Sci. Med* 33(6)
- Engelbrecht, A.S. 1998. *The Posttraumatic effects of criminal violence on the family*. PhD verhandeling UPE
- Erickson, M.J. 2001. *Truth or consequences. The promise & perils of postmodernism*. Illinois: InterVarsity Press
- Ferreira, S. & Botha, D. 1998. 'n Sosiaal-Konstruktivistiese benadering in maatskaplike werk: die stories waarvolgens ons gesinne leef. *Die Maatskaplikewerk Navorsing-Praktisyn*, vol 11 (Oktober)
- Firet, J. 1977. *Het Agogisch Moment in het Pastoraal optreden*. Kampen: J.H. Kok
- Freedman, J. & Combs, G. 1996. *Narrative Therapy. The social construction of preferred realities*. New York: W.W. Norton & Company.
- Furstenburg, G.M. 2000. *Narratiewe Transformasie: 'n Gesinsterapie-gevallestudie*. MA verhandeling: UP

- Gaddis, Stephen. 2004. Re-positioning traditional research: Centering clients' accounts in the construction of professional therapy knowledges. *The International Journal of Narrative Therapy and Community Work* No 2. Adelaide: Dulwich Centre Publications Pty Ltd
- Gergen, K.J. 2001. Construction in Contention. Toward Consequential Resolutions. *Theory & Psychology*. 11(3):419-432
- Gottlieb, M.C. & Lasser, J. 2001. Competing values: A respectful critique of narrative research. *Ethics & Behaviour*. 11(2)
- Guarino, Thomas. 1993. Between foundationalism and nihilism: is phronesis the via media for theology. *Theological Studies* 45(1)
- Hansen, J.T. 2002. Postmodern implications for theoretical integration of counseling approaches. *Journal of Counseling and Development*. 80(3)
- Heitink, G.1993. *Praktische Theologie*.Uitgeverij Kok-Kampen.
- Heitink, G. 1994. Ontwikkelingen in de praktische theologie. Een kroniek. *Praktische Theologie*, 21(5)
- Heyns, J.A. 1978. *Dogmatiek*.Pretoria:N.G. Kerkboekhandel
- Heyns, J.A. 1982. *Teologiese Etiek. Deel I*. Pretoria:N.G. Kerkboekhandel
- Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. 1990. *Eerste Treë in die Praktiese Teologie*. Pretoria:Gnosis
- Hjelle, L.A. & Ziegler, K.J. 1981. *Personality Theories. Basic assumptions, research, and applications*. McGraw-Hill Book Company

- Hibberd, F.J. 2001 a. Gergen's Social Constructionism, Logical Positivism and the Continuity of Error. Part 1: Conventionalism. *Theory & Psychology*. 11(3):297-318
- Hibberd, F.J. 2001 b. Gergen's Social Constructionism, Logical Positivism and the Continuity of Error. Part 2: Meaning-as-Use. *Theory & Psychology*. 11(3):323-346
- Hoffman, L. 1990. Constructing Realities: An art of lenses. *Family Process*. 29(1):1-12
- Horton, M.S. (red) 2000. *A Confessing Theology for Postmodern Times*. Wheaton, Illinois: Crossway Books
- Janse van Rensburg, J. 2002. Die Postmoderne mens aan wie die evangelie verkondig moet word. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. 17(2)
- Jenkins, A.H. 2001. Individuality in Cultural Context. The Case for Psychological Agency. *Theory & Psychology*. 11(3):347-362
- Jonker, W.D. 1981. *Die Gees van Christus*. Pretoria: N G Kerkboekhandel
- Jonker, W.D. 1989. *Uit vrye guns alleen*. Pretoria: NG Kerkboekhandel
- König, Adrio. 2001. *Sleutelbegrippe van die Christelike geloof. Fokus op die 300 geloofsvrae wat mense die meeste pla*. Wellington: Lux Verbi. BM
- Larner, G. 1998. Through a Glass Darkly. Narrative as Destiny. *Theory & Psychology*. 8(4):549-572
- Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. 2001. *Practical Research: Planning and design*. Merrill Prentice-Hall.
- Le Roux, J.H. 1990. *Die Wysheidsliteratuur*. Studiegids Universiteit van Pretoria.

- Liebrucks, A. 2001. The Concept of Social Construction. *Theory & Psychology*. 11(3):363-391
- Louw, D.J. 1984. *Pastoraat in eskatologiese perspektief*. Pretoria:NG Kerkgewer
- Louw, D.J. 1993. *Pastoraat as Ontmoeting*. Pretoria:RGN-Uitgewer
- Louw, D.J. 2002. Pastoral Hermeneutics and the Challenge of a Global Economy: Care to the Living Human Web. *The Journal of Pastoral Care & Counseling*, 56(4)
- Malpas, S.(red) 2001. *Postmodern Debates*. PALGRAVE:New York
- Marquet, Sue & Beale, Emma. 2002. *Essential Learning About New Zealand Society. Culture and Change*. Auckland:Pearson Education New Zealand Limited
- Mason, J. 1996. *Qualitative Researching*.London:SAGE Publications
- Maze, J.R. 2001. Social Constructionism, Deconstructionism and Some Requirements of Discourse. *Theory & Psychology*. 11(3):393-417
- McClintock, D. , Ison, R. & Armson, R. 2003. Metaphors for Reflecting on Research Practice: Research *with People*. *Journal of Environmental Planning and Management*. 46(5)
- McFague, Sallie. 1987. *Models of God. Theology for an Ecological Nuclear Age*.London:SCM Press
- McNamee, Sheila & Gergen, K.J. 1992. *Therapy as social construction*. London:SAGE
- Müller, J.C. 1994. Practical theological wisdom in the context of pastoral marriage and family therapy. *Praktiese*

- Müller, J. 1996. *Om tot verhaal te kom. Pastorale Gesinsterapie*. Pretoria: RGN-Drukkers.
- Müller, J.C. & Laas, J. 2000. "Telling a past, dreaming a future: (Walter Brueggemann) - Die essensie van die narratiewe pastoraat. *Skrif en Kerk*, 21(2)
- Müller, J., Van Deventer, W. & Human, L. 2001. Fiction writing as metaphor for research: A narrative approach. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 16(2) :76-96.
- Müller, J. 2002. *Gesinne van binne*. Bloemfontein:CLF Drukkers
- Müller, J. 2002. On a Narrative Journey: assumptions of narrative research. Referaat voorgedra te Hammanskraalkampus (23/10/2003).
- Müller, J.C. & Gouws, J. 2003. 'n Postmoderne, pastoraal-narratiewe perspektief op seksueel-verwante gesinsgeheime. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. 18(1)
- Müller, Julian. 2004. HIV/AIDS, Narrative Practical Theology, and postfoundationalism. The Emergence of a New Story. *Ongepubliseerde artikel geplaas op www.julianmuller.co.nz*
- New Zealand Immigration Services, 2004. Immigration Fact Pack. www.immigration.govt.nz
- O'Donnell, K. 2003. *Postmodernism*. England:Lion Publishing plc.
- Ollerenshaw, Jo Anne & Creswell, John W. 2002. Narrative Research: A Comparison of Two Restorying Data Analysis Approaches. *Qualitative Inquiry*. 8(3):329-347
- Pernice, R., Trlin, A, Henderson, A., North, N. 2000. Employment and Mental Health of

Three Groups of Immigrants to New Zealand. *New Zealand Journal of Psychology* 29(1)

Pieterse, H.J.C. 1994. Metateorie as wetenskapsbenadering in die Praktiese Teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. 9(1)

Pieterse, H.J.C. 2002. Prediking in 'n postmoderne lewensgevoel. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 17(1)

Pfeiffer, C.F. et al (reds) 1975. *Wycliff Bible Encyclopedia* Chicago:Moody Press

Renshaw, D.C. 1989. The immigrant syndrome: uprooting and beyond. *Proc.Inst. Chgo.* 42(2)

Roth, S & Epston, D. 1995. Framework for a White/Epston type interview. Internetartikel, narrativeapproaches.com (http://www.narrativeapproaches.com/narrative%20papers%20folder/white_interview.htm)

Russell, Shona & Carey, Maggie. 2003. Feminism, therapy and narrative ideas: Exploring some not so commonly asked questions. *International Journal of Narrative Therapy and Community Work*.2003(2)

Sandall, Philippa & Marlborough, Valerie. (reds). 2002. *Geographica. The complete illustrated reference to New Zealand and the World*. Albany, North Shore City: David Bateman Ltd

Shaw, I.F. 2003. Ethics in Qualitative Research and Evaluation. *Journal of Social Work*. 3(1):9-29

Schrage, Wolfgang.1988. *The Ethics of the New Testament*. Philadelphia:Fortress Press

- Smith, D. 2002. Psychology around the world. Adjusting to America. *Monitor on Psychology*. 33(7)
- Smythe, W.E. & Murray, M.J. 2000. Owing the story: ethical considerations in Narrative research. *Ethics & Behaviour*. 10(4)
- Sohn, L. 1983. Nostalgia. *International Journal of Psycho-Analysis*. 64
- Spangenberg, I.J.J. 2002. Hoe dink vandag se mense oor die Bybel? *VERBUM ET ECCLESIA* 23(1)
- Spangenberg I.J.J. 2003. Wat moet ons weet en wat kan ons nog glo? *Ned Geref Teologiese Tydskrif* 44(1&2)
- Spoonley, Paul, Pearson, David & Shirley, Ian. 1994. *New Zealand Society*. Palmerston North: Dunmore Press
- Strauss, D.F.M. 2002. Voorvrae rondom die geloofwaardigheid van die Bybel in 'n "postmoderne tyd". *Ned.Geref. Teologiese Tydskrif* 43(3&4)
- Stam, H.J. 2001. Introduction: Social Constructionism and Its Critics. *Theory & Psychology*. 11(3):291-296
- Van der Watt, Jan. et al. 2002. *Hoe lees ons die Bybel?* Vereeniging:Christelike Uitgewersmaatskappy
- Van Zyl, H.C. 2003. Wat moet ons as Christene nog glo? 'n Persoonlike verantwoording. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* 44(1&2)
- Viau, M. 1999. *Practical Theology: a new approach*. Leiden; Boston, Mass:Brill
- Vosloo, Wil (red). 1991. *Denominasies buite die Hoofstroomkerke*. Pretoria:SEVTO

Wessels, S. 2001. *'n Sisteemteoretiese studie van Suid-Afrikaners wat emigrasie beplan se voorstelling van sowel Suid-Afrika as die voorgenome land van verblyf.*
MA(navorsingsielkunde) verhandeling:UP

Willows, David & Swinton, John (reds). 2000. *Spiritual dimensions of Pastoral Care: Practical Theology in a multidisciplinary contest.* London:Jessica Kingsley

Wilson, Tim. 2004. Who's the boss? *Next.* (Vroue tydskrif) January, 2004

Riglyne vir voer van gesprekke 18-20 Maart 2004 in Hawera, Taranaki met die Vermaaks

Dankie dat julle bereid is om medenavorsers vir hierdie studie te wees.

Navorsing is nie iets wat aan iemand gedoen word nie. Ons doen dit saam.

Wegbeweeg van metateorieë en deduktiewe navorsing na kontekstuele, individuele, egte en ryke menslike ervarings.

Etiese aspekte:

✓ Konfidensialiteit is belangrik

In navorsingsverslag word alle inligting (name, plekke en gebeure) wat identiteit kan aandui verander.

Nie eers studieleier hoef te weet wie medenavorsers is nie.

✓ Navorsingsintegriteit

Te alle tye word gepoog om julle belange op die hart te dra en te poog om die studie ook tot julle voordeel te laat wees.

Navorsingsverslag sal eers vir julle deurgestuur word vir kommentaar en aanbevelings voordat dit gebruik sal word.

✓ Onderhoude

Wees vrymoedig om te sê as 'n vraag of onderwerp jou ongemaklik laat. Julle bepaal die agenda - waaroor, hoe diep, vir hoe lank, gepraat word.

Daar sal goed wees wat herhaal of oorvleuel. Wees asb. geduldig. Ek moet probeer om 'n dik beskrywing van die verhale te kry en ek moet seker maak dat ek dit reg verstaan.

Moontlike onderhoudriglyne:

7 Bespreek en voltooi genogram

8 Waaraan behoort aandag gegee te word wanneer ***die verhuising na, en eerste jaar se verblyf in, Nieu Seeland van twee afrikaanse gesinne met mediese dokters as broodwinners, nagevors word?***

- 9 Waarom het julle besluit om in Nieu Seeland te kom bly en werk?
- 10 Wanneer 'n mens se lewe van koers verander is dit nodig om jou lewensverhaal te her-interpreteer en te her-formuleer. Die verlede, hede en toekoms van julle lewensverhaal wat julle in SA uitgeleef het het verander. Hoe het julle dit ander geïnterpreteer en anders begin uitleef. (Ek is binne 'n gemeenskap geplaas met 'n roeping en om 'n lewe vir die gesin te maak. Hierdie mense speel 'n rol in ons lewensverhaal, dit is hoe en wanneer ons gaan aftree ens.)
- 10.1 Watter verhale vertel julle wanneer julle vir julleself of vir ander mense wil verduidelik hoekom julle besluit het om te verhuis na NZ?
- 10.2 Watter verhale vertel julle wanneer julle vir julleself of vir ander mense wil bevestig dat dit die regte ding is om hier te kom bly en werk?
- 11 Vertel my asb. van die ervaringe, belewenisse of emosionele fases waardeur julle gegaan het.
- 11.1 Vertel vir my hoe julle die verskil tussen die SA en NZ kultuur ervaar het. Die eerste jaar byna ten alle koste probeer inpas. Nou: “Ons buig nie meer so ver agtertoe nie. Ons weet mos wie en wat ons is....”
- 12 Wat se rol het die koop van eiendom gespeel in julle aanpassing?
- 13 Hoe het die trek na NZ julle gesins- en familie verhoudinge beïnvloed of verander?
- 13.1 Ons het op 'n stadium gepraat van die verskil in filosofie of benadering tot kinders waaraan ons gewoond is en dit wat in NZ en in die skole plaasvind. Willem het toe die punt gemaak dat 'n mens jou posisie moet verander, jou verhouding met die kinders moet verander, om verwarring uit te skakel ens.
- 13.2 My ervaring is dat ons binne 'n samelewing geland het waar die rol van die vrou heelwat verskil van die rol wat die gemiddelde afrikaanssprekende vrou binne die huweliksverhouding en gesin vertolk. Hoe is julle huweliksverhouding deur die verhuising beïnvloed.
- 13.2.1 Het julle huweliks-'issues' (onderwerpe van wrywing en verskil) verander, meer akuut geword, verdwyn?

- 13.3 Wanneer dit swaar gaan t.o.v. verlange en aanpassing, is daar skuldgevoelens? Teenoor wie? Hoekom?
- 13.4 Hoe ervaar julle familie julle besluit om te trek en te bly?
- 14 Watter rol het geloof gespeel in julle verhuising en aanpassing?
- 14.1 Dit was 'n lang, moeisame proses om 'n geloofstuiste te vind. Dit is 'n herinterpretasie om van geloofstradisie te verander. Vertel vir my daarvan.
- 15 Vertel my van julle gewaarwordinge tydens julle kuier in SA.
- 16 Hoe sien julle julle toekomsverhaal?
- 17 Wat beteken dit vir julle om aan hierdie studie deel te neem? Hoekom neem julle deel?